

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

7

Universiteit van Kaapstad
Sentrum vir Toegepaste Taalstudies en Dienste in Afrika

Die hantering van identiteite in Afrikaanse voorgeskrewe romans in Suid-Afrika ná apartheid: 'n kritiese evaluering

'n Dissertasie voorgelê vir die gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die Graad van

M. Phil in Toegepaste Taalstudies

deur

Danelle Scholtz



University of Cape Town
Centre for Applied Language Studies and Services in Africa

The treatment of identities in Afrikaans prescribed novels in post-apartheid South Africa: a critical appraisal

A dissertation presented in partial fulfilment of the requirements for the Degree of

Masters of Philosophy in Applied Language Studies

by

Danelle Scholtz

September 2001

Declaration

This work has not been previously submitted in whole, or in part, for the award of any degree. It is my own work. Each significant contribution to, and quotation in, this dissertation from the work, or works, of other people has been attributed, and has been cited and referenced.

Signature

Date

7 September 2001

Signed by candidate

Abstrak

Letterkunde is 'n belangrike bron van kultuurkennis vir jong lesers. Dit help om hul persepsie van die realiteit te vorm en leer hulle wat om van die wêreld en die mense rondom hulle te verwag. Daarom is dit belangrik om die letterkunde wat vir skole voorgeskryf word kommunikatief te ontleed; om sodoende vas te stel hoe identiteite toegeskryf en onderhandel word en hoe dit interpersoonlike en intergroepsverhoudings kan beïnvloed. Die gevolgtrekkings kan dan as riglyne by die seleksie van nuwe boeke en die onderrig van huidige boeke dien.

In hierdie studie is die elf romans wat in 2000 vir Afrikaans Eerste Taal in Graad 12 in die nege provinsies van Suid-Afrika voorgeskryf is, tematies ontleed ten opsigte van etnisiteit, gender en geloofsoortuiging. Teorieë van veral *Interkulturele Kommunikasie* is ingespan om die werke op grond van hierdie tematiese ontledings te evalueer.

Die bevindings is dat die lysie wel bewustelik opgestel is met die oog op transformasie, en dat veral etnisiteit sterk aandag kry. Die stemme wat gehoor word, behoort egter oorweldigend aan tot een groep, sodat hul realiteit sentraal staan, en dié van ander slegs in verhouding daarmee beskou word. Dieselfde geld min of meer vir die aspekte van gender en geloofsoortuiging. Daar is min bewustheid van genderkwessies, en genderrolle bly oorwegend stereotiep.

Abstract

Literature is an important source of cultural knowledge for young readers. It helps shape their perceptions of reality and teaches them what to expect from the world and the people around them. Therefore, it is important to do a communicative analysis of the literature that is prescribed for schools, in order to determine how identities are ascribed and negotiated, and how this can bear on intergroup and interpersonal relations. The conclusions can then serve to guide the selection of new books and the teaching of existing selections.

In this study, the eleven novels that were prescribed in 2000 for Afrikaans First Language in Grade 12 in the nine provinces of South Africa are analysed thematically with respect to ethnicity, gender, and religion. Theories of Intercultural Communication are used to examine these thematic analyses.

I conclude that the lists were indeed compiled for the purpose of transformation, and that ethnicity in particular gets awarded prominent treatment. The voices that are heard, however, belong overwhelmingly to one group, so that theirs is central to all reality, and the reality of others is seen only in relation to their reality. More or less the same applies to the aspects of gender and religion. There is also little awareness of gender issues, and gender roles are stereotypical.

Inhoud

Hoofstuk 1: Kontekste en teoretiese agtergrond

1.1	Inleiding	1
1.2	Kwessies en teorieë rondom identiteit	2
1.2.1	Identiteitsontwikkeling	2
1.2.2	Taalidentiteit	3
1.2.3	Relevansieteorie	5
1.2.4	Identiteit en interpretasie	6
1.3	Moraliteit en kuns	7
1.4	Ekonomiese oorwegings	8
1.5	Oorsig	9

Hoofstuk 2: Teoretiese beginsels vir geslaagde interkulturele kontak

2.1	Die doel van opvoeding in interkulturele kommunikasie	10
2.2	'n Teorie vir effektiewe interpersoonlike en intergroepskommunikasie	
2.2.1	Onderliggende prosesse	11
2.2.2	Komponente van kompetensie	12
2.3	'n Ontwikkelingsmodel van interkulturele sensitiwiteit	14
2.4	Simboliek en boodskap	17
2.5	Die rol van die roman	18

Hoofstuk 3: Ontwerp en teksanalise

3.1	Metodologie	19
3.2	Ondersoekmateriaal	19
3.3	Metode van analise	20
3.4	Kringe in 'n bos — Dalene Matthee	23
3.5	Die koning se wingerd — F. A. Venter	27
3.6	Die leeukuil — Klaas Steytler	29
3.7	Fiela se kind — Dalene Matthee	31
3.8	Die uurwerk kantel — Marié Heese	33

3.9	Die jaar toe my ma begin sing het — Engemi Ferreira	35
3.10	By fakkellig — Karel Schoeman	37
3.11	Toorberg — Etienne van Heerden	39
3.12	Vatmaar — A. H. M. Scholtz	42
3.13	Luc en Libertine — Marzanne Leroux-van der Boon	44
3.14	In die oog van die web — Engela van Rooyen	47

Hoofstuk 4: Teoretiese analise

4.1	Etnisiteit	50
4.2	Gender	53
4.3	Geloofsoortuiging	55

Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings

Bibliografie	59
---------------------	----

Bylaag	i–lxxxiii
---------------	-----------

Erkenning	
-----------	--

Hoofstuk 1

Kontekste en teoretiese agtergrond

1.1 Inleiding

Wat die hart van vol is, loop die mond van oor. Ook die omgekeerde is waar. Die Sapir-Whorf hipotese stel dit dat 'a man's [sic] language moulds his perception of reality, or that the world a man inhabits is a linguistic construct' (Sampson 1980:81). Die doel van die studie is om hierdie hipotese op Afrikaanse voorgeskrewe werke op hoëskool toe te pas; om te analiseer watter soort wêreld gekonstrueer word en voorgelê word as realiteit en watter potensiaal dit vir die verbetering van menseverhoudinge het.

Die belang van so 'n studie word weerspieël in die diskoers van die dag. Verdeeldheid, en die negatiewe ekonomiese en maatskaplike gevolge daarvan, is een van ons land se grootste onderliggende probleme. Daar word sterk op die onderwys gesteun om dit op te los. Is Afrikaanse voorgeskrewe werke opgewasse vir die taak? Gerwel (1983:1) beskou dit as 'n gemeen-plaas '[d]at daar verbande tussen die sosiaal-politieke beskouinge en die literêre voortbrengsels van 'n groep aan te toon is' en toon aan hoe verteenwoordigend die Afrikaanse letterkunde tot en met 1948 was van die denkwyses wat tot apartheid gelei het.

Dat die sterk kritiese letterkunde van die Sestigters saamgeval het met die grootste skendings van menseregte onder die ou bewind, relatiewe hierdie aanname. Die kritiek en verbod op van die 'betrokke' werke van die sewentigerjare wys daarop dat die skrywers weggebreek het van die 'groep'. Dit is debatteerbaar of hierdie breuk tussen skrywers en publiek al oorbrug is, en of byvoorbeeld die hedendaagse skrywers se wroegings met die verlede (en dus eintlik maar die hede) vergelykbaar is met dié van jong Afrikaanse lesers. Hierdie studie is nie gemoeid met die verloop van die letterkunde as sodanig nie, maar met die keuse van voorgeskrewe werke. Die invalshoek is dat die skrywers van die huidige voorgeskrewe werke die vorige geslag verteenwoordig vir die mense wat op skool is; en juis omdat die sg. 'kultuurskatkis' al vantevore 'Pandora se kis' blyk te gewees het, moet 'n mens aanhoudend bewus wees van die soort bagasie wat aan kinders¹ oorhandig word, of dit nou binne die ou of die nuwe paradigma geskryf is.

¹ **Kinders:** Sarland (1991: 115) redeneer dat die konsep 'kind' nie 'n natuurlike nie, maar 'n kulturele konstruksie is. Daarom verskil die ouderdom waarop die volwasse wêreld betree word, van kultuur tot kultuur. Die ouderdom van die fokusgroep van die letterkunde onder bespreking is ongeveer 17–18, en dit kwalifiseer nie noodwendig meer vir die term nie. Wanneer die term wel gebruik word, dui dit op hul posisie as erfgename van die emosionele letsels van die vorige geslag, of as draers van 'die sonde van die vaders' (en moeders).

In die nuwe kurrikulum word sterk klem gelê op die kritiese analise van tekste, sodat leerders o.a. ideologiese en bevooroordeelde taalgebruik moet kan herken, analiseer en gepas reageer.

Goed en wel, maar Sarland (1991) beklemtoon dat fiksie ook 'n bron van kultuurkennis vir jong lesers is. Ideologieë, morele en etiese waardes, geloofsisteme, sosiale omgang, ens. word gekonstrueer en lesers gebruik dit om die wêreld, en hul plek daarin, te verstaan. Veral lesers wat die einde van hul skoolloopbaan nader, toets volgens hom as't ware die toekoms deur hulself in die plek van karakters te plaas en ondervindinge te beproef.

Dit is een rede vir hierdie studie: om te ondersoek watter selfbeeld die leser vir hom- of haarself as lid van die Afrikaanse taalgroep uit die voorgeskrewe werke kan konstrueer. Dit hang saam met die ander rede vir die studie: dat letterkunde, aangesien dit 'n belangrike rol speel in die ervaring van die realiteit en konstruksie van waardes, potensieel kan bydra tot beter kommunikasie en dus beter verhoudings tussen mense. Wat sê die voorgeskrewe letterkunde spesifiek omtrent mense van verskillende groepe, en omtrent verhoudinge tussen groepe en individue van verskillende groepe?

'n Simplistiese soektog na, byvoorbeeld, rassistiese of chauvinistiese terme, bied nie genoeg insig in wat in werklikheid *gekommunikeer* word nie. Eerder is hierdie studie 'n poging om die algemeenste onderliggende ideologieë, persepsies en stereotipes (indien enige) te identifiseer en die potensiaal daarvan m.b.t. menseverhoudinge en individuele ontwikkeling te analiseer, met die doel om rigting te gee aan die hantering van Afrikaanse letterkunde-onderrig op skool. Vervolgens sal ek die belangrikste kontekste waarbinne die studie gedoen word, bespreek.

1.2 Kwessies en teorieë rondom identiteit

1.2.1 Identiteitsontwikkeling

'If black children ... don't see themselves in books, they won't see themselves as important people. And we will be sending that message to white children, too.' (Roberta Long, aangehaal deur Stotsky in Fullinweider 1996:236.)

Die aanhaling hier bo dien om te staaf dat die voorstelling en hantering van gemarginaliseerde groepe in die letterkunde 'n negatiewe effek op die vorming van individuele en groepsidentiteite kan hê. Om lg. te verstaan, moet identiteit binne die konteks van 'n gemeenskap se waardes, norme en maatskaplike rolle, asook die kulturele en historiese milieu, beskou word.

Die vorming van identiteit word hoofsaaklik vanuit drie perspektiewe gesien (Martin & Nakayama

1997:64):

- Die *sosio-sielkundige* perspektief benadruk die kombinasie van persoonlike ervaring en groeplidmaatskap.
- Die *kommunikatiewe* perspektief bou hierop, maar beklemtoon die belangrike rol van kommunikasie met ander — die identiteite wat ander aan ons toeskryf, is dikwels in stryd met en beïnvloed ons persepsie van onself, en andersom.
- Die *kritiese perspektief* neem die historiese, ekonomiese en politieke kontekste en die algemene diskoers in ag.

Uit die aard van die ondersoek sal ek konsentreer op die kommunikatiewe perspektief hier bo. Ek sal kyk na die identiteite wat volgens lidmaatskap tot rassegroep, gender, godsdiensooruiging, taalgroep, ens. in voorgeskrywe romans aan mense toegeskryf word. Die vroeëre Afrikaanse skrywers, in lyn met die waardes van die samelewing, het baie spesifieke en beperkende identiteite volgens lidmaatskap tot 'n rassegroep aan mense toegeskryf, of eintlik *voorgeskryf*. Gerwel (1983) volg die ontwikkeling van die uitbeelding van gekleurde Suid-Afrikanners in die Afrikaanse literatuur tot in 1948: vanaf die 'Jollie Hotnot' wat luidrugtig, vrolik, oppervlakkig en meestal dronk is; na die onderdanige, gediensige agterryer wat 'maar net saam met die baas gekom het'; tot by die kinderlike figure wat afhanklik is van die goedige paternalisme van 'die baas'.

Behoort sulke boeke voorgeskryf te word, selfs al word kinders geleer om krities te lees? Abraham de Vries sê:

Want boeke is, by alles wat dit ook nóg is, deel van die daaglikse werklikheid. Dit is 'n ding wat jy saamvat huis toe. En hoekom moet 'n kind in 'n boek 'n "baas" saamkry huis toe en daarmee saam dus die hele ou bestel van baas en klaas? ... Kortom, hoe moet hy die letterkunde geniet as woorde so geniepsig en as situasies so herkenbaar is? (in Malan & Smit 1985:196)

Hoare (1994:26) sê dat 'wholeness and coherence of self, and cohesiveness with socially sanctioned roles, are inseparable'. Dit impliseer dat dit baie moeilik is om nie die identiteit van 'klaas' te internaliseer wanneer dit aanhoudend deur ander aan jou toegeskryf word nie. En selfs die 'baas van die plaas' is hierdeur beperk: Hoare (*ibid.*) haal vir Erikson aan om aan te toon dat jy nie ten volle jouself kan wees as jou identiteit afhanklik is van ander se verlies van identiteit nie. Hoare noem ook dat studies wat na aanleiding van Erikson se konstruksie van identiteit gedoen is, toon dat daar 'n direkte verhouding tussen kognitiewe vooroordele en laer vlakke van identiteitsontwikkeling is.

1.2.2 Taalidentiteit

Die invloed van die letterkunde op identiteitsontwikkeling moet, in die geval van Afrikaans, binne die konteks van taalidentiteit beskou word. Vir 'n klein groepie is dit 'n sentrale eienskap van hul

individuele en/of groepsidentiteit, en dit word dikwels hartstogtelik gekoester. En dit kan ook nie anders nie, want die taal is vanaf die Eerste Taalbeweging reeds gebruik om die grense van nasionalisme af te pen: 'Om vir jou taal te stry wás om vir jou volk te stry' (Brink 1985:114). Dit word weerspieël in die kulturele uitinge: die ou FAK-liedjie 'O moedertaal, o soetste taal! Jou het ek lief bo alles' klink soos 'n eggo van 'Deutschland, Deutschland, über alles'!

Nie dat taal die enigste voorwaarde vir toelating tot die binnekring was nie. Om dit te illustreer, voer ek die vergelyking met Nazisme nog 'n klein bietjie verder met hierdie woorde van Hitler in *Mein Kampf*:

'But it is a scarcely conceivable fallacy of thought to believe that a *Negro* or a Chinese, let us say, will turn into a German because he learns German and is willing to speak the German language...' (1943:353)

En dit verwoord die tradisionele houding van die wit Afrikaner teenoor gekleurde Afrikaanses baie goed. Vergelyk dit met Hertzog se woorde: '[H]y gebruik die taal van die blanke as moedertaal ... Ekonomies, industrieel en politiek moet die Kleurling by ons opgeneem word. Maatskaplik is dit sy begeerte, net so seer as dié van ons, dat hy by sigself sal staan en geen gemeenskap met die blanke sal soek nie' (aangehaal in Gerwel 1983:99).

'n Mens kan daarom verstaan dat baie gekleurde Afrikaanses vervreem voel van hul eie taal. Met betrekking hierop wys Anderson (in Giles & Saint-Jacques 1979:68) daarop dat taal nie altyd die belangrikste komponent van etniese bewustheid is nie: 'It is quite possible, then, for an ethnic group to lose its traditional mother tongue eventually without losing its sense of identity.'

Die taal wat die onderdrukker praat, word in so 'n geval ook nie noodwendig deur die onderdrukte geassosieer met onderdrukking nie en die ekonomiese en sosiale status daarvan bly onaangetas. Maar Afrikaans is nie alleen opgeëis as die eksklusiewe besit van die blanke Afrikaanses nie; dit het 'n hoeksteen van mobilisering van die Afrikaner se etniese identiteit, en gepaard daarmee verdrukking van ander groepe, geword. Dit het die prestige van die taal geweldige skade aangedoen² — en sodoende ook die selfpersepsie van die sprekers.

Verder, sê Williams (in Giles & Saint-Jacques: 1979:57), is '[l]anguage allegiance ... firmly rooted in the economic order rather than in any independent cultural order'. Die ekonomiese mag van 'n taal het 'n groot invloed op die prestige daarvan, wat dan weer kan inwerk op die status van die taal. So het Engels as globale taal die magsbasis om die koloniale verlede te oorleef. Williams se teorie is dat mense 'n rasonale taalkeuse maak spesifiek om risiko te minimaliseer. As die selfpersepsie byvoorbeeld dié van hoë klasstatus, maar lae taalgroepstatus is, word gepoog om

² Daar is 'n verskil tussen die *status* en die *prestige* van 'n taal. Daar is tydens apartheid baie tyd, geld en energie aan die opheffing van Afrikaans bestee, wat die status van die taal verhoog het — maar nie noodwendig die prestige nie.

die dominante taal (in Suid-Afrika is dit Engels) se identiteitsmerkers aan te neem en sodoende status te behou.

Wanneer klas- en taalgroepstatus met mekaar bots, lei dit gewoonlik tot swak *intra-etniese* interaksie: dit veroorsaak konflik met die eie groep. Wanneer dit mekaar versterk, lei dit weer tot swak *inter-etniese* interaksie: daar is nie 'n behoefte aan interaksie met ander groepe nie.

Die mees relevante hiervan vir voorgeskrewe tekste is dat leerders se ervaring van die Afrikaanse letterkunde hul persepsie van hul taal, en noodwendig hulself en ander, gaan beïnvloed. As die ou 'lager'-mentaliteit ten opsigte van Afrikaans byvoorbeeld nog in die tekste heers, kan dit die leser se eie persepsie van die taalstatus, afhangende van wie die leser is, óf versterk óf verander en sodoende inwerk op interaksie met die self en met ander.

1.2.3 Relevansieteorie

Die relevansieteorie sluit aan by die bespreking van die wyses waarop taalidentiteit identiteitsontwikkeling by die lees van die letterkunde kan beïnvloed. Hoewel resepsiebepaling nie by die studie ingesluit is nie, moet dit tog in ag geneem word dat die identiteite van elke leser in 'n mate gaan bepaal hoe hulle die teks interpreteer. Sperber & Wilson (1982) beweer dat daar een samebindende faktor is wat as sleutel kan dien tot menslike kommunikasie en kognisie: ons probeer altyd om 'n standaard van *relevansie* te handhaaf.

Die proses van begrip behels die afleiding van konklusies. Deur die reëls van standaard-logika toe te pas, en dan alleen op die mees beduidende gevolgtrekkings te konsentreer, word die aantal moontlike konklusies radikaal verminder. Die net kan nog stywer getrek word deur wat Sperber & Wilson (1982: 73) *kontekstuele implikasies* noem — daardie gevolgtrekkings wat net moontlik is deur beide die konteks en die uiting tesame in aanmerking te neem.

In 'n gesprek — en, belangrik vir hierdie studie, by die lees van 'n boek — sal verskillende mense op verskillende vroeë uitings fokus om die huidige konteks te bepaal, verskillende ensiklopediese kennis hê of betrek, en die onmiddellike omgewing en handeling verskillend ervaar en evalueer.

Dit beteken dat die mees relevante interpretasie van 'n uiting (of 'n hele boek) nie definitief afgelei kan word bloot uit die semantiese inhoud nie. Die verskillende kontekste van verskillende hoorders/lesers sal dit tot 'n mate bepaal. (Die teks self beperk wel die aantal moontlike kontekstuele implikasies).

Hierdie teorie is nie voorheen in ag geneem by die onderrig van letterkunde in Suid-Afrika nie. Behari (1997:5) beskryf die konstruksie van betekenis binne die tradisionele paradigma wat gevolg is só: 'Literature is seen as having a fixed meaning that is verifiable through objective analysis through a close scrutiny of textual content.'

Dit is belangrik dat voorskrywers wegbeweeg van die tradisionele paradigma en die relevansieteorie toepas wanneer boeke voorgeskryf word. Sodoende sal verskillende kontekstuele implikasies geantisipeer word, wat die keuse van boeke sterk kan beïnvloed. Ek brei hier onder hierop uit.

1.2.4 Identiteit en interpretasie

In sy lesersgerigte studie *Young People Reading: Culture and Response* kom Charles Sarland (1991) tot gevolgtrekkings wat reeds genoemde teorieë ondersteun en ook praktiese implikasies vir die toepassing daarvan op die literatuuronderrig het.

Die lesers in die studie se interaksie met tekste kan breedweg in twee rigtings verdeel word: konstruksie van (kultuurgebonde) werklikheid en konstruksie van identiteit.

Sarland vind dat die aanwesigheid van implisiete of eksplisiete ideologieë of waardesisteme in 'n boek nie noodwendig verseker dat dit deur die lesers raakgelees word nie — in ooreenstemming met die relevansieteorie sê Umberto Eco (1979:22) in *The Role of the Reader* dat lesers se ideologiese subkodes drie moontlikhede vir interpretasie skep:

1. Hulle kan na aanleiding van hul ideologiese agtergrond die ideologie van die teks ignoreer of aanneem en dit in hul interpretasie van die teks opneem.
2. Hulle kan die ideologie van die teks miskyk en hul eie interpretasie skep.
3. Hulle kan die teks krities lees om die onderliggende ideologie vas te stel.

Sarland (1991:94-97) se verslag van hoe een groep lesers *The Pearl* van John Steinbeck verwerp het spesifiek as gevolg van die oordrewe moraliteit waarvoor hulle al keelvol was, is 'n goeie voorbeeld van 2 hier bo. Tydens 'n onderhoud sê een leser:

'You're told in assembly, right and then if you do sort of humanities subjects or something like that, you're told there, ... and so on and so on...' (*ibid.*)

Dit blyk later dat die boek nie op grond van wat na alle waarskynlikheid die skrywer se bedoelde ideologie (kritiek op die Westerse eksploitasie van ander kulture) was, verwerp word nie, maar op grond van 'n ander lesing van die ideologie:

'Don't wish to have more than what you've got because it will only bring bad luck ...' (*ibid.*)

Die verklaring hiervoor is dat leerders in baie opsigte dieselfde magteloosheid as onderdrukte minderheidsgroepe voel en dat die lesers hulle in hierdie geval met die verdruktes vereenselwig het en sodoende nie die kritiek op die geldsugtige onderdrukking raakgelees het nie!

Die verwerping van die ideologie was egter nie die enigste rede vir die swak resepsie van *The Pearl* by die betrokke lesers nie. Hulle kla ook dat 'I couldn't get into it' (Sarland 1991:92) — dié verveling is die gevolg van 'n gebrek aan belangstelling in 'n wêreld en kultuur wat só vreemd is

dat hulle nie daarmee kon identifiseer nie. Omdat die onderhandeling vir 'n eie identiteit so 'n belangrike deel van adolessensie is, vind jong lesers literatuur interessanter wanneer hulle hulself in een of meer van die karakters kan 'vind' en hul eie karaktertrekke kan invul in die 'oop plekke' wat deur karakterisering gelaat word. Dit beteken nie noodwendig dat daar nie waardering vir ander kulture en identiteite is nie, of dat ander ervaringswêreld identifisering met karakters onmoontlik maak nie. Geljon en Schram (in Andringa & Schram 1990:205) verduidelik die ideale balans: 'De teksten die we de leerlingen aanbieden moeten aansluiten bij hun belevingswereld maar tevens de mogelijkheid bieden de grenzen van hun leefwereld te overschrijden.'

In die terme van die relevansieteorie beteken dit dat gedeelde kennis nie 'n voorvereiste is nie, maar die aanwesigheid van kontekstuele implikasies wel. So kan dit gebeur dat 'n teks wat op die oppervlak baie gedeelde kennis met lesers behoort te hê (byvoorbeeld wat plek, taal of ouderdom van die hoofkarakter betref), minder relevant kan wees as 'n teks wat op die oog af vreemd vir 'n leser behoort te wees, maar diepliggend belangrike raakpunte met die leser se ervaringswêreld bevat.

* * *

Ter opsomming: Voorgeskrewe letterkunde, en veral romans, kan 'n belangrike rol speel in positiewe identiteitsontwikkeling, wat die fondament van goeie individuele en groepsverhoudinge is. Terselfdertyd behels elke individuele leeservaring ook 'n onderhandeling van identiteit en 'n gesprek met vorige wêreld- en leeservarings. En daarom is dit belangrik om in die huidige Suid-Afrikaanse konteks die 'streng sensuur van anti-rassisme' — en ook anti-seksisme, ens. — waarvan De Vries (in Malan & Smit 1985) praat, op voorgeskrewe letterkunde toe te pas. Dit is, 'ironies genoeg, 'n sensuur wat voortkom uit 'n idealisme en 'n strewe na menswaardigheid wat Suid-Afrikaanse skrywers al baie jare verkondig en steun' (*ibid*). Dit beteken nie skrywers moet beperk word nie, maar voorgeskrewe lyste wel. Volgens De Vries is die aanvaarbare standpunt as dit by voorgeskrewe werke kom om eenvoudig nie kwetsende vooroordele op kinders oor te dra nie, maar eerder ander verhale te kies. Op tersiêre vlak behoort dié sensuur volgens hom dan opgehef te word.

1.3 Moraliteit en kuns

'n Mens kan beswaar maak teen 'n studie wat bloot na die teenwoordigheid van morele lesse soek. Dit is naamlik juis hierdie ingesteldheid wat veroorsaak het dat van die beste Afrikaanse boeke voorheen verban is. Letterkunde op skool is nie en behoort ook nie gesien te word uitsluitlik as 'n kragtige wapen vir morele instruksie nie. Die estetiese, dit wat te doen het met meer strukturele aspekte, is noodsaaklik vir die genot wat 'n boek gee. Brink (1985:78) stel dit só:

Die persoon wat "betrokkenheid" eis, meet 'n werk aan die onmiddellike, praktiese "effek" wat dit op sosio-politieke gebied mag hê; die persoon wat kyk na die "estetiese", maak die werk lós van sy onmiddellike tydruimtelike verwysing en probeer uitsluitlik met die "universals" van sy struktuur werk. Na albei kante kan alte maklik oordryf word.

Dit is miskien nie heeltemal so eenvoudig nie. Palmer (1992:155) beklemtoon dat die kriteria vir 'goeie kuns' nie so tweeledig is nie. Na aanleiding van opmerkings deur Wilde waarin hy (soos Brink hierbo) onderskei tussen die estetiese en morele waardering van kuns, sê Palmer: 'He [Wilde] rightly opposed the idea that the chief merit of a literary work lies in its moral "lesson", while refusing to acknowledge that the moral ideas in a novel may be an important consideration in appraising the work as a work of art.' (*ibid.*)

Die keuse is dus nie eenvoudig tussen vorm en inhoud nie. Daar is 'n onlosmaakbare verhouding tussen die twee:

'... it is difficult to see how we could separate the "ideas" from the way that these ideas are conveyed in the organization and "treatment".' (*ibid.*)

Daarom kan 'n boek wat op die oog af al die 'korrekte' dinge sê, eintlik minder bereik as een wat minder eksplisiet is. Toe 'n groep Afrikaanse leerders in 'n onlangse resepsiestudie (Van Wyk 2000:30) gevra is of hulle hou van 'n sekere kortverhaal wat in die anti-apartheid idioom geskryf is, was die reaksie o.a. 'No, the story is realistic. But all we here this [sic] days is apartheid, apartheid, apartheid' en 'No, although it was a lesson for us, it was not something nice'. Die onderliggende idees is begryp, maar die verhaal verwerp op grond van die eksplisiet didaktiese manier waarop dit geskryf is.

Dit is waarom dit in voorgeskrewe lysie oor meer gaan as inklusiwiteit en die populêre ideologieë van die tyd. 'Token representations of the histories and literatures of culturally different children are inadequate attempts at engaging and inspiring students' participation in die educational process' (Gonsalez 1990:16).

Hierdie verbondenheid van idees en struktuur moet in gedagte gehou word wanneer ontleed word wat die voorgeskrewe romans kommunikeer.

1.4 Ekonomiese oorwegings

Die totale jaarlikse begroting vir alle teksboeke in 1995/1996 was R895 miljoen. Dit het gekrimp na R425 miljoen die volgende jaar en toe na R170 miljoen. Teen 1998/1999 was dit R150 miljoen, met 'n ekstra R212 miljoen wat later bygevoeg is. Daar word beraam dat die bedrag wat in werklikheid benodig word, in die rigting van R900 miljoen is (Czerniewicz 1999). Die broodnodige transformasie in die onderwys stel hoë eise aan die begroting. Nuwe teksboeke

moet geskryf word, onderwysers moet opgelei word om uitkomsgerigte onderrig onder die knie te kry en daar is 'n einde gemaak aan diskriminerende salarisverskille.

Dit is te verwagte dat die opstellers van voorgeskrewe lyste hierdeur beperk word en dat hulle die lyste nie elke jaar in die geheel kan verander nie. Hulle kan wel nuwe werke byvoeg. Maar onderwysers word weer beperk tot dit wat in die skool se pakkamer is. Ná al die teoretiese en letterkundige oorwegings, is daar ook hierdie praktiese sy van die letterkunde-onderrig om mee rekening te hou. Daarom sal ek in my gevolgtrekkings van hierdie studie op die kritiese hantering van die boeke klem lê, eerder as om die voorgeskrewe titels bloot goed of af te keur.

1.5 Oorsig

In hierdie hoofstuk het ek kontekste bespreek waarbinne Afrikaanse voorgeskrewe werke beskou moet word. Die verwickeldheid van verlede en hede, persoonlike en groepsidentiteite, voorkeure en waardes, ens. veroorsaak egter ontelbare kontekste en idees. Daarom moet die navorser binne die raamwerk van die relevansieteorie die mees direkte implikasies identifiseer. Daar is ook nuwe aanvaarbare waardes wat maklik heilige koeie kan word, met nuwe implikasies. Mynsiens moet 'n mens dit dan ook krities beskou, sonder om óórkrities te raak en sodoende die beste bestaande oplossings te verwerp sonder om nuwes in die vooruitsig te stel.

Die volgende hoofstuk is 'n uiteensetting van teorieë van Interkulturele Kommunikasie waarvolgens die analise van die data geskied en gevolgtrekkings gemaak word.

In Hoofstuk 3 bespreek ek my metodologie, stel my ondersoekmateriaal bekend en voer die eerste stap van my analise uit, nl. datareduksie.

Hoofstuk 4 word gewy aan wat Miles & Huberman (1994:11) 'Data Display' noem: '... an organized, compressed assembly of information that permits conclusion drawing and action.' (*ibid.*)

In die laaste hoofstuk maak ek dan gevolgtrekkings wat gemik is op die hantering van die voorgeskrewe boeke in die klaskamer.

Hoofstuk 2

Teoretiese beginsels vir geslaagde interkulturele kontak

In die vorige hoofstuk is daar reeds verwys na die rol wat die letterkunde, en veral die roman, in kultuuroordrag speel. In hierdie hoofstuk kyk ek na daardie teorieë van veral Interkulturele Kommunikasie wat potensieel antwoorde kan verskaf op twee oorkoepelende vrae: *Wat is nodig vir goeie interkulturele verhoudings?* en *Hoe kan die lees van 'n teks (en spesifiek 'n roman) hiertoe bydra?*

Let op dat onder kulturele verskille ook bedoel kan word verskille m.b.t. gender, godsdiens, etnisiteit, ouderdom, taalgroep, ens. Bennett (1996:7) wys daarop dat 'differences in religion or sexual orientation may not initially be defined as cultural, ...[b]ut once those areas are given a cultural cast, one's treatment of them should match that accorded other cultural differences'.

2.1 Die doel van opvoeding in interkulturele kommunikasie

In hoofstuk 1 is die belangrikheid van goeie interkulturele verhoudings reeds genoem. Dit is ook nodig om duidelikheid te hê omtrent die rede vir 'n spesifiek kommunikatiewe ontleding van voorgeskrewe boeke. In essensie gaan dit om die direkte verhouding wat daar tussen persepsie, kommunikasie en diskriminasie bestaan. Blake, Cooper & Calloway-Thomas (1999: hoofstuk 5) verduidelik hoe die selektiewe proses van persepsie kan lei tot etnosentrisiteit¹, wat vooringename interpretasies, veral in interkulturele kommunikasie-situasies, baie waarskynlik maak. In 'n poging om sin te maak van kultureel vreemde gedrag, skep ons dan stereotipes. Onjuiste of onbuigsame (negatiewe) stereotipes veroorsaak vooroordeel — 'n houding wat groepsgebaseer is en die sosiale funksie het om die mag en oorheersing van die eie groep te handhaaf d.m.v. negatiewe evaluering. Vooroordeel lei dikwels tot diskriminasie. Waar vooroordeel 'n houding is, is diskriminasie die manifestasie daarvan. Dit is, kortliks, die rede waarom die ontleding van opvoeding in terme van interkulturele kommunikasie 'n prioriteit behoort te wees — veral in Suid-Afrika, en volgens my veral vir die Afrikaanse leerder.

2.2 'n Teorie vir effektiewe interpersoonlike en intergroepskommunikasie

'n Voorlopige algemene teorie vir effektiewe interpersoonlike en intergroepskommunikasie op grond van studies in verskeie dissiplines is deur Gudykunst (1993:33–71) uiteengesit. Slegs aspekte van die teorie wat toepaslik is vir hierdie studie word hier bespreek en aangevul met ander, meer spesifieke teorieë wat voortspruit uit studies in Interkulturele Kommunikasie en

¹ Hulle (1999:2) haal Summer aan om etnosentrisiteit as volg te definieer: 'the view of things in which one's own group is the center of everything, and all others are scaled and rated with reference to it'.

Sosiolinguistiek. Omdat interpersoonlike kommunikasie beperk is by die lees van 'n roman (slegs een party is onmiddellik aktief betrokke), behels die bespreking van die teorie veral dat die perspektief verskuif vanaf die gebeurtenis self (bv. 'n gesprek) na die potensiele effek van die teks op die leser, na die dinge wat kommunikasie-situasies beïnvloed — soos die onderhandeling van identiteit en die bewustheid van die 'ander'.

2.2.1 Onderliggende prosesse

Volgens Gudykunst (*ibid.*) word effektiewe kommunikasie gereguleer deur ons vermoë om onsekerheid en angstigheid te beheer. Angstigheid is 'n *affektiewe* konstruksie, want dit verwys na die vrees vir negatiewe gevolge in 'n vreemde kulturele situasie (Witte 1993:199). Die vermindering van onsekerheid is 'n *kognitiewe* konstruksie want 'dit verwys na individue se vermoë om hul eie gedrag en dié van ander te voorspel en te verduidelik' (*ibid.*) 'n Té hoë vlak van onsekerheid en/of angstigheid, veroorsaak dat ons ongedagtig aan die ander (Gudykunst noem dit 'mindless') kommunikeer. Dit beteken ons interpreteer vreemdelinge se gedrag vanuit ons eie verwysingsraamwerk. Die Goue Reël (doen aan ander soos jy aan jouself gedoen wil hê) moet dus vervang word met Bennett se bekende Platinum Reël: Doen aan ander soos wat hulle aan hulself gedoen wil hê. Hierdie indagtigheid ('mindfulness') het, volgens Langer (aangehaal in Gudykunst 1993:41) drie kwaliteite:

1. Die skepping van nuwe kategorieë

Om te kategoriseer, is 'n natuurlike menslike aktiwiteit, 'n poging om sin te maak van die wêreld. Taal self is nie moontlik hieronder nie: Sapir (1921:12) noem dat ons die referent *huis* gebruik om na strukture te verwys wat op die oog af radikaal van mekaar verskil maar in een kategorie saamgegroepeer kan word — as die wonings van mense. Ons kan mense op grond van fisiese of kulturele kenmerke, houdings of wêreldbeskouings kategoriseer, en die aard van ons evaluering word bepaal deur hoe ons onself kategoriseer. Dodd (1995a:64) onderskei tussen twee kognitiewe vlakke van selfpersepsie: dié van sosiale identiteit en van persoonlike identiteit.

Sosiale identiteit verwys na ons persepsie van onself as lid van verskeie groepe, bv. familie, taal, nasionaliteit, geloofsoortuiging, ens. Die groepe waarmee ons identifiseer, word *in-groepe* genoem; in teenstelling met *uit-groepe* (dié waarmee ons nie identifiseer nie). Omdat ons geneig is om lede van die uit-groep as minder gedifferensieerd te sien (gewoonlik weens 'n gebrek aan kennis), stereotipeer ons makliker — m.a.w. ons neem 'n kategorie van mense en maak stellings omtrent die kenmerke van alle mense wat tot daardie kategorie behoort, sodat die verskille tussen lede van die groep nie in ag geneem word nie (Blake, Cooper & Calloway-Thomas 1994:94). As ons oor 'n beperkte aantal kategorieë beskik (minder differensieer), is ons kommunikasie nie gebaseer op die spesifieke persoon met wie ons kommunikeer nie, maar op

ons persepsie van die kategorie(ë) waarbinne ons die persoon geplaas het — dus 'mindless' kommunikasie. Romans kan uit die aard van die saak nuwe kategorieë aan lesers bekendstel.

2. *Ontvanklikheid vir nuwe inligting*

Gudykunst (1993:66) onderskei tussen kulture en individue met hoë onsekerheidsvermyding en dié met lae onsekerheidsvermyding. Eersgenoemde verdra nie onsekerheid en dubbelsinnigheid nie. Dit word gemanifesteer in hoër vlakke van angstigheids en 'n groter behoefte aan formele reëls en absolute waarheid, asook onverdraagsaamheid teenoor persone of groepe met afwykende idees of gedrag. Daar is 'n sterk behoefte aan konsensus by hierdie kulture en individue. Hofstede (1998:119) som dit op as 'what is different, is dangerous'. Omdat interpretasie vanuit die eie verwysingsraamwerk geskied, word nuwe inligting eenvoudig verwerk om daarbinne te pas. Dit lei gewoonlik tot negatiewe stereotipering: Wanneer 'n lid van 'n uit-groep 'afwykende' gedrag toon wat 'n lid van die in-groep onseker maak, word dit geïnterpreteer as 'tipies' en versterk dit die negatiewe persepsie van lede van die uit-groep wat nodig is vir die behoud van die in-groep se selfbeeld. Romans kan lesers aan nuwe inligting blootstel wat hierdie persepsies kan weerlê.

3. *Bewustheid van meer as een perspektief*

Volgens Bennett (1996:27) is differensiasie een van die belangrikste konsepte waarop die ontwikkeling van interkulturele sensitiwiteit steun, beide in die sin dat mense dinge op verskillende maniere differensieer en in die sin dat kulture fundamenteel van mekaar verskil in die wyse waarop hulle patrone van differensiasie (of wêreldbeskouings) handhaaf. Bewustheid van 'n alternatiewe lewensuitkyk by 'n ander kultuur is die vanselfsprekende eerste stap vir indagtige kommunikasie — daarsonder is empatie (die Platinum Reël) onmoontlik, en ontvanklikheid vir nuwe inligting en die skep van nuwe kategorieë beperk. Gudykunst (1993:51) meen dat ons kennis van ander perspektiewe beïnvloed word deur kategoriewydte, d.i. 'the range of instances included in a cognitive category' (Pettigrew, aangehaal *ibid.*). Dit is moeiliker vir persone met nou kategoriewydte om ingeligte toeskrywings omtrent ander se gedrag te maak, omdat die aantal moontlike interpretasies beperk is. Bewustheid van ander perspektiewe lei weer tot breër kategoriewydte, wat misverstand en miskonsepsies in interkulturele kommunikasie verminder.

2.2.2 Komponente van kompetensie

Die beheer van onsekerheid en angstigheids is geïdentifiseer as die basiese voorwaardes vir effektiewe kommunikasie, met indagtigheid ('mindfulness') as die regulerende proses (Gudykunst 1993:38). Gudykunst (in Gudykunst & Kim 1992) verbind dié basiese voorwaardes met drie komponente van kompetensie. Die komponente, waarmee Langer se bg. kwaliteite van

indagtigheid geïntegreer kan word, is motivering (ontvanklikheid vir nuwe informasie), kennis (bewustheid van meer as een perspektief) en vaardighede (die skep van nuwe kategorieë).

Motivering

Voordat effektiewe kommunikasie kan plaasvind, moet daar eers 'n behoefte daaraan wees — miskien 'n heel vanselfsprekende behoefte wanneer dit om kommunikasie met lede van 'n in-groep gaan. Kommunikasie met lede van 'n uit-groep word meestal vermy — die Suid-Afrikaanse geskiedenis is 'n sprekende voorbeeld hiervan. Gudykunst (1993:44-50) identifiseer die faktore wat motivering beïnvloed as die volgende:

- (a) Behoeftes: Dit omvat ons behoefte aan sekuriteit as mense, aan voorspelbaarheid (of vertroue), aan insluiting by 'n groep, aan die vermyding van angstigheid, aan die gevoel van 'n gemeenskaplik gedeelde wêreld, aan simboliese of materiële beloning en aan die behoud van ons self-konsepsie.
- (b) Die behoud van self-konsepsie: In die eerste hoofstuk is genoem dat ons sosiale en persoonlike identiteit deels deur onself en deels deur interaksie met ander gevorm word. Ons evalueer hierdie self-konsepsies deur sosiale vergelyking — in-groepe waarvan ons in verskillende dimensies lede is, word met soortgelyke uit-groepe vergelyk. Tajfel & Turner (aangehaal in Gudykunst 1993) meen dat positiewe vergelykings van die in-groep met 'n uit-groep lei tot hoë prestige, terwyl negatiewe vergelykings tot lae prestige lei. Die vergelykings-proses affekteer dan weer die vorming van self-konsepsies.
- (c) Sosiale bande: Vir die bevrediging van ons behoefte aan veilige sosiale bande is 'mutual understanding that is not only mental but also emotional' (Scheff, aangehaal in Gudykunst 1993:48) nodig. Scheff identifiseer trots en skaamte as belangrike emosies, omdat skaamte 'n teken van bedreigde sosiale bande is. Verder definieer hy goeie selfbeeld as vryheid van chroniese skaamte. En skaamte kan lei tot morele eksklusiwiteit — wanneer ons so verwyderd voel van 'n ander groep of individu dat ons nie ons normale morele waardes op hulle kan toepas nie. Hulle word sub-menslik, en omdat ook die (vir ons) normale oorwegings vir regverdigheid nie op hulle van toepassing is nie, is dit aanvaarbaar om hulle seer te maak. Daarby sou ek die Afrikaanse begrip 'skaamkwaad' voeg, wat miskien op die besef van skuld aan morele eksklusiwiteit volg, en wat sosiale bande skade doen omdat die *manifestasies* daarvan meer op dié van kwaadheid as van skaamte lyk.
- (d) Aangetrokkenheid tot 'n uit-groep verbeter ons vermoë om onsekerheid en angstigheid te beheer.
- (e) Ontvanklikheid vir nuwe informasie is 'n motivering wat reeds hierbo bespreek is.

Kennis

Motivering vir effektiewe kommunikasie kan aangevul word met bewustheid en begrip van dit wat daarvoor nodig is. Romans, as bron van kultuurkennis, kan hier veral 'n groot rol speel. Dit kan 'n leser byvoorbeeld bewus maak van meer as een perspektief, wat reeds genoem is as belangrik vir geslaagde kommunikasie. Nou verbonde hieraan is die kennis van alternatiewe interpretasies. Wanneer ons kommunikeer, moet ons onderskei tussen drie kognitiewe prosesse: beskrywing (of 'objektiewe' waarneming), interpretasie en evaluering (Gudykunst 1993:52). Onvermoë om veral die proses van beskrywing te isoleer, lei tot onmiddellike interpretasie (of selfs evaluering) vanuit 'n eie verwysingsraamwerk. Bewustheid van ander interpretasies berus op die vermoë om die feitelike waar te neem en dan, met die kennis van ander perspektiewe, na alternatiewe interpretasies te soek. Die evalueringsproses word ook hiervolgens aangepas.

Ons verwagtinge, gegrond op ons vermeende kennis van ander groepe, beïnvloed ons interpretasie verder. Vooroordeel, negatiewe stereotipering en etnosentrisiteit lei tot negatiewe verwagtinge.

Vaardighede

Onder die vaardighede wat nodig is vir goeie kommunikasie, tel die vermoë om nuwe kategorieë te skep, die vermoë om dubbelsinnigheid te verdra, om te kan empatiseer en om informasie akkuraat te kan verwerk. Dit is onwaarskynlik dat iemand wat nie oor die nodige motivering en kennis beskik nie, hierdie vaardighede sal aanleer.

2.3 'n Ontwikkelingsmodel van interkulturele sensitiwiteit

Volgens Bennett (1996:26) is interkulturele sensitiwiteit nie natuurlik nie, en opvoeding en opleiding in interkulturele kommunikasie is 'n poging om 'natuurlike' gedrag te verander. Dit gebeur in verskillende fases, met etnosentrisiteit (die aanname dat die wêreldbeskouing van die eie kultuur sentraal staan tot alle realiteit) aan die een uiterste van die kontinuum en etnorelatiwisme² aan die ander kant. In 'n poging om die proses te beskryf en strategieë te identifiseer wat dit mag strem, het hy 'n ontwikkelingsmodel saamgestel. Ek gaan hierdie model op die voorgeskrewe romans toepas deur elke roman in Hoofstuk 4 as 'n geheel binne een van die fases te plaas.

Die model is opgedeel in drie etnosentriese en drie etnorelatiewe fases.

² Blake, Cooper & Calloway-Thomas (1999:82) beskryf dit as 'trying to understand others' behaviour in the context of the culture or group of the person engaging in the behaviour'.

● *Ontkenning* is die suiwerste vorm van etnosentrisiteit. In hierdie fase is daar nie bewustheid van die bestaan van kulturele verskille nie. Dit kom veral voor waar mense in isolasie leef, of waar die toestand van ontkenning d.m.v. skeiding (met die doel om konfrontasie met kulturele verskille te vermy) gehandhaaf word. Lede van onderdrukte groepe ervaar gewoonlik nie ontkenning nie, want 'when it is *your* difference that is being denied, it's hard to deny that there's a difference!' (Bennett 1996:38)

● *Verdediging* is 'n poging 'to counter the impact of specific cultural differences perceived as threatening' (Bennett 1996:39). Omdat 'n mens se eie realiteit (en daarom identiteit) bedreig word, is daar weerstand teen die ander kultuur en word dit beveg in 'n poging om die eie wêreldbeskouing intakt te hou. Die eerste vorm van verdediging is om die verskille negatief te evalueer en die groep af te kraak (negatiewe stereotipering). Dit word gevolg deur positiewe evaluering van die eie groep, wat tot 'n gevoel van meerderwaardigheid lei. Volgens Bennett (1996:43) kom hierdie houding ook by mense voor wat onderdruk is, maar dan eerder in 'n poging om die *status quo* uit te daag as om dit te handhaaf.

Die derde vorm van verdediging is 'n ommekeer ('reversal') in die etnosentrisiteit. Die eie kultuur word dan verwerp en die ander kultuur as superieur ervaar. Net sommige mense ervaar hierdie vorm van etnosentrisiteit. Hoewel dit gewoonlik as baie verlig voorkom, is dit ewe ver van etnorelatiwisme as die ander vorms van verdediging.

● *Minimalisering* is die laaste etnosentriese fase. Dit is die geloof dat alle mense inherent eintlik maar dieselfde is, en dat die kultuurverskille onbelangrik is — ons is almal deel van die mensheid. Dit is etnosentriese omdat 'the assumed universal characteristics are almost always derived from the native culture of the person making the assertion' (Bennett 1996:47). Hieronder tel die argument dat alle mense gebore word, voortplant en sterwe, en dieselfde fisiese behoeftes het (fisiese universaliteit); en ook die geloof dat alle mense die produk is van 'n universele wet (transendentele universaliteit) — so is ons almal 'the children of the world' of 'die kinders van God'. Die motiewe vir so 'n 'een wêreld-sindroom' is gewoonlik goed. Dink maar aan sendingwerkers se behoefte om die Christelike geloof aan mense bekend te stel, of die New Agers se vredeliewendheid. Dit beteken nie dat dit verkeerd is om sekere waardes te verwerp of die eie lewensbeskouing te verkies nie. Minimalisering beteken egter dat kultuurverskille gereduseer word tot oppervlakkighede in 'n poging om die eie realiteit te beskerm. Wanneer Koos Kombuis sing 'Ek is wit en jy is swart, maar ons is almal kaffers in ons hart' is daar definitief sprake van minimalisering (ons is almal dieselfde), maar met 'n duidelik etnosentriese inslag.

● □ *Aanvaarding* is die eerste etnorelatiewe fase. Die absolute standaard word vervang met 'n bewustheid en aanvaarding van die feit dat kultuurverskille onvermydelik is en gerespekteer (en selfs verwelkom) moet word. Gedragsverskille word nou gesien as die manifestasies van

fundamentele waardeverskille. Waardes is nie absolute gegewes nie, maar 'n proses van evaluering vanuit 'n relatiewe kulturele perspektief.

- *Aanpassing* behels 'n verskuiwing van 'n mens se verwysingsraamwerk wanneer kultuurverskille ervaar word. Dit verskil van assimilasië, waar die eie wêreldbeskouing vervang word met dié van die ander kultuur. Eerder is dit 'n toegevoegde verwysingsraamwerk, vir die doel van begrip en effektiewe kommunikasie. Daar is twee fases van aanpassing: tydelike en bewustelike empatie, en permanente en onbewustelike pluralisme. In die fase van pluralisme is meer as een verwysingsraamwerk geïnternaliseer sodat so 'n persoon bi- of multikultureel is.

Bennett (1996:61) wys egter daarop dat pluralisme nie noodwendig 'n teken van etnorelatiwisme is nie. Lede van onderdrukte groepe word dikwels in die konteks van 'n dominante groep gedwing om bikultureel te wees, maar het die vorige fase (aanvaarding) oorgeslaan. Boonop kan hulle deur hul eie groep van dislojaliteit beskuldig word — 'People dealing with identity issues in defense [die fase van verdediging in hierdie model] are likely to see every act as political, and their evaluation of people in adaptation can be devastating' (*ibid.*).

Dit is ook moontlik dat 'n mens slegs bekende kultuurverskille etnorelatief ervaar wanneer sommige van die fases oorgeslaan is. Sensitiwiteit berus dan nie op 'n algemene positiewe houding t.o.v. kultuurverskille nie.

Hoewel 'n mens kan redeneer dat vordering tot by pluralisme voldoende is, gebeur dit dikwels dat die komplikasies van 'n verskeidenheid wêreldbeskouinge 'n identiteitskrisis teweeg kan bring. Bennett (1996:39) noem dit 'n 'interne kultuurskok'. As alles relatief is, hoe kan 'n mens keuses maak? Dit belemmer dan wat Erikson (aangehaal in Hoare 1994:26) 'wholeness and coherence of self' noem, en nóg 'n fase word nodig.

- *Integrasië* verwys na die wyse waarop 'n mens met kultuur omgaan.

Die eerste vorm van integrasië behels die vermoë om keuses te maak d.m.v. kontekstuele evaluering. Elke situasie word vanuit verskillende perspektiewe beskou en dan word die beste evaluering op grond van die konteks gekies. Dit stem ooreen met die kontekstuele implikasies van die relevansieteorie (sien hoofstuk 1), met die bykomende differensiering van verskillende kulturele verwysingsraamwerke.

Die tweede vorm van integrasië is konstruktiewe marginalisering (Bennett 1996:68) — wanneer 'n persoon buitekant die konvensionele grense van kulture staan, maar tog binne verskeie kulture kan funksioneer. Dit verskil van die 'outsider'-figuur wat nêrens regtig inpas nie, wat gedurig probeer om aspekte van 'n onstabiele identiteit met mekaar te versoen, en daarom nie dinamies kan kommunikeer nie. In die fase van konstruktiewe marginalisering 'it is not simply different contexts that are being consciously developed; it is total frames of reference' (Bennett 1996:69). Só 'n persoon gaan uiters kreatief om met die skepping van realiteit.

2.4 Simboliek en boodskap

Dodd (1995:91) meen dat die mikro-kulture van organisasies d.m.v. kodes, waardes, helde, stories, ens. 'n simboliese wêreld skep en noem dit implisiete organisatoriese kommunikasie. 'These stories are incredibly powerful and coupled with clear expectations, shape us more than we may realize' (*ibid.*). Die simboliek van die stories vorm die organisasie se kultuur deur norme te skep, sodat daar sekerheid is oor hoe dinge gedoen word.

Hierdie simboliese wêreld is nie beperk tot organisasies nie, maar maak deel uit van elke sfeer van 'n kultuur, bv. die skool en familie. Du Preez het bv. in haar studie *Kommunikatiewe studie van geskrewe sekondêre onderrigsmateriaal in Suid-Afrika* (1982) teksboeke wat vir Aardrykskunde, Geskiedenis, Sosiale Studies en Letterkunde voorgeskryf is, ontleed om die onderliggende simboolsfeer, en daarna die meestersimbole, te identifiseer.

Haar studie gaan uit van die beginsel dat geskrewe dokumente manifestasies van 'n gemeenskap se waardes is. Die waardes word ook daardeur oorgedra aan jonger lede van 'n groep en gekommunikeer aan lede van ander groepe. Die waardes weerspieël die heersende simbole, en deur die geskrewe dokumente van 'n groep te analiseer, kan 'n mens die simbole identifiseer.

Du Preez se teoretiese oorwegings vir die identifikasie van meestersimbole word aangebied as 'n aantal skakels:

Taal manifesteer nie slegs die ervaarde werklikheid nie, maar skep en verander dit terselfdertyd. Dit sluit aan by Whorf se linguïstiese bepaling en linguïstiese relativiteit: Hy beweer dat taal sekere nie-linguïstiese kognitiewe prosesse bepaal, en dat kognitiewe prosesse verskillend is vir verskillende tale (soos opgesom deur Carroll 1994:373). In Whorf (1956:213) se eie woorde: 'We cut nature up, organize it into concepts, and ascribe significances as we do, largely because we are parties to an agreement to organize it in this way — an agreement that ... is codified in the patterns of our language.'

Alle sosiale handeling vind in terme van simbole plaas. Motiewe vir handeling het eerder te doen met status as met libido (soos wat Freud beweer het). Simbole is statusgebonde. Deur met sekere simbole te identifiseer, kan 'n mens jou status verhoog. Die uitwerking van identifikasie kan daartoe lei dat iemand wat die simbole beheer, ander kan manipuleer. Dit lei weer tot konformasie, wat die simbole kan versterk. Meestersimbole is dan veralgemenings wat waardes versterk. Dit gee aanleiding tot stereotipes.

2.5 Die rol van die roman

Die romans onder bespreking in hierdie studie vertel almal 'realistiese' stories; dit gee die indruk dat die gebeure 'n 'slice of life' is. Hoewel nie heeltemal so interaktief soos, sê, 'n informele gesprek nie, is die lees van die roman 'n kommunikasie-situasie. Die skrywer bevind hom- of haarself in een van die fases van Bennett se model van etnorelativisme (en die leser natuurlik ook). Booth (1983:20) herinner daaraan dat 'the author's judgement is always present, *always evident to anyone who knows how to look for it. Whether its particular forms are harmful or serviceable is always a complex question*' (my kursief). Dit is seker redelik om 'n mate van literêre ongesofistikeerdheid by hoërskoolleerders te verwag, en die emosionele betrokkenheid by die lees van 'n roman behoort dit redelik moeilik te maak om die gewenste uitkomst, soos bepaal in die kurrikulum, te verseker. So is die ideaal dat stereotipiese karakterisering herken en krities beskou moet word. Die realiteit is dat dit eenvoudig die vooroordele van sommige lesers kan bevestig, terwyl dit ander lesers kan kwets. Die voorgeskrewe roman word as gesaghebbend ervaar en die kommunikasie tussen die leser en die skrywer is ongelyk in terme van mag en meestal ook prestige en status. Ek aanvaar dus dat dit wat die roman kommunikeer (eerder as sê) soms moeilik deur 'n leerder ontmasker sal word as etnosentrisiteit, bevooroordeelde toeskrywing, ens.

Die voordeel hiervan is dat die roman subtiel kan bydra tot die ontwikkeling van die leser se kulturele sensitiwiteit. Die leser kan bekendgestel word aan nuwe kategorieë, ander perspektiewe, alternatiewe interpretasies, ens. Wat wêreldbeskouing betref, kan die leser bewus gemaak word van diepliggende verskille (in motivering, prioriteite, redenering, ens.) tussen die eie en ander — sonder om die angstigheid en onsekerheid van direkte kommunikasie-situasies te ervaar. Dieselfde differensiëring geld vir groepbeskouing: stereotipes kan afgebreek word deur verskeidenheid in groepe te beklemtoon. Die selfbeskouing kan ontwikkel word deur o.a. die kompleksiteit van identiteite te beklemtoon.

Die verhoudings tussen lede van groepe in die romans dien as voorbeeld van die 'werklikheid', en moet ontleed word t.o.v. magsverhoudinge, gesindhede en algemene geslaagdheid. Dan kan 'n indruk gekry word van die 'realiteit' waarop leerders voorberei word, en hoe dit hul verwagtinge en kommunikasievaardigheid kan beïnvloed.

Hoofstuk 3

Ontwerp en teksanalise

3.1 Metodologie

Omdat elke woord in 'n roman binne die konteks van die geheel geïnterpreteer moet word, is die keuse van metodologie by die ontleding daarvan beperk ten opsigte van kwantitatiewe data.

'Quantitative researchers try to analyse written material in a way which will produce reliable evidence about a large sample' (Silverman 1993:9). Die algemeenste kwantitatiewe metode van teksontleding is inhoudsanalise: 'the researchers establish a set of categories and then count the number of instances that fall into each category' (*ibid.*). Hoewel dit 'n betroubare metode is vir die ontleding van sommige soort tekste (bv. koerantopskrifte, lêers, ens.), kan die inhoud van 'n roman nie los van die kontekste geïnterpreteer word nie. My keuse van metodologie val dus op kwalitatiewe teksontleding.

Die doel van kwalitatiewe navorsing is 'to understand the participants' categories and to see how these are used in concrete activities like telling stories' (Silverman 1993:10); en 'to gather an "authentic" understanding of people's experiences' (*ibid.*). Die waarde van die gevolgtrekkings lê dus eerder in outentisiteit as in die 'betroubaarheid' wat met die omvangryke eksemplare van kwantitatiewe navorsing geassosieer word.

3.2 Onderzoekmateriaal

Omdat dit moeilik is om kwalitatiewe studies met 'n groot aantal tekste te doen, en ook omdat sommige provinsies oop lyste het tot in graad 11, en slegs vir graad 12 spesifiek voorskryf, is die studie beperk tot die romans wat vir graad 12-leerders van Afrikaans Eerste Taal leerders in die nege provinsies van Suid-Afrika voorgeskryf is vir 2000. Die voorgeskrewe lyste lyk soos volg:

Gauteng

- Fiela se kind — Dalene Matthee
- Kringe in 'n bos — Dalene Matthee
- By fakkellig — Karel Schoeman
- Toorberg — Etienne van Heerden

Kwazulu-Natal

- Die jaar toe my ma begin sing het — Engemi Ferreira

Mpumalanga

- Die koning se wingerd — F. A. Venter

Noordelike Provinsie

- Luc en Libertine — Marzanne Leroux-van der Boon

Noord-Kaap

Die uurwerk kantel — Marié Heese

Die leeukuil — Klaas Steytler

Noordwes

Toorberg — Etienne van Heerden

Oos-Kaap

Kringe in 'n bos — Dalene Matthee

Vrystaat

Kringe in 'n bos — Dalene Matthee

Wes-Kaap

Kringe in 'n bos — Dalene Matthee

Vatmaar — A. H. M. Scholtz

Toorberg — Etienne van Heerden

In die oog van die web — Engela van Rooyen

3.3 Metode van analise

Die Suid-Afrikaanse studie wat die meeste ooreenstem met die huidige een, is Du Preez (1982) se tematiese analise van skoolteksboeke vir Geskiedenis, Aardrykskunde, Sosiale Studies en Letterkunde.

Du Preez se studie is essensieel kwantitatief — sy het die inhoud eers tematies volgens die volgende institusionele ordes ontleed: politiek, godsdiens, militêr, geografies, bloedverwantskap, verhouding, algemeen. Elke orde is dan weer opgedeel in verskeie kategorieë. Alle aanhalings wat binne die kategorieë val, is opgeteken. Die metaforiese kwaliteit (naamgewing, karaktereienskappe, ens.) daarvan is ondersoek om die simboolsfeer te bepaal. Die simboliese betekenis van die aanhalings is herlei tot 12 meestersimbole.¹

Omdat dit in hierdie studie om die identifisering van simbole van interpersoonlike en inter-groepsverhoudinge en -kommunikasie gaan, sien ek af van die institusionele ordes. Die drie kategorieë, of temas, wat ek ondersoek, is nie noodwendig geïnstitusioneel nie. Al drie hou wel verband met ongelyke magposisies in ons sosiale struktuur. Die drie temas — etnisiteit, gender en geloofsoortuiging — kry prominente behandeling in die Suid-Afrikaanse grondwet, Hoofstuk 2 (Handves van Menseregte).

In *Breaking Barriers* gebruik Van der Merwe dieselfde kategorisering (etnisiteit, gender en godsdiens) om stereotipes in die Afrikaanse letterkunde te ondersoek, want '[t]ogether they form

¹ 1. Onbevragekende legitimasie van gesag; 2. Blanke superioriteit teenoor swart agterlikheid; 3. Die Afrikaner het 'n spesiale verhouding met God; 4. SA behoort regmatig aan die Afrikaner; 5. SA as landbouland, die Afrikaner as boerevolk; 6. SA is 'n strawwe land; 7. Isolering van SA en die Afrikaner; 8. Militêre krag en vernuf; 9. Die Afrikaner word bedreig; 10. Die buitewêreld se opinie jeens SA is belangrik; 11. SA is die leier in Afrika; 12. Die Afrikaner het 'n missie in Afrika.

the fundamentals of the Afrikaner ideology which crystallised at the end of the nineteenth century' (1994:3). Die ideologie was 'n kombinasie van nasionalisme, patriargie en Christendom (*ibid.*). Hy verduidelik ook dat hierdie kategorieë vandag nog geldig is; dat skrywers, of hulle nou by die tradisionele sienings hou en of hulle teen die tradisie in praat, steeds in gesprek is met die verlede en dus hou by die temas van voorheen: 'It seems to me that the central themes in Afrikaans fiction and drama are fixed: themes like Christianity, nationalism and the relation between a man and a woman. The authors can decide their view on these themes, but cannot ignore them ...' (1994:63).

Etnisiteit

Etnisiteit is 'n moeilike konsep om te definieer. Die grense daarvan is nie duidelik afgebaken nie. Ross (in Giles & Saint-Jacques 1979:4) sit die twee algemeenste metodologiese benaderings tot etnisiteit uiteen as *objektief* en *subjektief*. Eersgenoemde benadering bepaal grense deur kulturele institusies en prosesse te identifiseer. Dit sluit bv. ras of 'n onderskeidende taal in. Die probleem met hierdie benadering is dat die uiterlike faktore (spraak, kleredrag, gelaatstrekke, ens.) dikwels sekondêre aanduiders van etnisiteit is, en dat die primêre aanduiders meer diepliggend is. Volgens die subjektiewe benadering reflekteer etnisiteit 'a shared we-feeling among a collectivity that may be internally differentiated along several objective dimensions' (*ibid.*). Die gebrek aan uiterlike of gedragsaanduiders van etnisiteit by hierdie benadering kan egter tot vaagheid lei. Ross (Giles & Saint-Jacques 1979:5) sien etnisiteit as slegs een spesifieke vorm van kollektiewe identiteit. Dit is nie staties nie, maar kom na vore in verskillende stadiums van ontwikkeling in 'n gemeenskap. Dit is veral 'n proses van self-definisie. So het offisiële segregasie in Suid-Afrika vroeër volgens die uiterlike aanduiders van ras geskied, en daarom vind die mobilisering van etniese identiteit ook meestal op hierdie grondslag plaas. Die ander belangrike aanduiders van etnisiteit in Suid-Afrika is taal. Hieroor sê Ross (*ibid.*): 'Each different mode of collective identity carries with it a very different role for language. The role of language in the ethnic form of collective identity is, therefore, very dissimilar from that of language in other identity modes.'

Ek onderskei in die ondersoek tussen aanhalings waarin taalgroep en afkoms/ras as etnisiteit behandel word en dié waarin dit bloot deel van die gegewe is.

Gender

Ek onderskei hier tussen gender en geslag. Geslag is 'n biologiese term wat dui op die konkrete liggaam en die voortplantingsstelsel. Gender, daarenteen, is 'n sielkundige en kulturele konsep wat afhang van sosiale, politieke en ekonomiese opvattinge. Ons persepsie van manlikheid en vroulikheid is nie gebonde aan 'n monolitiese stel voorskrifte nie. Dit verander oor tyd en verskil

tussen kulture. Martin & Nakayama (1997:72) stel dit só: 'The dynamic character of gender reflects its close connection to culture'. Daar is byvoorbeeld al gewys daarop dat die sluier wat sommige Oosterse vroue dra en die grimering van sommige Westerse vroue 'n soortgelyke doel het — om die ware gesig, en dieperliggend dus die ware self, te verberg of te vermom.

Die verwysingsraamwerk waarbinne ek die behandeling van gender in die voorgeskrewe werke ondersoek, is nie noodwendig een van feminisme nie. Die uitwerking wat die verskillende genderpersepsies op identiteitsontwikkeling, asook interpersoonlike en intergroepsverhoudinge het, is belangriker. William Pollock wy sy boek *Real Boys* (1998) aan die probleme (depressie, geweld, ens.) wat die 'myths of boyhood' veroorsaak en die beperkende uitwerking van die rolle wat veral vir mans voorgeskryf word. Genderpersepsies van die self en van ander is in wisselwerking met mekaar, en hou mekaar in stand. Die bestaan daarvan is nie negatief of ongewens as sodanig nie; dit behoort net nie met geslag verwar te word en sodoende as absoluut, eerder as relatief, voorgehou te word nie — dan raak dit beperkend.

Geloofsoortuiging

Die Christelik-nasionale opvoeding van vroeër het wel vryheid van geloof voorgestaan, maar die Christelike geloof is as superieur voorgehou in teksboeke — en boonop as eksklusiewe godsdiens van die blankes:

'Opvallend is dat God slegs in verhouding met die blanke Afrikaner uitgebeeld word. Ander volke in hierdie veelvolkige land het geen of weinig verwysings in die handboeke. Hierdie weglating versterk die idee van die eksklusiwiteit van die verhouding tussen God en die blanke Afrikaner.' (Du Preez 1982:168)

Die aspekte van geloofsoortuiging wat ek ondersoek, is dus veral verdraagsaamheid en inklusiwiteit.

* * *

By elkeen van die temas ondersoek ek *karakterisering* (dus toegeskrewe identiteit) en die aard van *verhoudings*. Eersgenoemde sluit in naamgewing, beskrywing van fisiese eienskappe en persoonlikheid, beroep, status, ens. Die inter- en intragroepsverhoudings word beskou met betrekking tot magposisies, motiewe, potensiaal, beperkings, ens. Ek hou egter in gedagte dat die tekening van verhoudings deel uitmaak van karakterisering.

Du Preez (1982: 40) noem dat die eerste probleem van tematiese analise is dat die tema nie 'n natuurlike eenheid is nie: 'Baie sinne bevat ook meer as een tema en om geskikte grense tussen

hulle te identifiseer, is 'n beoordelingsproses waarvoor daar geen reëls bestaan of geformuleer kan word wat elke tipe tema ... dek nie.' (*ibid.*)

By die roman is die tema verder nie noodwendig net in geïsoleerde aanhalings teenwoordig nie — dit kan ook in die intrige ingebed wees, of in handeling. Die konteks van elke aanhaling in die roman span oor die hele teks (anders as in byvoorbeeld 'n Aardrykskunde-tekstboek) en word dus daarbinne oorweeg. Daarom is my metode om elke roman afsonderlik volgens die drie genoemde temas te ontleed, eerder as om onder elke tema al die aanhalings wat van toepassing daarop is, te lys. In 'n poging om my aannames sover as moontlik te staaf, het ek wel opmerkings waar moontlik gekodeer om dit te verbind met ondersteunende aanhalings uit die romans. Die aanhalings kan in die Bylaag gevind word. Let op dat die nommers in boskrif hier dus nie voetnotas verteenwoordig nie.

Vervolgens bied ek die tematiese ontleding aan waarop die teoretiese analise in die volgende hoofstuk gegrond is:

3.4 Kringe in 'n bos

3.4.1 Etnisiteit

Die hooftema (die skewe sirkel) word belig in die vorm van 'n klassestryd tussen twee etniese groepe — en etnisiteit het hier taal as grens. Daar is 'Engels vir die uitverkorenes en kitchen Dutch vir die ander' (174). Dit is hierdie ongelyke magsverdeling wat deur Saul Barnard bevraagteken word en wat die onderliggende rede is vir die grootste deel van die gebeure: die heersersklas (Engelse/dorpenaars) buit die werkersklas (Afrikaanses/bosbewoners) uit, en ter wille van oorlewing roei laasgenoemde dan weer die bos uit¹.

Daar is verdere klasseverdelings wat minder aandag kry en nie bevraagteken word nie. Die gekleurde karakters is die enigste groep wat nog 'n laer status as die blanke Afrikaanses het. Bokant die bosbewoners wat status betref, is daar ook die delwers². Hulle is aanvaarbaar vir die dorpenaars omdat hulle geld het.

Die Engelse (dorpenaars):

Die vertelling geskied deur 'n oukatoriële verteller wat deurgaans vanuit Saul Barnard se perspektief waarneem. Die karakterisering is daarom ook 'plat' waar dit persone aangaan tot wie se lewe Saul beperkte toegang het. Die Engelse 'dorpenaars' behoort feitlik deurgaans tot die kamp van die antagonist en word vanweë Saul se subjektiewe waarneming redelik eensydig geteken.

Die eerste teken van andersheid wat Saul opmerk, is hoe skoon, nuut en mooi hul klere is³. Die oordadigheid word egter later vir Saul 'n teken van die onderdrukking van die houtkappers en die verwoesting van die bos⁴.

Die tipiese Engelse gelaatstrekke van die mans word geassosieer met woede en dekadensie⁵.

Die mans in hierdie groep is oneerlik en gierig⁶. Hulle hou die houtkappers in die skuld om seker te maak hulle kap nog hout. Hulle is slegs vriendelik wanneer hulle iets nodig het⁷. Anders bestaan hul dialoog meestal uit neerhalende opmerkings oor en teenoor die houtkappers.

Saul maak wel later vriende met James Stewart, maar oor die vriendskap word nie uitgebrei nie.

Die vroue is materialisties en ydel⁸. Saul glo Kate sal, wanneer sy groot is, ook so wees. Hulle aanvaar mense met geld wel tot op 'n punt, maar afkoms is nog belangriker⁹. Hulle voer hul verering vir dinge wat van Engeland af kom, so ver dat hulle selfs akkerbome in die bos plant!

Kate is die uitsondering, Saul se brug na die wêreld van die dorp. Sy, en in 'n mate ook Jane Stewart en Beth Johnson, bied 'n uitdaging vir Saul se stereotipe van die dorpsvroue.

Die Engelse groep is die eksklusiewe heersersklas. Hulle alleen het toegang tot die Public Library en die Public School is uitsluitlik vir die 'dorpnaar'-kinders. Hulle handhaaf 'n soort apartheid en span saam om te sorg dat geen 'Dutchman' 'n besigheid op die dorp kan besit nie¹⁰. Hulle leer hul kinders om op die houtkappers en hul kinders neer te sien¹¹, en dring daarop aan om met oordrewe respek aangespreek te word¹². Hulle toon ook veragting vir Afrikaans¹³. Saul som dit op: "n mens is net 'n mens as jy baie geld het en boonop Engels is' (106). Hy daag egter die status quo uit en slaag daarin om, ten spyte van sy afkoms, suksesvol te wees.

Die blanke Afrikaanses (houtkappers):

Omdat Saul 'n meer intieme kennis van hierdie groep het, is hul karakterisering minder eensydig en ook meer gevarieerd.

Die houtkappers se armoedige kleredrag dien om hul onderdrukking en minderwaardigheidsgevoel te illustreer¹⁴. Die onpaar skoene wat Jozef Kersfees aanhet (111), word simbolies van die houtkappers se onvermoë/onwilligheid om hul posisie te erken en te verbeter. 'Hy had nog altyd die onpaar skoene van Kersfees aan sy voete' (155), dink Saul maande later voordat hy teen hul blindheid uitvaar. Saul styg wel bokant hierdie omstandighede uit.

Behalwe vir hul taaiheid, word daar nie veel meer oor hul voorkoms vertel nie. Dit blyk wel dat Saul aantreklik is¹⁵.

Saul se opsomming (22) word ondersteun deur die res van die houtkappers se dialoog en handeling:

Nêrens het hy edeler as hulle, die oues van die Bos, teengekom nie. Opreg. Eenvoudig. Skoon van gemoed en van goedheid tevrede met hul lot. Hulle is onskuldig omdat hulle nie weet wat hulle doen nie ... Dan stoot hy die oomblik se genade van hom weg; hy ken ook hul koppigheid, hul blindheid!

Hulle is bygelowig en bang vir alles buite die bos¹⁶. Hul oortuiging dat hulle vir hulself werk en aan hulself 'belang' (75, 156), verhinder hulle om ander werk te soek. Uit vrees vir wat die waarheid van hulle sal vra, aanvaar hulle dinge sonder om dit te bevraagteken¹⁷.

Die Afrikaanse inwoners van Swellendam is egter die ideale gemeenskap. Daar is skynbaar geen klasseverdelings nie, en kitchen Dutch is aanvaarbaar¹⁸.

Die bosbewoners is die werkersklas, en hulle aanvaar dit so (met die uitsondering van Saul). Vir die Engelse is hulle sub-menslik — uit die dorpenaars se woordkeuse kan 'n mens aflei dat hulle op dieselfde vlak as diere beskou word¹⁹. Min van hulle kan lees en skryf, en hul onvermoë om Engels te praat, ontnem hulle enige seggenskap of mag²⁰. Die prestige van hul taal is baie laag²¹, wat hulle minderwaardig laat voel.

Die gekleurdes:

Maska is die belangrikste verteenwoordiger van hierdie 'groep', wat eintlik maar in die roman onder die groep 'bosbewoners' val. Hulle taal en lewenswyse is dieselfde, maar tog word hulle anders behandel.

Maska se beskrywing is dié van 'n primitiewe, verrimpelde ou mannetjie met ekspressiewe ogies, iemand wat 'n soort dierlike instink het²².

Hulle is eenvoudig, lojaal en gehoorsaam bevele sonder om teë te stribbel. Hans Oukas is 'n komieklike, maar gediensige werker²³. Esau, MacDonald se kneg, het wel 'n gewete, maar is te lafhartig om daarna te luister²⁴. Tanda, die huisslaaf, is slu en korrup²⁵.

Maska is Saul se 'hart-broer' wat 'n mistieke kennis van die olifante en die bos het wat hy van sy voorvaders gekry het²⁶. Tog verleen sy wysheid nie veel meer status aan hom nie: Hy is totaal toegewy aan Saul en gee nie om om voor 'baas' Saul te pleit nie²⁷.

Die eerste eksplisiete aanduiding van hul laer status, en van implisiete rassisme, is wanneer Saul ná die vernederende besoek aan die dorp vra: 'Is ons witmense, Pa?' (44). Hy kla dat hy by MacDonald 'soos 'n wit slaaf' werk (107). Saul 'beledig' Caroline MacDonald deur te sê een van haar stammoeders was nie 'n besondere vrou' nie, maar 'n meid' (260). 'n Verdere aanduiding

is die ongelyke verdeling van die bietjie geld wat die bosbewoners het — die gekleurdes het nog minder as die blankes²⁸.

Hulle spreek blankes as 'baas' en 'missies' aan. Saul distansieer homself twee keer hiervan, maar meer op grond van spesifieke omstandighede as 'n algemene afkeer daarvan²⁹.

3.4.2 Gender

Genderkwessies word nie aangespreek nie. Uit die verskillende rolle vir mans en vroue is dit duidelik dat die bos 'n manswêreld is³⁰. Die vroue en dogters maak tuin en sorg vir die kos. Hulle kan soms lees en skryf. Die seuns en mans kap hout, en die feit dat Saul 'n ander beroep verkies, veroorsaak konflik tussen hom en sy pa³¹.

Al die leierfigure is manlik. Die bosvroue het 'n lae profiel. Anders as in die geval van mans, word die vroue se voorkoms dikwels beskryf. Dit is opmerklik dat, wanneer vroue iets goed kan doen, dit met manlike vaardigheid vergelyk word³². Hierdie houdings word ook nie deur die implisiete outeur bevraagteken nie.

Die dorp se vroue is reeds beskryf. Dié wat wel werk, is onderwysers. Die meisies word sosiale vaardighede geleer, iets wat weer hul oppervlakkigheid illustreer³³.

Op Swellendam is die Steyns se huwelik die stereotipiese pantoffelregering, en oom Abraham se raad aan Saul is om 'n vrou op haar plek te hou³⁴. Saul vind dit wel vermaaklik, maar tog gehoorsaam Kate hom, soos sy haar pa gehoorsaam³⁵. Kate se parmantige houding word toegeskryf aan listigheid³⁶; wanneer Saul aan haar toegee, word sy so sag soos 'n lammetjie³⁷.

3.4.3 Geloofsoortuiging

Die Christelike geloof is die enigste wat genoem word. Die houtkappers se geloof is kinderlik en naïef. Hulle het nie 'n werklike kennis van die Bybel nie, maar glo onwrikbaar in die beskikking van God³⁸.

Die Engelse kerk op die dorp is verbode vir bosbewoners³⁹. In teenstelling hiermee is die kerk in Swellendam oop vir almal⁴⁰.

Saul, wat vroeg in sy lewe al meer as die ander oor geloof in 'n god dink, is die enigste wat sy onsekerheid uitspreek en 'n werklike geestelike ervaring het — wat egter nie uit formele godsdiensoefening (bv. kerk toe gaan) spruit nie⁴¹.

3.5 Die koning se wingerd

3.5.1 Etnisiteit

Die roman vertel die verhaal van 'n magstryd tussen die Israëliete en Kanaäniete tydens die bewind van koning Agab van Israel. Die aspek van die twee groepe se kultuur wat verantwoordelik is vir die meeste konflik is hul godsdiens — die Israëliete glo in Jahwe en die Kanaäniete in Baäl. Hoewel die gebeure sig ongeveer 3000 jaar gelede afspeel, is die situasie, soos geskets in die roman, vergelykbaar met die meer onlangse Europese koloniserings. Die ooreenkoms met die situasie in Suid-Afrika soos dit ten tye van publikasie (1984) was, kan nie misgekyk word nie.

Die Israëliete:

Die skrywer laat geen twyfel dat die Israëliete die volk van God is nie¹. Hul god is die ware een² en dit was sý wil dat die land van die Kanaäniete in die hand van Israel geval het³. Onder die leiding van Agab⁴ en sy Sidonese vrou, Isebel⁵, dwaal hulle egter weg van God deur Baäl te aanbid⁶ en wêreldse rykdom en plesier na te jaag⁷. God straf hulle hiervoor. Baie van die godvresendes onder hulle (wat deur Nabot en sy gesin verpersoonlik word) is aandadig aan 'n verdere sonde van die Israëliete: hulle ag hulself en hul volk superieur en minag die Kanaäniete⁸. Hulle glo dat God dit beskik het dat laasgenoemde knegte moet wees⁹. Hul vrees vir die onbekende wêreld van die Kanaäniete maak haat in hulle wakker¹⁰. Nabot is wel 'goed' vir sy werkers¹¹, maar dan soos 'n mens vir jou hond goed is¹². Hy gee vir hulle kos en klere en niks meer nie¹³. Hy verwag ook dat hulle hul plek moet ken en onderdanig moet wees¹⁴. Sy seuns (met die uitsondering van Johanan) werk hardhandig met hulle¹⁵. Verder glo hy dat die volk 'suiwer' moet bly en weier dat sy seun Johanan, die hoofkarakter, met 'n Kanaäniet trou¹⁶. Hy gaan selfs sover om Sabad en sy gesin, wat lewenslank vir hom gewerk het, weg te jaag omdat hulle Baäl aanbid. Hoewel God nie die volk as geheel straf (soos Hy Baäl-aanbidding straf) vir die sonde van hoogmoed en arrogansie nie, spreek verskeie geloofwaardige karakters (o.a. die profeet Elia en Johanan) hulle daarteen uit¹⁷ en word Nabot en sy seuns (wat ook hieraan skuldig was) met die dood gestraf¹⁸. Dit word duidelik dat die Israëliete gevangenes van hul eie wette en vooroordele is, en so aan hulself ook skade aanrig¹⁹. Hulle word in ander lande gehaat vir hul houding van baasskap²⁰, sodat die bordjies verhang word wanneer daar in Tirus teen Johanan gediskrimineer word vanweë sý afkoms²¹. Die Israëliete word gewaarsku dat hulle sal moet verander²².

Johanan, wat as bemiddelaar optree (en wie se stem as hoofkarakter die invloedrykste is), bewerkstellig aan die einde versoening deur met Ada die Kanaäniet te trou (maar eers nadat sy Johanan se geloof aangeneem het²³) en die vrug van sy erfgrond met Sabad se gesin te deel²⁴.

Die Kanaäniete:

As bywoners in hul eie land, besit die Kanaäniete nie grond nie en kan hulle nie die hoogste posisies in Israel beklee nie²⁵. Hulle word slegs vir hul werk geag, en as besittings beskou²⁶, sodat veral die oueres later hul minderwaardigheid internaliseer en glo dat dit maar so moet wees²⁷. Die skrywer is simpatiek teenoor hulle. Deur veral Sabad se kinders word Johanan (en die leser) bewus van die onreg teenoor die Kanaäniete, en hul begeerte na gelykheid²⁸. Hulle het geen sê nie²⁹, die wette word anders op hulle toegepas³⁰, daar is onverdraagsaamheid teenoor hul geloof³¹ en geen respek vir hul kultuur en geskiedenis nie; want die glorieryke geskiedenis van Israel is die geskiedenis van die uitdelging van die Kanaäniete³². Ten spyte van dit alles is hulle nederige, lojale, goedhartige, vergewensgesinde mense. Nadat hulle deur Nabot weggejaag is, huiwer hulle nie om sy gesin in nood te help nie³³. Ada waag selfs haar lewe om hulle te red³⁴.

Die letsels van die onderdrukking word egter nie weggepraat nie. Die bitterheid, woede en wantroue van sommige van Sabad se kinders is diep gewortel, sodat versoening slegs oor 'n lang tydperk (indien ooit) moontlik kan wees³⁵.

3.5.2 Gender

Getrou aan die realiteit van daardie era, is die mans die krygers, boere, erfgename, staatshoofde en gesinshoofde. Daar is sekere eienskappe wat aan 'n man onder die manne' (22) toegeskryf word. Hy is sterk, lank en groot van bou³⁶; hardwerkend en suksesvol (en dit is daarom ook geen toeval dat al die goeie karakters welvarend is nie)³⁷; goedhartig en genadig³⁸; nederig³⁹, maar gesaghebbend en met innerlike krag. Sy gesin respekteer en gehoorsaam hom en hy kan sy vrou in toom hou. Hy is in staat om in beheer te bly en besluite te neem⁴⁰; dapper; en bereid om vir sy beginsels en vir die God van Israel te veg en op te offer⁴¹.

Isebel is die 'pit van al die onheil' (259) en dit is haar skuld dat Israel gestraf word. Sy is die beliggaming van alles wat die implisiete skrywer as ongewens in 'n vrou sien: Sy is 'n leier — sy het in haar vader se paleis regeer, en wil nou dieselfde in Israel doen. Haar strewe na mag maak van haar 'n kil, berekende, bose mens⁴³. Sy bedrieg haar man en respekteer hom nie⁴⁴. Sy is ydel, té mooi, en kry haar sin deur mans met haar skoonheid te verle⁴⁵. Sy het 'n voorliefde vir wêreldse, verfynde dinge, en sien neer op die eenvoudige Israeliete⁴⁶.

Uit die gedrag van die ander vroue kan afgelei word wat die implisiete skrywer as gewenste eienskappe vir 'n vrou sien. Josabat het 'n stil krag en spreek Nabot dikwels versigtig aan oor sy hardvogtigheid, sonder om die finale beslissing te neem⁴⁷. Ook die dogters spreek hulle uit teen die onderdrukking van die Kanaäniete⁴⁸. Josabat is eerstens 'n moeder en eggenoot, en probeer

haar kinders beskerm⁴⁹. Haar en haar dogters se pligte is kosmaak en huishou, en hulle bly dus by die huis as die 'volk' opgeroep word na Karmel⁵⁰.

Beide Josabat en Ada is nederige mense⁵¹, maar het geestelike diepte, durf en moed⁵². Deugsaamheid is 'n belangrike bate in 'n vrou⁵³, en so ook kuisheid⁵⁴. '[D]ie hoogste offer ... wat enige vrou kan bring' (129) is haar maagdelikheid — en Ada offer dit aan die godin Asjera sodat Johanan haar nie sal volg en sy erfposisie verbeur nie⁵⁵.

3.5.3 Geloofsoortuiging

Die hooftrekke van die tradisionele Bybelse verhaal (insluitende die wonderwerke en goddelike ingryping) word nie bevraagteken nie en as die waarheid aanvaar⁵⁶; maar elemente van die verhaal wat die God van Israel na 'n wrede, harde god laat lyk (bv. die moord op die Baäl-profete en die slawerny), word toegeskryf aan die menslikheid, en dus sondigheid, van die karakters⁵⁷. Die waaragtigheid van die God van Israel word weerspieël in die bekering van belangrike karakters (Hammurabi, Sabad, Sua, Ada, Agab) tot God⁵⁸. Die rituele en geloofsuitinge van die Baäls word bespot en afgemaak as onkunde, en as onwaar bewys deur die wonderwerke van God⁵⁹.

3.6 Die leeu kuil

3.6.1 Etnisiteit

Die roman vertel die verhaal van 'n blanke Afrikaanse gesin wie se vetes uiteindelik tot die dood van die seun, Daniël, lei. Etnisiteit is nooit 'n kwessie nie. Daar is wel botsings tussen twee subkulture binne hierdie etniese raamwerk — die hoër klas (verteenwoordig deur Daniël se ma, Maryna; en sy stiefpa, Hugo van Wyk) en die laer klas (Sakkie Morgan, Daniël se pa; sy suster Teresa en haar vriend Kirby Potgieter; Lep en Kleintjie Germishuys). Die twee groepe verskil opmerklik t.o.v. taalgebruik (suiwer vs. gemengde taal)¹, voorkoms², die gebruik van alkohol ('beskaafde' gebruik vs. ontvlugting)³, algemene lewenstyl (ordelikheid en berekendheid vs. impulsiwiteit)⁴ en belangstellings (Hugo stel belang in letterkunde en die ekonomie; Sakkie in motors)⁵. Daniël voel nie tuis in enige van hierdie twee wêreldes nie, maar pas hom in die loop van die aand by die wêreld van sy pa aan⁶. Die skrywer se simpatie (én kritiek) lê by beide groepe. Die rykes is gevangenes van voorgee, leuens en wantroue⁷; die armes van uit- en insigloosheid⁸.

Daar is drie swart karakters, en hulle het ondersteunende rolle. James, die tuinier, is slegs een keer direk aanwesig — hy word beveel om na Daniël te gaan soek⁹. Alfred is beide die motorbestuurder (wat enige tyd van die nag opgeroep kan word) en die stom reus (hy is in geen dialoog betrokke nie) wat as beskermmer en uitsmyter optree¹⁰. Die ou Zoeloe nagwag behoort tot

'n ander wêreld¹¹, maar hy is omkoopbaar en raak op dié manier nou betrokke by Daniël se dood¹². Hy het 'n mistieke kennis van, en word 'n tipe engel van, die dood¹³. Hy bied vertroosting vir Sakkie nadat Daniël in sy (die nagwag se) arms gesterf het¹⁴. Die herhaaldelike verwysing na hom as 'swartman' (161) gee egter die indruk dat Sakkie se toevlug tot die nagwag, 'n 'onbevoegde' (164), illustreer hóé eensaam hy is.

3.6.2 Gender

Die onderliggende genderpersepsies is stereotiep en die meeste konflik kan direk herlei word na nalatigheid t.o.v. twee voorgeskrewe genderrolle.

Eerstens stel die roman dit voor dat dit die man se plig is om finansiëel aan sy vrou en kinders te voorsien. Sakkie kom nie hierdie plig na nie, en hy word daarvoor veroordeel (ook deur homself)¹⁵. Hugo is die teenoorgestelde — 'n ryk, suksesvolle sakeman. Sy sukses verskaf aan hom alles wat Sakkie wil hê, ook sy gewese vrou en sy seun¹⁶. Die skrywer het egter simpatie met Sakkie — die kinderlike wyse waarop hy sy ego probeer beskerm, laat hom onverantwoordelik optree¹⁷, maar hy is ook sensitief en eensaam¹⁸.

Tweedens word die vrou voorgestel as verantwoordelik vir die huishouding en die beskerming van haar kinders. Hugo voorsien die geld; Maryna moet na sy besittings en haar kind omsien¹⁹. Sy feil in hierdie taak wanneer Daniël saam met sy pa verdwyn²⁰.

Die ongetroude vroulike karakters is ontvangsdames en sekretaresse; die getroudes huisvroue²¹. Maryna is 'n goed versorgde vrou wat haar suksesvolle man pligsgetrou ondersteun²². Sy is bewus van haar finansiële afhanklikheid, maar haar rol as moeder is allesoorheersend²³. Haar verknogtheid aan haar seun en haar wantroue in mans veroorsaak dat sy vir Sakkie en Hugo uitsluit uit haar en haar seun se lewe²⁴. Haar enigste emosionele vertroueling is haar vriendin Joey²⁵.

Een van die manlike vrese (dié vir die vrou) word in die roman bevestig. Sakkie, Hugo en ook Daniël word slagoffers van Maryna se aggressiewe moederskap²⁶. Die pa-en-seun verhouding word daarenteen as die diepste beskou²⁷.

3.6.3 Geloofsoortuiging

Die titel verwys na die Bybelse verhaal van Daniël in die leeukuil en dit dui op die verhouding tussen Daniël en sy pa — 'n andersins wilde dier wat alleen sy (Daniël se) hand lek²⁸. Daar is ook 'n onmiskenbare suggestie dat Daniël 'n Christusfiguur is wat onbewustelik bewus is van sy naderende dood²⁹; 'n prys wat hy moet betaal deur die toedoen van sy ouers, wat beide van God verlate voel³⁰. Maryna vind egter geen troos in haar geloof ná Daniël se dood nie³¹.

Die enigste verwysing na 'n ander geloof, is wanneer Sakkie dertien keer voor die graf buig, 'soos 'n Oosterling' (185) — 'n verwysing na die Islam. Maryna vind dit afstootlik en is geskok deur sy 'onbehoorlike onrespekvolheid' (186)³².

3.7 Fiela se kind

3.7.1 Etnisiteit

Een van die belangrikste temas is die onverstaanbare onderskeid wat tussen wit en bruin gemaak word¹. Benjamin Komoetie ('n wit 'hanskind') word van sy gekleurde pleegouers weggeneem omdat dit nie 'reg' is dat 'n wit kind by 'bruinmense' grootword nie². Maar die wit gesin (die Van Rooyens) by wie hy verder grootword, is in alle opsigte die Komoeties se mindere. Die skrywer weerlê hiermee die stereotiep-rassistiese ideologie van blanke meerderwaardigheid wat die meeste wit karakters aanhang. Die vertellingswyse — 'n ouktoriële verteller wat vanuit Benjamin/Lukas, Fiela Komoetie en Elias van Rooyen se perspektief waarneem — help om die twee gesinne teen mekaar af te speel.

Die Komoeties (soos veral deur Fiela se stem) is eerbare, trotse mense³. Wanneer Fiela 'kruip' (en meestal sê sy haar sê!), is dit nie vrees nie, maar deel van 'n plan om Benjamin terug te kry — sy weet hoe om witmense te uitoorlê⁴. Die Komoeties is lief vir hul kinders⁵, hardwerkend en daarom ook finansiële welvarend⁶. Die Van Rooyens is in alle opsigte die teenoorgestelde: hulle het nie ruggraat nie — hul vrees vir gesaghebbendes laat hulle lieg en kruip⁷. Hul trots is 'n valse trots, 'n oorlewingstegniek⁸. Elias van Rooyen behandel sy kinders (wat hy 'maaksels' noem) soos diere⁹ en is eintlik net begaan oor wat hulle vir hom kan verdien¹⁰. Hy is sku vir werk en hulle is brandarm¹¹. Die kos, klere en komberse wat Fiela Komoetie vir Benjamin gee, word gretig onder hulle verdeel¹². Tog sien hulle neer op die Komoeties — die Van Rooyens is immers wit¹³. Daar is 'n duidelike skrywersafstand van hierdie houding van die Van Rooyens. Die ironie wat geskep word deur die kontras tussen die Van Rooyens se meerderwaardige houding en hul minderwaardige karakter, dien om die skrywer se houding te kommunikeer.

Die skrywer is egter versigtig om nie slegs witmense 'slegte' karakters te maak nie. Soos Fiela sê: '... daar is goeie witmense en goeie bruinmense, maar hulle is almal ewe skaars.' (166) 'Goed' en 'sleg' is dus anders as 'bruin' en 'wit'.

Onder die 'slegte' wit karakters tel die mans wat vir Benjamin wegvat, Koos Wehmeyer, asook die magistraat. Hulle sien neer op gekleurdens en is bevooroordeel¹⁴ — en skelm daarby¹⁵. Petrus Zondagh is 'n 'goeie witman', maar Fiela skop vas teen sy patroniserende vaderlikheid¹⁶. Die benaming 'baas' word herhaaldelik gebruik om die onnatuurlike magsverhouding wat deur die wit

karakters afgedwing word, te benadruk en die *status quo* uit te daag¹⁷. Terselfdertyd maak verskeie van die gekleurde karakters hulle egter skuldig aan stereotipiese 'kleurling'-gedrag (vanuit 'n wit perspektief): dronkenskap¹⁸, skaapstelery¹⁹, messtekery²⁰ en seksuele losbandigheid²¹.

Fiela, veral, beklemtoon dat die verskil nie tussen wit en bruin lê nie, maar tussen goed en sleg²². Tog gebruik sy die afbrekende term 'jongmeid' (soos Kaliel ook na sy ma verwys) as sy na haarself verwys²³. Beide Fiela en Elias praat op kleinerende wyse van die Outeniekwas²⁴ — en sy ag witmense se lewens klaarblyklik meer waardevol as dié van gekleurdes²⁵. Dit is egter net Tollie en Kaliel, altwee verloorders, se dialoog-wat witheid voorhou as iets om na te strew²⁶.

Benjamin word as die ideale karakter geskets. Hy onderskei nie tussen wit en bruin nie en beweeg met gemak tussen beide wêreldes²⁶. Die gebeure maak hom wel bewus daarvan dat hy wit en die Komoeties 'bruin' is, maar hy bevraagteken die gewig wat hierdie feit dra²⁷.

Die Engelse karakters is bo-aan die statusleer en sien neer ook op die wit houtkappers²⁸. Hulle verteenwoordig die wet, rykdom en sukses, maar hou terselfdertyd die sleutel tot sukses en rykdom vir hul minderes²⁹. Hulle konvensioneel voorgestelde status word deur die verhaal bevraagteken en ondermyn.

3.7.2 Gender

Die konsep van vroulikheid is 'n tema wat teen die einde deur Benjamin belig word. Die kern daarvan word geïdentifiseer as 'die mag van 'n vrou' — 'slu, vreesloos, veranderlik soos die see se buie' (313)³⁰. Wanneer 'n vrou daardie 'mag' ontnem is (bv. Barta van Rooyen), kan sy deur mans gemanipuleer word en kan sy nie haar kinders beskerm nie³¹. In elke fase van sy lewe is dit 'n vrou wat sy lot bepaal, en die drie vroue — Fiela, Barta en Nina — het feitlik niks gemeen behalwe hierdie 'mag' nie (hoewel Barta, as 'n onderdrukte vrou, dit net eenmaal toon). In die Bos is daar wel vasgestelde take vir mans en vir vroue³², maar deur Nina distansieer die skrywer haar hiervan — Nina se uitdaging van die norme word simpatiek oorgedra³³.

Daarteenoor het die 'mag in 'n man' die potensiaal om te vernietig, en Benjamin besef '[n]et die mens het skynbaar 'n keuse — om te vernietig of nie³⁴.

Fiela en Elias se stemme verteenwoordig twee uiterstes van genderrolle.

Eertens: Fiela, wie se moederskap (soos die titel aandui) haar mees prominente rol is³⁵, is 'n matriarg wat haar man en kinders liefdevol regeer³⁶. Selling, wat baie simpatiek beskryf word, is 'n sagte man met 'n klein hartjie; hy is in alle opsigte swakker as Fiela en sy beskerm hom³⁷. Die ongelyke verhouding is egter toe te skryf aan sy 'swakte', 'n kondisie wat hy in gevangenskap

opgedoen het en wat ingespan word om Fiela se krag en haar liefde vir hom te illustreer (92-103). Sy is ook baie trots op haar getroude van, Komoetie, hoewel sy eintlik 'n Apools is³⁸. Tweedens: Elias van Rooyen is 'n gevoellose patriarg wat net vir homself omgee³⁹. Hy regeer sy gesin met geweld⁴⁰. Hy beslis ook dat dogters minder waarde as seuns het⁴¹. Hy dink nie veel van sy vrou, Barta, (en van vroue in die algemeen) nie — hy blaf vir haar bevele en reduseer haar tot iemand sonder sê⁴².

Die sentrale karakter, Benjamin, is ook in hierdie opsig die ideale karakter. Hy en Nina is gelykes; hy beperk haar nie tot stereotipiese genderrolle nie⁴³ en hy behandel beide mans en vroue met respek en geduld⁴⁴.

3.7.3 Geloofsoortuiging

Die karakters hang almal die Christelike geloof aan. Fiela, veral, het 'n baie informele en lewendige verhouding met God. Groot dele van haar gedagtespraak is in die vorm van 'n gebed: sy roep God aan in tye van nood⁴⁵, onderhandel met Hom⁴⁶, baklei met Hom as slegte dinge gebeur⁴⁷, vra Hom altyd daarna om verskoning⁴⁸, en dank Hom vir goeie dinge⁴⁹. (Weer is Elias die teenpool van Fiela — wanneer hy bid of oor God praat, is dit om sy eie gewin.⁵⁰)

Sy leer ook vir Benjamin bid, al vat sy hom nie kerk toe nie⁵¹ — daar is 'n 'bruinmenskerk' en 'n 'witmenskerk', sodat ook die kerk die vooroordele van die mense bevestig⁵². Die tradisioneel verhewe status van die kerk word dus bevraagteken, nie die geloof in God self nie.

3.8 Die uurwerk kantel

3.8.1 Etnisiteit

Afrikaners

Die verhaal volg die lewe van Maria Celliers, 'n blanke Afrikanervrou ('boeredogter'), vanaf 'n kleuter (1897) tot 'n bejaarde (1972). Die skrywer wissel Maria as eerstepersoonsverteller af met 'n oukatoriële verteller wat vanuit haar perspektief waarneem. Die hoofkarakters behoort almal tot die Afrikanergroep; en die leser is meestal beperk tot húl sienings van belangrike gebeurtenisse in die ontwikkeling van die etniese identiteit van die groep (bv. die Anglo-Boereoorlog, die taalstryd, die twee wêreldoorloë en die Nasionale Party se bewindoorname in 1948)¹.

Die Afrikaners in die verhaal se houding t.o.v. ander etniese groepe varieer wel.

Die ouer karakters se haat vir die Engelse word binne die konteks van 'n historiese bewussyn van die Anglo-Boereoorlog geplaas². Maria is meer gematig, maar tog trots op Afrikanerskap³. Die jonger karakters, onbewus van die vroeëre verdrukking van die Afrikaners, is vry om nie te

veroordeel op grond van Engelsheid nie⁴. Elisè trou byvoorbeeld met 'n Engelsman (wat haar dan wel in die steek laat).

Die gekleurde karakters is vir die Afrikaners êrens tussen dom kinders en sub-menslike 'skepsels' en die wit karakters noem hulle 'volk' of 'volkies'⁵. Die doel van hul teenwoordigheid is om arbeid te verrig⁶. Hulle word met goeie spot bejeën wanneer hulle onderdanig is of die witmense 'na-aap'⁷; en met irritasie en woede wanneer hulle die voorgeskrewe gedragskodes vir 'volk' oortree⁸. Hul hartseer kan reggepraat word⁹ en omdat hulle so 'taai' is, is hul lyding nooit ernstig nie¹⁰ — slegs by drie geleenthede word dit deur Maria ernstig opgeneem¹¹. Die meeste Afrikaners glo dis nie 'reg' dat die twee groepe meng nie, dat gekleurdes hul mindere is en nie in hul huise ontvang kan word nie¹². Maria se seun, Johan, is 'n uitsondering — hy beweeg oor die grense¹³; maar dan is sy vriend Dawid September darem "n opgevoede man" (170).

Engelse

Die Engelse karakters is formeel, uiterlik korrek en opgevoed¹⁴. Hulle sien egter dikwels neer op ander — en veral op die Afrikaners¹⁵.

Gekleurdes

Met die uitsondering van Dawid September, Johan se 'opgevoede' vriend, is die gekleurdes almal eenvoudig en kinderlik¹⁶. Die 'goeies' is onderdanig en lojaal aan hul blanke werkgewers¹⁷. Hulle is alle ure van die dag beskikbaar om opdragte te ontvang en doen die meeste handarbeid in en om die huis¹⁸. Hulle noem die blankes 'nōi', 'baas', of 'maarste'¹⁹ en hul uitspraak van die Afrikaanse taal word foneties neergeskryf, sodat dit heeltemal anders as dié van die wit karakters voorkom en 'n komiese effek het²⁰.

Die meeste mans maak hulle skuldig aan dronkenskap²¹ en respekteer nie vroue nie²². Hulle hou daarvan om vrolike musiek te maak en te dans²³. Die vroue kry stringe kinders²⁴ en is so verknog aan hul wit werkgewers soos aan hul eie familie²⁵. Johan word deur gekleurdes vermoor²⁶.

3.8.2 Gender

Vroulikheid is 'n belangrike tema in die boek. In die tydperk waarin Maria grootword, is daar baie reëls vir wat meisies mag doen en hóé hulle dit moet doen²⁷. Maria, en partykeer ook Trui (wat 'n oujongnoot is), bevraagteken sommige van hierdie reëls²⁸. Meisies word verder geleer hul belangrikste doel in die lewe is om van diens te wees²⁹. Jong meisies droom daarvan om mevrou te word en Maria is bevrees dat sy nie 'n man sal kry nie³⁰. Terselfdertyd het sy 'n begeerte om iets meer te wees en te doen³¹. Wanneer sy dan wel trou en kinders kry, besef sy dat sy in die proses van 'mevrou wees' haarself moet opoffer³². Dit word ook deur Inge en Dora beaam³³.

Verskeie vooropgestelde idees omtrent gender word deur Maria verwerp — soos dat 'n vrou nie vir 'n man mag wys sy is bly om hom te sien nie, of dat seuntjies 'n groter aanwinst as dogtertjies is³⁴. Tog glo sy blykbaar dat uiterlike skoonheid belangrik is om haar man te behou (Willem bewys haar verkeerd) en ervaar sy die verlies van haar figuur tydens swangerskap as traumaties³⁵.

Inge verteenwoordig die eerste alternatief vir die bande van die huwelik en moederskap. Met haar kleredrag, haar onafhanklikheid, haar beroep en kundigheid as kunstenaar en haar vryheid, daag sy die meeste norme vir vroue uit³⁶ — en Maria keur dit goed³⁷. Maria, wat eers jaloers is op Inge se lewe, leer egter dat vroue moet kies tussen vryheid en liefde (iets wat later by haar dogter Elise weer ter sprake kom wanneer haar geleerdheid mans afskrik)³⁸. Sy kies haar eie lewe: haar man en haar kinders³⁹. Dit is interessant dat die beeldskone Mrs Douglas, wat (soos Inge) verkies om nie kinders te hê nie en ook in kuns belangstel, negatief gekarakteriseer word — sy trou naamlik vir geld en is dus nie onafhanklik nie, en probeer Maria se man verlei⁴⁰.

Binne die huwelik word die genderrolle egter nie uitgedaag nie. Die vrou versorg die huis, hul kinders (en kleinkinders) en hul mans⁴¹. Hul belangstellings sluit in borduurwerk, naaldwerk en kosmaak⁴². Moederskap is baie belangrik — iets wat selfs die kinderlose Inge kan aanvoel⁴³. Vroue leer nie self motor bestuur nie en stel nie belang in die politiek nie⁴⁴.

Van die man word verwag om te kan 'regvat as hy werk' en hy voorsien in die materiële behoeftes⁴⁵. Hy neem die besluite in die huis en ook die volwasse kinders se besluite moet sy goedkeuring wegdra⁴⁶. Hy het egter nie so 'n noue band met sy kinders as wat die vrou het nie⁴⁷.

3.8.3 Geloofsoortuiging

Maria en haar familie is almal Protestantse Christene. Maria vind dit wel moeilik om te bid — vroeër veral omdat sy nie die taal van die kerk en die Bybel (Hooghollands) verstaan nie⁴⁸. Sy leer God egter ook ken as 'n ongenadige en paternalistiese god en beide Maria en Inge identifiseer meer met Maria, die moeder van Jesus⁴⁹. In tye van nood roep sy en die ander karakters egter telkens tot God om genade⁵⁰.

Islam kom ter sprake wanneer Katrien se dogter met 'n 'Moor' trou, maar sy laat hom gou verstaan dat sy 'ou galoesie' ondergeskik is aan hare⁵¹.

3.9 Die jaar toe my ma begin sing het

3.9.2 Etnisiteit

Etnisiteit word nie betrek nie. Die Malan-gesin, deur wie die storie vertel word, is blanke Afrikaners wat onder moeilike omstandighede in die Noordweste boer en nie bewustheid van

ander groepe toon nie. Hulle word groot met Europese kuns, musiek en drama, en hul verwysingsraamwerk is dié van die Europese kultuur — die teks is belaaï met verwysings na skrywers, musiek, skilders, dramas, ensovoorts¹.

Ten spyte van hul armoede, het die Malans werkers. Hulle (klaarblyklik almal Swazi's) is die enigste ander groep wat enkele kere genoem word; en dan in die werkskonteks (ook die kinders word slegs in werksituasies beskryf)². Die uitsonderings op laasgenoemde is die biddag vir reën wat hulle onder 'n boom hou (7), Alfeus wat sy eie tabak kweek (34) en die feit dat 'selfs die Swazi's van die omgewing' soms die stilte van Ma se kerkie opgesoek het, 'maar nooit was iets beskadig nie' (57)³. Alfeus en Daaina, wat vir die Malans werk, is die enigste Swazi's wat name kry, maar nie stemme nie.

3.9.3 Gender

Die verhaal word in die eerste persoon om die beurt deur elk van die ses Malan-kinders vertel. Ma, wie se dood hulle weer bymekaarbring, is — soos die titel voorspel — die sentrale figuur wie se geweldige uitwerking op hul lewens ondersoek word.

Ma is nie 'soos ander ma's nie' (65). Sy is 'n onafhanklike⁴, kreatiewe mens wat haar kinders met 'uitheemse idees' (53) grootmaak — sy is nie bang om vooropgesette idees te konfronteer nie en stel hulle bekend aan alternatiewe vorms van kennis⁵. Hoewel sy lief is vir haar kinders, gee hulle haar nie absolute vervulling nie⁶. Al die swaarkry en opoffering laat haar eerder kwyn⁷, sodat sy eers werklike vervulling kry in die inrigting, weg van haar gesin, deur haar kuns⁸. So, weg van hulle, kan sy ook vir elkeen van hulle gee volgens hul behoeftes⁹.

Pa en Ma het 'n gespanne verhouding. Pa is verantwoordelik vir die gesin se finansiële welsyn, maar slaag nie daarin om in hul behoeftes te voorsien nie¹⁰, sodat Ma se kreatiwiteit die gesin aan die gang hou¹¹. Hoewel Pa nie genoeg van homself gee en sy vrou en kinders nie probeer of kan verstaan nie (en daarom vir Ma verloor)¹², is ook hý afhanklik van haar¹³. Wanneer hy Ma verruil vir 'n afhanklike, insiklike vrou, beseft hy dat dit nie is wat hy wil hê nie¹⁴.

Die vroulike karakters is wel meer huislik as die mans en verrig take soos kosmaak en weef¹⁵. Daar is egter geen stereotiepe genderrolle nie. Die skrywer beklemtoon die uitwerking wat mense op mekaar het¹⁶. Die karakters se omgang met mekaar het te doen met persoonlikheid, geskiedenis, situasie en behoefte, eerder as met gender. Dit geld ook vir die beroepe wat hulle beoefen. So is die vroue onderskeidelik kunstenaar (Ma), boer (eers Trien, toe Willemien), non (Trien) en aktrise (Hermioné). Die mans is boer (Pa), regisseur (Roald), sielkundige (Konstans) en seeman (Hjalmar).

3.9.3 Geloofsoortuiging

Al die karakters is Christene en deurdat hulle dit op verskillende maniere belig, word dit 'n belangrike tema. Ouma en tant Fay se belewenis is onbuigsaam en ongenadig. Hulle beklemtoon die kerk, wette en sonde¹⁷. Vir Trien is dit weer ontvlugting en in die klooster waarheen sy vlug, probeer sy deur selfkastyding om die pyn van haar skuldgevoelens te verlig¹⁸. Dit is egter Ma se vrye geloof (sy bou selfs haar eie kerkie!), ongebonde deur rituele en oppervlakkige reëls, wat die skrywer, by monde van haar kinders en vriende, verkies¹⁹. Sy leer haar kinders dat 'geen geloof al die antwoorde kan hê nie' (58) en bring haar godsdienste in verband met die doel van menswees²⁰.

3.10 By fakkellig

3.10.1 Etnisiteit

Die verhaal speel hom af in die laat 18de eeu, 'n paar jaar ná die Franse Revolusie. Engeland het Ierland gekoloniseer en feitlik die hele land word deur grondeienaars van Engelse afkoms besit. Die Ierse volk leef in armoede en toestande van onderdrukking. Alreeds in dié gegewe is daar 'n parallel met die Suid-Afrika van die sestigerjare (die boek het in 1966 verskyn). Die twee groepe se persepsies van mekaar, en die wyse waarop die persepsies verwoord word, laat geen twyfel dat die skrywer doelbewus 'n spieëlbeeld van die apartheidsituasie wou skep nie.

Vir die grondeienaars (wat hulself by geleentheid as Iers, eerder as Iere, beskryf¹) is Engelsheid iets om na te streef en hulle klou nog vas aan hul Engelse afkoms². Hulle voel hulself afgesonder in die 'onbeskaafde' land waar 'hulle mense' in getalle ver oortref word deur die Iere, wat hulle 'die volk' noem, en voel toenemend aangewese op mekaar³. Die meeste van hulle ken egter geen ander land nie, en voel hulle hoort in Ierland⁴. Die Iere betree net hul bewussyn as werkers en as bedreiging — en hulle besweer die vrees wat deur die toenemende opstandigheid gewek word, met strenger optrede en meer onderdrukking⁵, en met skynweelde⁶. Die vreemdheid van die Ierse kultuur (veral die Roomse godsdienste en die Ierse taal) en die totale gebrek aan kontak met die 'volk'⁷, dra daartoe by dat daar geen bewustheid van laasgenoemde se mensheid is nie. Hulle is vir die grondeienaars nie veel meer as diere nie⁸: ondankbaar⁹, vuil¹⁰, barbare sonder kultuur¹¹, dronklappe¹², 'meer volop as hase, en hulle teel vinniger aan' (180).

Dit is egter die verhaal van 'n grondeenaar, David, se bewuswording van en opstand teen die onreg — en daar is ander mense uit sy stand wat hulle in verskillende fases van dieselfde proses bevind. Hy word uit sy aanvanklike gemak en onbewustheid geruk deur Alice¹³, wat met haar welsynswerk egter geen waardigheid aan die volk teruggee nie¹⁴. Sy word ook ontnugter deur die onaantreklikheid van hul armoedige omstandighede en hul andersheid¹⁵.

Daar is ook die kort kennismaking met die neef van die Hertog, wat bewus is van die omvang van die onderdrukking¹⁶ en hom by sy mense skaar — 'die mensdom' (29).

David voel hom nooit gemaklik by sy stand nie¹⁷. Hul oppervlakkigheid verveel hom¹⁸ en hul leefwyse knel hom¹⁹ — en hulle aanvaar ook nie sy 'andersheid' nie²⁰. Dit is eers wanneer hy bevriend raak met Liam en Séamas Bán, lede van die Ierse volk, dat hy tuis voel²¹ en die Iere as mense leer ken²². Sy vriende is geleerd, in baie opsigte meer as hyself. Hulle wys hom daarop dat hul voorouers adellikes was (David se oupagrootjie was 'n gewone soldaat) — maar ook dat hulle daarom die uitsonderings ('hoogtepunte') is en dat die werklike Ierland minder aantreklik as hulle is (90, 92, 149). Deur hulle leer hy van die armoede en swaarkry²³, die gebrek aan waardigheid²⁴, die foute²⁵, maar ook die skoonheid²⁶ van die Ierland wat hy nie ken nie. Hy voel altyd in 'n mate vreemd en uitgesluit²⁷, maar hy leer die Ierse taal²⁸ en raak gaandeweg meer vervreemd van sy eie stand en toenemend bekoor deur sy nuwe vriendekring²⁹. Hy herken die blindheid van die bestaan van die wêreld waarin hy grootgeword het³⁰, en word bewus (nie sonder wroeging oor sy verraad nie) van sy verpligting om téén die toevallige familie en stand waarin hy gebore is, houding in te neem vir wat reg is³¹ — selfs al beteken dit sy eie wêreld word aangetas³². Hy skaar hom dus by 'die mensdom', eerder as die mense van sy stand³³. Hy sluit aan by die opstand, word gevang en as verraaiër gestempel³⁴.

3.10.2 Gender

Waarskynlik getrou aan die tydperk, is genderrolle (onder die grondeienaars, ten minste) baie spesifiek en beperkend. Dit word weerspieël in die belangstellings. Die mans hou hulle besig met jag³⁵ en drink (dit word van 'jonghere' verwag om baie te kan drink)³⁶. Hul gesprekke handel oor perde en politiek. Die vroue hou hulle besig met die versiering van die huis, bals en onthale, klere en veral die soek van 'n geskikte huweliksmaat vir hulself of hul kinders³⁷. Daar is verder 'n afkeer by die mans van vrouegeselskap — hulle verkies dit om hul af te sonder van die vroue³⁸ en toon nie eintlik simpatie vir hul behoeftes nie³⁹. Hierdie rolle is ingesluit by die wêreld wat David eindelik verwerp.

David se 'andersheid' word onderstreep deur sy onwilligheid om die dinge te doen wat van mans verwag word. Hy drink nie en jag nie. Hy kan en wil nie saamgesels oor perde nie. Hy lees graag — 'n belangstelling wat slegs sy twee Ierse vriende met hom deel. Hy deel wel die afkeer van die vroue van sy stand met die ander mans⁴⁰, maar in sy vriendskap met die dogters van die Ierse weduwee is dit afwesig. Die vervreemding het dus meer met stand as met gendervoorkeur te doen.

3.10.3 Geloofsoortuiging

Godsdiens is 'n belangrike wapen van die onderdrukkers en word daarom 'n belangrike tema. Die Rooms-Katolieke geloof, wat die lere aanhang, is verban in Ierland en aanhangers van dié geloof mag nie grond besit of skole en universiteite bywoon nie⁴¹. Die Protestante (grondeienaars) glo dat gesag van God kom en het dus 'n geloofsbasis vir die onderdrukking van die lere⁴². Tog is daar geen aanduiding dat hul geloofsbelewenis eg is nie — hul godsdiens is meer 'n sosiale aktiwiteit, 'n tradisie⁴³. Die lere, daarenteen, skyn die Christelike beginsels en geloof werklik te ervaar, en hul byeenkomste het meer betekenis as dié van die Protestante⁴⁴. Veral die Protestantse dominee en die Rooms-Katolieke priester staan in sterk kontras. Dominee Burnwood is nie regtig geïnteresseerd in sy gemeente se geestelike toestand nie⁴⁵. Hy stel meer belang in jag, drink en die handhawing van die *status quo*⁴⁶. Hy vind selfs egbreuk amusant (179) en raai David aan om meer te drink (82, 181)! Priester O Floinn se geloof is eg en hy bring God na mense in verskillende gedaantes⁴⁷.

Die Christelike geloof word wel bevraagteken, veral deur Séamas Bán, wat besluit het om glad nie te glo nie⁴⁸; en ook David self, wat nie seker is waarin hy glo nie en oplaas in sy onsekerheid berus⁴⁹.

3.11 Toorberg

3.11.1 Etnisiteit

Die magdom stemme uit wie se perspektief die verhaal vertel word, is dié van karakters wat op die een of ander manier 'n verbintenis het met die Moolmans, 'n stoere Afrikanerfamilie — met die patriarge (StamAbel, OuAbel en Abel) as sentrale figure. Die sondes wat gepaard gaan met die 'makmaak' van die erfgrond, Toorberg, en die gevolge wat dit vir die Abels en die mense rondom hulle inhou, word vanuit verskeie hoeke belig — en kan in baie opsigte 'n klein model van die Suid-Afrikaanse realiteit wees. Soos die magistraat sê: 'hierdie plaas is soos vele ander plase in Afrikanerbesit, die familie herinner my aan soveel ander families, die individue aan mense wat soveel kere voor my in die howe verskyn het' (133).

StamAbel begin die geskiedenis van die Moolmans wanneer hy Toorberg onregmatig in besit neem — die 'Boesmans', wat eerste daar was, word verjaag en deur sy tydgenote uitgemoor¹. Nòg HansBoesman (vir wie hy as 'n trougeskenk kry), nòg Jan Swaat, die 'mak pandoer', dring sy bewussyn binne as mense met waardigheid en gevoelens².

Sy onbevroegte gevoel van superioriteit hang saam met 'n onvermoë om enigiets of enigiemand wat anders is, te aanvaar. Die verraad van sy seuns Floors (wat oor die kleurgrens liefkry) en Andreas (die 'hanskakie' wat vir die Engelse gedigte skryf en boonop homoseksueel

is), straf hy deur hulle Toorberg te belet³, en ook Regter Lucius se liefde vir Latyn en die Wet keur hy af⁴. OuAbel doen dieselfde wanneer sy seun Posmeester met 'n Katoliek (Amy O'Leary) trou; en hy sny sy seun De la Rey uit sy testament as dié Toorberg verlaat omdat hy nie 'n boer kan wees nie⁵. Abel wil op sy beurt niks te doen hê met die seun van sy dogter, KênsTillie, en Waterwyser Du Pisani nie, omdat die Du Pisani's 'dwalers' is⁷.

So ontstaan daar 'n groep 'Stiefmoolmans' wat aan een van die ongeskrewe vereistes nie kon voldoen nie: lojaliteit aan die Afrikanernasie, aanvaarding van die ou bekende weë en kennis, lojaliteit aan die Protestantse geloof, "suiwer" wit bloed en 'n liefde vir boer.

Die Skaamfamilie se reaksies op die Moolmans se baasskap wissel. Kaatjie Daanster is trots op haar kinders se wit bloed⁷. Haar man, Andries (seun van Floors Moolman en Kitty Riet), verwerp sy Moolman-van en droom van bevryding⁸. Ook hul kinders (Oneday, Shala en KleinKitty) verag die Moolmans en beskou eerder, met trots, HansBoesman en sy mense as hul voorvaders⁹ — hoewel Shala sy etniese bewustheid weerspreek wanneer hy hom op sy Engelse voorvader roem¹⁰. Etniese groepering het dus nie bloot te doen met die toevalligheid van die groep waarin mense gebore word nie, maar berus ook op eie keuse — wanneer dit toegelaat word. Want in die Moolmans se wêreld is gekleurde mense 'nog van die ou soort' (119) wat al die harde arbeid op die plaas verrig en wie se lojaliteit geen ure ken nie¹¹. Dié wat daarteen in opstand kom, word deur jong mans soos DwarsAbel, wat kom vertel dat 'hy sy eerste swartman in die lokasie doodgeskiet het' (162), op Casspits vervolg en beland in die tronk¹². Die vertellershouding (wat meestal deur die magistraat se waarnemings verwoord word) is beslis téén hierdie bedeling. Hy wys ook hoe die Moolmans hulsélf skade aandoen in hul eksklusiwiteit: Hoe dit hulle van mekaar en ander vervreem en hoe swaar die las van hul pligte en verantwoordelikhede, en die vrees vir mislukking, op hul skouers rus.

3.11.2 Gender

Die swaarkry van die vroue van Toorberg word deur verskeie vroulike karakters verwoord. Die Moolman-mans verwag onderdanigheid van vroue¹³ en die Moolman-vroue bly passiewe tuisteskeppers wat maar stilweg hul mans se buie en grille moet verdra, hulle moet ondersteun (selfs wanneer hulle nie met die mans se besluite saamstem nie) en vir 'n nageslag moet sorg¹⁴. Selfs Kaatjie Daanster, die matriarg van die Skaamfamilie, volg haar man in alles wat hy doen en verwag dat haar skoondogter, Meisie, dieselfde sal doen wanneer Oneday vir weke wegbly met sy politieke bedrywighede¹⁵. Die vroue leer om hul mans se onverskilligheid (en selfs egbreuk) te aanvaar as deel van die lewe¹⁶, want '[d]is beter om 'n man te hê as geen man nie' (132). Die magistraat verklaar hierdie 'onverskilligheid van manwees': 'n Man waardeer sy vrou net as sy nie by hom is nie' (41). Dit is dus waarskynlik die verlies van sy vrou wat maak dat hy veral vir die

vroulike karakters 'n affiniteit het en hulle met respek en bewondering behandel. Ook Andries Riet en StamAbel toon in die dood diepe liefde vir hul vrouens¹⁷.

Ook die las wat 'manlikheid' op die patriarg plaas, word belig: StamAbel wat ten alle koste sy vrou moet beskerm en van materiële dinge voorsien¹⁸; OuAbel wat so swaar dra aan die verantwoordelikheid van die erfgrond dat hy skuldig voel as die water opdroog¹⁹; Abel wat dit op hom moet neem om Noag te skiet, terwyl die res van die familie weghardloop²⁰; DwarsAbel wat sy woede en gevoel van mislukking oor sy onvrugbaarheid met aggressie probeer verlig²¹.

3.11.3 Geloofsoortuiging

Die Moolmans se Protestantse geloof is veel eerder 'n merker van etnisiteit as 'n ware geloofsbelewenis. Dit blyk uit die wyse waarop dit gebruik word om ander groepe te vermy. Die Skaamfamilie word nie toegelaat om die kerk te betree by Noag Du Pisani se begrafnis nie en Posmeester word verstoot oor sy huwelik met 'n 'onsuiwer' Katoliek. Andreas se teësin in die kerk (maar nie in God nie) bring 'n breuk tussen hom en StamAbel²². Die predikant self doen niks meer as die minimum wat van hom verwag word nie²³. Oneday, aan die ander kant, gebruik die boodskap van Jesus se bevryding vir 'n politieke doel²⁴, maar deel tog met Kaatjie Daanster 'n egte geloof in die Christelike God. 'n Belangrike vraag word egter geopper, waarop hy geen antwoord het nie: as die Christelike boodskap van redding eksklusief deur Jesus waar is, beteken dit dat sy voorvaders ongered gesterf het²⁵?

Die Moolmans glo verder aan die aanwesigheid van geeste en vertrou die Slams vir alle raad en medisyne wat hulle nodig het. Die Slams is, ten spyte van sy naam (hy is half Maleis), nie 'n Moslem nie, maar 'hy gooi beentjies soos die mense wat onder die ewenaar in die reënwoude woon' (163). Sy donker kennis maak van hom 'n gevreesde, maar onvermydelik nuttige guru vir Toorberg se mense. Sy vermoëns — byvoorbeeld om dinge vooruit te weet en geeste te sien — word nie eintlik bevraagteken nie (behalwe deur Oneday, wat dit as prediker tog móét doen) en sy talente blyk eg te wees.

Die Katolieke nonne, wat net vlugtig genoem word, is vreedsame mense wat nie die vooroordele van die Moolmans het nie²⁶.

Sonde, en die oordeel daaroor, word op 'n tipies Christelike manier behandel — hoewel daar nie eksplisiete verwysings daarna is nie. Die onskuldige Druppeltjie moet vir die sondes van die vaders en moeders sterf, en Abel moet almal se verantwoordelikheid op hom neem, voordat die droogte (wat wys op die sonde en oordeel) verbreek word.

3.12 Vatmaar

3.12.1 Etnisiteit

Vatmaar is, meer as enigiets anders, 'n raar voorbeeld van wat gebeur as etniese bewustheid nie meer is as bloot 'n kennis van afkoms nie; m.a.w. as etnisiteit nie die grense van in- en uit-groepe bepaal nie. Die skrywer beklemtoon ook die relatiewiteit van 'ras' — die mense van Vatmaar is, soos Suid-Afrikaners in die algemeen, meestal van gemengde afkoms en in hul are vloei die bloed van Iere, Indiërs, Tswanas, Afrikaners, Griekwas, Duitsers, ensovoorts¹. Dit is hul armoede, eenvoud en ook hul taal (Afrikaans) wat hulle tot 'n hegte gemeenskap bind. Vooroordele op grond van velkleur (byvoorbeeld die ryk witmense van Du Toitspan en mevrou September) of status word streng veroordeel deur die implisiete skrywer; so ook die gewoonte (ook van Vatmaar se mense) om skoonheid aan Europese standaarde te meet². Die verteller verduidelik dan ook dat hy die name vir landsgenote, waarvan die meeste vandag aanstoot gee, gebruik 'soos hulle destyds gebruik is' (4), omdat dit 'destyds heeltemal betaamlik en aanvaarbaar' (3) was³.

Hoewel verskille in voorkoms en temperament soms na die karakters se etniese afkoms herlei word⁴, oorstem hul persoonlike identiteit meestal hul groepsidentiteit. Die menslikheid, die kombinasie van goed en sleg in elkeen, word beklemtoon⁵. Daar is egter sekere groepe wat in die algemeen 'beter' is as ander.

Die Engelse word beskryf as mense wat nie tuis voel in Afrika nie en hul eie taal en mense as superieur ag⁶. Hulle en hul taal het ook meer status as enige ander groep. Hulle is egter uitgeslae: op die oppervlak is hulle beskaafd en hulle behandel hul werkers beter as wat die Afrikaners doen⁷; tog pleeg hulle gruweldade in die naam van hulle *Queen*⁸ en sorg op subtiële wyse dat hulle alle mag behou⁹. Die uitsondering is James Lewis, wat met 'n Tswana-vrou trou en op Vatmaar kom bly. Hoewel hy geen ooghere vir 'Dutchmen' het nie, probeer hy sy kinders leer dat velkleur nie belangrik is nie¹⁰.

Die Afrikaners beskou Afrika as hul tuiste, maar dan ook nét hul tuiste¹¹. So ook met Afrikaans, maar die mense van Vatmaar weet dat dit net soveel hul taal is.¹² Die Engelse se oorwinning in die Anglo-Boereoorlog stem hulle bitter, maar die witmens-kode (dat witmense in die eerste plek mekaar moet help) is selfs belangriker as hul haat¹³. Vir hulle is gekleurdes en swartmense (hulle verwys na hulle as 'hotnot', 'meid' en 'kaffir') besittings, minder as honde, eenvoudige wesens sonder gevoelens, drome en waardigheid¹⁴, en laasgenoemde weet dat hulle die witmense 'baas' en 'miesies' moet noem om hul goedgesindheid te kry¹⁵. Die verteller het meer simpatie met die ouer Afrikaners, wat swaar gely het tydens die Anglo-Boereoorlog¹⁶ — eenvoudige mense met respek vir gesag en vir God (maar nie vir ander etniese groepe nie¹⁷).

Ook dié groep is verteenwoordig in Vatmaar, deur Norman van der Westhuizen, wat deur 'n Tswana vrou grootgemaak is nadat sy eie mense hom verwerp het. Hy maak hom nie aan rassisme skuldig soos die ander Afrikaners nie.

Indiërs, Asiërs, Griekwas, Maleiers, ens. word in daardie tyd (die eerste helfte van die 20^{ste} eeu) almal as 'coloured' geklassifiseer. Hulle het meer voorregte as swartmense (amptelik 'naturelle' genoem), maar minder as witmense¹⁸. Binne dié 'groep' is daar ook klasbewustheid en vooroordele. So sien die 'Cape Coloureds', die 'Engels-praters' en die welaf gekleurdes neer op die armes van Vatmaar, terwyl 'swart bruinmense' (dié met donkerder velle) uit jaloesie daarvan hou dat 'wit bruinmense' vir hulle werk¹⁹.

Die Griekwas het 'n besondere kennis van veldkosse en -medisyne, en is trots op hul kultuur, wat besig is om uit te sterf²⁰. Hulle maak ook foute: hulle verstoot Bet en hul leiers verraai hul mense²¹. Maar eintlik is hulle slagoffers van die witmense, wat hulle sosiale struktuur laat verbrokkel en hulle van alkohol, diefstal, verkragting, ensovoorts leer²². Hulle leer om slim en geslepe te wees om te oorleef²³.

Die swart karakters (Tswanas en Basoeto's) in die verhaal is goeie, eenvoudige en naïewe mense. Hulle het nog minder status as die gekleurdes²³, maar het geen vooroordele teenoor lede van ander etniese groepe nie²⁴.

3.12.2 Gender

Genderkwessies word nie aangespreek in dieselfde mate as etnisiteit nie. Die spesifieke genderrolle verskil van een etniese groep tot 'n ander, maar die vroue is altyd die versorgers van die huis, die kinders en die siekes. Hulle help by geboortes en sterfgevälle. By die talle sosiale gebeurtenisse in Vatmaar sorg hulle vir die khadie, gemmerbier en roosterkoek, terwyl die mans die vleis braai. Mans en vroue word egter binne die gemeenskap en die huwelik op gelyke voet behandel, en vroue neem by geleentheid die leiding oor²⁵. Tog het vroue minder status as mans — swart vroue die heel minste²⁶. Gekleurde vroue word (deur beide 'goeie' en 'slegte' karakters) daarvan beskuldig dat hulle maklik swig voor wit mans, hoewel die karakters se handeling die teenoorgestelde bewys. Dit haal hulle die jaloesie van wit vroue, wat minder positief beskryf word en eintlik maar net oor status begaan is, op die hals²⁷. Die beeld van die vrou as verleidster van die 'onskuldige' man word aangespreek (bv. deur Bet en Mary se ervarings), en dit is ironies dat Ollie Bosman en haar vriendin, net nadat hulle die Moslems daarvoor veroordeel het, al die skuld vir meneer Bosman se "ontrou" op Kaatjie pak!²⁸

Uit die verteller se voorkeure kan 'n mens aflei watter eienskappe die implisiete skrywer in mans as gewens en ongewens beskou. Daar is die 'slegte' mans, wat vroue slegs as seksobjekte sien

en selfs tot verkragting in staat is, hul vroue bedrieg en in die steek laat, min integriteit het en hul werkers sleg behandel²⁹. (Dié mans se vroue is meestal blind vir hul foute.) Dan is daar die 'goeies', wat hul vroue respekteer en liefhet, integriteit het, hardwerkend en nederig is en hul medemens met respek behandel³⁰. Sommige mans (bv. Mister Burns) beskik oor beide goeie en slegte eienskappe.

3.12.3 Geloofsoortuiging

Die 'goeie' karakters is almal diep gelowige Christene. Tog blyk die verteller die relativistiese siening te huldig dat alle gelowe dieselfde God dien. Ta Vuurmaak se beskrywing van die Griekwas se God, Tsui-Goab, stem byvoorbeeld baie ooreen met die Bybelse God (met ander woorde 'n God van liefde, wat mense vrees én liefhet)³¹; en ook die Tswanas het God gedien lank voordat die witmense hulle gekersten het³².

Verskeie Christelike kerke en kerkleiers word veroordeel vir arrogansie, gulsigheid, ensovoorts³³ maar dan is dit die mense wat oneg is, en nie God self nie. Die eenvoudige, opregte gelowiges (byvoorbeeld Bet en Flip, Tant Wonnie en Frans Kiewiet) se ervaring van God is uniek en gee hulle werklike vertroosting en hoop³⁴.

Die Moslems in die verhaal word redelik hardvogtig voorgestel. Hulle dryf handel in wit meisies, die mans het alle sê oor vroue en hoewel hulle lief is vir hul kinders, is daar min konsiderasie vir hul gevoelens³⁵. Vir Mariam, wat deur haar vader verneder en weggejaag word as hulle uitvind sy is swanger, is Allah wel 'n genadige God tot wie sy in haar nood kan bid³⁴. Sy neem egter later die Christelike geloof aan. Tant Wonnie sê hieroor:

'Daar is altyd verandering in die wêreld, of dit nou ten goede of slegte is. Dit gebeur in die seisoene en in ons mense, en hoop verander niks daaraan nie.' (217)

Hiermee wil die implisiete skrywer waarskynlik die relativiteit van die verskillende konsepte van God beklemtoon, maar dit is te vaag om die oorkoepelend negatiewe beeld van die Islam uit te wis.

3.13 Luc en Libertine

3.13.1 Etnisiteit

Soos die titel aandui, is die hooftema die verhaal van Luc en Libertine, twee tieners wat mekaar 'oor grense heen' liefkry — hy is 'n blonde, Afrikaanse Namibiër met 'n skatryk pa; sy die dogter van 'n Ovambo-vryheidstryder en 'n Moslem wat as 'n huishulp werk. Die verhaal word deur Luc in die eerste persoon vertel. Dit is die 1990's, dus ná apartheid, en Luc en Libertine kry geen

teenkanting van enigiemand wat hul verhouding betref nie. Libertine wys wel daarop dat alles nog nie verander het nie, en Luc is ontnugter wanneer die Goldbergs (die ryk, Engelse gesin by wie Libertine se ma werk) Libertine steeds as hul mindere ag. Luc se tante keur hierdie houding af; en hoewel Luc se grootouers effens senuagtig, en daarom óórhartlik, is wanneer hulle Libertine ontmoet, is ook hulle vry van enige vooroordele en toon veral Luc se Oupa groot begrip vir Libertine se verlede.

Luc en Libertine se 'grense' sluit verbasend genoeg (veral aangesien sy in Gugulethu grootgeword het en hy in Namibië) geen diepliggende kultuurverskille in nie. Hulle kom wel uit 'twee wêrelde' (89) en voel nie altyd tuis in mekaar se 'opset' (103) nie¹, maar dit blyk nie enige groot probleme vir hulle te skep nie en eintlik is daar baie min konflik wat hierna herlei kan word.

By die Waldorf-skool wat hulle bywoon, word gesprekke oor die politieke situasie van die hede en die verlede openhartig en met 'n sin vir humor gevoer. Verskillende stemme en menings word gehoor. By die wit leerders is daar onder andere 'n vrees dat regstellende aksie sal verhoed dat hulle werk kry²; teësin in die idee dat hulle dan op hul ouers se genade sal moet lewe³; bitterheid teenoor die ouer geslag 'wat die kak hier aangejaag het' (13); en 'n opvatting dat swartmense te veel kinders maak⁴. Die swart studente wys hulle weer op die prys wat hulle moes betaal vir hul protes⁵; hoe min verskil regstellende aksie in werklikheid maak⁶; die omstandighede wat veroorsaak het dat ouers baie kinders wil hê⁷; en die min sekuriteit wat hulle het, uitgelewer soos wat hulle is aan die genade van buitelandse borge wat vir hulle betaal om 'Western culture' (14) te kom leer⁸. Die studente is mekaar egter goedgesind.

Die kunsonderwyser, Leo, lug die mening dat almal betaal het — die wittes met hul gewete (hoewel een wit leerling meen dat daardie soort betaal vir hom maar 'moers skynheilig' (14) lyk). Hierdie idee word weer opgehaal in 'n gesprek met Luc se oupa, waarin die skuld van die SADF soldate bespreek word en Oupa Sam noem dat baie van hulle nog steeds 'n prys betaal⁹. Die marteling van SWAPO aktiviste en hul familie en die massamoord van burgerlikes by Kassinga en elders in Angola bring ook die kwessie van vergiffenis na vore. Hoewel Emmanuel aan Libertine verduidelik dat hy nie meer haat nie omdat dit jouself soveel skade aandoen, is dit vir Libertine onmoontlik om die SADF te vergewe vir die moord op haar pa en die lyding van haar familie. Die boodskap van die implisiete skrywer is dat dit tyd neem en dat skuld en vergiffenis nie eenvoudige begrippe is nie¹⁰.

3.13.2 Gender

Die verskillende karakters en die verhoudings tussen hulle word eerder deur etniese en persoonlike identiteit beïnvloed as deur genderrolle. Die konflik tussen Luc en Libertine word

egter dikwels veroorsaak deur wat algemeen as genderverskille beskou word, bv. Luc se jaloesie¹¹ en Libertine se 'totale aanspraak' (101) op hom¹². Die verskil in hul benadering oor seks¹³ word eksplisiet as 'n genderkwessie verduidelik deur Leo, wat as 'n betroubare karakter die implisiete skrywer se goedkeuring wegdra: 'Ja, ek glo meisies hét 'n ander idee van seks as mans. Of 'n ander benadering, ten minste. Volgens my "speel" meisies seks, maar hulle soek eintlik liefde en behoort-aan. Julle manne "speel" liefde, terwyl dit seks is wat julle eintlik wil hê.' (47).

Die implisiete skrywer het beslis meer simpatie met 'sagte' manlike karakters wat empatie het met mense en diere — sy ken hierdie eienskappe toe aan Luc en Leo (altwee kunstenaars), Oupa Sam ('n advokaat wat aktiviste verdedig het) en Emmanuel (onderwyser en vryheidstryder). Die ongewenste karaktereieenskappe, soos wreedheid teenoor diere en 'n gebrek aan empatie, bring sy weer in verband met die stereotipiese 'boer' (Luc se pa)¹⁴. Tog word Luc se pa se hardheid simpatiek ontleed as 'n manier om sy pyn en onsekerheid weg te steek¹⁵.

3.13.3 Geloofsoortuiging

Geloof is 'n belangrike tema in die boek. Luc is aanvanklik bitter teenoor God omdat Hy hom nie geantwoord het die dag toe sy ma gesterf het nie¹⁶. Gesprekke met Leo, 'n diep gelowige, plaas sy bitterheid in perspektief en veral die genade van God word beklemtoon¹⁷. Wanneer radeloosheid Luc oorval, verskyn God by twee geleenthede aan hom — die tweede keer in die vorm van 'n lig, wat dan binne-in Luc bly sodat sy vrees en 'donkerte' (119) verdryf word. Leo en Luc se God word nooit met 'n spesifieke geloof verbind nie (daar is bv. geen verwysings na Jesus, kerke of sinagoges nie), maar uit die konteks kan afgelei word dat dit waarskynlik die Christelike geloof is (Libertine besit bv. 'n Bybel en glo in dieselfde God as Luc)¹⁸.

Libertine se ma is in 'n Moslem-huis gebore, maar sy word 'uit die familie uitgeskrywe' wanneer sy met 'n swart, Christen-man 'n verhouding het. Sy is dus aan haarself oorgelewer wanneer Libertine se pa sterf, en dit is Christene wat haar en Libertine in hul huis neem¹⁹. Haar broer Ibrahim kom hulle wel later opsoek en sien na hulle om. Libertine se oom Emmanuel se naam beteken 'God met ons' — die naam word in Mattheus 1:23 met Jesus verbind. Sy wys aanvanklik, wanneer sy hom nog daarvoor verwyt dat hy sy broer (haar pa) verraai het, op die ironie daarvan; maar hy bewys homself as 'n sagte, liefdevolle en wyse karakter.

3.14 In die oog van die web

3.14.1 Etnisiteit

Die Afrikanerseun Lou de Wet word op 'n plaas langs die Oranjerivier groot, waar 'hans Boesmans' in diens van die wit werkgewers as minderes (onbetroubaar, vuil, dom, ens.)¹, selfs as 'ongekroonde diere' (14), beskou word. Hendrik en Katrina, wat vir Lou se pa werk, doen al die swaar werk en die twee het min tyd vir hul eie lewe². Hendrik is egter die toonbeeld van lojaliteit³ (veral aan Ounou, soos hy Lou noem) en kom ten spyte van sy verlange na sy mense altyd weer terug na die plaas toe. As jong seun volg Lou maar die ander mense in die manier waarop hy met Hendrik-hulle praat, en die dinge wat van hulle gesê word⁴. Tog voel hy reeds skuldig oor sy verraad, want hy is lief vir hulle⁵.

In Rhodesië (Zimbabwe) maak hy met 'n ander etniese groep kennis, veral in die persoon van Mango. Hy leer van Mango se verlange na sy eie mense en die leser word bewus gemaak van die vooroordele en gemaksug van die witmense⁶. So, byvoorbeeld, maak dieselfde mense wat kla hoe skelm en lui Mango-hulle is, hulself skuldig aan bedrog en luiheid⁷.

Wanneer hy saam met Hendrik na dié se mense moet vlug, word die bordjies van sy kinderdae verhang — hý is nou die dom kind⁸. Konsepte van die Westerse kultuur, soos alleenbesitting van eiendom en materialisme, is vir hulle so vreemd as wat húl bestaan vir hom is⁹. Hulle deel alles met mekaar en oortree nie sommer die etiketreëls nie, want hulle is bang vir baklei en aangewese op mekaar¹⁰. Hy verstaan nie hul taal of sosiale reëls nie, en voel gou uitgesluit¹¹. Hy raak geïrriteerd met wat vir hom na 'n gebrek aan enige stelsel lyk¹². Omdat hy egter op hulle aangewese is om te oorleef, begin hy noodgedwonge by hul lewenswyse inval¹³. Hy leer dat hulle 'n ander lewensuitkyk het as Westeringe en swartmense, dat hulle ander prioriteite het en daarom ander behoeftes¹⁴. Hy leer om sy besittings te deel, te jag en hul taal te praat (hoewel hy nooit werklik hierin slaag nie). Hy neem selfs deel aan 'n transdans (204-205). Gou word hulle 'sy mense'¹⁵ en wanneer hy terug is in die 'beskawing' (soos op bladsy 209 daarna verwys word) besef hy dat hy elke jaar na hulle wil teruggaan. Die nuwe insigte wat die intieme kennismaking met 'n nuwe kultuur vir hom bring, het ook tot gevolg dat hy as mens groei en daarom beter met sy eie mense oor die weg kom¹⁶.

Die ouktoriële verteller sien meestal uit Lou se perspektief, en hoewel hy (as betroubare karakter) hom nooit eksplisiet uitspreek teen rassisme, stereotipering, ens. nie, word die implisiete skrywer se afkeer van hierdie dinge wel duidelik uit die dinge wat sy selekteer om waar te neem. Ook geskied die vertelling soms uit die perspektief van Hendrik, Dause, ens. sodat die leser begryp

dat dit veral onkunde omtrent ander groepe is wat dikwels tot etniese botsing en onderdrukking lei.

3.14.2 Gender

Die eerste belangrikste genderkwessie wat aangespreek word, is dié van wat aanvaarbaar is vir seuns en mans om te doen.

Die feit dat Lou 'n kunstenaar is en geen talent vir of belangstelling in boer toon nie, lei tot verwydering tussen hom en sy pa, Justus¹⁷. Justus se hardvoggigheid word egter aan die einde verdring deur sy vrees en eensaamheid, sodat hy Lou aanvaar soos hy is ('n kunstenaar en nie 'n boer nie)¹⁸.

Die ander genderkwessie is die geweldige druk wat op mans geplaas word om aan sekere norme te voldoen.

Justus se ma, 'die Ou', is byvoorbeeld die een wat hom aanpor om meer grond te bekom. Sy is 'n formidabele matriarg wat plannetjies maak en konkel, wat 'manstake' verrig¹⁹ en van haar seun verwag om hard te wees om ander mense se grond in die hande te kry²⁰. Dit is interessant dat dit die moeder is wat hardheid en hebsug as "deugde" (van mans én vroue) beskou; dat die harde vrou (die Ou) negatief uitgebeeld word, en die sagte man (Lou) positief.

Lou leer van jongs af om dinge te doen en te sê wat hy nie regtig wil nie, net omdat hy nie vir die wilde Steef wil wys hy is sag nie²¹. Ná sy verblyf in die woestyn stel hy die foute wat hy só gemaak het, reg²².

Die vroue se perspektief is afwesig en hulle word minder simpatiek as die mans behandel — veral as hulle van die bedorwe, fiemiesrige soort is, soos Alice (Justus se vrou) en Romella Paulsen. Beide hierdie vroue is selfsugtig²³. Alice, Justus se vrou (nie Lou se biologiese moeder nie) verwyf haar dae deur na haar voorkoms om te sien en naaldwerk te doen. Sy doen geen plaaswerk, soos die ander (armer) vroue in die omtrek nie²⁴ en Hendrik noem haar die 'glasvrou'. Sy gebruik Lou as 'n wapen teen haar man²⁵. Sy verlaat haar man kort-kort en Lou merk op dat net haar eie gedagtes vir haar saakmaak.

Romella Paulsen, Lou se eerste meisie, is 'n rykmanskind wat vir Lou laat verstaan dat sy slegs met 'n ryk man sal trou. Sy is boonop ontrou aan hom.

Anna Stierberg besit weer ander ongewenste eienskappe: Sy is 'n klaerige, verwykende huisvrou wat haar lyf martelaar hou²⁶, daarvan hou om gesag oor haar huisbediendes uit te oefen²⁷ en haar neus in ander se sake te steek²⁸.

Van die vroue wat tot die Westerse kultuur behoort, is Fran Steenkamp die mees aanvaarbare, en die een wat Lou uiteindelik verkies. Sy is selfstandig, laat haarself geld en is boonop 'n vaardige boer²⁹.

Hendrik se mense, die Xko-groep, het 'n sosiale sisteem waarbinne vroue hul streng by die vasgelegde reëls moet hou. Hulle is die mans se mindere, ook op geestelike vlak³⁰. Hulle moet hul plek ken³¹ en die mans neem die besluite³². Dit is nie duidelik wat die implisiete skrywer se mening oor hierdie sisteem is nie; die feite word baie objektief gestel en daar word nie 'n oordeel daaroor uitgespreek nie.

3.14.3 Geloofsoortuiging

Lou se gesin en gemeenskap hang die Christelike geloof aan. Die Bybel word egter vir eie gewin aangehaal³³ en Christenskap blyk meer 'n sosiale ritueel as werklike geloof te wees³⁴. Hendrik se mense, daarenteen, het 'n onwrikbare geloof in Gute, wie se hand hulle in alles sien en wat vir hulle sorg³⁵.

Hoofstuk 4

Teoretiese analise

In hierdie hoofstuk poog ek om die teksanalises wat in die vorige hoofstuk gedoen is, bymekaar te bring om 'n geheelbeeld te kry van die houdings en diskoerse wat rondom die temas van etnisiteit, gender en geloofsoortuiging in die voorgeskrewe romans gevind is. Hiervoor betrek ek die teorieë van Interkulturele Kommunikasie wat in Hoofstuk 2 bespreek is.

4.1 Etnisiteit

Wat die **skepping van nuwe kategorieë** (soos bespreek in 2.2.1) betref, geskied etniese groepering in die romans nog volgens die grense wat voor 1948 reeds teenwoordig was en waarvan sommige tydens apartheid amptelik gehandhaaf is. Die groepe is die Engelse (wit Suid-Afrikaners wat Engelssprekend is of van Engelse afkoms is, asook burgers van die Verenigde Koninkryk); die Afrikaners (wit, Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners); swartmense (ongegag hul kultuur) en gekleurdes (mense van 'gemengde' afkoms, Griekwas, San, ens.¹). Die relatiewiteit van hierdie groeperings word in die meeste van die romans beklemtoon, maar nie altyd met betrekking tot al die groepe nie — in *Kringe in 'n bos* en *Die uurwerk kantel* word slegs die onderskeid tussen Engelse en Afrikaners eksplisiet bevestig.

Die karakterisering van Afrikaners is gedifferensieerd, waarskynlik omdat die meeste van die skrywers tot daardie groep behoort. Wanneer Afrikaners as 'n groep uitgebeeld word, is dit om hul rassisme, eksklusiwiteit en heerssugtigheid te veroordeel, soos in *Vatmaar* en *Toorberg*. Tog is daar altyd uitsonderings, meestal sentrale karakters, wat moet dien as bewys dat nie almal in die groep hulle hieraan skuldig maak nie. In *Die leeuuil* en *Die jaar toe my ma begin sing het* word etniese groepering nie aangeraak nie — die karakters is almal Afrikaners en swart karakters is slegs as toevallige figure teenwoordig. In laasgenoemde boek is die kennis van en liefde vir die Europese kunste by die ma en kinders 'n teken van fyn beskaafdheid, wat botsings met die onsensitiewe boer (die pa) veroorsaak. Die boereplaas en die patriargale boer figureer nog sterk in die karakterisering van Afrikaners in die romans (met die uitsondering van *Kringe in 'n bos* en *Die leeuuil*), maar daar word meestal daarteen gerebelleer as simbole van onderdrukking en onderwerping. Slegs in *Die uurwerk kantel* word dit verheerlik.

Die Engelse as groep is die onderdrukkers van die Afrikaanse karakters in *Kringe in 'n bos*. In *Die uurwerk kantel* is hulle die vyand van die Afrikaner en in *Vatmaar* word hulle veroordeel vir hul

¹ Suid-Afrikaners van Indiese en Asiatiese afkoms is afwesig, behalwe in *Vatmaar*, waar die verteller noem dat hulle ook as 'kleurlinge' geklassifiseer is.

ommenslikheid in die oorlog en hul taalonderdrukking. Daar is egter in elke geval uitsonderings: individue wat verskil van die beskrywing van die groep.

Swart karakters is in die meeste romans net terloops teenwoordig, as werkers. In *Vatmaar* is daar egter sentrale swart karakters wat simpatiek uitgebeeld word en in hul intieme verhoudings met lede van ander etniese groepe die tradisionele grense van etniese groepering verbreek. *Luc en Libertine* is die enigste roman waar swart karakters nie slegs goed en eenvoudig (of afwesig) is nie: Libertine is ambisieus, vaar goed op skool en wil universiteit toe gaan, en beide haar pa en haar oom is geleerd.

Gekleurde karakters kry meer prominent aandag, maar nuwe kategorieë in die karakterisering van gekleurde karakters is meestal beperk tot hul interaksie met Afrikaners — selfs in *Toorberg*, waar die stemme van al die karakters gehoor word, is die Moolmans die fokuspunt waarop al die vertelling gerig is. Gekleurde karakters is, behalwe vir Oneday Riet in *Toorberg* en Fiela in *Fiela se kind*, steeds die bediendes en plaaswerkers. *Die uurwerk kantel* staan hier uit as 'n roman waarin die uitbeelding van gekleurdtes nog absoluut ooreenstem met wat Gerwel (1983) se 'Jollie Hotnots', gediensige agterryers en kinderlike figure. Dat die boek uiters kwetsend is, kan nie weggeredeneer word nie — die implisiete skrywer gebruik die afbrekende karakterisering nie vir 'n ironiese effek nie, maar hou dit eenvoudig voor as realiteit. Weer is *Vatmaar* die uitsondering, waarin die hele konsep van 'gekleurdtes' gedekonstrueer word en die karakters, hoewel hul etniese afkoms dikwels in fyn besonderhede beskryf word, as individue uitgebeeld word.

Die **bewustheid van ander perspektiewe** (die derde kwaliteit van indagtigheid in 2.2.1) word in drie romans sterk beklemtoon: *Die koning se wingerd*, *By fakkellig* en *In die oog van die web* word al drie uit die perspektief van 'n karakter wat tot die groep van die heersersklas behoort, vertel. Die karakters (Johanen, David en Lou onderskeidelik) word al drie geleidelik bewus van die bestaan van ander verwysingsraamwerke, raak betrokke by ander kulture en ontwikkel ongeveer tot by Bennett se fase van *Aanpassing* (bespreek in 2.3). *In die oog van die web* bied na my mening die mees holistiese tekening van die proses van interkulturele kontak en integrasie: Lou leer dat elke gebied van die San se lewe beïnvloed word deur hul onderliggende lewensbeskouing, sodat dinge wat eers vir hom primitief of chaoties voorkom, betekenis kry en eintlik deel word van 'n baie gesofistikeerde sosiale struktuur wanneer hy leer om hul verwysingsraamwerk te gebruik.

In *Luc en Libertine* maak die verskillende sienings van post-apartheid Suid-Afrika en die grensoorlog 'n belangrike deel van die dialoog uit en al die menings wat geopper word, word simpatiek voorgestel omdat elkeen geldig is wanneer dit vanuit 'n spesifieke perspektief belig

word. Dit verskil van *Toorberg*, waar verskillende perspektiewe op die apartheidsituasie ook verwoord word, maar waar die Afrikaners se vrese en heerssug na hul kollektiewe skuld herlei word. In *Vatmaar* word etniese botsings ook, soos in *Luc en Libertine*, van verskillende kante bekyk.

Wanneer die bewustheid van ander perspektiewe nie eksplisiet 'n tema is nie, is dit egter afwesig — soos by *Die leeuuil*, *Die jaar toe my ma begin sing het*, *Kringe in 'n bos* en *Die uurwerk kantel*. Hier word dit dan belangrik dat die vertelling elke keer vanuit die Afrikanerperspektief geskied. Uit die elf boeke onder bespreking word agt daarvan uitsluitlik waargeneem vanuit die perspektief van 'n lid van die dominante kultuur (in ses gevalle eksplisiet Afrikaners; en in *By fakkellig* en *Die koning se wingerd* word die houding van Afrikaners gespieëlbeeld). In die oorblywende drie gevalle wissel die vertellersperspektief oorwegend tussen Afrikaners en gekleurdes, maar dan met Afrikaners as die onderwerp van fokus (behalwe in *Vatmaar*, waar ook 'n paar ander groepe verteenwoordig word).

Hierdie gebrek aan etniese verteenwoordiging in die vertellersperspektief is verstaanbaar as in ag geneem word dat al die skrywers, met die uitsondering van A.H.M. Scholtz, volgens etniese afkoms tot die Afrikanergroep behoort: 'n Mens kan nie van hulle verwag, en wil ook nie hê dat hulle namens ander praat nie. Daar is reeds in *Fiela se kind* (3.7.1) gesien hoe dit tot paradoksale karakterisering kan lei.

Dié eensydigheid van die voorgeskrewe lysie is egter noodwendig beperkend ten opsigte van interkulturele verhoudinge:

- Omdat een kultuur altyd as die verwysingsraamwerk dien, as die middelpunt, waaróm alle ander kulture en idees bestaan, loop dit die gevaar om etnosentrisiteit eerder te versterk as teen te werk. Dit kommunikeer die boodskap dat een kultuur belangriker of meer aanvaarbaar as ander is.
- Dit rus leeders ook nie toe met die nodige motivering, kennis en vaardighede (soos uiteengesit in 2.2.2) wat nodig is vir geslaagde interkulturele kommunikasie nie. Die relevansieteorie (1.2.3) kan help om laasgenoemde te verduidelik. Die romans speel, op een na, in die verlede af, in situasies (bv. die apartheidsituasie) wat nie meer geld nie. In die meeste gevalle word sommige groepe sterk krities beskou in 'n poging om etniese onderdrukking aan te spreek; terwyl die status quo in ander gevalle (bv. *Die uurwerk kantel*) gehandhaaf word deurdat sekere groepe kwetsend gekarakteriseer word. Dit kan op verskillende maniere deur die leser geïnterpreteer word. Eerstens gee dit 'n pessimistiese en polariserende beeld van verhoudings tussen groepe in Suid-Afrika, wat motivering vir kommunikasie negatief beïnvloed. *Luc en Libertine* is die enigste van die besprekte boeke wat 'n positiewe alternatief vir rassisme en bitterheid binne 'n post-

apartheid raamwerk bied. Lesers kan ook, as lede van 'n etniese groep, leer dat sosiale bande bedreig word en skaamte (sien bladsy 14) ervaar — nog 'n faktor wat motivering beïnvloed.

'n Laaste opmerking omtrent die hantering van etnisiteit is dat die implisiete skrywer van ten minste vier van die boeke (*Die leeukuil*, *Kringe in 'n bos*, *Die jaar toe my ma begin sing het* en *Die uurwerk kantel*) definitief binne een van Bennett se etnosentriese fases van interkulturele sensitiwiteit (2.3) geplaas kan word. Die implisiete skrywers van drie romans (*Die koning se wingerd*, *By fakkellig* en *In die oog van die web*) funksioneer, soos genoem hier bo, binne een van die etnorelatiewe fases. Ek vind dit interessant dat die oorblywende vier romans, hoewel hulle ten opsigte van die regulerende proses van effektiewe kommunikasie (indagtigheid) die mees geslaagde is, eienskappe van Bennett se etnosentriese fases toon. In *Toorberg* is daar aanduidings van die vorm van verdediging wat Bennett (1996:44) 'reversal' noem: waarin die ander² kultuur as superieur ervaar word. In *Vatmaar*, *Luc en Libertine* en *Fiela se kind* is daar weer aanduidings van minimalisme — kultuurverskille veroorsaak geen probleme van kommunikasie nie, want ons is inherent dieselfde; ons mensheid is genoeg vir goeie verhoudinge. 'n Bewustheid van kultuurverskille (nou nie óorbeklemtoning daarvan nie) — veral diepliggende verskille in lewensuitkyk, wat ons houding en gedrag wesenlik beïnvloed — is noodsaaklik vir effektiewe kommunikasie: die blote bestaan van interkulturele kommunikasie as vakgebied getuig hiervan! Bennett (1996:30) merk op dat 'in most classrooms ... difficulties in learning the concepts and skills of intercultural communication are nearly always attributable to a disavowal of cultural difference, not to a lack of appreciating similarity'. Ook in die Suid-Afrikaanse klaskamer behoort dit die geval te wees; want, hoewel 'n mens kan redeneer dat kultuurverskille juis oorbeklemtoon is gedurende die apartheidjare, was begrip vir die diepliggendheid daarvan afwesig. Dit wat verskillend van die eie groep was, is ook negatief bejeën. Bennett meen dat interkulturele sensitiwiteit veral in die vroeë stadium van ontwikkeling verhoog kan word wanneer verskille in persepsie en uitdrukking as kulturele verskille, eerder as morele defekte gekonstrueer word (*ibid.*).

4.2 Gender

Genderpersepsies het, soos persepsies van etnisiteit, 'n definitiewe kulturele basis. Bennet (1996:30) sê 'the construing of male/female differences in expression as cross-cultural contrasts represents an increase in sensitivity over the interpretations of these differences as, say, weakness or bellicosity'.

² As aanvaar word dat die magistraat (wat tot die Afrikanergroep behoort), soos vermeld is in 3.10.1, die implisiete skrywer se menings verwoord, is die etniese Ander die skaamfamilie en hul voorgeslagte.

Hierdie konstruksie van genderverskille is egter afwesig in die voorgeskrewe romans. Terwyl etnisiteit baie prominent aandag kry, kan alleen implisiete houdings ten opsigte van gender vasgestel word. (Slegs in *Luc en Libertine* word daar spesifiek na genderverskille verwys.) Dit skep die indruk dat gender nie so 'n belangrike of komplekse kwessie as etnisiteit is nie; en tog, soos reeds genoem, stem die persepsies wat met etnosentrisiteit/etnorelativisme gepaardgaan, ooreen met genderpersepsies. Een vorm van wat ek 'gendersentrisiteit' sal noem, kom veral wydverspreid in die voorgeskrewe romans voor: die man behoort sonder twyfel tot die dominante gender. In agt gevalle is die fokus van die verhaal spesifiek op 'n manlike karakter. Vyf romans word uitsluitlik vanuit 'n manlike perspektief vertel (teenoor slegs een — *Die uurwerk kantel* — vanuit 'n uitsluitlik vroulike perspektief). Die man is meestal in die sentrum van ervaring, en die vroulike ervaring word slegs in verhouding daarmee belig — laasgenoemde is veral duidelik op te merk in *In die oog van die web*, *By fakkellig*, *Die leeukuil*, *Die koning se wingerd* en *Kringe in 'n bos*. Die manier waarop die vroulike ervaring (onbewustelik) geïgnoreer word, stem ooreen met die konsep van Ontkenning, die eerste etnosentriese fase van Bennett se ontwikkelingsmodel (2.3).

Hand aan hand hiermee gaan dikwels 'n meestal subtiele antagonisme teenoor vroue — voorbeelde hiervan kan in *Kringe in 'n bos*, *By fakkellig*, *Die leeukuil* en *In die oog van die web* gevind word. Dit toon ooreenkoms met die Victoriaanse idee (van mans) dat vroue ligsinnig en oppervlakkig is, nie ernstig opgeneem kan word nie en beslis nie deel is van die 'manswêreld' van politiek, wetenskap, die sakewêreld, ens. nie; asook met die manlike vrees vir vroue, vir die mag wat hulle deur middel van moederskap en die huwelik opeis. Vroue se uiterlike voorkoms kry verder baie meer aandag as dié van mans — ook 'n voorbeeld van mangesentreerdheid.

Die gesprek met paternalisme is baie interessant in hierdie seleksie van romans. In nie minder nie as vyf van die boeke (*Kringe in 'n bos*, *Die koning se wingerd*, *Toorberg*, *Luc en Libertine* en *In die oog van die web*) maak botsings tussen die patriarg en sy seun(s) 'n belangrike deel van die verhaal uit. In elke geval vind die vertelling vanuit die seun se perspektief plaas, en in elke geval is dit die pa (gewoonlik 'n boer) se onbuigbare, dominerende houding wat gekritiseer word. Al die pa's het 'n vasgestelde idee van wat aanvaarbaar is wat betref hul seuns se beroep en lewensmaat en reageer skerp wanneer die seuns daarteen rebelleer — in twee gevalle verkies die seun om 'n kunstenaar eerder as 'n boer te word, sodat daar 'n breuk in die verhouding kom. Die hardkoppigheid en beteweterigheid van die pa-karakter word elke keer (en ook in *Die leeukuil* en *Die jaar toe my ma begin sing het*) ontbloot as 'n masker waargter daar eintlik 'n onseker, broos mens skuil. Ek sien dit as 'n bewuste poging om nuwe kategorieë vir die karakterisering van mans te vind, om die tradisionele konsep/mite van manlikheid uit te daag.

Die matriarg, daarenteen, word meer simpatiek behandel in *Fiela se kind*, *Die jaar toe my ma begin sing het* en *Toorberg*. Sy beskik oor geestelike krag en wysheid. Omdat die vroulike perspektief in die voorgeskrewe romans egter beperk is, is daar ook minder geleentheid vir die skep van nuwe kategorieë. Die oppervlakkige beeld (dikwels die enigste) van vroue is deur die bank stereotiep: hulle is die tuisteskeppers wie se moederskap hul belangrikste rol is. Daar is 'n paar uitsonderings: Kate in *Kringe in 'n bos*, Fiela in *Fiela se kind*, Hermioné in *Die jaar toe my ma begin sing het*, Libertine in *Luc en Libertine* en Inge in *Die uurwerk kantel*. Laasgenoemde boek maak staat op twee mites van vroulikheid: dat vroue moet kies tussen liefde (vir 'n man en kinders) en vryheid; en dat hulle daarom noodwendig hul drome moet opoffer. Elemente hiervan verskyn ook in van die ander romans, veral by Ma en Willemien in *Die jaar toe my ma begin sing het* en Meisie in *Toorberg*.

Die sterkste voorbeeld van 'genderrelativisme' is *Luc en Libertine*. Gender beperk die twee hoofkarakters nie ten opsigte van minder diepliggende oorwegings soos keuse van beroep of uiterlike voorkoms nie. Genderverskille word egter nie geïgnoreer nie, maar word gebruik om konflik tussen Libertine en Luc in perspektief te plaas.

4.3 Geloofsoortuiging

Van der Merwe (1994:62) se mening dat die Christelike geloof 'n tema is wat Afrikaanse skrywers nie kan ignoreer nie, blyk waar te wees as 'n mens na die voorgeskrewe boeke kyk. In elkeen van die elf romans kom dit ter sprake, meestal as 'n belangrike verwysingsraamwerk van die hoofkarakters.

Daar is 'n opvallende rebellie teen die geïnstitueerde Calvinisme soos wat dit tradisioneel deur Afrikaners aangehang is. Die Protestantse kerk is in die romans allermins sinoniem met 'gemeenskap van gelowiges'. In nege romans word daar eksplisiet kritiek gelewer op die impotensie van die kerk; op die halfhartige en niksseggende woorde van gemaksugtige predikante; en op die kerk se rol in die handhawing van onderdrukking. Godsdienst is dikwels 'n sosiale aktiwiteit, 'n ritueel, eerder as 'n uiting van ware geloof.

God self word egter nie bevraagteken nie. Die kritiek is uitsluitlik teen die magsdraers van die kerk en dié wat meedoen in hul misdrywe. In kontras hiermee word die persoonlike belewenis van individuele karakters (dikwels dié wat deur die kerk te na gekom is) as outentiek uitgebeeld. Die klem is vir hierdie karakters op die subjektiewe ervaring van God, eerder as op die dogmas van die kerk. Selfs direkte ingryping deur God (in *Luc en Libertine* en *Die koning se wingerd*) word nie uitgesluit nie.

Die Rooms-Katolieke kerk word meer simpatiek behandel. In *Toorberg*, *Die leeukuil*, *Die uurwerk kantel* en *By fakkellig* word dit as 'n meer toeganklike, humanistiese instelling voorgestel.

Die God van die San (Gute) en die Griekwas (Tsui-Goab) word in *In die oog van die web* en *Vatmaar* onderskeidelik as 'n goeie, wyse God gekarakteriseer. Die boodskap is dat Gute en Tsui-Goab dieselfde God as die God van die Christene is.

Die Islam word minder positief uitgebeeld. In beide *Vatmaar* en *Luc en Libertine* is die Moslems ongevoelige, wrede karakters wat selfs hul kinders skade sal aandoen.

Soos by etnisiteit en gender, word geloofsoortuiging oorweldigend vanuit een perspektief (die Christendom) beskou. Dit het dieselfde effek as by die vorige twee temas: dit skep die indruk dat die dominante geloof die norm is waarvolgens alle ander gemeet word. Dit bevorder nie begrip by die Christenleser van ander gelowe nie; terwyl ander lesers gemarginaliseer word, as 'anders' voorgehou word — nie 'n goeie grondslag vir die ontwikkeling van verdraagsaamheid teenoor alle gelowe nie. Bennett se tweede kwaliteit van indagtigheid — ontvanklikheid vir nuwe inligting (bespreek in 2.2.1) — ontbreek dus deuropend wanneer geloofsoortuiging in die voorgeskrewe romans uitgebeeld word.

Hoofstuk 5

Gevolgtrekkings

Ek twyfel nie daaraan dat die opstellers van die voorgeskrewe lysie 'n doelbewuste poging aangewend het om die ideologiese inhoud van die literêre werke wat aangebied word, te keur met die oog op transformasie nie. Openlike rassisme is in elk geval nie meer waarneembaar nie — behalwe in *Die uurwerk kantel*, wat om onbegryplike redes nog in een provinsie voorgeskryf word. In die ander gevalle kan leerders, met die hulp van onderwysers, die teks krities ontleed om die onderliggende ideologie vas te stel en dan volgens keuse daarop te reageer. Die meeste van die tekste bied op dié manier wel die geleentheid om leerders bewus te maak van ander perspektiewe, van die moontlikheid van ander kategorieë en van die belangrikheid om ontvanklik vir nuwe inligting te wees. So kan leerders, soms ten spyte van die teks, toegerus word met die motivering, kennis en vaardighede wat interkulturele kommunikasie verbeter.

Die wortel van rassisme — etnosentrisiteit — behels egter meer as kwetsende benamings en negatiewe stereotipering. Dit is ook moeiliker om te identifiseer, omdat dit diep in die totale verwysingsraamwerk ingebed is. En dit blyk uit die voorafgaande ontledings dat dit is waar die grootste probleem van die voorgeskrewe boeke lê. Dit is nog steeds 'n gesprek van Afrikaner tot Afrikaner, man tot man, Christen tot Christen. Die diskoers mag 'n nuwe rigting ingeslaan het, maar dit is steeds op Afrikaner, manlike, Christelike lesers gerig. Dit sluit party groepe uit en leer die res dat die dominante groep sentraal staan tot die wêreld om hulle. Dit is 'n gegewe wat nie deur middel van die ontleding van een boek (soos wat in klasverband gebeur) as etnosentries, gendersentries of Christendom-gesentreerd herken sal word nie. 'n Mens kan nie en behoort ook nie te verwag dat 'n boek op grond van die etniese afkoms, geslag of geloofsoortuiging van die verteller of hoofkarakter afgekeur sal word nie! Daarom is 'n algehele oorsig van die voorgeskrewe lysie belangrik om sulke subtiele wanbalanse te identifiseer. Dit mag wees dat die lysie proporsioneel verteenwoordigend van die gekanoniseerde Afrikaanse romans is, maar dan is die kanon op sigself 'n produk van die ongelykhede van die verlede. Feit is, daar is 'n verskeidenheid van stemme in veral die onlangse letterkunde wat leerders verby die nou en isolerende grense van die Afrikanerdebatte kan neem.

In watter mate bogenoemde die bemagtiging van gemarginaliseerde groepe beïnvloed, is nie maklik om presies vas te stel nie en kan die onderwerp van 'n volgende studie wees. In hierdie studie poeg ek eerder om vas te stel hoe die voorgeskrewe werke interkulturele kommunikasie en groepsverhoudinge kan beïnvloed; en in hierdie opsig meen ek dat die gebrek aan verteenwoordigende stemme die tradisionele ideologieë van Afrikaner-nasionalisme, paternalisme en Calvinisme steeds onderhou. Die ongelyke magsgosisies word so in stand gehou en transformasie word teëgehou. Dit benadeel identiteitsontwikkeling en daarom ook inter-

groepsverhoudinge. Solank as wat dieselfde stemme gehoor word en dieselfde stemme stilgehou word, sal begrip en respek vir ander moeilik haalbaar wees.

'n Volgende opmerking is dat al die romans, op één na, in die periode voor 1994 verskyn het; en dikwels nog in 'n veel vroeër tyd afspeel. Die betrokke skrywers, wat, soos in die eerste hoofstuk genoem is, die vorige geslag is vir die huidige leerders, het in baie gevalle belangrike sosiale kritiek uitgespreek. Die kritiek is nie noodwendig nou meer relevant nie — of dan ten minste nie vir die nuwe geslag leerders nie. Hoewel die verlede nie vergeet moet word nie, dink ek dat dit belangrik is dat die worsteling daarmee nie as ontvlugting van die nuwe uitdagings dien nie. In hierdie opsig bied *Luc en Libertine* 'n gebalanseerde beskouing van die uitwerking van die verlede op die hede, sonder om só verstrengeel te raak in die verlede dat die hede en die toekoms ten opsigte van intergroeps- en interpersoonlike verhoudings uitsigloos lyk, of geïgnoreer word.

Verder blyk dit dat die boeke meestal op grond van hul hantering van etnisiteit gekeur is. Daar is feitlik geen bewustheid van genderkwessies in die romans nie. Ek kry die indruk dat daar geen begrip is vir die feit dat seksisme en rassisme ewe kwetsend, afbrekend, en beperkend is nie. Dié gebrek aan bewustheid veroorsaak, soos verwag kan word, stereotiepe karakterisering van beide mans en vroue, wat die potensiaal vir die skep van nuwe kategorieë en bewustheid van ander perspektiewe beperk.

Ten slotte, 'n subjektiewe waarneming gegrond op die argument (sien Hoofstuk 1) dat die letterkunde van 'n taalgroep in baie opsigte die groep se onderliggende beskouinge weerspieël: Dit lyk of Afrikaanses se wroeging met die verlede hulle in die algemeen verhoed om 'n paar treë vorentoe te gee en om die afstand wat dié posisie (die hede) bied, in te span om wyer toepassings van nuwe insigte te identifiseer. Die onderliggende prosesse wat tot geloofs- of gendervooroordeel lei, is dieselfde as dié wat tot etnosentrisiteit lei. In 'n wêreld waar onverdraagsaamheid teenoor ander gelowe wydverspreid voorkom, en in 'n land waar genderpersepsies so ongesond is dat dit goedgevind word om 'n Nasionale Vrouedag te vier, kan letterkunde 'n belangrike opvoedingsrol speel — mits voorgeskrewe lyste met insig en sensitiwiteit opgestel word.

Bibliografie

Primêre literatuur

Ferreira, Engemi (1988). *Die jaar toe my ma begin sing het*. Pretoria: J. P. van der Walt.

Heese, Marié (1976). *Die uurwerk kantel*. Kaapstad: Tafelberg.

Matthee, Dalene (1984). *Kringe in 'n bos*. Kaapstad: Tafelberg.

Matthee, Dalene (1985). *Fiela se kind*. Kaapstad: Tafelberg.

Schoeman, Karel (1966). *By fakkellig*. Pretoria: Human & Rousseau.

Scholtz, A. H. M. (1995). *Vatmaar*. Kaapstad: Kwela Boeke.

Steytler, Klaas (1982). *Die leeukuil*. Pretoria: Human & Rousseau.

Van der Boon-Leroux, M. (1998). *Luc en Libertine*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, Etienne (1986). *Toorberg*. Kaapstad: Tafelberg.

Van Rooyen, Engela (1992). *In die oog van die web*. Kaapstad: Tafelberg.

Venter, F. A. (1984). *Die koning se wingerd*. Kaapstad: Tafelberg.

Sekondêre literatuur

Andringa, E. & Schram, D. (reds.) (1990). *Literatuur in functie*. Deurne-Antwerpen: Bohn Stafleu van Loghum.

Bennett, M. J. (1996). Towards Ethnorelativism: A Developmental Model of Intercultural Sensitivity. In: Paige, M. *Education for the Intrecultural Experience*. Yarmouth: Intercultural Press.

Behari, Kasturi (1997). *Literature Education for Transformation: a Critical Pedagogy for Literature Teaching*. Kaapstad: UCT.

Blake, C. Cooper, P. S. & Calloway-Thomas (1999). *Intercultural Communication, Roots and Routes*. MA: A Viacom Company.

- Booth, W. C. (1983). *The Rhetoric of Fiction*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Brink, A. P. (1985). *Literatuur in die strydperk*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Carroll, D. W. (1994). *Psychology of Language*. California: Brooks/Cole Publishing Company.
- Czerniewicz, L. (1999). *Book Procurement: Some implications and issues raised by the South African Schools Act of 1996*. Ongepubliseer.
- Department of Education and Training. (1996). *Language, literacy and Communication*.
- De Vries, A. H. (1984). Die streng sensuur van anti-rassisme. In: Malan & Smit (1985) *Skrywer en Gemeenskap*. Pretoria: HAUM.
- Dodd, C. H. (1995a). Microcultures of Heritage and Group Attitudes. In: *Dynamics of Intercultural Communication* 4th Edition, Wm. C. Brown Communications, Inc.
- Dodd, C. H. (1995b). Microcultures of Social Identification and Group Relations. In: *Dynamics of Intercultural Communication* 4th Edition, Wm. C. Brown Communications, Inc.
- Du Preez, J. M. (1982). 'n Kommunikatiewe studie van geskrewe sekondêre onderrigsmateriaal in Suid-Afrika. UNISA.
- Eco, U. (1979). *The Role of the Reader*. London: Indiana University Press.
- Esterhuyse, J. (1986). *Taalapartheid en Skoolafrikaans*. Emmerentia: Taurus.
- Fullinwider, R. K. (ed.) (1996). *Public Education in a Multicultural Society*. Cambridge: CUP.
- Gerwel, J. (1983). *Literatuur en Apartheid*. Kasselsvlei: Kampen.
- Giles, H. & Saint-Jacques, B. (1979). *Language and Ethnic Relations*. Oxford: Pergamon Press.
- Gonzalez, R. D. 1990. When Minority Becomes Majority. In: *English Journal*, vol. 79, January 1990.

- Gudykunst, W. (1993). Toward a Theory of Effective Interpersonal and Intergroup Communication: An Anxiety/Uncertainty Management (AUM) Perspective. In: Wiseman, R & Koester, J. (1993) *Intercultural Communication Competence*. Newbury Park: SAGE.
- Gudykunst, W. & Kim, Y. (1992). *Communicating with strangers — An approach to Intercultural Communication*. New York: McGraw-Hill.
- Hitler, Adolf (1943). *Mein Kampf*. London: Pimlico.
- Hoare, C. H. Psychosocial Identity Development in United States Society: Its Role in Fostering Exclusion of Cultural Others. In: Koslow, D. R. & Sauert, P. (1994.) *Identity in Multicultural Perspective*. Washington: National Multicultural Institute.
- Hofstede, G. I, We and They. In: Floris, L., Martin, N. & Nakayama, T. K. (1998). *Readings in Cultural Contexts*. California: Mayfield Publishing Company.
- Human & Rousseau (1990). *Magersfontein — Die Dokumente*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Kannemeyer, J. C. (1995). *Langenhoven: 'n Lewe*. Kaapstad: Tafelberg.
- Malan, Charles & Smit, Bartho (reds.) (1985). *Skrywer en Gemeenskap: Tien jaar Afrikaanse Skrywersgilde*. Pretoria: HAUM Literêr.
- Martin, J. & Nakayama, T. (1997). *Intercultural Communication in Context*. California: Mayfield Publishing Company.
- Miles, M. B. & Huberman, A. M. (1994). *Qualitative Data Analysis*. London: SAGE Publications.
- Palmer, F. (1992). *Literature and Moral Understanding*. Oxford: Clarendon Press.
- Pollock, William (1998). *Real Boys*. Ontario: Fitzhenry & Whiteside Ltd.
- Sampson, G. (1980). *Schools of Linguistics*. London: Hutchinson.
- Sapir, E. (1921). *Language — An Introduction to the Study of Speech*. Rupert Hart-Davis.
- Sarland, C. (1991). *Young People Reading: Culture and Response*. Milton Keynes: Open University Press.

Silverman, D. (1993) *Interpreting Qualitative Data*. London: SAGE Publications Ltd.

Sperber, D. & Wilson, D. (1982). Mutual Knowledge and Relevance in Theories of Comprehension. In Smith, N. V. (ed.) *Mutual Knowledge*. London: Academic Press.

Van der Merwe, C. N. (1994). *Breaking Barriers*. Amsterdam: Rodopi.

Van Wyk, A. (2000). Towards an Instructional Shift in the Second Language Literature Classroom. In: *Tydskrif vir Taalonderrig*, vol. 34 nr. 1.

Whorf, B. L. (1956). *Language, Thought and Reality*. New York: The Massachusetts Institute of Technology.

Witte, K. A Theory of Cognition and Negative Affect: Extending Gudykunst and Hammer's Theory of Uncertainty and Anxiety Reduction. In: *International Journal of Intercultural Relations* vol. 17, pp. 197-215, 1993. Pergamon Press Ltd.

University of Cape Town

Bylaag

3.4 Kringe in 'n bos

1

- 84: Die houtkappers mergel die Bos uit, die houtkopers mergel die houtkappers uit ...
- 90: 'Daarom moet elkeen van hulle sy houtbringers wurg om hout uit die Bos te kry! ... Ons kap die Bos vrek om hulle te voer en aan die einde vrek ons saam met die Bos!'

2

- 261: 'Wil jy jou vermetelheid só ver voer dat jy die delwers met die houtkappers wil vergelyk?'

3

- 39: En die mense! Hul klere. 'n Man het op 'n perd verbygekom; sy klere was so netjies en platgestryk en sy skoene het tot amper by sy knieë gekom.
- 40: Twee vroue het uit 'n huis gekom. Hul rokke was van baie lap gemaak en tot op die grond. Wyd ... En hul hare was blink in die son en wonderbaarlik op hul koppe gebondel sonder dat dit afval ... Hier en daar was daar mense soos hulle, maar ook nie heeltemal nie.
- 43: Ander soort kinders. Met ander soort klere en skoene en pakkies boeke in lang leerbande vasgegespe.

4

- 209: Daar is nie eens meer 'n boom langs 'n straat nie ... Maar kratte vol tierlantyntjies en klere op elke skip wat van Europa kom sodat elke nuwe gril tot hier kan kom om die ledigheid te verdryf. En waaruit kom dit op die ou end alles? Uit die Bos.

5

- 41: Ná 'n ruk het 'n man met rooierige hare en 'n wit gesig ... oor die oopte gekom.
- 42: 'Laai op julle vrot hout!' snou die man skielik woedend en die bloed vlam rooi in sy nek.
- 88: ... sy voorman, mister Pearston, het met die boeke oor die oopte gekom. Groot en dik en rooi.
- 262: 'Vir die dik Engelsman met die rooi baard ...'

6

- 76: Die boek in sy hand wat die skuld op die blaai dra, is die sweep wat hulle op hul knieë het en wat MacDonald kon laat lieg soos hy wou!
- 103: '... ivoor staan nou op sewe sjielings 'n pond in Engeland ...' Sikspens 'n pond vir die hand wat die skietwerk doen en te dom is om die skaal te lees.
- 145: MacDonald was woedend. 'Met wie dink jy praat jy?'
'Met die grootste skelm wat op twee bene loop.'

7

- 165: Saul het hom bloedig vererg. 'Sit sommer Bosbobbejaan op die boek,' sê hy en steek sy hand na die goud uit.
Barkley het soos 'n broeksak omgedop en anderkant gewys: vriendelik en botterglad.
- 234: 'n Desperate Barkley het hom die vorige Saterdag aan boord van die *Pictor* kom spreek. 'Ek kom as vriend, Barnard.'
Hy het hom reguit gesê hy lieg.
- 285: 'Wag nou! Ek het die laaste paar maande tot die besef gekom — ek is nie skaam om dit vandag teenoor jou te erken nie — ek het tot die besef gekom dat ons nie in die Bos hoort nie. Julle wat daar gebore is en daar grootgeword het, dis julle plek.'
Dit was soos 'n slang wat probeer vrede maak. Daarby het die slang gedink dis 'n bobbejaan wat hy probeer kul, het Saul besluit ...

8

- 153: Oor 'n jaar of twee ... sal sy agter kanthandskoentjies saam met die ander van haar soort giggel as die boswaens die dorp inkom.
- 170: 'Jy moet Kaap toe gaan om te gaan leer hoe om van huis tot huis tee te drink en te skinder en die dae om te kry sonder dat jou hande vuil word! ... Jy moet gaan leer om behoorlik op stoele te sit wat gemaak is van die hout wat van die houtkappers gesteel is!'

9

- 205: 'Strange what money can do,' het Elizabeth Stewart ... opgemerk.
- 259: '*Meneer* Barnard, besef jy met wie jy eintlik te doen het?'
... 'Ek, meneer Barnard, is 'n direkte afstammeling van koning George III van Engeland! My bloed, asook dié van my dogters, is Royal blood — koningsbloed.'

10

- 50: 'So kom ons toe die aand op die dorp ... Toe gee hulle vir ons plek in die tronk en oral waar baie mense kan in. Nou net nie in hulle huise nie.'
- 282: 'Of is dit toeval dat hier geen Dutchman 'n besigheid besit nie?'
'Julle het julle plek en ons het ons s'n, Saul. Dis soos dinge is en jy kan dit nie verander nie.'
- 284: 'Ons wil nie nou sien dat vreemdes dit oorneem nie.'
Saul se betewete het begin wag staan. 'Word die Dutch dan onder vreemdes gereken?'

11

- 72: 'Kate!' het hy geraas. 'I told you not to speak to these people! They're wild!'
- 170: 'Ek moet vyfhonderd keer uitskryf: All Woodcutters are wild and dirty and so are their children.'

12

- 71: 'Ons kos is amper op, oom. My pa sê ...'
'*Mister* Macdonald! Jy's nie nou in die Bos nie en jy praat ook nie met 'n boswerker nie.'
- 259: ... 'ek was onder die indruk dat u hier is oor my en Kate se verhouding.'
'*Juffrou* MacDonald!'

13

- 108: 'What do you want?'
'Ek kyk net.'
Jy sou dink hy het op die man gespoeg. 'I beg your pardon?!'
- 218: Die vrou het na Kate gedraai en met opsetlike veragting in haar stem gevra: 'Wat se taal praat hulle?'

14

- 44: Haar rok is van die fynste lap wat hy nog ooit gesien het en dit lyk of daar nog nooit stof aan haar was nie. En hy sien sy eie vuil tone deur sy skoene se punt steek en ruk sy been terug op die wa.
- 70: Toe hulle kort voor kwartdag in die stil stofstraat afstap, het hy probeer om so te loop dat sy tone nie voor by sy skoene uitpeul nie.
... En toe sy toon nie wou binne bly nie, het hy gemaak soos Jozef maak en nie opgekyk uit die stof nie.

15

- 47: 'Jy't 'n mooie man geword, Saul. Nooit sê jy's van onse mense nie. Kyk jou klere, nè?'
- 192: 'Die meisies hou van die handsome English Dutchman.'

16

- 106: 'Dis 'n ander soort bang, 'n bang vir alles buite die Bos.'

17

- 31: 'Ek het die bloubokkie se kop oopgekap en sy gal sit nie in sy kop nie. Dis 'n lieg!' 'Jy weet mos sy gal sit in sy kop,' het Jozef skielik vererg gesê. 'Almal weet sy gal sit in sy kop.'
- 156: 'Los die dinge wat jou harsings saf gemaak het, los die goudbesigheid, lat vreemdes hulle daarin kom vasloop. Ons is houtkappers! Ons swaai ons eie byle en ons belang aan onsselwers.' 'Julle belang aan die houtkopers!'
- 303: 'Daar is baie dinge waarvan jy nooit wou weet nie. Die maklikste uitweg was om my skuldig te maak vir alles sodat jy nie nodig had om die bloubokkie se kop oop te kap nie! Jy's aan meer liegte verkwansel as waarvan jy ooit sal weet, Jozef!'

18

- 269: Eenvoudige mense. Goeie mense. Vername mense. Hier was Engels skielik nie meer die taal van die uitverkorenes nie; hier was nie versukkelde houtkappers in een hok, delwers in 'n ander en die res in hul eie nie.

19

- 72: 'I told you not to speak to these people. They're wild!'
- 75: 'Julle het geen verstand nie.'
- 90: 'Julle dink julle kan uit die Bos kruip en hier kom staan en slim word! Julle wil julle kom mak hou op my werf! Maar as julle nie kos het om te vreet nie ... weet julle waar om te kom goodfor bedel!'
- 98: Eers toe Jones agter hom bulder dat hy sy pote moet optel, het hy hom losgekry ...
- 145: Pearston het dit 'n tree nader gewaag. 'Hoe durf jy mister MacDonald so aanspreek? Jou onbeskofte ding! Bosbobbejaan!' 'Vark!' het Jones agterna geblaf. 'Jy's nie nou in die Bos nie!'

20

- 59: Later het hulle gehoor dat daar niemand by die vergadering was nie. Net ou Sanna. En sy kon nie sê wat die man gepraat het nie, want hy het Engels gepraat.
- 107: 'Ek werk vir jou pa soos 'n wit slaaf en al manier waarop hy my slaaf kan hou, is deur te sorg dat ek niks bekom nie en dat my taal kitchen Dutch bly.'

21

- 173: Sal iemand ooit in kitchen Dutch 'n boek kan skryf?

22

- 1: Iets soos paniek maak ou Maska se klein swart ogies wild.
- 4: Die verrimpelde Outeniekwa het onseker agter hom gestaan.
- 195: Hy het geweet ou Maska som hom in die stilte op. Die ou had 'n manier om sy klein swart ogies op skrefies te trek en jou fyn uit te loer.
- 196: Die ontsteltenis was in sy verknobbelde hande en in sy oë toe hy opkyk.
- 196: 'Die Bos is kwaad. Booskwaad. Dié laat allerhande dinge gebeur.'
- 291: Die hoede van 'n dier is in die ou man se oë.
- 298: 'Sien jy nou wat hy wou hê jy moes sien, baas Saul? Sién jy nou?' ... Toe ou Maska se skraal lyf regop ruk, is hy soos 'n dier wat skielik besef dat hy vasgekeer is. 'Voor die Here sil jy gaat staan as jy vandag hier omdraai, Saul Barnard!'

23

- 218: 'Dis 'n sware ding, maar vir 'n daalder sil ek hom dra.' ... 'Agneveryoumine,' het Hans Oukas besluit ... 'sê vir haar ek sil die ding virre sjieling dra.' ... 'Ag jirretjie, baas, sê vir haar ek sil dit dan ma' vir vier skellings dra.'

24

- 171: 'Tackle hom, Esau!' het Tanda geskree.
'Ons het saam hout gewerk, jong ...'
... 'Vat jý hom eerste.'

25

- 171: Tanda het agter 'n boom uitgekom. 'As jy ons twak gee, sê ons ons het jou nie gekry nie,' stel hy slu voor ...
Maar Tanda had lus vir skoor soek ...
Hy het omgedraai om sy goed te haal en geweet Tanda gaan 'n dom ding doen.

26

- 197: 'Maska ... toe ons klein was, het jy ons altyd vertel dat die geeste wat in bome woon, eers in die klippe gewoon het ... Waar kom jy aan dié storie?'
'Hoe moet ek weet? By my pa en hy by sý pa. Party dinge is altyd se dinge, hulle het nie begin nie en hulle het nie end nie.'

27

- 1: 'Nee!' Dis 'n smeking om genade; hy steek sy hande voor hom uit en skud sy kop. 'Nie jy nie. Asseblief, baas Saul ...'
— 292: 'Baas Saul, moenie dit doen nie!'
'Los my!' skud hy die oue los. 'Kry jou loop en los my alleen!'
'Ek smEEK jou, baas Saul ...'
— 293: 'Asseblief, baas Saul, moenie! Dis nie nou die mens se plek daar onder nie. Ek staat op jou ma en pa se grafte voor jou, ek staat op Oupoot voor jou!'

28

- 40: Sy pa het tweehonderd riksdalders vir die mas gekry: tagtig vir homself, sewentig vir oom Anneries en vyftig vir Maska.

29

- 201: 'Jy moet nooit weer vir my baas sê nie, Maska! Oupoot het die verkeerde broer gekies.'
— 218: 'Wat se klas baas is jy dat jy nie beheer oor jou draers het nie?' is sy toe sommer vir hom ook vies.
'Ek is nie sy baas nie, mevrou.'

30

- 206: Iemand het eendag gesê, hy dink dit was Morris, dat hierdie *jungle* darem 'n paar goeie dinge ook tot gevolg het: dis nie 'n plek vir vroumense en swakkeling nie.
— 219: 'Maar u stel darem voor dat ons dames met ons lang rokke en hoëhakskoene in die bome moet opklim wanneer daar gevaar kom?'

31

- 93: 'En as jy jou knieë buig omlat jy Joram Barnard se seun is, omlat houtkapperbloed nie goed genoeg vir jou is nie, staat jy vanaand voor my soos 'n kruis wat op my wag.'
... 'Ons moet uitkom uit die Bos, Pa!' sê Saul dringend. 'Ons gaan saam met alles tot niet. Kyk hoe lyk ons!'
'As die Bos nie meer goed genoeg vir jou is nie, kan jy môre as ons by die huis kom jou bondel vat en jou eie byl gaat swaai waar jy wil.'
'Jaag Pa my weg?'
'As jy dit so wil sien, is dit reg ... As 'n byl nie wil kap nie en hy wil hom ook nie lat slyp nie, moet jy hom eenkant sit.'
— 156: 'Los die dinge wat jou harsings saf gemaak het, los die goudbesigheid, lat vreemdes hulle daarin kom vasloop. Ons is houtkappers!'
— 157: 'Ons is houtkappers! Nie grondgrouers nie!'

32

- 15: Sara was maar tien en so fluks; sy kon patats plant soos 'n seun ...'
- 20: Een ding moes Saul later van haar [Sanna] sê: sy kon 'n stuk grond net so goed soos enige man omspit en 'n patatrank het net nooit onder haar hande verlep nie.

33

- 105: 'Nee! Dis ons dansonderwyseres. Miss Hunter. Sy gaan ons leer dans en sy gaan ons leer hoe om reg te loop en te sit ...'
Hy moes lag. 'Is julle nou simpel? Julle kán mos loop en sit!'
'Ek het ook so gedink, maar Mama sê ek moet leer om dit soos 'n dame te doen.'
... 'Julle is darem snaakse mense.'

34

- 272: 'Sien jou nou, Saul? Hulle lê vir jou en wag. Jou hand is nog nie toegevou om die oulap nie, dan staan hulle en dink hoe om hom uit te gee ... Jy's net die beste af, bly jou eie baas!'
- 273: 'Moenie dat 'n vrou jou eendag agtertoe stoot nie, Saul. Staan jou staan en vat 'n vrou wat haar plek ken. Een wat gedurig agtertoe gestoot moet word, hou vir jou nag en dag besig!'

35

- 252: '... en ek wil só graag vannag by die vuur slaap.'
'Geen wonder Adam kon nie wen teen Eva nie.'
'Beteken dit ek kan?'
'Nee.'
- 289: 'Go home, Kate!'
'Daddy, ek wil asseblief met Saul praat. Alleen.' Haar oë was pleitend in MacDonald s'n vasgekeer. 'Asseblief.'
'Nee, Kate.'
... Kate het nog 'n oomblik gehuiwer voordat sy omgedraai het.
- 298: 'Saul ...' Kate kom vinnig nader.
'Bly stil, Kate,' keer hy haar en draai na Maska toe.
... 'Saul!'
'Bly stil, Kate ...'

36

- 225: En dit ruk deur hom: Kate MacDonald was skielik nie meer 'n verrassing wat nog nie heeltemal tot hom deurgedring het nie, maar 'n bedreiging wat 'n man slu sou inhaal as hy nie elke oomblik waak nie!
- 246: 'Asseblief, Saul?'
Jy is listig, Kate!' het hy dit uitgekreet en die laaste wil oor homself verloor.
- 249: 'Is jy lief vir my, Saul?'
'Ja, Kate, ek is lief vir jou.'
Dan was die guitigheid weer daar. 'Hoekom?'

37

- 246: Toe sy arms na haar uitgaan, het sy soos 'n kind na hom gekom en haar lyf was sag en klein teen syne en haar hare het na son geruik. Haar mond was skugter en warm onder syne.

38

- 16: 'Nee, Saul, die dokter kan niks meer doen as tant Martjie nie. Dis die godsiekte, hy loop sy loop en hy kies sy eie kant.'
... 'Die engels het julle ma kom haal.'
... 'n Uur later had die engels Sara ook weg.
- 31: Joram Barnard het nie toegelaat dat 'n byl om sy skerm op die Sabbat gelig word nie.
- 33: Teen kwartdag het sy pa gewoonlik vir hulle Psalm 23 opgesê en waar hy vashaak, het oom Anneries oorgevat en die psalm enduit opgesê.

- 156: 'Jirre, Pa!' wou die magteloosheid hom verwurg.
'Ek lat nie die Here se naam op my plek ydellik gebruik nie! Jy weet dit!'

39

- 107: Sy was verbode ... soos die klipkerkie met die puntvensters ...
- 174: Wie is God? Hy sou dit nie gewaag het om dit op die dorp in die klipkerkie te gaan verneem het nie. Dis MacDonald-hulle se kerk. Die grootman wan Melkhoutkraal, George Rex, het die grond daarvoor gegee ...

40

- 269: Hier kon hy vir die eerste keer in 'n kerk kom en die meeste mense kitchen Dutch hoor praat. Eenvoudige mense. Goeie mense. Vername mense ... hier was nie versukkelde houtkappers in een hok, delwers in 'n ander en die res in hul eie nie.

41

- 174: Wie is God? Waar? Hóé? Hy weet nie. Hy weet net iets waak in hierdie bos. 'n Mens kan dit aanvoel. As jy met jou kop daarna gryp, is dit weg; loop suutjies en dis weer daar. Wat? As die goud in die pan lê, is iets van die lets ook daarin. Dis edel. Rein.

3.5 Die koning se wingerd

1

- 277: 'Ek het begin wonder hoe 'n klein, swakbewapende volkie soos Israel die magtige Kanaän kon onderwerp. Hoe Israel ... almal kon verslaan. ...Tensy hulle hulp gekry het van 'n onbekende mag.'
- 169: 'En Israel is die volk van die Here. Sy uitverkore volk.'
- 289: 'So sê die Here, die God van Israel: Ek salf jou tot koning oor Israel, die volk van die Here.'

2

- 102: 'God is waaragtig soos die sonlig,' het Johanan nadenkend gesê.
- 151: 'Ja, 'n wonderwerk,' antwoord Nabot bewoë. 'Nou weet almal. In Israel is daar net één Here — die God van Israel. Ons moet dit glo, want Hy het self tot ons gespreek.'
- 165: 'Vir my is God nou so werklik soos die klop van my hart.'
- 279: 'Ek het vir hom gaan sê ek weet nou die Here is waaragtig ... Daar is net een God ...'

3

- 31: 'Nie jy nie en ook nie ek nie kan God se weë verstaan. Hy is almagtig en alwetend. Hy het vader Abraham na hierdie land geroep toe dit nog feitlik 'n leë wildernis was,' antwoord Johanan.
- 75: 'Die Here het my oor Sabad en sy mense gestel.'
'... Vandag nog? Ná al die geslagte?'
- 185: Dan oortree ek 'n wet van Israel en ek sondig teen die Here ... In Israel mag erfgrond nie verkwansel word nie ...'

4

- 82: 'Ek het gekom om met u te praat, omdat ek gehoor het van al die sondes en ongeregthede wat u pleeg. U lei Israel na die afgrond.'
- 109: 'Ek praat wat in my hart is. Hy's 'n verderf vir Israel.'

5

- 60: 'En nou het die afvalliges 'n voorloper gekry — Isebel.'

- 61: 'Die paleisdienaars is sonder eergevoel, sonder trots, sonder oordeel oor wat reg of verkeerd is, sonder gewete selfs ... Almal begin al uit Isebel se hand eet.'
- 83: 'Koningin Isebel sien kans om dit te doen, want u is haar handlanger. En die mense van Israel laat hulle lei soos 'n trop skape.'
- 116: 'Moenie jou verknieis nie,' troos Isebel ... 'ek sal sorg dat die hele Israel weldra in Baäl glo.'

6

- 82: 'U bou 'n tempel vir Baäl, u het Baäl-beelde in u troonsaal, u het honderde priesters van Baäl in Samaria toegelaat, maar die profete van die Here het u laat doodslaan ... U tart die Here.'

7

- 53: 'Ek skaam my vir Israel. Mense van Jisreël wat daar was, sê die feesgangers het hulle soos vrate en wynsuipers gedra.'
- 80: Toe hy oplaas alles gesien het, is hy verslae en hartseer. Wat hy beleef het, is 'n raserny, 'n roekelose, dolle gejaag na geld en besittings.
- 83: 'Alles hier adem die gees van heidense Sidon. Ek het Samaria se rykdom aanskou, sy weelde, sy ydelheid.'

8

- 12: 'Dit is reg, 'n Kanaäniet het g'n sê nie. Dink maar wat jy wil; dit is minder as 'n swaelspatsel.'
- 30: 'Israel is die uitverkorene onder die nasies. Israel is die regverdige, Israel is die goeie, Israel is die heerser. ... Net Israel wêét wat goed is, net Israel dóén wat goed is, net Israel gló wat goed is.'
- 63: 'Ek gewaar klaar tekens dat die Kanaäniete besig is om astant te raak.'
- 67: 'Jy's jonk en jy's 'n Kanaäniet,' sê Mahat vir Sihon. 'Hoe kan jy so praat met jou heer?'
- 68: 'Wat hy eintlik wil sê, is dat hy nie 'n Kanaäniet sal soebat nie, dat hy hom nie so sal verneder ... nie.'
- 72: 'Wat makeer Vader?' vra Amasa. 'Laat hy hom deur 'n Kanaäniet uittart?'
- 122: 'Sy wil nie met jou praat nie en ek sal nie 'n klein Kanaänitiese merrie gaan soebat nie.'
- 124: 'Net soos hulle is,' mor Nabot. 'Geen trou nie. Loop weg en los julle net daar ...'
- 181: 'Vervlakste Kanaäniet! So voor op die wa!'

9

- 74: 'Sabad-hulle is uit die voortyd onderhoriges. Alles is so beskik. Hulle is heidene.'

10

- 14: 'Al wat hy voel, is wrewel, jaloesie en haat vir alles en almal van buite wat besig is om Israel se ingewande te vergiftig.'
- 149: 'Hulle tart my openlik, dink Nabot. Ongevoelig en verwaand, dit is wat hulle is.'
- 152: 'Ons het hulle geslag,' antwoord Joag. 'Voor die voet. Nie een het weggekome nie.' Hy sê dit opgewonde en trots.
- 154: '... dié deel van hom wat Nabot ná al die jare nog nooit kon verstaan of binnedring nie, sy duistere Kanaänitiese wêreld met sy eie landskap en sy eie grense.'
- 157: 'En in sy keel weer die hyging van haat.'

11

- 67: 'U was nog altyd goed vir ons, my heer.'
- 156: 'Nie te danke nie, my Heer. Heer Nabot was goed vir ons.'

12

- 33: 'Goed, ja, soos 'n mens vir 'n hond goed is,' antwoord Sihon. 'Jy maak 'n hond aan 'n lang riem vas en voer hom afgeroomde melk, broodkorsies en bene. Hy kan rondloop waar hy wil — totdat die riem styf trek.'

- 49: Hy wonder of hy nie gelukkiger sou wees as hy soos Sabad tevrede kon wees met die klein gawes van elke dag nie, soos 'n dier wat tevrede is solank hy net kan eet, drink en rus.
- 68: Wat Nabot betref, is daar net een wil en dit is sý wil, net een wet en dit is sý wet. Hy is die aanklaer, die regter, die sipier. 'n Goeie man, maar hy is die baas, altyd die baas, van alles en almal die baas.
- 219: 'Het hy hulle nie goed behandel soos hy sy diere goed behandel het nie?'
Goed behandel soos 'n mens jou hond goed behandel, het Sihon destyds gesê, dink Johanan nou.

13

- 67: 'Maar 'n mens kan nie net lewe van eet, drink, slaap en klere dra nie.'
- 71: Alles net vir sy vader en die koning. Niks vir homself nie. Hy kon net sowel 'n Kanaäniet gewees het.
- 74: 'Sabad en sy mense het ook hard gewerk, maar hulle het niks, net die klere aan hul liggame, hul paar rampsalige bokke en hul honde. Hulle is slawe.'
- 271: 'Tog besit julle niks. Wat julle ontvang het, was net genoeg om siel en liggaam aanmekaar te hou. Julle het onderhorig gebly ...'

14

- 49: Goeie, getroue, onderdanige Sabad!
- 124: '... maar haar edele loop weg na Samaria. Eers Sihon, nou sy ... As ek my sonde nie ontsien nie, ja ek die hele kasarmte weg.'
- 263: 'Hy het nooit goed met Hemor oor die weg gekom nie. Te manhaftig, te eiesinnig. Destyds mos sommer weggeloop uit die werk en laat weet hy kom nie terug nie. Tobiah het ook maar padgegee van die grond af. Vader was so omgekrap. Nog voor Karmel wou hy Sabad-hulle al in die pad steek, so kwaad was hy ...'

15

- 96: My heer Johanan het ons nooit so opgedruk in die wingerde en in die boorde of by die parse nie; nooit op ons geskreeu, of aan ons geslaan soos my heer Joag of my heer Sagaria nie.'
- 107: 'Daardie dag toe jy jou broer Sagaria katswink geslaan het toe hy my onder in die olyfboord probeer onteer het ... Toe het ek geweet jy's goed.'

16

- 32: 'Hy sal weier, want hy glo die Here wil sy volk suiwer hou.'
- 111: 'Die suiwerheid van Israel, die tradisie van Israel, ons gevoel as ouers — tel dit dan nie meer by jou nie?'
- 112: 'Trou dan, maar nie op my werf nie ... Jy bring haar nie in my huis nie en jy sit jou voet nie weer op my grond nie ...'

17

- 33: 'Ek ken Israel se tekortkominge,' sê hy. 'Hul gemaksug, hul hebsug, hul verwaandheid, hul ongeregtigheid teenoor andere soms, hul sondige rykdom, hul onverdraagsaamheid.'
- 74: 'Dalk is ons in die oë van die Here nie so regverdig as wat ons meen nie, Nabot ... Miskien is ons te selfsugtig, of dalk te hovaardig. Verbeel ons ons nie dat net ons welgevallig is in die oë van die Here en dat al die andere ons minderes is nie?'
- 84: 'Party skep die room van Israel se voorspoed af, terwyl andere vergaan van honger.'
- 170: 'Die ding van ou Sabad-hulle — vir my is dit verkeerd en sondig ... Hier werk ek tussen mense uit baie lande. Hulle is mense net soos ek.'
- 219: 'Daarom is onderskeid, die minagting van andere net omdat hulle nie tot jou wêreld behoort nie, vir die Here 'n gruwel, want ook Kanaäniete is sy maaksel.'
- 271: 'Hoe ouer ek geword het, hoe minder kon ek verstaan waarom dit so moet wees. Die Here het ons tog almal gemaak ... Ek dink nie die Here wil dit so hê nie. Ek dink dit is sondig.'

18

- 219: 'Wie sê Nabot het nie teen sy medemens gesondig nie, sy bywoners miskien?' ... 'Ek het mos 'n keer in Jisreël by Nabot oorgeby. Toe het ek 'n paar dinge raakgesien. Agtergekom hoe Nabot oor sy Kanaäniete voel.'
- 220: 'Het Moses dan nie gesondig nie? En koning Dawid? ... En hoe is hulle nie gestraf nie? Was Nabot meer as hulle?'

19

- 106: 'Johanen, hoe praat jy vandag? So asof al dié dinge vir jou nie saak maak nie? Jy kan dit nie sommer afskud nie. Dit is deel van ons soos ons bloed.'
- 112: Johanen voel die krag van die hand op sy nek, voel ... die dwang van 'n sisteem, die voorskrif van eeue se verordeninge.
- 129: Jou arme dwaas, wil hy sê, kon jy nie van die begin af besef dat jy 'n gevangene van Israel is nie?

20

- 159: Hulle glo mos vas hulle is beter as andere ... 'Hulle is die baas en al die ander is slawe,' las 'n ander een by.
- 161: Ja, hier het Israel 'n slegte naam ... Dit is 'n land van onderdrukte en onderhoriges, sê hulle. Daar is jy niks as jy nie 'n Israeliet is nie. Die Israeliet besit daar alles en regeer almal, so sê hulle.

21

- 162: Hy kan nie eens openlik aanbid nie; altyd stilletjies in die afsondering van sy hut.
- 163: 'Ons werk nie onder 'n Israeliet nie,' het die leier aangekondig. 'Gaan speel in Israel baas, nie hier nie.'

22

- 32: 'Jy sal moet verander, Johanen, want Israel is aan't verander ... Israel is besig om hom los te wikkels uit sy stywe kokon.'
- 84: 'Israel sal sy hart moet verander, u sal u hart moet verander,' gaan Elia voort. 'Anders sal die Here Israel swak maak voor sy vyande.'
- 97: En hy, Johanen, is ewe skuldig omdat hy hom nog nooit werklik vir 'n verandering beywer het nie.

23

- 'Maar as sy Baäl nie afgesweer het nie, kan daar niks tussen ons wees behalwe vriendskap nie. Niks!'
- 274: As sy vir hom sou sê dat sy nog Baäl aanbid, dan kan daar tussen hulle niks ontstaan nie.

24

- 271: 'Ek het besluit om die vrug van die grond in gelyke maat met julle te deel asof julle dit saam met my besit. Daar sal geen lone meer wees nie, daar sal geen baas en geen knegte meer wees nie; ons sal gelykes wees ...'
- 274: Sihon lyk gesteurd. 'Ek kom terug na die grond omdat ek glo dat wat jy wil doen, reg en goed is ... Vir jou is ek ook 'n mens. Nou wil ek saam met jou die nuwe pad loop.'

25

- 32: 'Kan Bidkar koning van Israel word? Nee, want hy's 'n Kanaäniet. Kan hy hoof van die paleis word, hoof van die stad, leërowerste? Nee! Kan ek, Sihon, 'n stukkie grond besit? Nee, want ryk Israeliete besit al die grond.'

26

- 66: Heer Nabot, ek gaan nie terug Jisreël toe nie,' sê Sihon ... 'Hoe dan so, Sihon?' vra hy geduldig. 'Jy is tog my knegt.'

- 72: 'Maar hy's 'n Kanaäniet — hy kan tog nie weier nie, Vader,' waag Amasa dit.
- 97: 'Dit is soos ek behandel is. Asof ek nie 'n mens is nie. Net 'n biesiebesem of 'n vleisplot of 'n maalklip.'
- 155: Hoe sal dit wees sonder ou Sabad en sy ou Sua? Altyd daar ... altyd gewillig, altyd gedienstig ... Sabad wat gereeld houtjies kap, water aandra, velle doeksaf brei en die fyntuin aan die gang hou ... En Sua wat nog nooit een maal laat was as dit wasdag is nie, sy wat die kinders help grootmaak het ... sy wat kan spin en weef soos geen ander nie ...'
- 157: 'Hoe wil jy sonder Sabad-hulle klaarkom?' vra Josabat veel later.
'Dit het tyd geword dat ons sêlf doen wat daar te doene is. Ons verbeel ons al ons kan nie sonder die Kanaäniete klaarkom nie.'
'Jy praat nou sommer teen jou beterwete. Wat van die oeste?'

27

- 97: Sabad sê altyd: 'Ons is uitgeknip om te wees wat ons is. Dit is maar die beloop van die lewe. Skop ons teen die prikkels, kry ons net seer.'
- 257: 'Noem my net Johanan, vader Sabad ...'
'Ek het so grootgeword; ek sal maar so sê,' antwoord Sabad.

28

- 32: 'Deur vir ons 'n eie tempel te gee, erken Israel dat hy nie alleen in Kanaän woon nie. En die dag wanneer daardie tempel klaar is, sal ons weet dat ons ons eerste stukkie vryheid ontvang het, ons Kanaäniete.'
- 33: 'Nie herower nie; hom net met jou deel, hom saam met jou besit. Ek wil nie meer jou houthakker en jou waterdraer wees nie; nie meer jou hond aan 'n riem nie. Ek wil voel my siel is vry en die land behoort ook aan my.'
- 67: 'Ek wil iets word, my heer,' sê Sihon. 'Uit eie wil en uit eie vermoë, sodat ek kan baas wees oor myself en oor my huis. Ek en my mense moet uit my eie hand eet, nie uit die hand van iemand anders nie.'
- 102: 'Ek, Ada, is 'n nakomeling van dié wat oorgebly het ná daardie slagting. Jy noem my op my naam, maar jy's nog altyd die baas en ek is die slaaf ...'

29

- 12: 'Waarom moet ek praat? In dié land het 'n Kanaäniet g'n sê nie.'
Obed glimlag tevrede. 'Dit is reg, 'n Kanaäniet het g'n sê nie.'
- 67: 'Jy's 'n Kanaäniet en jy't g'n sê nie.'
- 103: 'Wat kan ek maak? Ek het g'n sê nie,' skerts sy terug.

30

- 9: 'Aan my slaan jy nie. Ek is 'n Israeliet ...'
- 28: Hoe kan hy Israëliete so behandel? As dit Kanaäniete was, is dit nog te verstane.
- 28: 'Vir die Israeliet is daar een maat en vir die Kanaäniet 'n ander. Dit is nou maar eenmaal 'n ongeskrewe wet van die land.'

31

- 8: 'Sy waag baie om met so 'n boel Baäl-priesters in Samaria aangesit te kom. Die vermetelheid!'
- 30: 'Met jou verset teen die tempel het jy my duidelik laat verstaan dat ek nie kan aanbid soos ek wil nie, dat ek nie kan glo soos ek wil nie.'

32

- 31: Hy vertel dit asof hy self daar was toe Josua die trotse stede van Kanaän verwoes het ... en nie 'n man, vrou, kind of dier lewend gelaat het nie ... asof hy self 'n boogskutter was toe koning Dawid Jerusalem ingeneem en die onderwerping van Kanaän voltooi het.
'Die Kanaäniet wat nie gedood is nie, is weggedryf of het 'n slaaf van Israel geword ... So het ons ons geboortegrond verloor tot vandag toe.'

- 102: 'En my volk het ook 'n verhaal wat vertel kan word,' het sy geantwoord ... 'Jou god het Kanaän van ons Kanaäniete afgeneem. Hy het julle soos sprinkane deur ons land gelei. Julle het alles afgevreet, ons mense uitgemoor, ons stede afgebrand.'

33

- 194: 'U en u dogters moet hier bly — net so lank as u wil,' bied Sabad aan.
- 267: 'O, hulle was goed vir my, daardie mense. Na die vee omgesien, geploeë, geoes, druiwe en olywe gepars — alles. En boonop die huis gebou. Baiemaal van die kinders gestuur om by my te kom slaap.'
... 'Johanen, ek weet nie wat ek sonder daardie Kanaäniete sou aangevang het nie ... En ons wat hulle nooit gereken het nie!'

34

- 183: Waarom sal sy, ná alles wat gebeur het, vir hom so iets kom vertel? Dit pas nie mooi in nie.
- 207: 'Ja, sy't haar lewe gewaag om te kom sê. Maar hy wou nie luister nie.'

35

- 271: Toe Johanen met Sihon daaroor praat, sê Sihon dat Hemor nog die ou wrok van Kanaän in hom omdra. '... Party het versag, soos ek, maar andere het verhard, soos Hemor. Hul bloed het bitter geword. Hulle kan nie meer vergewe nie.'
- 272: 'Jy bly nog altyd die baas ... Nee, ek loop my eie pad ... Maar bowenal, ek is vry.'
- 273: Want Johanen het goed geweet hoe dit met Tobiah is. Net soos Hemor dra hy in hom 'n erflike wrok oor die onderwerping van Kanaän en die oorheersing van Israel. Daarteen, het Johanen besef, kan 'n mens nie redeneer nie, want dit is 'n kondisie van die hart, 'n voorskrif van die bloed. As hy self 'n Kanaäniet was, sou hy ook nie Hasor, Jerigo en Jerusalem kon vergeet nie, en hy weet nie of hy ooit sou kon vergewe het nie.

36

- 22: So groot en fors, dink sy. 'n Man onder die manne, op die oog af.
- 23: Lank en stewig, met die helderblou, rustelose oë van 'n yweraar en die houding van 'n maak-en-breker. Hy lyk ongenadig sterk. Kan seker 'n jong seder op die grond afbreek, dink sy.
- 176: Agab lê op sy ivoorbed, groot en log ...
Hy eet te veel, dink sy. Hy drink te veel ... Wat het geword van die man met wie sy getrou het?
- 240: Hier sit hy nou, groot en fier in sy oorlogsmondering, met sy yslike skouers, kragtige arms en die skerp, blonde gelaat, die deurvorsende oë wat selfs nou geen sweem van tamheid of kommer verraai nie.

37

- 59: Hy het groot eerbied vir die boer uit Jisreël, want hy het hom leer ken as 'n godvresende, noeste man wat met behulp van sy seuns en sy Kanaänitiese werkers elke vierkante el van sy erfgrond bewerk het ... 'n Vermoënde man uit eie reg ...'
- 161: Dié Fenisiër [Hammurabi] is 'n skatryk man ... 'n geleerde man wat elke dag ure lank sy papyrusrolle lees ...
- 263: 'Abia is met 'n ryk koopman in Sigem getroud. Migaja se man is 'n goudsmid in Megiddo.'
- 264: 'Asaf van Abia en Josia van Migaja is twee goeie Israëliete. Liefderyk, bedagsaam en suksesvol. En gelowig. Vader sou van hulle gehou het.'

38

- 106: '... sy hart gaan uit na dié opgewekte mens, so jonk en tog so vol ervaring, ... vasgevang in die net van armoede en onderworpenheid ... Al gebeur wat ook al, daarvan moet hy haar red ...'
- 243: 'Ek dank u, my heer, vir u genade. Die Here sal u seën.'

- 272: 'Johanen van Jisreël,' sê Sabad bewoë, 'jy's 'n goeie man. Jy't 'n groot hart. Die Here seën jou.'

39

- 59: ... 'n man wat nooit hovaardig geword het nie en nederig gebly het, soos die beste landelikes van Israel.
- 93: Dit laat hulle verleë en verwonderd lag, dat 'n heer soos Johanen hulle so groet. Ada voel byna aangedaan daaroor dat Johanen haar broers so groet.
- 98: 'Ada, ek wil nie hê jy moet vir my 'n slaaf probeer wees nie. Ek hou nie daarvan nie.'
- 139: 'Jy vrees die Here en tog is ook jy trots.'
- 161: Nou die dag het Hammurabi hom na sy eenvoudige huis laat roep en met hom gepraat. Hy het dadelik op sy gemak gevoel, want daar was geen prag en praal nie ...'

40

- 18: 'Jy's my prins — jy's aantreklik, ondernemend én kragdadig.'
- 53: 'Nou toe! Julle staan net daar. Maak kos reg vir Johanen ...'
Die vrouens spring weer aan die werk.
- 56: Sy oë is so driftig dat Josabat maar liever omdraai om Johanen se kos klaar in te pak.
- 143: Nog selde het hy Agab só gesien, het Obadja opgetoë gedink. Dodelik beslis, die ene vorstelike gesag.
- 173: En hy? Van hom is niks meer oor behalwe sy wellus nie — geen moed, geen durf, geen gesag nie ... Wat baat sy paleise, vestings ... as hy sy drif en daadkrag verloor het?
- 200: ... Isebel wonder of hy ooit weer een daad sal kan verrig wat van hom 'n man sal maak. Nou is hy net 'n drilsel sonder enige geestelike of liggaamlike fatsoen.
- 203: Obadja huiwer lank. 'Ek sal u weer dien ... Op voorwaarde dat u die koningin in toom hou.'
- 255: Hy het 'n man geword ...deur alles heen gewaar sy die volwasse krag in hom, die erns, die gesag ... Hy is nou Johanen, die erfgenaam van Nabot, die hoof, die heerser oor hierdie grond.

41

- 51: 'Jy't reg gemaak, seun. Jy't jou soos 'n man gedra — ja, soos 'n man! Ons is trots op jou.'
- 107: 'Daardie dag toe jy jou broer Sagaria katswink geslaan het toe hy my onder in die olyfboord probeer onteer het ... Toe het ek geweet jy's 'n man.'
- 253: 'Koning Agab was in party opsigte 'n goeie man ... maar in baie opsigte was hy ook 'n bose man. Hy was dapper, hy was verdraagsaam, hy was ywerig, maar dat hy Baäl gedien het, dat hy Isebel se goddelose bloedvergieting toegelaat het, dit was ... 'n doodsonde.'

42

- 22: 'Wat raai jy my aan om te doen?' vra Agab effens ergerlik ... Hy dink aan die stories dat sy oor haar vader se hofhouding geregeer het.
- 23: Toe hy na haar omdraai, glimlag sy, maar die kilheid in haar oë ontgaan hom nie.
- 28: Daardie wyf uit Sidon het hom opgesteek!
- 34: Op die bruilofsfees het sy hulle aimal deurgekyk en sy weet dat hy die enigste bruikbare een is.
- 40: Sy sal hulle óf aan die neus moet lei óf hard op hulle moet trap ... Dié manier van Israel, dat die "volk" die seggenskap het, is gevaarlik.
- 48: Verbasend, dié mens wat so alles van Israel weet, dink hy. Gaan sy nie aan Agab se sy 'n rigter van Israel word nie?
- 49: Soos sy die trotse Jehu onderwerp het, so sal sy nog die hele Israel aan haar wil onderwerp.
Sy moet net haar lied reg kies, met die fluit vooruit loop en Israel sal volg.
- 54: 'Hulle sê sy's van kleins af so 'n gifding. In die hof van Sidon het sy glo die wet neergelê.'
- 199: 'Deur die jare het jy my soos 'n hond aan 'n leiriem gehou, my gesleep waar jy my wou hê. Jy wil Israel regeer.'

43

- 47: 'Koning Agab stem saam met wat ek jou beveel het,' mislei sy hom, koelbloedig en opsetlik.
- 174: 'Jy's g'n koning meer nie ... Julle is twee vet eunugs ... g'n manne meer nie.'
- 177: 'En jy?' vra Agab. 'Ek wonder of jy my nog respekteer.'
... Hy laat haar toe om hom te ontwyk ... Waarom vra hy dit nog? Hy weet tog sy respekteer hom nie meer nie.
- 200: 'Gló dan in jou heilige Elia se voorspooksele!' antwoord Isebel bitsig. '... Ék sal Israel regeer as jy dan te vrot is!'

44

- 23: As sy Agab op háár paaie wil lei, sal sy hom aan haar moet bind, met liefdebetuiging, met haar liggaam, met lis, met enigiets.
- 37: Isebel is dadelik die middelpunt ook van die bruilofsfees. In haar lang tabberd ... oorheers sy die hele feestelike byeenkoms.
- 41: Sy weet net wat om te sê, wat om te vra, hoe om te glimlag, hoe om te vlei. En veral hoe om deurgaans met haar skoonheid te betower.
- 42: En haar skoonheid! Die nabyheid van haar liggaam is byna oorweldigend.
'n Ware koningin,' waag een van die oudstes dit.
- 180: En laat, toe Agab al in die bed is, verskyn Isebel in sy kamer deur ... Nog steeds Isebel die verleidelike. En sy, al is sy so moeg, is dankbaar dat sy vanaand haar rol end-uit so goed kan speel.
Sy moet hom weer volkome besit voordat die "ergernis" aanbreek ...
- 199: 'Jy is 'n bose mens! Met jou liggaam en jou listigheid het jy my verlei. Ek is nie meer 'n man nie.'

45

- 19: Dié mense is so kru en aards, so anders as haar eie mense. Daar is alles fyn, beskaaf en presies ... Sy sal hulle moet opvoed.
- 19: ... Isebel ... vly haar op die rusbank neer, kyk deur die vertrek rond. Alles is stroef en verbeeldingloos, bloot dienlik; niks fraais, fyns en warms nie ...
- 37: In die stilligheid het Isebel haar voorgeneem om die eenvoudige siele van Israel, soos sy hulle vir haar voorgestel het, te oorweldig en te onderwerp deur die oormaat en swier van die paleis.
- 45: Ek spruit uit die glorieryke kultuur van Fenisië, waar baie wêrelde mekaar ontmoet ... In jul onverfynde leefwyse ... het ek 'n heilige renons.
- 173: 'Die spieël, Ada,' sê Isebel iesegrimmig, 'gee vir my die spieël ...' Sy ril effens toe sy weer die sakkerigheid onderaan haar voorarm opmerk.
Dis met 'n perverse volharding dat sy elke keer maar weer in die spieël kyk. Sy weet self nie of sy haar wil pynig en of sy ... die stadige veroudering probeer uitwis nie.
- 292: Toe gaan staan sy weer voor die spieël, trots en met 'n haas vervloë fierheid.

46

- 75: 'Jy't nie die reg om dit te sê nie. Jou hele huis probeer die Here dien, net soos jy ...'
- 152: 'Nabot?' Net die sê van sy naam is 'n beskuldiging. 'Daar's bloed aan jul hande?'
... 'Julle het gesondig,' sê sy met afsku ...
- 155: 'Nou gaan jy te ver, Nabot,' protesteer Josabat. 'Laat hom glo soos hy glo. Hy werk tog net vir jou.'
... 'Jy's wreed en onverdraagsaam. Hy's oud en arm. Waar gaan hy heen?'
- 184: 'Jy gaan nie na die vas nie — belowe my,' sê Josabat uiteindelik. '... Jou lewe is meer werd as 'n wingerd.'
- 186: Nabot sal die vas bywoon, dit weet sy nou. Sy weet ook dat hy nie sy wingerd sal afgee nie.

47

- 72: 'Mag hulle dan nie 'n eie wil hê nie?' berispe Migaja haar broers.
'Ja, hulle is mos darem nie slawe nie,' las Abia by.

48

- 53: 'Ai, my kind, nou moet jy soos 'n misdadiger vlug. Moes jy nie maar die werk gedoen het nie? Dit wil tog nie sê dat jy Baäl dien nie.'
- 70: 'Hoe praat jý dan nou?' vra Josabat. 'As Jehu Johanan vang ...? Wat dan, Nabot?'
- 112: 'Nee, Nabot!' pleit Josabat. 'Nie dit nie!' ... 'Hy's ons kind! Hy weet nou hoe ons voel. Laat hom teruggaan en besin ...'
- 208: 'Ons is so bly ... Maar jy moes nie gekom het nie, Johanan,' sê Josabat. 'Dis te gevaarlik. Jy moet iewers gaan skuil.'

49

- 144: Nabot en sy seuns is hier. Sabad en sý seuns is hier.
- 150: Snoesig in hul droë klere, drink hulle hul wyn om die buitevuur onderwyl Josabat en die dogters rondskarrel om die nat klere aan die terpentynboom op te hang om te droë.
- 151: Josabat kom vuur toe ... 'Wat het toe by Karmel gebeur? Waarom het die koning die volk opgeroep?'

50

- 266: 'En 'n goeie mens,' sê Josabat. 'Liefdevol en gewillig om te help. Geen ydele trots in haar nie. Nog altyd 'n kind van hierdie grond ... Nie verwen nie ...'

51

- 74: 'Ek is nie afvallig nie — jy weet dit. Ek probeer net die Here se wil verstaan. Ek wil nie 'n vals harp wees nie.'
- 265: Ada, dink hy — om teen Isebel op te staan, moes moed en durf gekos het. Meer as dit — 'n diepe oortuiging.

52

- 91: Hy verwonder hom dat sy die wip so flink kan hanteer.
- 94: Wat hom die eerste opval, is dat die werf so netjies is.
- 95: 'En jy't sowaar botter, Ada,' sê hy waardierend.
- 96: 'Ook dié dat jou hande vir niks verkeerd staan nie, so lyk dit my.'
- 105: 'Jy's 'n pragtige, deugsame vrou ...'
- 110: 'Sy's 'n goeie mens, Vader, 'n goeie vrou. Sy sorg vir my so goed soos enige mens vir my kan sorg.'

53

- 126: 'Met 'n wildvreemde man omgegaan ... Sy's 'n tempelhoer,' maak Nabot dit klaar ... Johanan se lyf verslap, sy mond gaan oop. 'Dis 'n leuen,' sê hy sag, maar dit is tog 'n kreet.
- 129: 'Wat sy ook al glo, wat sy ook al wou bereik, sy moes haarself nie geskend het nie. Daardeur het sy ons liefde verwoes.'

54

- 129: 'Deur wat sy gedoen het, wou sy onherroeplik belet dat jy onterf word. Om dit te doen, het sy die hoogste offer gebring wat enige vrou kan bring.'

55

- 131: Waaragtig, Elia se vervloeking het waar geword. Drie jaar al sonder reën!
- 151: Nabot vertel van die vergeefse offerande van die Baäl-priesters en die Kanaäniete. Hy vertel van Elia se altaar, die brandoffer. Van sy gebed. Hy bid dit woordeliks oor soos Elia dit gebid het ...
'So seker soos die Here leef, ons het dit self gesien, Moeder,' sê Joag.

- 279: 'Johanan, toe hulle die koning se wa by die dam van Samaria uitspoel, het die honde gekom en sy bloed opgelek. Net soos Elia geprofeteer het.'

56

- 152: 'Elia het gesê ons moet hulle slag. Dit is die wil van die Here, Josabat.' Sy gaan gryp hom aan sy kleed. 'Die wil van die Here? Elia is 'n mens. Maar jy maak asof hy die Here self is.'
- 271: 'Julie het onderhorig gebly ... Die Here het ons tog almal gemaak ... Ek dink nie die Here wil dit so hê nie.'
- 293: Hy het voldaan gevoel, want hy het geglo dat wat hy gedoen het en die slagting wat hy nog beoog, reg en goed is in die oë van die Here. Hy het nie eens agtergekom dat van die ander manne ... aardig voel oor die manier waarop Isebel gesterf het nie.

57

- 165: 'Aan die begin was dit nie maklik nie ... Ek is, soos jy sê, 'n Fenisiër. Ek kom uit 'n ander wêreld, 'n ander geskiedenis. En hier het nou 'n heel nuwe landskap voor my gelê ... Maar ná wat in Sarfat gebeur het, wéét ek nou dat ek reg gekies het.'
- 257: 'Maar Baäl het nie geluister nie, my heer. Die profeet Elia se offeraltaar het aan die brand geslaan ... Karmel is genoeg. Karmel het my verander.'
- 283: ... omdat dit bekend geraak het dat Agab teen die einde verander het ... Hy het die Baäl-beelde uit die troonsaal laat verwyder ...

58

- 31: 'Baäl is 'n nietige afgod sonder lewe, sonder mag, net 'n doofstom beeld.'
- 104: Hoe kan hy haar laat verstaan dat 'n kleibeeldjie onder 'n boom nie reën kan bring nie?
- 121: 'Gedans en geskreeu soos mal mense daar voor hul afgode. Kamma heilige wyn in heilige kruike gegooi, en hul priesters het hulle met hul dolke stukkend gesny om die aandag van hul afgode te trek. 'n Dolle, uitspattige roesemoes ...'
- 149: 'Roep hard — hy's mos 'n god! Hy peins seker, of dalk het hy hom afgesonder. Hy kan ook op reis wees. Miskien slaap hy ...'
- 149: Ná die middag word die ekstase van die Baäl-mense 'n waansin. Die bededans ontaard in 'n afstootlike rumoer en bloed vloei uit steeds meer wonde.
- 251: Maar die god sit net daar met sy dik lippe, dooie oë en klein bolmagie, stom soos die grou klip van die mure.
- 273: 'Ek is seker die Here sal nog op 'n dag tot jou spreek, Sihon.'
- 278: 'Ek het van kleins af vir Baäl geoffer, vir Baäl gebid, maar nog nooit het hy iets aan my gegee wat my hart in my laat opspring het nie. En koningin Isebel? ...al wat Baäl aan haar teruggegee het vir haar gebede en haar offerandes, is dat sy 'n besete, wrede, listige mens is.'

3.6 Die leeu kuil

1

- 21: Die seun giggel by die ongemanierde aanspreekvorm, vir hom heeltemal nuut in hierdie higiëniese huishouding van korrekte woorde en geordende fatsoenlikheid.
- 73: Dit is half asof Sakkie 'n transformasie ondergaan het vandat hy uit die blinkgevrofde noordelike woonbuurte van die stad padgegee het. Die tekstuur van sy dink en sy praat het verander, soos 'n verkleurmannetjie.
- 121: 'Jy onthou wat Daniël geskryf het. Dis Sakkie; Daniël praat nie so nie. Hy het die kind voorgesê.'
- 130: Die woord 'tjom' uit sy seun se mond — dit klink vir Sakkie baie verdag.

2

- 6: Sy [Maryna] het gelyk soos 'n feëkoningin: golwende dik vlasbruin hare ... hoë wangbene en koringblom-blou oë, sensuele rooi mond, sterk ken, kaal arms en skouers en vol bors afgeteken in 'n swart aandrok ... Iemand wat in 'n ander soort magiese wêreld omgewe is van wellewendheid, rykdom en daardie byna onnaspeurlike kwaliteit wat die armes altyd raaksien en herken as mag.
- 32: Sy vind hom [Hugo] steeds aantreklik en opwindend ...
Hy is 'n bietjie langer as wat sy is, het swart hare wat hy agteroor kam. Dit beklemtoon 'n breë voorhoof, ruie swart wenkbroue en kalm bruin oë agter 'n dun goueraam-bril.
- 55: ... agter die glas-afskorting 'n vet vrou met rooi henna-hare. Sy sit 'n foto-verhaal en lees; 'n sigaret in haar té rooi geskilderde mond ...
- 74: Hy [Lep] was eens seker vet, maar velle vou oor sy maag, sy borsspiere het weggesmelt en die borste hang vellerig, klein ... Sy gesig is opgeblaas, die vlees wil teen die gebeente afgly, rondom die oë is dit opgehewe. Sy oë hang halfmas ...
- 75: ... 'n vrou [Kleintjie] in 'n verbleikte nagrok waaroor sy 'n vermiljoenrooi kamerjas gegooi het ... Sy is enorm vet en breed. Haar gesig is peervormig; die breë onderkant is haar kenne. Haar kop lyk klein, haar muisvaal hare 'n oneweredige afsluiting van haar groot lyf. Soos haar ken, progresseer sy ondertoe in riwwe.
- 169: Links voor ... sit Maryna in swart. Sy het die vorige middag ... rouklere en 'n swart hoed in Rosebank gaan koop. Op die punt van die ry ... sit Teresa, onvanpas geklee in 'n rooi-geel rok, met kort moue en 'n te lae hals.

3

- 13: Die bottels staan in gelid; daar is glase en selfs 'n netjies opgevoude bordedoek wat voor neergesit is.
- 45: Hy kan met 'n oogopslag sien sy goeie brandewyn het seergekry vandat hy sesuur vir hom 'n sopie ingeskink het.
- 76: 'Als wat uit 'n bottel se bek kom, is lekker. Bring glase dat ek vir jou iets kan gee dat jy beter kan voel.'
- 76: Hy haal nie die koerantpapier af nie, draai net die bottel se dop af en gaan na die buffet waar hy en Kleintjie gelyktydig aankom en albei 'n glas neem.
... Met 'n bewerige hand skink Lep 'n kwartglas vir hom en 'n sterk dop vir Kleintjie in, maar sy sê: 'Ag, no man, Lep, you drink it like a pig; get some water.'
- 77: 'What do you do this for, Lep; this is your second. Sakkie, jy's darem maar rubbish ...'

4

- 36: 'Hy is verskriklik netjies; alles moet net op sy plek wees.'
... 'Orde — jy moet hoor hoe gaan hy aan daarvoor. Daniël, as jou kop georden is, is jou kamer georden.'
- 87: Geen dissipline nie. Impulsief. Dink nie aan môreoggend nie. Doen die eerste die beste ding wat in sy kop kom.
- 119: Die verskriklikste van die nag vir hom [Hugo] is dat hy totaal sy beheer oor homself verloor het. Hy vind dit onvergeeflik.

5

- 13: Boekrakke teen die mure is gevul met 'n verskeidenheid van Suid-Afrikaanse en oorsese stelle boeke — ensiklopedieë, Langenhoven tot by Totius en Theal, 'n verskeidenheid van Afrikaanse romans en Engelse werke soos biografieë en heelwat oor Hugo se vakgebied: ekonomie en finanswese.
- 14: Die onderste linkerhandse laai is vol slapbandboekies en met die uitlig van een daarvan sien hy dit en die ander is cowboy-verhale.
'A man of taste,' sê Sakkie in eerlike waardering vir dié leesmaak.
- 30: 'In die motorbesigheid, jong. Motorkarre, dis my ding.'
- 55: Sy sit 'n fotoverhaal en lees ...

6

- 73: Daniël merk dadelik die verandering in die sleutel waarin sy pa se stem oorgegaan het, al asof hy hom instem om by 'n ander groep sangers of musiekmakers aan te sluit. Hy voel asof hy die man langs hom skaars ken.
- 75: Hy fluister; vir hom iets ongehoords, maar met die betreding van hierdie dimensie het hy geen raakpunte nie.
- 77: Daniël is onseker hoe hy vrouens in hierdie situasie en in daardie soort klere aanspreek.
- 130: Die woord "tjom" uit sy seun se mond — dit klink vir Sakkie baie verdag.
- 149: Daniël laat al sy pa se kru taal sonder verzet verbygaan; hy praat nie meer daaroor nie. ... Sakkie kom dit nie agter dat sy soort taal al hoe meer uit die seun se mond kom nie.

7

- 14: Die onderste linkerhandse laai is vol slapbandboekies en met die uitlig van een daarvan sien hy dit en die ander is cowboy-verhale.
'A man of taste,' sê Sakkie in eerlike waardering vir dié leesmaak.
- 35: 'Hy sit agter sy koerant en hy krap in sy neus. As hy dink niemand kyk na hom nie, krap hy daarin.'
- 42: Sy weet alles oor Sakkie, ook dat hy in die tronk is ... Maryna het haar die dood voor die oë gesweer as sy ooit iets daarvan uitlap ... Hugo weet nie daarvan nie en dit is beter so; buitendien sal dit sleg wees vir sy naam as dit uitkom.
- 89: 'Ek dink nie jy vertrou my nie,' sê Hugo, '... net so min soos jou vorige man ... hoe lank was ons getroud toe hy tronk toe is ...? Maar jy sê niks nie ... ek is sommer maar net daarso ...'
'Dit is nie; dit is glad nie so nie. Ek het gedink jy sou my verafsku.'
- 191: 'Jy het jou toegesluit teen die waarheid; jy het dit al klaar gedoen ... Jy het jouself uitgesluit; Daniël is binnekant.'

8

- 76: 'Hoekom los jy ons nie uit nie, Sakkie? Hy sal als vannag wil klaarmaak, dan's hy weer môre uit die werk.'
- 78: 'Al wat gebeur sy ma moan oor haar bene die hele dag lank, moan ...'
- 87: 'n Ander slag het hy 'n rusbank in die voorhuis onder hulle uit verkoop ... Vandag baie, môre niks nie ...

9

- 28: Joey weet nie wat om te doen of wat om te beveel nie. Sy bedink haar tog en sê dan aan die swartman: 'Daniël is nie in die huis nie — gaan soek in die tuin, gaan kyk in die straat af. Op en af. As hy nie daar is nie, hardloop om die blok, kyk in die ander strate. As jy hom nie sien nie, gaan af na die busstop hier onder en kyk of hy nie weggeloop het nie.'
- 45: Sy begin vertel, ook hoe sy die swartman af bushalte toe gestuur het ...

10

- 44: 'Alfred kon my huis toe geneem het en weer vir jou kom haal het ...'
- 50: 'Ons gebruik Alfred sodat die twee van ons by plekke kan ingaan.'
- 51: 'Alfred. 'n Groot, sterk swartman. Met 'n kops op. Jy moet sien wanneer hy nie 'n hemp aanhet nie. Net spiere, soos Superman.'
- 58: Toe Alfred hom later skool toe neem, het sy vir hom koek saamgegee ...
- 118: Agter hom is sy motorbestuurder, Alfred. Vir die twee in die studeerkamer is die verskyning van die swartman agter sy werkgewer 'n skok, byna soos 'n klap deur die gesig. Hugo moes hom klaarblyklik op sy bed plat op sy rug gevind het, in afwagting op verdere bevel oor Daniël ... Die man het só, met min klere aan, 'n Apolloonse aansien — breë skouers, 'n bokser se gespierde arms ... Sy gesig is heeltemal immobiel, maar dit is die byna olyfswart velkleur oor die bedreiging van brute krag wat die meeste skrik aanja.
- 118: Alfred keer terug, maak die voordeur toe en met 'n knik van Hugo se kop stap hy deur kombuis toe na sy woonplek.

- 119: ... Alfred wat soos die aartsengel Gabriël die twee sondaars na die deur vergesel en wag dat hulle die poorte moet verlaat ...
- 155: 'Maak Alfred wakker dat julle met die ander kar hospitaal toe kan jaag.'

11

- 151: Sakkie praat 'n mengsel van Fanagalo en Zoeloe met die man ...
- 152: 'Ek het nie geweet jy praat hulle taal nie.'
- 156: Sakkie verduidelik aan die swartman, maar dié skud net sy kop. Hy sit net roerloos; dit lyk nie eens of hy die vraag gehoor het nie ... hy het nie meer enige verband met die witmense saam met hom nie.

12

- 152: Sakkie steek sy hand in sy binnebaadjiesak en trek 'n tienrandnoot uit ... Die geld maak dinge reg en die wag skyn dat hulle verby die route agtertoe kan loop.
- 156: Hy haal 'n pers noot uit sy binnesak — vyf rand. Toe spring die swartman op.

13

- 158: Dit word onmiddellik gevolg deur die hele lyf wat geweldig begin ruk en die swartman wat, steeds 'n vasgenaelde getuie, met die skreeu uitroep: 'Hy roep *abaphantsi* — die voorvaders.'
- 160: 'Ek het dit gevoel; hier aan sy nek. Die kind is dood. Ek weet hoe die dood lyk.'

14

- 161: Die swartman gaan sit op die kassie langs hom en hou sy hand vas ... Hierdie hulp bring naderhand bedaring — die hand wat syne vashou. Sakkie voel ook hy kan nie meer regop sit nie en hy sak af grond toe en met sy kop op die skoot van die swartman huil hy soos 'n kind ... Helderheid keer geleidelik na hom terug en hy lê 'n bietjie rustiger met sy kop op die swartman se skoot.

15

- 38: 'As hy nie die goed vir my gee nie, bring hy nie sy kant nie.'
- 88: 'Waarvan gaan ons leef? Hy het goed verdien, maar ons het nooit iets gehad nie ...'
- 115: 'Hy het nie vir ons gesorg nie ...'
- 145: 'Die seer is as jy in jou kind se oog kyk, of in jou vrou se oog en hulle vra vir jou waar's die geld dat ons iets kan koop, ons het niks nie.'

16

- 10: 'Ek het altyd gedroom oor 'n plek soos dié. Lank gelede het ek altyd gedroom ...'
- 35: Sakkie het eenslag 'n brief van Teresa in die tronk ontvang waarin sy gesê het haar ma is weer getroud met 'n stinkryk ou. Die vergelyking tussen hom en hierdie stinkryk ou is by Sakkie 'n mindere obsessie.
- 68: 'Hulle vat alles van my af weg. Dan vat hulle my nageslag van my af weg. My kinders. My naam is niks werd nie.'
- 146: 'Ek wil ook maar 'n sukses wees in die lewe; 'n big shot.'

17

- 39: 'Daai huis van julle is die ene jop. Wanneer speel julle?'
- 23: 'Jou pa sê so. Hy het mos regte. Ons kan mos uitgaan as ons wil. Ek is groot en ek weet wat ek doen. Weet ek nie wat ek doen nie?'
- 52: Hy haal sy rol note uit sy sak en hou dit sodat die seun dit kan sien. 'Kyk, dêm baie, nè,' en die trots skyn in sy stem.
- 71: Sakkie spring op asof 'n perdeby hom gesteeke het; hy begin sommer reguit loop, straat toe. Sy hande praat, hy praat: 'Sakkie Morgan chicken; Sakkie Morgan chicken ...'
- 72: 'Ons gaan na iemand toe wat jou sal sê ek is nie chicken nie; dis waarnatoe ons gaan.'

- 78: 'Kleintjie Os, hou jou bek van my kind af, ek kyk agter hom ek weet wat vir hom goed is, hy kry pille wanneer sy pa sê hy moet ...'
- 83: 'Is ek chicken, hê?'
... 'Jy is nie chicken nie.'
'Ek het jou mos gesê.'
- 96: En Sakkie pak lekker uit oor sy jop waar hy dinge en installasies opgepas het, vir al die karre gesorg het en hy die plek soos die agterkant van sy hand ken; dat Suid-Afrika-huis in Trafalgar Palace is en passasiersbote in die Teems opvaar.
- 98: 'Lyk my jy is bang.'
Sakkie ly nie net aan vooringenomenheid nie; Maryna se oordeel oor hom breek nog soos suur wind uit sy binneste op.
- 104: En Sakkie kry lekker. Om die gevoel te hê om towenaar te wees, so asof hy aan dinge raak en hulle word goud.
- 106: ... die bleek kind begin op die krop van sy maag lê; elke verwysing daarna is 'n klap na sy vaderskap.
...'Ag, nee, hel, wat jaag julle die kind in, ek weet wat hy moet kry ...'

18

- 18: Iets het in hom gebreek en die trane loop uit sy oë. Die trane loop in twee strepe oor sy wange en hy word daarvan bewus dat die seun se arms om sy nek is. Hy druk sy kop teen die kind se bors.
- 69: 'Ek het nie meer 'n vrou nie; dis nog oraait. Ek het nie 'n jop nie; dis nog oraait ... Maar dan vat hulle jou oudag weg.'
- 101: As hy terug in sy sel was, het hy miskien in sy hoek gesit, regop, en die trane het sonder geluid oor sy wange geloop terwyl gedagtes oor wilde diere en dinge deur hom gaan — hy was nooit sterk genoeg nie; hy het dit geweet.
- 126: Hy wil nie hê Daniël moet sien daar is trane in sy oë nie ... Dit is die eerste keer ná baie jare en baie swaar dat iemand hom pa noem.
- 147: Hy maak sy oë toe en ruik soos 'n dier aan sy eie eensaamheid. Hy ken die reuk, maar het nog nooit gewoon geraak daaraan nie. Daarom bly hy maar waar hy is; daar is ten minste iemand langs hom.
- 170: Sakkie sê hy het hulp nodig, kan die tronk nie meer vat nie. Terwyl hy praat, loop die trane oor sy wange ... sy kan nie onthou dat sy hom ooit tevore so gesien het nie, so stukkend. Hy huil opnuut as hy oor die begrafnis uitvra en sy vertel.
- 187: Sakkie het te veel emosies; snaaks haar pa of enige ander mansfamilie sy het nooit trane by hulle gesien nie; toe hy vir die eerste keer uit die tronk is het hy voor haar gekniel sy trane het in strome geloop sy gesoebat sy wou opgooi.

19

- 33: Elkeen het iets ekstra uit die huwelik gekry — sy: finansiële sekerte en lewensvastigheid ... hy: 'n warm en toegeneë mens in die huis, lojaal en pligsgetrou jeens hom ...
- 38: 'Sy sê dis sy jop om vir ons te sorg; en dis haar jop om vir hom te sorg en sy vrou te wees ...'
- 52: 'Sy sê vir hom — hardloop jy die kantoor; ek sorg vir die huis. Maar as hulle stry, is dit net een, twee, drie en sy's in 'n hoek.'

20

- 43: Maryna se reëlins het nog nooit tevore skeefgeloop nie ... Hy sal indringend met Maryna hieroor moet gesels.
- 44: 'Jy't gebrou met jou reëlins; ek hou nie daarvan nie, jy doen dit nooit nie.'
- 65: 'Vrou!' roep hy met groot drif, 'kan jy nie end kry nie? Jy het die man in die huis toegelaat en weer uitgesit; jy het die reëlins getref ...'

21

- 26: Sy [Joey] is 'n ontvangsdame by 'n algemene praktisyn in die stad en sy het Maryna ontmoet toe hulle buurvroue in 'n woonstelblok in Braamfontein was, albei geskeide vroue wat hul eie lewe moes vind.
- 33: Hulle verhouding het in sy kantoor begin waar sy sy privaatsekretaresse geword het — haar derde betrekking sedert haar egskeiding.
- 152: 'Ons praat oor karre; jy vertel hoeveel karre jy al verkoop het; my ma praat oor wat sy by die huis gedoen het.'

22

- 7: Hy voel hierdie vreemde, wonderlike vrou se soel parfuim soos sagte watte teen hom vryf ...
- 15: Die oppervlak van die glasblad het sy gewoonlike vroulike toerusting van flessies, buisies, borsels en sulke dinge ...
- 32: Sy had altyd plesier by die aanskoue van haar man, Hugo, op 'n verhoog. Sy vind hom steeds aantreklik en opwindend ... In die reël proeer sy volg wat hy sê om dan later gepaste hoewel enkelvoudige vrae te stel.

23

- 34: Bowenal was sy bly om 'n fort te vind vir die bewaring van die juweel in haar lewe — Daniël.
- 47: 'Ek is 'n goeie ma. Ek wil my kind beskerm.'
- 48: Die huis en die erf is groot; soms druk die verantwoordelikheid van haar rentmeesterskap oor al die goedere in die huis wat haar man se geld gekoop het, op haar. Nie haar goed nie, nie heeltemal nie.
- 68: 'Sy het gesê as ek sy naam dra, sal dit eendag beter vir my wees.'
- 141: 'Toe Hugo terugkom, het ek gesê ek het self afgestof toe val en breek dit en hy het gesê ek vat altyd raak my hande staan vir niks verkeerd nie ek het mos nie bottervingers nie ek kon tog versigtiger gewees het ... ek het aan Teresa gedink.'

24

- 24: 'As ek nie hier is nie, bly hy nie in die huis nie ... Hy kan Daniël buitekant hierdie huis te sien kry op 'n plek waaroor ons onderling besluit het.'
- 84: Daarby die gevoel dat hy [Hugo] buite gehou word; iets waarvan hy nie deel is nie maar moet wees — die seun is immers tog syne.
- 86: 'Ek voel my aan die buitekant.'
- 89: 'Ek dink jy vertrou my nie,' sê Hugo, 'ek dink jy vertrou my glad nie, net so min soos jou vorige man ... ek is nie die moeite werd om jou las te deel nie ...
'Die man buitekant, die man wie se reaksies nie vertrou kan word nie; hy sal dink jy's 'n dief, en dan maar deur middel van die kind die een of ander soort kleim afpen ... is dit hoe dit is?'
- 90: 'Jy weet nie hoe dit is om altyd aan die buitekant te staan nie. Aan die buitekant van jou en Daniël. Ek het geweet daar is iets — al die jare. Iets waarmee jy my nie vertrou nie ...'
- 91: Hulle praat nie met mekaar nie; Hugo weet nie of hy nader aan die oplossing van Daniël se verdwyning gekom het nie; hy weet Maryna het van hom weggegly.'
- 122: 'Ná ses jaar kom steel hy hom — 'n kind aan wie hy nooit geskryf het nie. En wat het hierdie inkwisisie van Hugo gehelp?'
Die twee manlike oortredings is ná genoeg aan mekaar dat sy met gemak van die een na die ander kan spring.
- 124: 'Hy speel met my seun se lewe in die middel van die nag om hom na allerhande soort nonsens te laat luister,' roep sy [Maryna] uit.
- 137: Hy kan, in hierdie uiterste uur, haar wantroue jeens hom voel. En hy kan sien dat sy haar in die warboel van haar seun se kamer verskans het.
- 191: 'Jy het jouself toegesluit teen die waarheid ... Die sleutel ... Jy het jouself uitgesluit; Daniël is binnekant.'

25

- 42: Trouens, sy [Joey] is een van die weiniges in Johannesburg onder die groep mense wat gewoonlik met die Van Wyks in aanraking kom, wat weet van hierdie ongelukkigheid.
- 92: Sy soek eerder die een of ander soort beskutting, soos Joey se plomp arms om haar.
- 112: Joey se arm om haar skouer was 'n vertroosting.
- 113: Joey se hand het haar kop gelig en teen haar vasgedruk. 'Ek is jammer,' het sy gesê; sy kon Teresa se harde stem duidelik in die gehoorbuis hoor.
- 119: Joey langs en skuins oorkant haar hou albei haar hande vas. Dit is so 'n vriendskaplikheid en so 'n gerusstelling, Maryna sal dit moeilik vind om haar gevoelens daaroor in woorde uit te druk.
- 121: Maryna wil haar gesig in haar hande verberg, maar Joey hou hulle vas; dan laat sy haar kop op Joey se hande rus.
'Ssjj ...' sus Joey, 'die Liewe Here sal hom veilig huis toe bring.'
- 171: Hy wil graag sy vrou vir 'n ruk saam met Joey kus toe stuur sodat sy van die skok kan herstel.

26

- 46: 'Ek kan nie begryp hoe jy so iets kan doen nie,' sê Hugo. 'Hy kom hierheen om sy seun te sien. Op sy verjaardag. Met 'n geskenk. En jy sluit hom uit en sê die seun is nie tuis nie, terwyl die seun die hele tyd in sy kamer is ... Jy kon hom hier by die seun laat bly het. Ook sy seun.'
- 119: ... dit wek 'n soort wrewel en aversie teenoor Hugo by haar op ... Die man wat daar staan — sy wou nie met hom gaan praat en hom allermins konfronteer nie. Dit was alles sy skuld; hy het aangedring dat sy Teresa skakel.
- 167: Daar is 'n soort oerverdriet op sy vrou se gesig, asof al die smart van die hele wêreld op haar rus. Daarby is iets wat hom dadelik tref en hy weet hy is nie verkeerd nie; hy sien wantroue raak wanneer sy vrou na hom kyk ...
- 182: Hugo lê op sy sy langs haar ... Hy probeer so hard en sy wil net toon dat sy van sy pogings bewus is, veral vandag — al is dit net 'n wilsbesluit.

27

- 38: 'Wat noem jy hom?'
'Niks nie; hy's nie my pa nie.'
- 69: 'Daar is nog Teresa ...'
'Sy is 'n meisiekind; sy sal iemand anders se van vat. 'n Meisiekind ... Al wat sy doen, is sy praat net oor haar en haar boy friend. Jy weet niks nie, man. 'n Man en sy seun.' Sakkie klink driftig.
- 129,130: 'Ek het net een tjom — net jy.'
... 'En jou ma?
'Sy's net my ma.' Die seun sê dit met meer as gewone klem.

28

- 100: 'Jaag 'n klomp wilde diere saam in een plek, hulle byt alles, enigiets wat voorkom. Ook hulle tjomme.'
- 102: "'n Dier kan jou hand ook lek.'
'Wanneer?'
... 'Wanneer Daniël in die leeukuil loop.'

29

- 120: 'Ek verduidelik toe vir hom die barmitswa en vra hom wat hy gaan doen as hy eendag groot is. Toe sê hy hy is klaar groot hy gaan in die donker loop. Jy weet mos hoe hy dit soms sê — dit klink soos evangelie. Toe vra ek vir hom hoekom in die donker, jy kan mos nie sien nie. Hy sê toe: "Jy kan as jy hard genoeg kyk."
— 131: 'Wat wil jy doen?'
'Wanneer?'
'Nou, of course.'

'Ek wil in 'n tonnel loop.'

'What next? Ons praat weer oor Liewe Jesus.'

'Hy hoor alles ...'

- 187: Pase, Christus het opgestaan, sy is altyd by sy graf, maar hy sit nie sy arms om haar nek nie.
- 190: 'Hy was 'n koning,' antwoord Sakkie.

30

- 52: Al wat hy soos die Bybel lees, is die weeklikse Racing Form.
 - 121: '... ek het die hele aand al probeer bid, maar ek kan nie. As ek dink aan iets om te sê, voel ek net ander goed in my opkom — alles oor Sakkie en goed. Toe hy en ek bymekaar was, het ek baie gebid. Ek moes. Ek het nooit geweet waar ek was nie ... Maar dan bid ek ernstig en dan gebeur iets. Nou kan ek nie; dit het alles doodgegaan ...'
 - 128: 'Gaan jy nie kerk toe nie; sê jy nie jou gebedjies op nie?'
- 'Kyk, boytjie, dis my besigheid; ons praat anderdag daarvoor.'
- In die tronk het party ouens gesê jy moet dōnners hard skreeu voor Liewe Jesus hoor. Voor hy geleer het saggies huil, het hy gewonder of die Here sy sing hoor. Later het hy nie meer daarvoor geworry nie ... As Liewe Jesus hoor, oraait; as Hy nie hoor nie, ook oraait.
- 'Blaas Liewe Jesus weer in jou as jy uitgeblaas het?'
- Sakkie kan die strekking van die gesprek nie meer verduur nie en spring op.
- 142: '... moet 'n mens hieroor bid? Miskien sou my pa vir my gesê het wat om te doen; ek was baie lief vir hom ...'

31

- 184: Sy het haarself al so dikwels betrap dat sy met Daniël praat, van binne-uit, asof hy onder die swart marmar woon en nie iewers heen verhuis het nie. Nie in 'n onbereikbare plek soos die hemel nie, waar dit ook al mag wees.
- 186: God is onregverdig, sy het genoeg reeds moes verduur, ook voor sy dood.
- 187: Sy het 'n kers gekoop en rondom die katedraal gegaan by elke Stasie van die Kruis, dit was so 'n verskriklike gemis sy wou vir iemand vra 'n priester om 'n paar gebede vir haar seun op te sê waar hy ook al is; sy is 'n Protestant hulle bekommer hulle nie oor die dooies nie en karring altyd oor die lewendes ...
- 188: Geloof is verskriklik privaat; kan iemand vir jou voorsê? Hy is weg, die enigste skakel is die papnat graniet.

32

- 184: Sy wil vir hom skreeu, met 'n klip gooi, die onreinheid voor die sakrale skoonheid van die dood verwilder.
- 185: Sy sal 'n tuinslang moet gaan leen en in die reën die knieplek afsput, dit skoonsput ... daar behoort iets te wees wat dit verbied ...
 - die profanasie, vir die derde keer, soos 'n Oosterling, buig hy ...Sy is seker hulle sal hierdie sirkus voor die graf met haar in verband bring ...
- 186: Sy sal sy onbehoorlike onrespektvolheid altyd onthou.
- 188: ... agt, wat sou deur hom gaan om so met die skouspel voort te gaan? Sal iemand daardeur beïndruk word, behalwe om te weet die man is mal.

3.7 Fiela se kind

1

- 46: 'Hoekom is 'n mens wit of bruin, Ma?'
- 'Vra jy my nou die Here se geheim?'
- 268: Ouderling dokter Avis van die dorp het kastig kom Matigheidsbond onder die bruinmense stig ...
- Soos sy die wêreld deurgekyk het, sou daar Matigheidsbond onder die wittes ook gestig moes word.

- 275: 'Die grond wat ek jou gee, is net 'n begin; woel solank die vere hou en koop nog grond aan sodat jy sterk staan as hulle die dag agter jou rug sê: 'n meid het hom grootgebring.' 'Moenie so praat nie, Ma!' 'Ek sê jou maar net wat jy te wagte kan wees. Ek en jy weet wie daardie meid is ...'

2

- 18: 'Maar dit het jou nie die reg gegee om hom te hou nie. Dis 'n wit kind!'
- 19: '... jy het 'n wit kind op jou werf en tussen jou ander kinders in die huis en jy weet net so goed soos ek dat dit nie die regte ding is nie.' ... 'Dis 'n verkeerde ding hierdie.'
- 152: 'Nee, baas Petrus, nou praat jy mis. Praat die waarheid van jou hart en sê: omdat Benjamin 'n wit optekind was. As hy bruin was soos ons, het g'n kraai sy bek daaroor gerek nie.'

3

- 14: 'Ek het skoling gehad ... Ek is die haneboek deur en die Trap der Jeugd ook, as julle wil weet.'
- 15: 'Dis my grond ... Ons is nie pagters nie. Ook nie werfvolk nie.'
- 57: 'Vir ingeval die magistraat vra of jy geld het. Sodat hy kan sien die Komoeties is nie kaalbas nie.'
- 125: 'n Komoetie lê liewer agter 'n bos met sy kop op 'n klip as verleë op 'n ander se kooi.'

4

- 50: Sy het geweet hoe die kloekhen voel as die valk in die lug kom hang en daar is geen skuilte vir haar om heen te vlug nie. Al wat vir hâar oorgebly het, was om te pleit.
- 91: 'Ek sê vir jou, as jy voor 'n witmens verleë staan, moet jy laag buk. Seil soos 'n slang deur die stof en jy maak dit vir jouselwers makliker, en jy kan jou altyd agterna weer afstof. Maar as jy eers parmantig geraak het en hulle moet jou stof toe stamp, is jou saak verknoei.' Selling had reg.
- 93: ... dit was maar net dat hy 'n slag vir Petrus wou wys dat ander hom ook wou hê. Op dié manier kan jy 'n witman lank verleë hou. Veral 'n goeie witman.
- 127: Selling het gesê sy moet seil soos 'n slang. Sy sou soos 'n slang waarvan die rugstring vermorsel is, *krul* as dit moes ...
Wat het hulle met die kind gemaak? ... Wat gaan in sy binneste om? As die magistraat 'n man met 'n wit hart is, sal hy verstaan en sal sy soos 'n slang voor hom *krul*.
- 130: *Seil soos 'n slang, Fiela! As jy voor 'n witmens verleë staan, moet jy laag buk.* Sy sou op haar knieë in die gang af kruip tot by die magistraat, solank hulle haar net nie so sonder weet los nie.

5

- 17: Here, het sy in haar hart geskreu, vat dan alles wat ek het! Vat die hele lot, maar moenie vir Benjamin vat nie!
- 50: 'Hy's so vas aan my, baas. Hy's maar nog net 'n kind en hy't min wil. Ons is sy wil en God kyk op ons af en Hy skryf iedere traan op wat 'n kind deur onse wil stort. Het baas dan nie 'n hart nie?'
- 149: 'Ek staan nie vandag hier voor weledele heer vir myself nie, ek staan vir 'n kind. God vergewe ons baie, maar God vergewe ons nie die kwaad wat ons 'n kind aandoen nie.'
- 153: 'Maar ek sê vandag vir julle: as Benjamin soveel as 'n skraap oorkom, skeur ek die wêreld met julle en al uitmekaar!'
- 196: En net God het geweet hoe flenters sy was. Haar mooie kind. Haar Dawid.
- 197: As jy jou kinders moet afgee, is alles anders niks.

6

- 10: Selling moet sy deel doen, niksdoen is kwaaddoen se beste broer.
- 17: 'Dis nie nou die ou klomp Laghaans daar onder met wie julle te doen het, wat van heuningbier en leeglê leef nie.'

- 23: Sy het almal onder die peerboom aan't dasvelle brei gehad, want daar moes ten minste twee nuwe dasvelkomberse voor die winter klaarkom.
- 27: 'Die prys loop hoër en hoër en daar moet geld in die trommel onder die kooi wees as die Laghaans die dag tot niet gesuip is ... Ek wil die Laghaans se huurgrond bykoop.'
- 197: Sestien pond 'n kuiken het die man van Oudtshoorn af haar vir die laaste sestig ses maande oue kuikens gegee. Amper 'n duisend pond. Die Laghaans se huurgrond het sy vier jaar gelede al uitgekoop ... Die grond het sy saam met Wolwekraal laat inhein en self bewerk.
- 270: Die meeste mense het nie meer moeite gedoen om alwee te tap nie, die vere was genoeg. Sy het vir Dawid gesê hulle moet maar tap; die prys is goed en daar moet weggesit word vir die dag wanneer die vere val.

7

- 73: 'Vandag moet ons maak soos dit die wil van die magistraat is, want sy wil is die wet ... Hy moet 'n goeie impressie van ons kry; mens weet nooit wanneer jy vorentoe weer voor hom moet gaan staan nie.'
- 112: 'Die magistraat sê hy sal gereeld laat verneem.'
Vandat hulle die kind loop haal het, het Barta die magistraat op die brein. Dis soos 'n vrees in haar.
- 139: 'Maar die bloedstraal oor sy gesig, Elias?' het sy verskrik gevra. 'As die boswagter dit sien en dit vir die magistraat loop sê, is jy in die moeilikheid.'
- 160: 'Mister kan die magistraat met 'n skoon gemoed loop sê lat dit goed gaan met hom ... En sê vir die magistraat ek en Barta stuur vir hom in eerbied groete en dank vir alles wat hy gedoen het.'
- 161: 'As Lukas vandag hier was, was jy in die moeilikheid, Elias. Al die merke van die slae is nog nie van sy bene weg nie.'
- 186: 'Dis onse boswagter van Diepwalle af, mister Kapp'. Iets was weer nie reg nie ... hulle pa het bly rondspring met geen teken van sy rug wat nie meer wou buig of sy bene wat nie meer wou loop nie. Elke woord was heuningsoet.
- 188: 'Nie so teen haar arms nie, Elias! Nie teen haar arms nie, dit sal merke maak.'
- 303: 'Ek was so bang en deurmekaar, ek kon nie dink nie, toe't hulle die deur oopgemaak en my in die kamer ingestoot en toe staan die ry kinders daar en die een in die middel het 'n blou hempie aan.'
- 309: Die beste sou gewees het as Barta niks gesê het nie. Ná soveel jare kon sy maar stilgebly het, niemand sou iets agtergekom het nie, maar nou wou sy konsuis haar siel staan skoonkry en magistraat toe gaan. Hy het reguit gesê hy gaan nie saam nie ...

8

- 174: 'Elias van Rooyen laat nie met hom van 'n bruinvel mors nie!'
- 175: 'Julle sal sien, een van die dae is Elias van Rooyen 'n ryk man!' het die man die aand aan tafel gespog.
- 240: Hulle dink hy sal hom laat onderkry van maaksels, maar hulle het vergeet dat Elias van Rooyen 'n man is met 'n kop vir 'n plan.
- 241: '... maar julle sal nog sien waar kom Elias van Rooyen uit as hy hom eers klaar vervies het! ... Ek staan nie ingeboek by die houtkopers se winkels op die dorp vir skuld soos die ander nie.'

9

- 139: Hy het hom met die osriem vasgemaak en net genoeg riem tussen sy bene gelaat om klein treë mee te gee.
- 142: Die man het boste hare gevat en opgelig en afgesny soos jy koring met 'n sekel sny. Party gerwe korter as party.
- 188: Toe dit te donker word, het hy die kers opgesteek, die osriem gevat en haar arms teen haar lyf vasgebind en met 'n tweede riem haar voete aanmekaar gebind.

- 279: Die ergste was die haat en verwyd in die twee hol oë op die bed wat hom bly aankyk het.
'Dag, Pa.'
'Hond!'

10

- 3: 'n Man sukkel tot sy kinders die dag groot genoeg is om te kan help en hy sou nog lank moes sukkel.
- 29: Hy had twee seuns wat help kos inbring, dit was nie langer vir hom nodig om hom dood te werk nie. Willem had hy by Martiens Willemse in die span en Kristoffel by Soois Cronjé ...
- 72: Martiens het kom sê as dit dalk Lukas is, sal hy vir hom ook plek maak in die span ...
- 188: 'Sy's 'n ondankbare maaksel ... Die boswagter het kom sê dat hy vir haar werk op die dorp gekry het, vier sjielings die week en kos en klere daarby, en plaas dat sy op haar knieë gaan, gaat sy te kere soos 'n vark wat geslag word!'
- 189: 'En die geld is nie myne nie, dis Pa s'n!'
- 203: 'Ek dank hom dat Bet se pad na Johannes Botha toe oopgegaan het, want anders het jy ook vandag vir 'n skoonpa in die span gestaan. Soos Willem.'
- 213: ... want die hele ding het tog maar gedraai om die geld wat nie huis toe kom nie. Nie om Nina nie.

11

- 1: ... en buitendien was hy nie 'n man wat daaraan geglo het om homself vroegtydig in die lewe te verinnuweer nie ... 'n Man het net een lyf en dié moet lank uitkom. Hy het liewers aan 'n goeie plan en 'n bietjie geluk geglo ...
- 2: ... die balke se geld was ook maar net genoeg om van te leef as hy sy eie vleiskos in 'n strik gevang het. Maar balkemaak was darem baie ligter werk as houtkap ...
Hy het Barta met die koffie hoor kom, vinnig die handbyl gegryp en die steel aandagtig bekyk soos een wat besig is. Barta kon nie verstaan dat 'n man soms moet stilsit om te dink nie.
- 29: Elias van Rooyen het op die stomp voor die agterdeur gaan sit sodat hy kan dink. 'n Man kan nie sy kop by sy werk hou as daar groot dinge in sy kop woel nie.
... Hy had twee seuns wat help kos inbring, dit was nie langer vir hom nodig om hom dood te werk nie.
... want 'n man raak moeg van balke maak.
- 241: 'Jy was van kleintyd af lui vir werk.'

12

- 89: Hulle het sy trommel oopgemaak en van die kos wat sy ma ingepak het, geëet.
- 104: Want die Willem-seun het met Dawid se baadjie aan iewers gaan houtkap, die trommel was kombuiskas en sitding, en sy slaaphemp is vir die meisiekind gegee wat dit soos 'n rok dra. Wat van sy skoene geword het, weet hy nie.
- 140: Kristoffel het sy verlore skoene aangehad en Willem het nog steeds Dawid se baadjie gedra.
- 176: Willem het die baadjie waarvan die moue langer gemaak was, aangehad en die velskoene ook. Die man en die vrou het snags onder die dasvelkometers geslaap en van die klere is ook vir Kristoffel gegee.
- 280: 'Daar's vleis in die sak.'
'Vleis?' Dit was of daar lewe in haar kom.

13

- 112: 'Ek sê vir jou, hy was te lank onder die bruingoed. Dis wat dit is. Om darem jou eie vlees en bloed te hoor "baas" sê vir 'n ander witman is nie lekker nie.'
- 119: 'Dit moet maar aardig wees om tussen bruingoed groot te geword het en dan skielik weer te moet wit wees.'
- 136: Hier sou hy weer wit gemaak word en leer om te luister. Dit was nie die Lange Kloof nie.
- 138: Dit was meer as wat 'n man kan staan. Dat jou eie vlees en bloed jou soos 'n bruinvel baas noem!

- 174: 'Die bruinvel is weg en ek het vir haar en die een wat by haar was, gesê as hulle weer 'n voet op hierdie eiland sit, gaat ek magistraat toe en laat ek hulle vang. Elias van Rooyen laat nie met hom van 'n bruinvel mors nie!'
- 174: 'Ek sal die osriem vat en nie ophou voor die laaste bruingeid uit jou uit is nie! Jy was net mooi op pad om weer witmens te word en witmens sal jy bly!'
- 177: 'Dit lyk my dis waar wat Pa sê, jy's nog nie weer heeltemal wit nie.' Die manier waarop Kristoffel dit gesê het, die afkeuring in hom, was soos 'n hou wat hom teruggestamp en eenkant laat val het.
- 181: 'Willem sê jy't nou weer wit geword, jy sal nie weer dros nie.'
- 309: Haar geluk dat die kind by bruingoed weggevat is, anders kon dit 'n lelike ding geword het. Immers sal die magistraat kan sê die kind was van daardie dag af onder witmense se sorg.

14

- 15: 'Weinig van julle bruinmense weet dit in elk geval,' het die dikke half vies gesê en die vlieë gewaai. 'Ons is nou amper veertien dae hier in die Kloof en ek weet nie of daar drie bruinmenshuise was waar hulle van hulle eie dinge geweet het nie. Hulle moes óf die baas loop vra óf ons moes raai.'
- ... 'En jy, atta?' het die lange gevra. 'Tydens watter pes of ellende is jy gebore?'
- 16: 'Dis amper snaaks. Gewoonlik is die aanhangsels meer as die huismense self.'
- 18: 'Ek dink jy lieg.'
- 27: 'Hy sal jou nooit nog agt morge laat bykry nie, hulle wil nie meer stukkies grond in bruin hande sien nie.'
- 33: ... daar is van die Engelse op die dorp wat wit meisiekinders invat om kinders op te pas.
- 51: 'Die magistraat wil net die kind vir die bosvrou wys, maar nou moet ek my van 'n bruinvel laat staan en beledig. Ek het nou genoeg gehad.'
- 67: 'Die hale oor jou bene, boet,' het die vrou gevra, 'het hulle jou so geslaan? 'Nee, mies.' Sy was seker laf.
- 102: Klein Koos Wehmeyer se vrou het laat weet dat sy wat Fiela is, ook moes kom help. Sy het vir hulle laat weet om in hulle moer te vlieg ...
- 126: 'Ons mag nie na donker op straat wees nie. Antie beter ook maar af.'
- 164: 'Hy's wit. Wat dink jy sou gebeur het as Benjamin die dag vir hom 'n vrou wou vat? Wie in die Kloof sou hom vat?'

15

- 11: Sy het die wyfie by Koos Wehmeyer geruil, en sy kon seker geweet het Koos sou nie sy beste werfwyfie uitgesoek het nie.
- 24: ... maar dit was al of daar 'n ekstra beneuktheid in die wyfie is. Seker ook dié dat Koos Wehmeyer nooit weer oor die ander karwats gepraat het nie.

16

- 23: 'Petrus Zondagh sê ek moet hulle nog altyd weghou van mekaar af ...'
- 26: 'Fiela, jy moet met baas Petrus praat oor die kind, hy sal raad weet. Hy's 'n goeie man.' 'Nee ... Petrus Zondagh vra my nie raad oor sy kinders nie en ek vra hom nie raad oor myne nie.'
- 93: Toe Tollie gebore is, het Petrus self kom praat, en die Januarie is sy en Selling getroud. Petrus het self die troukar gery en hulle vyf pond vir 'n begin gegee.
- 153: 'Jy staan soos die magistraat, Petrus Zondagh! Ek kan julle nie roer nie, want julle staan met die wetboek in die hand en bôggerol in julle harte.'
- ... Sy het verleë gestaan voor Petrus. Hy was nie vir haar witgod soos vir Selling nie, maar hy was 'n man van woord en van aansien ... Dit sou ook nie die eerste keer wees dat hy vir haar uitkoms is nie.

17

- 22: 'My pa het my gehelp, baas.'
Sy het hulle vinnig na mekaar sien kyk oor die baas. 'Hy praat agter ons aan, dit kan nie anders nie.'
- 55: 'En onthou om nie vir die magistraat baas te sê nie. Jy sê vir hom: my heer!'
'Is hy die Here?'
- 59: 'Jy sal moet afleer om baas te sê, jy's nou tussen-witmense.'
'Ja, baas.'
Hulle het aan mekaar gestamp en gelag. Sy ma het gesê hy moenie vir die magistraat baas sê nie; sy het niks van die ander gesê nie.
- 60: 'Asseblief, baas, ek wil afklim! Ek wil huis toe gaan!' Hulle het hulle nie aan hom gesteur nie, net gelag. 'Asseblief, baas!'
- 65: 'Ek weet nie, baas!'
'En ek weet nie hoe hulle jou ooit weer gaan wit kry nie. Jy moet leer om "oom" te sê! Jy's wit, jy's nie bruin nie!'
- 67: 'Dis te vreeslik, Ebenezer, hy noem my *mies*. Nes 'n bruinmens.'
- 81: 'Baas, asseblief.'
'Ek wil nooit weer hoor dat jy daardie woord *baas* gebruik nie! Jy is 'n wit kind en jy sal leer om soos 'n wit kind te praat.'

18

- 94: Die dag daarna het die klomp Laghaans begrafnis gehou asof dit Nuwejaar is. Hulle sê net die predikant was nugter.
- 126: 'Sy Honour het my laas vier houe laat kry vir dronk en lawaai. Ek mind nie, dis net lat dit Nuwejaar was.'

19

- 94: Toe hy daar kom, het hy twee van die Laghaans gekry, besig om die skaap keel-af te sny.

20

- 94: ... en toe kom dit uit dat Selling vir Kies Laghaan met die mes gesteek het ...
- 308: Dronk gewees en mes gesteek.

21

- 198: Kittie was nog by die huis. Sy en klein Fielatjie, die voorkind wat sy van John Howell se werfkneg had ...Die hele Kloof was al vol kleintjies van daardie skepsel ...

22

- 152: 'Jy kry bruin en bruin soos jy wit en wit kry, Petrus Zondag. Moenie om die waarheid kom loop deur dit te vergeet nie.'
- 166: Sy het nooit gesê hy is sleg nie. Al wat sy gesê het, as sy vir hulle gepreek het, was dat daar baie is wat sleg is en min wat goed is. Dat goed partykeer kan afbuk na sleg toe, maar dat sleg nooit kan opbuk na goed toe nie. Nee, dit was nie oor hy wit is dat sy nie gekom het nie.

23

- 85: ... dis net dat ek hierdie keer nie meer 'n jongmeid is nie ...
- 92: Sy was 'n jongmeid en mooi ...
Al wat 'n jongmeid was, het bedags by die winkel op die kruis loop drentel ...
- 228: 'My ma was toe jongmeid en dis maar seemanne se ding: as hulle grond onder hulle voel, wil hulle vroumens ook voel.'

24

- 126: Toe sy omkyk, staan die oorlamse skepsel sonder voortande teen die tralieheining. Haar pa het altyd gesê as 'n skepsel só geel van vel is, is hy heuningdraer se kind. Outeniekwa.

Wildetyd se mense en maar ander dag eers makgemaak.

'Ek mog 'n antie wees maar ek is nie jôu antie nie,' sê sy vir hom en wys hom sy plek.

... 'Hier gebore, antie. Volbloed Outeniekwa.' Hy het trots geklink daarop.

- 240: Hy het Kristoffel die volgende dag gestuur om Hans Oukas bo by Diepwalle te loop roep. Hans is 'n mak Outeniekwa, maar hy weet van sy voormense se dinge. Hulle is erg oor hulle voormense.
- 241: As hy nie so verleë was oor die skepsel nie, het hy hom net daar onder die klippe gestee.

25

- 54: Bly by hom, hy's safter as ons, want hy's wit.
- 94: As dit 'n witman was wat Selling gemoor het, as dit Petrus Zondag was, as Selling Avontuur se opstal tot op die grond toe afgebrand het — maar hy is vir 'n Laghaan daardie môre geboei ...
- 308: En was dit nie dat hy die halsstraf kon kry nie, het sy gesê dis jammer hy het die slegding nie doodgestee nie, want sy het net so gesuip soos hy.

26

- 228: 'My ma mog bruin wees, maar my pa was 'n volbloed Noor en seeman op die teealers Foochow toe.' Hy het dit trots en meerderwaardig gesê.
- 238: 'Die kapteins soek wit meisies en hulle gaan vir haar kry.'
- 278: 'Ek is die enigste bruinvel in die Kloof met 'n wit broer en nou loop jy ook maar weer aan. Lyk my jy't te wit geword vir ons.'

27

- 67: Hy het geweet hy is wit, maar niemand het nog ooit vir hom kleinbaas gesê nie. As Dawid en Tollie daar was, sou hulle hulle slap gelag het.
- 88: Hy het geweet hy is wit en sy ma en sy pa en Dawid en Tollie en Emma en Kittie is bruin. Hy is die hanskind en daarom is hy wit.
- 166: Dawid het gelieg; hy het altyd gesê witmense kry eers agter hulle ore baard en dan op die gesig. Daar was niks agter sy ore nie. Hy is wit. Hulle bruin.
- 177: Reg, dit was nie sy ma en pa en broers en susters nie, want hy was wit en hulle bruin, maar dit het nie saak gemaak nie.

28

- 67: Die vrou het vir hom brood en koffie in die kombuis gegee en hy moes dit langs die tafel staan en eet. Daar was stoele.
- 214: 'Ek is nie jou tante nie. Ek is *miss Weatherbury*.'
- 215: Sy het hom nie binnegenooi nie, maar gesê hy kon op die bank onder die akkerbome langs die huis wag as hy wou.
- 305: 'Ek sal hom roep.' Sy het die deur toegemaak en weer gegrendel.

29

- 68: Die plek van die magistraat was soos 'n groot skool ... 'n Man het uit een van die klaskamers gekom en Engels gepraat met die lange.
- 127: En sy moes eers 'n ent verbyhou, want twee deftige vroue in lang fluweelklere en twee deftige mans het in die straat af gekom met 'n lakei al vooruit om die lantern te dra. Engelse mense.
- 130: 'Yes?'
'Ek moet met die magistraat praat, baas. Dis dringend. Ek het twee dae geloop om hier te kom.'
'Could you repeat that in English?'
- 215: 'Nina het hier kom werk vra en ek het haar om twee redes gevat: ... en ten tweede het ek gedink ek sou haar kon ophelp in die lewe deur vir haar goeie maniere te leer, herberg te gee en toe te sien dat sy haar beter versorg.'

- 247: Nadat sy by miss Weatherbury weg is, sou hy haar nek omgedraai het as hy haar in die hande kon kry, want dit was die grootste kans wat sy in haar lewe weggegooi het ...
- 252: 'Jy's veilig by miss Weatherbury, Nina. Bly by haar. As jy vir een keer in jou lewe die regte ding gedoen het, was dit om na haar toe terug te kom.'

30

- 313: Sy was 'n vrou. Hy het skielik gewonder watter mag daar in háár was wat hom so diep kon raak? Dit was dieselfde mag wat in Fiela Komoetie was wanneer sy oor Wolwekraal regeer het, wanneer sy 'n siek volstruiskuiken aangesê het om sy kop te lig, wanneer sy vir Selling geskerm het. Hy het dit een keer in Barta van Rooyen gesien, net een keer, toe sy erken het dat sy die verkeerde kind gevat het.
Die mag van 'n vrou is anders, het hy besluit; siu, vreesloos, veranderlik soos die see se buie, en hy het instinktief geweet dat dít die mag was waarteen sy eie gemeet sou word.

31

- 122: 'Jy kan Nina 'n pak slae gee, ek sal help om haar vir jou vas te keer, maar moenie vir Lukas slaan nie. Die magistraat kan enige dag 'n boswagter stuur om te kom kyk hoe dit met hom gaan en dan's hy vol merke.'
- 157: 'Barta, mister Kapp vra of Lukas tevrede is?'
'Hy's gesond en tevrede, mister Kapp,' het Barta skuweg gesê en weggekyk.
- 188: Iemand het die agterdeur van binne af toegedruk ... Sy ma het die deur net genoeg laat skiet sodat hy kon inkom ...
'Nie so teen haar arms nie, Elias! Nie teen haar arms nie, dit sal merke maak.'
- 251: 'Ma se sê het skynbaar jare gelede al opgegee, sy praat soos Pa wil hê sy moet praat ...'
- 303: 'Die man wat sy trommel gaan haal het ... het agter my in die gang kom staan ... en toe't hy in my nek gesê: Die een met die blou hempie aan. Ek was so bang en deurmekaar, ek kon nie dink nie.'

32

- 5: ' ... Anna moet die mans loop roep om te kom soek voor dit te laat word.'
'Maar hulle kap by Draaikloof, tante!'
- 7: Martiens het die vrousmense se werk ook uitgedeel. ' ... Tant Gertjie moet by Barta waak. Malie, jy en Sofie moet 'n groot vuur ... maak ...'
- 29: 'Het jy dan nie werk nie, Barta? Moes jy nie vandag gespít het nie?'
- 118: Sofie en haar meisiekinders het in die tuin gespít en dit het gelyk of Malie en tant Gertjie sit en matrasslope toewerk of iets ...
- 135: 'Tant Gertjie sê dis sonde voor die Here lat Pa my soos 'n seunskind op die steier sit.'
- 278: Tant Anna en tant Gertjie het wasgoed opgehang.

33

- 158: 'Dié meisiekind van my is mos nes 'n bok oor die Bos ... Nes 'n seunskind. Ek sê vir die vrou dis nie reg lat 'n meisiekind so moet wees nie, ons moet 'n plan maak met haar.'
- 169: Sy is soos 'n kat daar uit. Bo ... het sy omgedraai en net so rats weer afgeklim.
- 195: Toe Willem terugkom van die dorp af, sal hulle eers hoor dat ... die mense haar *weggejaag* het. Gio die een kind geklap en goed gesteel.
- 202: Hulle moet haar uitlos. 'n Mens kan nie jaar na jaar aanhou sukkel met een wat nie ore het nie. Daarby is Nina darem 'n meisiekind, en 'n meisiekind kan nie elke keer soveel skel en slae kry as dit ook maar nie help nie ... Of miskien is dit haar liefde vir die Bos wat hy nie verstaan nie.
- 215: 'Die oomblik dat sy klaar is met haar werk en veronderstel is om met haar borduurwerk te begin, loop sy eenvoudig die koppe in en ek sit met die verantwoordelikheid as sy iets oorkom.'
'Sy was maar altyd so. By die huis ook' ... Dis net dat hy Nina nie met 'n naald en gare kon sien sit nie.

- 217: ... 'n bosloerie hoor roep en in sy binneste gesê: Miss Weatherbury, jy sal vir Nina swaar in die huis gehou kry.
- 247: ... dit was die grootste kans wat sy in haar lewe weggegooi het en sy was te aстранt en onmoontlik om dit te weet.
... Nie hy of miss Weatherbury sou haar kon opgepas of ingetoom het nie.

34

- 312: Een man. Magtige bliksemse man. Nee. Daar is baie magtige bliksems. Een man se saad in 'n oomblik van vergete wellus en 'n kind staan voor Fiela Komoetie se agterdeur. Een man se woord en die kind is Lukas van Rooyen. Een man se bevel en 'n skip lê aan stukke op die rotse en 'n seeman hang magteloos aan 'n spaan ... Daar is mag in 'n man wat anders is as die mag van die see of van die olifant wat Elias van Rooyen op die eiland vasgekeer hou. In die mens is dit weggesteek waar niemand dit kan sien om te weet wáár dit sal slaan of wie dit sal tref nie. Net die mens het skynbaar 'n keuse — om te vernietig of nie.

35

- 164: Kittie en Emma het Selling aan weerskante beetgehad om hom regop te hou, maar vir een keer kon sy nie omgee of die swakte hom laat neersak en hy bly lê nie.
'As jy Benjamin met jou oë gesien het, baas Petrus, kon jy vanaand hier vir my kom sê het dit gaan goed met hom. Maar jy het hom nie gesien nie!'
- 197: As jy jou kinders moet afgee, is alles anders niks.

36

- 24: Enigeen wat ledig was, moes kampheining toe om met die wyfie te loop gesels. As dit die dag nie te warm was nie, het sy Selling se bankie laat aansleep heining toe en hom aangesê om die wyfie geselskap te hou solank sy hande werk.
- 27: 'Laat werk daardie hande, Selling!'
'Die moegte is vandag in my, Fiela, ek weet nie wat dit is nie.'
'Die son sit nog te hoog vir moegte kry. Werk!'
- 42: 'Skink die koffie, Kittie. Emma, jy moet sommer by die winkel ook aangaan en vir ons 'n emmer meel saambring. Benjamin, loop sê jou pa moet opstaan.'
- 43: 'Die wêreld kan nie vanmôre met jou draai nie, Selling. Rossinski kom anderweek en die karwatse en die velle moet klaar.'
Sy het vir hom 'n groot dop van die treksel ingegooi en twee lepels suiker ingeroer.
- 52: Sy het geweet hulle wag dat dit tot klaarte in haar moet kom, dat sy moet sê na watter kant toe ...
'Dawid!' Sy het loop staan waar hulle haar almal kon sien en hoor. 'Kry reg jou voete, jy moet dorp toe. Tollie, breek dunhout en pak 'n buitevuur aan vir warm water se maak. Emma, maak kleinvuur in die huis en hang vir ons kos oor. Kittie, loop haal die blik met die naaldegoed.'
- 83: 'Dawid, haal af die luike. Tollie, jy en Emma kan solank begin uitdra. Alles in hierdie huis gaan vandag son toe en skoon kom. Daar moet kos gehaal word vir die volstruise, daar moet geslag kom en die hoenders se pote moet vol lampolie kom ... Selling, jy kan maar solank buitetoë, die son skyn helder en die karwatse moet klaarkom.'
- 85: 'Gaan ons wag of gaan ons maar solank eet, Ma?' het Kittie gevra ...
'Ons wag.'
... 'Dan eet ons maar 'n stukkie,' het sy gesê toe die tyd vir eet verbygaan. 'Ons eet maar en ons sit sy kos op die kastrol.'
- 86: 'Wag net tot môre toe, Fiela.'
'Nee. Voor die son uitkom, is my voete in die pad.' Sy het geweet hulle weet hulle het nie stry teen haar nie. 'Moenie die bok saans te vroeg melk nie, Dawid. Selling, jy moet regmaak vir Rossinski. Kittie, kyk dat mister Rossinski iets te ete kry voor hy ry.'
- 143: Selling het sleg gelyk. Dit het moeite gekos om hom in die son te kry. 'Sit regop, Selling!' Sy moes haar eie hartseer agter harde woorde verberg. 'Vat daardie vel en brei hom, jy kan nie vir die res van jou lewe net sit en asemhaal nie!'

- 306: Fiela het hom altyd toegelaat om Kittie eerste voor te sê, maar op hierdie dag sou hy moes terugsit ...

37

- 14: 'Volle doopname en van?' Die lange het dit vir Selling gevra, maar sy het geantwoord.
- 15: 'Hy lyk vir my nie na gister se kind nie, hy lyk vir my bra sleg.'
'Hy't die swakte!' het sy vinnig vir Selling ingestaan.
- 21: Sy het Selling se voete sien verskuif en hom eers met haar oë gerusgestel voordat sy verder praat.
- 52: 'Benjamin gaan Knysna toe,' sê sy en sien Selling se hand uitgaan om oor Benjamin se kop te gaan lê. 'Dit kan nie anders nie.'
- 58: Toe Selling begin huil, het sy buite gaan staan ...
- 87: Selling se hande het om en om inmekaar bly draai. 'Fiela, as ek net die krag gehad het om saam met jou te gaan ...'
'Toe maar, Selling, ek sal regkom.'
- 134: Toe sy opkyk, het die trane oor Selling se gesig geloop en die kinders het verslae gestaan.
- 151: Selling se kop het soos 'n dronk mens s'n oor sy bors gerol en sy wou vir hom skree: Kyk op! Moenie dat hulle sien ons is verslaan nie!
... Selling se kop het weer regop gekom. 'Sê vir baas Petrus, Fiela, sê hom,' het hy verby al haar keer en haar trots gebars.
- 267: Die dokter het gesê sy moet kyk dat Selling iedere dag sy bene laat loop. Ná Dawid se dood wou hy nie weer op nie ... Maar as sy nie langs die huis kom sit en kyk ... nie, gee hy net 'n paar tree en sê dis geloop.
Net sy wat nie kon gaan sit nie, al was sy hoe stukkend van die smart.

38

- 15: 'Fiela Maria Apools ... In den huwelijk bevestigd met Selling Komoetie op 3 januari 1859.'
- 57: 'Vir ingeval die magistraat vra of jy geld het. Sodat hy kan sien die Komoeties is nie kaalbas nie.'
- 125: 'n Komoetie lê liewer agter 'n bos met sy kop op 'n klip as verleë op 'n ander se kooi.
- 140: Sý is die een wat gesê het net 'n dronk mens en 'n dooi mens gaan lê voor 'n opdraand. Nie 'n Komoetie nie.
- 198: Maar sy het gesê hulle kan nie staan opgee nie; hulle moes voort. 'n Komoetie gee nie op nie.
- 271: Sy het Dawid se klere uitgehaal en vir Benjamin gegee en sy flenters in die vuur gesmyt. 'n Komoetie dra nie sulke goed nie, het sy vir hom gesê ...
- 273: Dit moes nie vir 'n Komoetie nodig gewees het om vir 'n rondloper te werk nie.

39

- 39: 'Moes Pa neergooi?' het hy met ontsag gevra.
'Die laaste ding. Die handbyl, die kortsaag, die osrieme, alles. Jy moet môre loop kyk of jy nie iets kry nie ...'
'Wat van die kombes, Elias?' het Barta onrustig gevra.
'As die grootvoete jou skraap, kies jy nie wat jy wil los en wat jy wil hou nie, vrou!' 'Dis net lat ons so kort van komberse is, Elias.'
- 111: 'Miskien koop ek vir my 'n kombes. Die grootvoete het my kombes vertrap toe Pa moes neergooi om te hardloop.'
- 169: 'Maar die wit-els daar anderkant is 'n beter boom om te klim vir grootvoete, Pa!' 'Wat dink jy moet ék klim?' het die man ergerlik gevra.
- 202: Elias van Rooyen glo vas dat 'n olifantkoei hom jare lank al inwag vir doodtrap en klaar ... Van elke pennie wat inkom, steek hy 'n halwe weg om geweer te koop, en elke geweer wat hy koop, is 'n misoes.
... en van toe af is elke pennie weer deurgebreek en sy ma se skoene moet weer wag en Nina moet gesoek word, want haar verdienste moet bykom.

40

- 112: 'As Lukas nog een keer skop en skree of op 'n hoop loop sit, gaat ek vir hom foeter.'
- 122: 'Moet ek nou elke keer dorp toe loop om die magistraat se tjap te kry voorlat ek my vaderplig kan nakom?'
'Ek het dit nie so bedoel nie.'
'Nou hou dan op om elke keer die magistraat voor my te kom sleep as ek 'n vinger na die kind wil lig.'
- 123: ...en hy het haar sommer aan die been beetgekry en haar daar afgetrek.
... Hy het haar sommer aan die bos hare rondgetrek. 'Vreksel! Julle het gedink julle kan met my mors, nè?'
... Hy het Nina aan die skouers beetgekry en geskud dat haar tande klap.
- 137: Toe die vabond die derde keer omkyk, gooi hy die lus netjies om sy bolyf en sy arms en trek hom plat soos jy 'n vangkalf plattrek.
... Hy het sommer die een punt van die osriem om die krullende lyf vasgewoel en hom met die ander punt bygekrom. 'Wat het jy daar gesê?'
... 'Asseblief, oom!'
... 'n Man kon dit net so min staan. Hy sou dit uit hom slaan al was dit die laaste ding wat hy vir hom doen.
- 139: As Barta nie gekeer het nie, het hy sy tweede drag slae net daar op die daad gehad. En Barta wou hê hy moes die osriem om hom losmaak, maar wie sou heelnag waak en kyk dat hy nie weer weglou nie?
- 141: Die man het later kwaad geword en die osriem agter die deur afgehaal, dit oor sy knieë gelê en weer begin bas breek.
- 142: Die man het gewag tot sy goed binne was voor hy die deur toegeskop het. En voor die eerste hou val, het sy al begin skree ... Hy het sy hande oor sy ore gedruk en sy oë toegeknyp, maar dit het aangehou en aangehou. Soos die houe ...
'Bring die skêr!' het die man geskree. Hy was uit-aseem en baie kwaad. 'Vandag is die dag wat ek met hierdie maaksel klaarmaak!'
- 174: 'Ek sal die osriem vir jou vat en nie ophou voor die laaste bruingeid nie uit jou uit is nie!'
- 175: Die deur het toegeklap en die man het die osriem van die spyker afgeruk, maar die vrou het hom gekeer en gesê hulle moet eet.
- 196: Hy het nie Barta óf die Sabbat daardie dag ontsien nie. Hy het die waarheid met die osriem uit haar uitgehaal.

41

- 32: In die Bos moes 'n man liewerster nie meisiekinders gehad het nie. Hulle kon nou wel hulle ma in die huis of in die tuin help, maar kos kon hulle nie help win nie. Net bekommernis.
- 195: 'n Man moet twaalf seuns hê voor jyaraan dink om een meisiekind te hê.

42

- 2: 'Barta!' het hy onder die afdak uit huis se kant toe geroep. 'Bring vir my 'n bietjie koffie, ek is gedaan!'
- 4: As die vroumense net nie so te kere gegaan het nie ...
- 29: Hoe moet 'n man nou sy planne bedink as 'n vrou in jou nek kom staan neul? Hoe ouer Barta word, hoe meer kom sy in die gewoonte om te kerm.
- 31: 'Barta! ... Jy moet Maandag vir my kos inpak ...'
- 32: Barta is ook nie aldag ewe dom nie ...
- 104: Dit het die man net kwater gemaak en die vrou al banger. Hy was ook nie meer seker of die vrou bang of simpel is nie. Sy was een van die twee.
- 112: 'Moet jy nie die patats uit die as haal nie, Barta? Jy weet ek hou nie van 'n drooggebakte patat nie. Barta!'
... 'Skink vir my koffie.'
- 123: 'Moenie onnosel wees nie, Barta! Loop leen 'n treksel koffie!'
- 139: Die vader weet waar 'n vroumens se verstand sit.
- 251: Ma se sê het skynbaar jare gelede al opgegee, sy praat soos Pa wii hê sy moet praat ...

43

- 215: Dis net dat hy Nina nie met 'n naald en gare kon sien sit nie.
- 251: Stoutste kind van Barnard-se-eiland, maar sy was lank nie meer 'n kind nie en sy kon nie langer troos loop soek in haar vreemde liefde vir die Bos en in haar mondfluitjie of haar bottels nie.
- 296: Dit was Nina. En Nina het soos die vroue gehuil.

44

- 55: Daar was tye wat dit vir haar gelyk het of Benjamin meer geduld met sy pa se swakte het as die ander kinders.
- 203: Daar was dae dat hy nie kon help om sy pa jammer te kry nie. Verkeerd soos hy was, moes dit vreeslik wees om so vasgekeer te leef ... Goed, almal in die Bos was eintlik vasgekeer, maar darem nie op een eiland nie, en hulle kón uit as hulle wou.
- 304: Barta van Rooyen het dit geweet, sy het dit al die jare geweet. Êrens in sy worsteling het hy vir haar vergiffenis gevind ...

45

- 14: Here, het sy dringend boontoe gepraat, laat Benjamin se skuit wegdryf, hou hom weg van die huis af, asseblief, Here.
- 21: Here, sien my nood, help my, het sy paniekerig gebid ...
- 44: Here, as ek vandag 'n fout maak, kyk tog net dat hulle mekaar nie tot niet baklei nie.
- 51: *Here wat op die mens neersien, wat moet ek doen?*
- 54: Gaan saam met Benjamin, Here, het sy geloop en bid ... Staan langs hom as hy voor die magistraat moet verskyn. Kyk dat hy netjies en skoon daar staan en kyk dat sy skoene vas is.
- 56: Here, het sy in haar hart gesê, vat weg my eie bang.
- 84: Here ... nou neuk dit sleg hier in my ...
- 85: Here, het sy gebid, ... bewaar hulle oor die berge ... Bewaar die ou dikke en die lange ook.
- 100: 'Maak vir my voete afkomplek,' het sy gebid. 'Maak vir my 'n pad om by hom te kom.'
- 125: Toe die wêreld om haar begin toemaak, het sy sommer hardop geloop en bid en mooi vir die Here gevra om te kyk dat haar voete in die pad bly en die olifante in die ruigtes ...
- 143: Here ... keer die opstand in my, want dit gaan my klaarmaak.
- 150: Here, help my! het sy in haar hart gesmeek ...

46

- 16: Here, laat Skopper dan uitbreek! Laat hom stokstyf dood neerslaan, laat ek hóm dan op hierdie dag offer, maar hou Benjamin weg van die huis af.
... Here, vat Skopper, laat hom op hierdie oomblik vrotpens kry. Asseblief, Here.
- 17: Here, het sy in haar hart geskreeu, vat dan alles wat ek het! Vat die hele lot, maar moenie vir Benjamin vat nie!
- 58: Sy het vir die Here gesê as Hy kyk dat haar kind veilig terugkom, vat sy Augustusmaand die helfte van Skopper se pluksel en loop gee dit net so vir die kerk op die dorp.
- 91: Sterfing kan nie met die Here prys maak nie, en tog wou sy weet hoe die Here die drie volstruiskuikens en die helfte van Skopper se pluksel ... sommerso kon wegstoot ...

47

- 91: Nee, sy was kwaad vir die Here. Dit het nie gehelp om vir haarself te sê sy doen sonde nie, sy was nog altyd kwaad vir die Here.
- 133: Jy bind 'n naelstring af voor jy hom knip, Here, jy ruk hom nie los nie!
- 267: Die Here het hard geslaan. In haar sondigheid het sy menige dag gewonder of die Here nie dalk op 'n ander plek gemik en per ongeluk hier kom raakslaan het toe hy Dawid gevat het nie.

48

- 91: Ekskuus, Here.

- 125: Die vorige nag het sy ... vrede met die Here gemaak. Sy het reguit vir Hom gesê sy is skaam omdat sy gedink het hy sou verleë wees oor 'n bos vere en 'n paar ou piepgat-kuikentjies. Met die Here kan jy nie in onvrede leef nie.
- 197: Haar vraag aan die Here was dieselfde: Hoekom, Here, hoekom?

49

- 41: Sy het die Here sommer agter die varkhok op haar knieë gaan dank nadat sy klaar geskel het.
- 270: Loof die Here, o my siel, dit is 'n droom.
- 271: Toe die maan opkom, het sy na die kliprantjies toe geloop en op haar knieë gegaan en God gedank tot die klippe in haar vlees gesny het en in ruil vir Benjamin die Laghaans vergewe. Sy kon aan niks groters dink om God te offer nie.

50

- 73: 'Niks is onmoontlik in die hande van die Vader nie, Barta.'
- 159: Hy het vinnig anderpad gepraat en gebid dat Barta haar bek moes hou oor die weglopery.

51

- 50: 'Die mense sê die kind kom nie in die kerk nie, hy verheiden.'
... 'Ek leer hom van die Here.'
- 77: Toe Dawid en Tollie aangeneem is in die kerk op Uniondale, was hy die dag saam kerk toe, maar sy ma wou hom daarna nooit weer saamvat nie.
- 165: Hoe bid 'n mens as jou ma nie daar is om jou voor te sê nie? Hoe bid jy vanself?

52

- 16: '... toe bou hulle aan die witmenskerk op die dorp ...'
- 17: 'Maar toe loop mister Hood mos ... en vat die geld saam en loop bou daár die bruinmenskerk.'

3.8 Die uurwerk kantel

1

Die Anglo-Boereoorlog:

- 20: '... Dit was g'n oorlog nie, dit was 'n massamoord. Die vrouens en kinders sterf in die kampe soos beeste in die droogte ... dis verskriklik, Here, Gertruida, verskriklik ...'
- 20: 'Kamp toe,' sê hy. 'Jou pa ook. En jou ouma, Maria, mevrou Van Eeden. Kamp toe. O, hulle is vervloek, die Kakies, tot in die ewigheid vervloek!'
- 20: 'n Uitdrukking van woede ... verskyn op Vader se gesig. 'Wat soek jy hier?' vra hy. 'Jy, 'n rebel, in my kombuis? Weet jy nie dat ek 'n offisier van die District Mounted Troop is nie?' ... 'Hy is 'n lojalis,' sê Trui ... 'Hy sê ... gesag kom van God en ... daarom moet ons die regering getrou bly.'
- 69: 'Hy is doodgeskiet in die Boere-oorlog. Hy was 'n rebel.' Hy sê die woorde kalm, maar sy kneukels om die wynglasie is wit.
... 'Hy het nie gesneuwel nie. Hy is tereggestel.'
Die stilte hang swaar in die someraand.
'Hy het alles verloor. Sy plaas; sy werkswinkel. My twee broers het op die slagveld gesterf.'

Die taalstryd:

- 18: ... *die koshuiskinders moes selfs in hulle kamers Engels praat en as iemand hulle Afrikaans hoor praat het moes hulle 'n plakkaat om die nek dra I MUST NOT SPEAK DUTCH ek kon ten minste my eie taal praat by die huis ...*
- 18: Maria sit hardop en lees uit die Hollandse Bybel ...
'Maar dis nie hoe ons praat nie, Trui,' sê Maria.

- 41: 'Kyk, my kind, dis nie net 'n kwessie van die versie nie. Dis ook die koerant — en die hele probleem wat daaragter sit. Sien, hierdie versie is geskryf in Afrikaans.'
'Ja, Vader. Dis net soos ons praat. Dis hoekom.'
'Dis juis hoekom dit onaanvaarbaar is. Afrikaans is wel soos ons praat, maar dis nié hoe ons skryf nie ... Dis nie die draer van onse kultuurgoedere nie.'
- 75: 'Nee, nee, mejuffrou Celliers, nou wandel u op 'n dwaalspoor, 'n ontzétende dwaalspoor, hoor!'

maar ek het alles in Afrikaans gesoek wat ek moontlik in die hande kon kry
- 77: 'Ek glo nie jou Vader het besware teen my nie.'
'Behalwe dat jy 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel wil hê,' sê Maria.

Die wêreldoorloë:

- 84: maar waarvoor wil 'n mens nog seuns in die wêreld bring daar in Vlaandere skiet hulle der duisende seunskinders dood der duisende elke dag wat sterf ...
- 162: 'Hertzog had a promise from the Cabinet in 1938 that we will remain neutral unless our own interests are directly affected!'

... 'I do not see that we would be in any danger if we remain neutral.'

... 'I see no reason why we should fight for the only country that has ever attacked us!'
- 163: *Hopwood was reg Smuts se mosie is met dertien stemme aanvaar ons Suid-Afrikaners het op grond van dertien mense se stemme oorlog toe gegaan Willem was onkeerbaar toe Hertzog later gedwing word om te bedank as hy naby Smuts kon gekom het dan het hy hom sowaar te lyf gegaan*
- 171: 'Dis nie dat ek pro-Smuts is nie,' antwoord Johan, 'of selfs pro-Engels nie. Ek is net anti-Hitler.'
'Hitler is nie ons besigheid nie,' sê Willem.
'Hitler is die hele Westerse beskawing se besigheid, Pa,' sê Johan. 'En die Kaapse seeroete is in hierdie oorlog van kernbelang. Ons sal nie kan opsy staan nie. Ons sal móét veg.'
'Laat die Engelse veg,' sê Willem bitter, 'hulle weet goed hóé.'
- 172: 'As jy dink,' sê Willem, 'dat dit 'n eenvoudige kwessie is van die goeie teen die kwade, dan is jy naïef. Al is Hitler boos, sy teenstanders is korrup.'
- 173: 'Rippebliek,' sê Oom Giepie wat blaas-blaas aan haar ander sy saamtrippeel. 'Ek sê vir jou ... ons moet 'n Rippebliek kry. Anders ... sit ons nog onder Hitler ... se duim.'
- 174: 'Die Unie,' sê die spreker, 'ons vaderland, is in 'n oorlog gewikkel wat ons nie aangaan nie. Dit is 'n oorlog waarin ons neutraal moes gebly het.'
Dawerende applous.
... 'Maar omdat ons een fout gemaak het, beteken dit nie dat ons op die verkeerde weg hoef voort te ploeter nie! ... Hitler gaan van krag tot krag, broers en susters! En as hy die dag in Europa die oorwinning vier — en ons staan gebrandmerk as een van die geallieerdes, broers en susters, wat sal van ons word?'
... 'Ons kan ons nog onttrek van hierdie oorlog wat met ons en ons kinders niks te make het nie. En hier aan die Suiderpunt van Afrika, volksgenote, stig ons 'n Republiek!'
- 189: 'Malligheid,' sê Willem ... 'Soveel lyding het die wêreld nog nooit gesien nie. Ou mense, vroumense en kinders sterwend, soveel dood, soveel vermink — en julle wil partytjie hou!'

'n Mens kan tog seker die einde daarvan vier,' sê Maria.

'Daar is nog Japan,' sê Willem. 'En die vrede vrees ek gaan geen vrede wees nie. Al breek hulle Duitsland — Rusland het met hierdie oorlog te sterk geword. Rusland is 'n reus en hy gaan te veel mag in sy hande hê.'

Die NP bewindoorname:

- 200: wonder wat gaan nog met hierdie verkiesing gebeur dit lyk my nie dis so 'n maklike oorwinning vir die Verenigde Party soos Smuts seker gedink het nie
- 201: 'Ek het nie gaan stem nie. Daar is nie 'n kandidaat vir my nie. As ek nou vir Oswald Pirow kon gestem het ... daar was nou 'n man met verstand. Verligte despotisme. Dis al manier om 'n land soos hierdie te regeer.'
... 'Die meerderheid van die volk is tog stemvee. Reageer bloot emosioneel. Ons het 'n rasonale leier nodig.'

- 201: 'Smuts is a bolsêvige,' sê Oom Giepie ... 'A Communist. Aanmekaar met die Russe deurmeekaar. Thinks it would be a good thing to arm the blacks, but the guns of the Ossewabrandwag, he takes away. Gevaarlike blikskottel, Smuts. Ek sê vir jou.'
'Oom Giepie moet ophou om na die O.B. te hunker,' sê Willem. ... 'Buitendien kan die Afrikaner nie deur twee verskillende organe verteenwoordig word nie. Daar is net een en dit is die Nasionale Party.'
- 202: 'Ja-nee,' sê Koos ... 'Julle wil dit nou nie weet nie, maar ek sê vir julle dis 'n knap man daardie. 'n Knap en slim man. Hy sien in dat ons vir alle rassegroepe en taalgroepe in hierdie land moet ruimte maak. Hy ...'
'Dit kan ons doen deur apartheid toe te pas,' sê Willem. 'Malan het gesê: voeg bymekaar wat by mekaar hoort. Dis al manier.'
'Daai Hoffie is 'n Kommunis,' sê Oom Giepie. 'Hy en Smuts albei. Wee' julle hoe hou die swartes vergadering daar in Pretoria? Indiërs van Durban af. Karre vol blomme, maar g'n stuk permitte nie. Dit was in die koerant. Ek sê vir julle *Die Kruithoring* was reg: 'n stem vir Jan Smuts is 'n stem vir Joe Stalin.'
- 204: 'Toe so 'n meisietjie in 'n katoenrokkie wat sleeptong praat: "Da'ma lekka laddie Nathenaal weer boe is!"
... *en Willem het vir my lank en breed uitgelê dat Smuts ofwel die Verenigde Party eintlik die meeste stemme verwerf het maar die plattelandse setels het die swaarste gewig gedra en daarom is die Nasionale regering met 'n minderheidstem verkies*

2

- 94: 'People have short memories,' sê sy. 'People have forgotten the Boer War. But I don't blame the rebels, Ducks. Not so long ago they were fighting the English hell for leather all over the place. Now the English expect them to fight on their side.'
- 160: ag my kind ek wil so graag hê jy moet gelukkig wees
maar daar lê so baie bitterheid agter jou pa se weerstand teen hierdie man waarvan jy niks begryp nie
... 'Dit is nie wat ek vir haar in die lewe wou gehad het nie. Om te trou met 'n ander nasie ... en dit 'n Engelsman ...'
- 171: 'Laat die Engelse veg,' sê Willem bitter, 'hulle weet goed hóé. Maar ek kan nie sien hoekom dit 'n kind van my aangaan nie. Ek het nie gedink dat ek 'n kind van my met rooi lussies op die skouers sal sien loop nie.'
'Ek weet Pa dink aan die Boere-oorlog,' sê Johan ...

3

- 18: *die koshuiskinders moes selfs in hulle kamers Engels praat ...
... daar was 'n meisiekind met sulke vaal Engelse haartjies ... met wie ek altyd stry gekry het eendag het sy vir my gesê you dirty Boer toe keer ek die inkpot op haar om
Miss Cartwright het my na die hoof toe gesleep maar sy het my nie gestraf nie
... vir my het sy teruggeroep en iets gesê wat ek eers later verstaan het
'You are a Boer, my dear, and I am a Scot — we do not need to bow to the English.'
ek het hoor praat van Milner en Jameson en Kitchener en Martjie Louw maar eintlik het ek van die oorlog niks verstaan nie
totdat dit amper verby was*
- 161: as sy dan nie 'n Boerseun kan kry wat sy wil hê nie is hierdie Engelsman seker nie onaanneemlik nie
- 162: maar ek wens darem sy kon 'n Boerseun kry

4

- 159: 'Maria, wie is hierdie man met wie Elise so baie uitgaan in die laaste tyd?'
... 'Sy naam is Charles Hopwood.'
'O so, 'n Engelsman, nè? Ook dié dat hy nie inkom en kom groet nie. Dis nie 'n goeie ding nie, Maria, daar gaan moeilikheid kom.'
- 163: *vroeg in die nuwe jaar ... het Charles Hopwood hom by die Britse lugmag aangesluit hy het nog vir Elise gereeld uitgeneem maar hy het nie weer verder as die stoep gekom nie ...*

- 164: *Elise het styf teen hom gestaan ... haar houding het duidelik gesê my plek is nou hier by hom maar haar oë het gepleit om aanvaarding en begrip ...*
- 171: 'Ek weet Pa dink aan die Boere-oorlog,' sê Johan, 'maar tye verander, Pa. Dis nie vir my 'n kwessie van veg aan die Engelse se kant nie. Dis 'n kwessie van veg aan die kant van die goeie, aan die kant van die reg, aan die kant van die verdedigers van alles waaraan 'n mens glo!'

5

- 22: 'Meneer Celliers, die bloekombos brand af ... onse volk slaan al klaar ...'
... Volk kom aangedraf en kry elk 'n nat handdoek en emmers om te dra.
- 23: van die volk gewaar haar en begin roep: 'Die baas!'
- 33: ... en tot siens waai vir ou Daniël en die ander volk wat in die wingerde werk ...
- 35: 'n Skaam opgeskote meidjie bring warm water ...
- 37: Hier regeer Meraai met 'n ysere hand oor Betta en twee opgeskote meidjies ...
- 38: ses volkies het gespeel trekklavier en kitaar ...
- 42: 'Gertruida, die oes gaan vanjaar so groot wees dat ons heelwat ekstra volkies sal moet huur om te help.'
... 'Ja, meneer Celliers. Ek sal maar een of twee meide in die kombuis moet bykry ...'
- 43: wat makeer die ou skepsel tog om sulke nonsies te kom staan en praat ...
- 44: 'Teen vanmiddag sny ons, Maria,' sê hy. ... 'Die volkies sal hulle voete moet dra.'
Maria gaan vir Trui help pap uitdeel by die agterdeur. Tussen die bondel volk klink 'n sterk mansstem skielik uit ...
- 45: Streep-streep kom die volk aan met hulle mandjies.
- 48: *daarna moes die volkies maar alleen trap ...*
- 50: 'Ma' nôi moet seblief nie die volkies vegiet assit byrie jêrn kom nie.'
'Ek vergeet mos nooit die volkies as dit by die jêrn kom nie.'
- 53: 'Hier is die volkies met hulle emmertjies,' kondig Kobus aan. Prins en Floris staan in die halfdonkerte weg van die huis af.
- 56: 'Jy moet maar die bybie oppas en dan soek jy vir my nog 'n goeie jong meid uit om te leer.'
- 57: begin Julie het Vader ook altyd ekstra volk gehuur eers moes die wingerdstokke gesnoei word en daarna moes die grond tussen die rye omgespit word

6

- 34: 'Naand, Johan, bly om jou te sien, jy is glad te skaars ... Boesman, help die baas uitspan ... dis nou oom Dawid, Maria ...'
- 35: Dis eers as die boontjiesop en braairibbetjie klaar is en Meraai inkom met die plat skottel vol gerolde pannekoek ...
- 44: Ou Daniël verskyn, druipnat, met 'n drag vuurhout by die agterdeur
- 50: 'Ou Daniël!' Trui se stem weerklink oor die werf. Ná 'n rukkjie verskyn ou Daniël ...
'Jy moet hout bring vir die vuur, my outa, sommer baie, gehoor!'
- 55: Ou Ragel en Trientjie moet laat bly om te help knie.
'Goed knie, ouste, ons wil nie doodgooi nie,' maan Trui.

7

- 57: '... en wat is die nuwe klimmeidjie se naam nou weer ...
'Kastag Mybel.' Trui snuif weer. 'Maar ons sê vir haar Bella.'
'Nou goed dan, Bella.'
- 59: maar kyk dan nou vir Bella in haar blink rok nou gaan hulle die askoek slaan
- 183, 184: 'Dora is op haar stukke vandag,' sê Susan ...
'Ja, maar dis mos troue vandag,' sê Maria.
- 184: Dora is 'n pronkduif in 'n uitrusting van waatlmoenpienk satyn. Katrien sit soos koningin Victoria in 'n pers kantgewaad, geblomde hoed vierkantig op die kop.
- 184: 'Dissie bybie, dja. Djongste van niege. Niege en noggie een in Roelandstraat gehadtie.'
'Dis 'n prestasie, Katrien,' sê Maria.

- 185: Met groot moeite word die wasgoedmandjie en die drie kartondose gelaai. Dora en Katrien bestyg die koets en wuif met koninklike gebaar aan al die nuuskieriges op die sypaadjie.

8

- 59: So in die verbygaan sit hy sy hand om die ronding van haar heup en gee haar 'n stywe druk. Maria laat amper die skinkbord val.
die pes
die nare ding
hoe durf hy dit doen hoe dúrf hy aan my vat
- 126: 'Gert!' sê Willem gebiedend. 'Kom nou daar af! Jy gaan die hele buurt wakker raas.' ... Willem vererg hom bloedig. 'As ek my sonde nie ontsien nie!' sê hy, 'klim ek daar op en haal die klong af!'
- 169: ek weet nie dit voel vir my nie reg nie om darem sommer so vir hom te sê Johan en ewe tuis hier in die woonstel te sit

9

- 56: 'Toe nou, ou Ragel, dis mos nie so erg nie,' praat Trui deur die huil. 'Julie kry mos maar almal 'n bybie elke jaar. Dit is mos nou maar so. Jy moet maar die bybie gaan oppas en dan soek jy vir my nog 'n goeie jong meid uit om te leer. Trien kan bly werk.'
Ou Ragel bedaar. Sy staan 'n rukkjie snuiwend en nadink. 'Dis waar wat nôi sê. Ma' sy was die laaste een. Sy moes bietter galiewe het as ha' ma. Nei, ek wiet nie mooi hóé nie.'
- 181: 'Die baas is baie honger, Dora. Ons was omtrent die hele nag op.'
Dora trek die natgehuilde voorskoot voor haar gesig weg en stryk dit uit oor haar skoot. Haar hele gesig is dik geswel van die huil.
'Sil ... sil dan ma' ... kaastous maak, nôi. En koffie.'
- 208: 'Die Jirre gaan hom vat,' sê Sêra, terwyl die trane by haar wange afloop.
... 'Sêra, ons moet maar bid.'
Sêra gooi die rasper klingelend in die wasbak. Sy vee met haar mou oor haar gesig. 'Dja. Nou dja, ek gat marie ander kleinbasies roep.'

10

- 85: en die ergste van alles is daar loop Katrien rond met die vierde een op pad ... maar dit pla haar blykbaar niks sy buk en vee en rek en dra en dit maak haar nie eers moeg nie
'Word jy nooit moeg nie, Katrien?' vra Maria ...
'Nei wat, 'n mens raak dit gewend,' sê Katrien en sit die skinkbord ... neer.
- 99: 'Hoeveel het sy, ou Daniël?'
'Stuk of vyf. Dja, vyf.'
liewe aarde ek het net een en ek is gedaan
- 115: Several farm workers have died and no work is being done here ... Kobus Viljoen has died, also Mrs. Wynand Malan that you knew, Groot Koos and all the De Villiers' at Hazendal ... even die Kitchen Girl, my dear Child, even the dog ...
- 127: wie sou kon dink dat daar so baie bloed in die maer bruinmanneltjie was
*hulle moes die dokter laat kom en sersant Nortjé met sy boekie
en toe het hulle hom weggedra op 'n ou deur wat in die pakkamertjie teen die muur gestaan
het*

11

- 54: Trien Trien wat het hy met jou gemaak het ek reg gehoor wat hy gesê het
... staan hier rond met sy kaal bolyf in die son verbeel hom hy's wié Trien het hy jou seergemaak hè Trien het hy sê my sê my wat het hy gemaak
- 127 ek het vir haar tee gemaak en lewensessens vir die skok
ek dink sy het die hele nag regop gesit in haar kamertjie maar sy het nie gehuil nie
... en toe het sy gehuil en gehuil en gehuil
- 182: foei tog kyk hoe bewe hy hy is tog maar self 'n kind niks ouer as wat Johan was nie
'Dit kon met engeen gebeur het,' sê Maria. 'So laat in die nag.'

... Sy gesig vertrek. 'Hy was my vriend. Hy was my goeie vriend.'
ons was darem vrinne gewees goeie vrinne Maria ja oom Giepie
daar is tog iets wat bly of hoe

12

- 30: 'Miskien sal ek kinders hê. Nie meer as ses nie. En twee wit meisies om hulle op te pas. En jy, Maria?'
- 44: Maria gaan vir Trui help pap uitdeel by die agterdeur.
- 57: 'Nee, Vader!' sê Maria opstandig. 'Dis nie my werk nie!
... 'Jy moet jou maar daarby neerlê, Kokkewiet,' sê Trui. 'Dis vir my ook maar so half snaakserig ...'
- 58: 'Ek bak nie pannekoek vir hierdie gespuis nie,' sê Trui.
- 58: ... maar ek kan nie help nie dit voel vir my nie reg nie en buitendien as hulle dan móét kom, hoekom nie die meide ook nie ...
- 59: ag hoekom moet Vader nou so 'n ding gaan staan en doen
- 61: ... en ek sou naderhand beroemd word die dapper wit vrou wat alleen onder die heidene arbei
- 67: 'Ek sal twee Maleiers bring, een wat messel en een wat die pleisterwerk op die gewel sal doen. Het u slaapplek vir hulle? Dit is nie 'n dag se werk nie.'
'Hulle kan in die ou slawekwartiere slaap, Vader. Ons het 'n vrykamer vir u, meneer Du Preez.'
- 68: Hulle stap oor die werf waar twee Maleiers besig is om pikke en grawe af te laai. Trui wys hulle hul kamers in die ou slawekwartier waar hulle die gereedskap bêre en slaapplek inrig.
- 169: en hoekom nou by Zonnebloem gaan onderwys gee tussen die bruinmense dis die Kaapse universiteit wat vir die jong mense sulke idees gee
- 169: Die maat is reeds op sy voete wanneer hulle binnekem.
maar dis dan 'n bruinman
- 169: ek weet nie dit voel vir my nie reg nie om darem sommer so vir hom te sê Johan en ewe tuis hier in die woontel te sit
so al soos die wingerd-om
- 170: 'Johan,' sê Willem, 'van wanneer af is dit 'n gewoonte by ons mense om 'n bruinman aan huis te ontvang?'
... 'Maar dis nie ons manier van doen nie. Mense wat bymekaar hoort, moet bymekaar bly. Soort soek soort.'
- 181: 'Kom maar binne,' sê Maria en maak die deur wyer oop.
ek is so moeg ek kan nie langer hier staan nie
Hy stap agter haar aan, maar weier om te gaan sit.
- 202: 'Dit kan ons doen deur apartheid toe te pas,' sê Willem, 'Malan het gesê: voeg bymekaar wat bymekaar hoort. Dis al manier.'

13

- 170: 'Ons is van dieselfde soort,' sê Johan. 'Ons neem al twee deel aan opvoerings by die Lieberman-Instituut, dis waar ons eintlik bevriend geraak het. Hy het baie talent ...'

14

- 160: hy was 'n aantreklike man met sy swart hare en snor en donker oë hy had goeie maniere en hy was opgevoed hy was net so lief vir musiek en boeke soos Elise
- 161: Toe die horlosie sewe-uur slaan, klop die besoeker aan die deur. Vir Elise en Maria het hy ruikertjies ...
- 164: By die magistratskantoor wag Charles se suster Cecily ... lyk ook net soos hy lank en elegant
- 174: Reg in die deur verskyn 'n maer, regop tantetjie in 'n duifgrys rok met 'n pers bossie viooltjies by die kraag. Sy het 'n opgerolde sambreel onder die arm en 'n grys vilthoedjie op.
- 204: 'Eers 'n Engelse tannie, netjies uitgevat in haar Sunday-go-to-meeting met 'n geblomde hoed op die kop.'

15

- 18: daar was 'n meisiekind met sulke vaal Engelse haartjies ... eendag het sy vir my gesê you dirty Boer ...
- 163: 'I beg your pardon, Sir,' sê Hopwood ... 'but the war is certainly your concern. You are British subjects, after all!'
- 164: 'Mr. And Mrs. Du Preez,' sê hy met sy effens neerbuigende hoflikheid, 'I have come to tell you that Elise and I are to be married ...'
- 174: 'Traitorous talk!' skree sy. 'Traitorous talk! Poltroons! Cowards!'
- 204: 'Sy sê vir my: "My dear, isn't it terrible that the Afrikaners are in power? You simply can't spit on them."

16

- 5: 'Trien, kyk net die mooi kleur van die water ... Maar as 'n mens dit in 'n konfytfles skep, dan lyk dit maar net soos kraanwater. Hoekom is dit, hè Trien?'
'Nei, ek sillie wietie, kleinnôi.' Trien het 'n blikemmer waarin sy die krappe gooi wat sy met verwoede ywer jag.
... 'Kyk net die kleure ... party is glad pers ... en pienk ... het jy dit geweet, Trientjie?'
'Nog nout soe gakyk nie, kleinnôi.'
- 99: 'Hie's wingerdstompe op, kleinnôi, dit sal netnouma'tjies beginne fluit en sing ... Sing vi' oulaas 'n liedjie voorlat hulle jillemaal oor die muur is.' Hy lag sy asmatiese kekkellaggie ...
- 126: 'Baas moe' nou nie moeilik wies nie,' sê die takke bokant sy kop. 'Ons maak ma' net soe 'n bietjie musiek. Baas is mos nie teen musiek nie?'
'Ek sê kom daar af!'
'Baas is teen musiek. Baas se hart is hard,' kla die takke droewig.
- 'Nei, ek het gasê hulle moet in ons kêk trou,' sê Katrien. 'Ek wassie gakêk nie en ek wil hê my meisiekinnars moet ordintlik gakêk wies.'

17

- 33: Windmakerig eers 'n draai oor die werf gooi en tot siens waai vir ou Daniël en die ander volk wat in die wingerde werk — dié staan vandag 'n tros met korreltjies klonkies by die agterdeur om te kyk hoe die kleinnôi vir die eerste keer weggaan.
- 48: 'Iets het hier nes gemaak,' sê hy, 'ek het gesê ou Daniël moet eers skoonmaak. Ja-nee, nou's dit reg.'
- 50: 'Goed, nôi. Dankie, nôi. Ek gat net eers klaar maak byrie hoenders, dan sôre ek vir die hout.'
- 38: 'Djulle soek die rys skoon uit, skoon sê ek, die mense willie klippers vriet nie, gahô! Betta, djy sal moet gaat klimmeidjies haal om te help skil annie uie, die nôi wil hê ons moet slaphakskientjies maak. En dies wat lol by die pasteie innie spens, se nerwe trek ek van hulle lywe af.'
- 46: 'Hie's nog twie,' sê ou Daniël en sleep twee opgeskote klonge nader. 'Maans en Wielie. Hulle deug tog vi' niks anders op die werf nie. Lat hulle trap.'
- 55: Nadat hulle haar 'n paar minute gelawe het, kom sy by en sukkel dadelik orent. 'Askies, my nôi ... askies, my kleinnôi ... ek wou nie moleste gemaak het nie, ma' dit was soe warm hie' innie kombuis.'
- 98: 'Jy kan maar inkom om die vuur te pak.'
'Ja, kleinnôi. Dag, baas Willem.'
'Dag, ou Daniël. Jy sorg mooi vir die oubaas, nè?'
'Ons pebeer,' sê ou Daniël, 'ons pebeer.'

18

- 11: ... en môre moet ou Daniël douvoordag kom vuur pak ...
- 36: *Meraai blinktand met die vroeëmôre koffie op 'n skinkbord ...*
- 44: Ou Daniël verskyn, druipnat, met 'n drag vuurhout by die agterdeur ...
'Ons moet ma' bid vir die sedoos,' en ou Daniël verdwyn weer in die glinsterende donkerte.

- 55: Trui besluit dat hulle een aand ná aandete eers moet deeg knie ... Ou Ragel en Trientjie moet laat bly om te help knie.
... 'Trientjie, jy moenie lyf wegsteek nie, klimmeid, hier word vanaand gewérk,' sê Trui.
- 86: 'Môre, nôi, môre, maarste, miss Trui wil wiet of nôi brekfis in die bed wil hê!' Katrien gee die stomende koppie koffie aan.

19

- Sien bv. bladsye 5, 6, 23, 25, 33, 34, 43, 44, 49, 50, 53-56, 68, 85, 86, 98, 99, 100, 125, 126, 180, 181, 184, 185, 189, 190, 195, 199, 203, 208.

20

- 5: 'Iet hulle, kleinnôi. Is lekka as mens hulle kook.'
- 44: 'Askies virrie wals, my nôi, ma' 'n man se hart wil sing assie weer soe lyk, my nôi.'
... 'Hulle sê vir my Prins, my nôi. Prins by name ênd Prins by nature.'
- 85: 'Sjert is my twiere man, nôi sien. Ek is met die eerste een gakêk en hy't weggaloep en nou's ons nie gadewors nie.'
- 180: 'Hie' kan my hanne nie meer vat nie, nôi. Hie' kan my voete nie meer loep nie, nôi. Dit kan nie, nôi. O, aaiiee!'
- 183: 'Djannewarie, Feberwarie, Maart ... Hapril, May, June, July,' sing Dora uit volle bors.
- 184: 'Embroidered satin, nôi wiet. Ennie sleep is lys. Netnouma' kom haalie koets vi' ons hie'. Vier wit pêre het hulle gasê. Dja-nie, ons hang yt. Wou nog dankie gasê het vir die saaidkyks, nôi. Is altevol mooi.'

21

- 47: 'Ga!' sê hy. 'Een van die dae drink ons witblits en vaaljapie. Hierdie suikerwater is net vir bybietjies goed.'
- 49: 'Nei, hulle makeer ma' dieselle as wat die ou bruin volkies Satera'aande makeer,' sê hy. 'Wingerdstype.'
- 56: 'n Mansmens kan hom omgeëllie suip en lag en dans en sports maak, dja hy kan ma' lekkerkry ...'
'Suiplappe en sondaars, de laaste blêrrie een!'
- 85: 'Hy syp meer as wat hy gee' ...
'Ma' dit help ôk nie om te lol by Sjert nie. Wat gasyp is, is gasyp.'
- 125: 'Hy willie vir my luister nie, baas. Hy's ôm, hy't soewaar 'n hele boddel wyn uitgasyp!'

22

- 54: 'Nei, maarste, dis sommer 'n ou krappie, dis niks. Hoe sil ek nou sê, maarste sien, ek het sieke' marie meid se gewilligheid ge-oorskat.' Vee-vee verdwyn hy om die hoek.
- 56: 'Dis daai lang klomp wat hie' kom sports maak het mit parstyd. Sports maak, dja dit kan 'n mansmens doen ... en dji, dji moet die bybie dra ...'
- 59: So in die verbygaan sit hy sy hand om die ronding van haar heup en gee haar 'n stywe druk. Maria laat amper die skinkbord val.
- 185: 'Hy moet nettie an ha' slaat nie. As hy slaat an ha' ... soe wragtag, nôi ... as ek da'em dink hoe daai Sjert mý geslaat het, elke Vrydagaand pimpel en pêrs ...'

23

- 44: 'Bo-op die berg da' staat 'n blom
Hoe sal ek maak om da' by te kom ...'
'n Lang geel klomp met 'n verflenterde geel trui en 'n skreeuhelder geruite kêps op die kop, kom loslit dans-dans en buig swierig voor Trientjie ...
Terwyl hulle wag vir die baas om dinge aan die gang te sit, is Prins voorsanger onder die werfsvolk.
- 46: Floris het sy konsertina in die hande en ou Daniël vryf met sy mou oor sy mondfluitjie ...
'Daar kom die Alabama ...,' trek Floris los en die ander volk val in. Nog 'n jongetjie haal 'n kitaar te voorskyn en tokkel driftig op die enigste twee snare.

- 58: Floors ... raak sy gewone skuheid kwyt en wil die geselskap op liedjies trakteer.
'Eers uit die bottel en dan uit die fles
Tant Sofia!
Oom Jakkals die steek daar 'n doppie of ses
Tant Sofia!
- 59: Die orkes ... trek los en die meide staan ook nou nader om saam te dans.
'Staan, Poppie, staan!
En laat jou gedagte gaan,
Dat jy vir my kan sê,
Hoe ver die liefde lê.'
- 70: *saans ná ete het Moosa sy kitaar uitgehaal en dan sing hy en Doela ... Vader het net geglimlag en toe beseft ons wat die wysie is dit was Op Bergen en in Dalen en Overal is God maar niemand het dit nog ooit só in die kerk gesing nie*
- 126: 'Zingt vrolijk, heft de stem naar boven ...' slaan die trompet skielik oor. Daar is nou 'n onmiskenbare dansritme by. Die note is kort; die trompetspeler tril die wysie uit.
- 186: *hulle het tot laataand partytjie gehou in Distrik Ses daar was darem musiek ook al was Gert met sy trompet nie daar nie*

24

- 56: 'Siewentien bybies het ek gehad. Nôï wiet self. Siewe bly oor. Daai Trien — sy was die laaste een. Ag, nôï, sy's vyftien nou, dis al.'
- 85: en die ergste van alles is daar loop Katrien rond met die vierde een op pad ...
- 98, 99: 'Sy't ôk nou 'n dik spul kleintjies, klein nôï wiet.'
... 'Stuk of vyf. Dja, vyf.'
- 184: 'Dissie bybie, dja. Djongste van niege. Niece en noggie een in Roelandstraat gehadie.'
- 186: 'Mêrie bly by my,' lê Katrien verder uit. 'Sy help my agter die bybies kyk. Dora se twee ennie anner.'

25

- 171: dis nou weer Dora wat vir Johan bederf as ek vir pannekoek vra is sy traag maar vir Johan maak sy dit sonder dat ek vra net soos haar ma ou Katrien dié het hom weer bederf toe hy klein was
- 180: 'O, aaaiieeee, kleinbaas Djohannie, waar is dji, o, waar is djyeeeeee?'
- 186: 'Nei, my ma het gesê ons sny nie die troukoek vi' al daai skolliepêlle van die bruidegom nie,' sê Dora. '... Die troukoek is virie familie, sê sy.'
en die koek is sorgvuldig uitgedeel aan Susan en Koos en Elise en Cecily en ek en Willem en 'n stuk is weg Schoongelegen toe of die bruidegom ooit van die koek gekry het weet ek nie
- 208: 'Waar's hulle met onse kleinbasie heen?' bars Sêra skielik uit. 'Waar't hulle hom heen gevat, vra ek? Issit Kesslie Ward toe?'
... 'Hettie norag gahad om hom weg te vat nie. Ons kin hom opgepas het.'
... 'Die Jirre gaan hom vat,' sê Sêra, terwyl die trane by haar wange afloop. 'Die Jirre gaan hom vat, ek gattie die Jirre ooit vergiewe nie.'

26

- 178: 'Dit was 'n aanranding. In Distrik Ses ... hulle moes van daardie spesiale soort stewels aangehad het ... daardie bendes ...'
- 180: 'Nei, nôï, dis dan my mense wat die kleinbaas gadood het. Is dan my mense, nôï.'

27

- 12: ...tante Charlotte het geraas en gesê 'n meisietjie behoort haar nie so bruin te laat brand van die son nie maar dit was so lekker ...
- 23: 'Wat soek julle meisiemense hier by die brand! Julle kan nie hier help nie!'

- 26: *toe ek twaalf was, het tante Charlotte besluit die skool leer my nie genoeg naaldwerk nie van toe af moes ek twee keer 'n week na haar kamer toe gaan om naaldwerk te doen 'n Dame maak fyn stekies, Maria.'*
- 52: Nou moet die meisies beurte maak om die skuim gedurig af te skep, sodat die pot nie oorkook nie.
- 65: ... my vel sal brand en tante Charlotte sal kwaad wees sy sê mos altyd 'n dame laat haar nie rooi brand van die son nie ...
- 73: 'My dear Maria, she must have a depraved character. Only an abandoned woman could act like that.'
- 220: onthou net 'n dame moet sidesaddle sit

28

- 12: ...tante Charlotte het geraas en gesê 'n meisietjie behoort haar nie so bruin te laat brand van die son nie maar dit was so lekker om saam met Trientjie buite te speel ...
- 23: 'Kan net so goed soos 'n mánsmens slaan,' brom Trui ... 'Is mos nie 'n lamsak nie' ...
- 26: "n Dame maak fyn stekies, Maria."
ek was nie aldag so seker of ek 'n dame wou wees nie
- 30: *en die sondes van die moeders Here tot in watter geslag volg u dit na*
- 46: o ek wens ek kon ook trap hoekom moet 'n meisie net altyd bystaan as die lekker dinge gedoen word
- 58: ... en buitendien as hulle dan móét kom, hoekom nie die meide ook nie daar is van hulle wat net so hard soos die mans gewerk het 'Hoekom kom net die mansmense, Trui?' vra Maria.
- 65: ... sy sê mos altyd 'n dame laat haar nie rooi brand van die son nie maar o dis so lekker warm so warm so warm

29

- 61: '... and if we have taught you nothing else, my dear girls, I do hope that we have imparted to you a tradition of service: that the greatest satisfaction in life is to be derived from serving others ... May you each and every one have this ambition above all: to be of service.'

30

- 28: en ek wat sal van my word as niemand my kom haal nie sal ek ook so sit en kyk na die eikelaning en wag
... ek sal Mevrouw wees met 'n skilpaddopkam in my hoë hare en ek sal die hele aand dans in my blink swart skoene
... met wie met wie sal ek dans wie sal my aan die arm neem om te gaan eet
... iemand ja iemand soos Vader dink ek so 'n lang donker man met 'n puntbaardjie en grysblou oë 'n stil man wat nie baie praat nie hy sal my op sy arm neem om te gaan eet
... ek sal Mevrouw wees hoe sal dit wees om Mevrouw te wees ek sal my eie huis hê en my eie voorkamer dit sal so 'n grote wees
... ek sal op 'n goue stoel sit soos op 'n troon en tee skink vir gaste ... ek sal Mevrouw wees ...
- 30: Maria sug. 'Sê nou ek kry nie 'n man nie?' sê sy. 'Dan sit ek altyd by die huis ...'
'Ag!' sê Reinette, 'jy kan altyd by my kom bly. Ek gaan met 'n ryk man trou. Ek sal my eie kar en perde hê ...'

31

- 31: 'Ek weet nie,' sê Maria. 'Ek wil nie 'n oujongnoot word soos tante Charlotte nie. Maar partykeer wonder ek of ek wil trou ... en kinders hê ... dis dalk vervelig. Het jy al daaraan gedink?'
... Sy spring op en reik met haar arms asof sy die hele wêreld wil vasvat. 'iets wil ek hê ... iets wil ek doen ... iets anders ... maar ek weet nie wat nie.'
- 61, 62: sê nou ek word 'n sendeling en hulle stuur my na Midde-Afrika
... sê nou ek word 'n dokter 'n vrou kan mos ook 'n dokter word
...o ek wens ek kon iets doen iets wonderliks soos sing byvoorbeeld ek sou 'n

wêreldberoemde sangeres word

... daar moet iets anders wees as net die lewe op die plaas daar móét iets anders wees

- 144: dis 'n kunswerk
o ek wens ek wens ek kon ook so iets wonderliks doen
- 149: o ek wéns ek kon ook so iets wonderliks gemaak het

32

- 62: *toe het ek nog nie vir Willem ontmoet nie
toe het ek nog nie geweet wat ek nog alles sou moet leer nie
to be of service*
- 64: *mevrou Hoefie het selde saamgekom want daar was 'n stuk of agt klein Hoefies by die
huis maar sy het altyd vir ons lekker honigkuchen saamgetuur*
- 83: ek is nie meer ék nie hier binne-in my is 'n indringer wat beur en skop soms voel dit vir
my ek kan dit uitruk ... ek het nie geweet dit sal só wees om Mevrou te wees nie waar is die
danspartye nou en die sjampanje ...
- 88: en dit is die ergste van kind hê
dat jy nie meer die bewaarder van jou eie liggaam is nie
dat jy nie meer jou binnekamer gesluit kan hou nie
- 89, 90: maar dit is 'n stoel vir 'n ma van tien ek is mos nie so breed nie ... ek sal 'n norring
kinders moet hê om die goed te gebruik en ek kan nie ek kán nie ek is so moeg
- 91: ek voel nou só — asof my pit uitgebrand is
- 92: so is dit dan om Mevrou te wees
- 125: 'Partykeer voel ek so ingehok ... Ek versplinter in stukkies wat nie naam het nie. Willem,
toe ek 'n kind was, het ek gedink: eendag as ek groot is, gaan ek iets in die lewe doen wat
die moeite werd is. Mense sou eendag weet wie ek is.'

33

- 137: 'Hoe meer vryheid, hoe meer eensaamheid. Hoe meer liefde, hoe meer bande. Veral vir
'n vrou. Wil jy ruil?'
- 196: 'Ek kom reg soe op my eis. Ek issie verlee oor 'n mansmens nie. Ek lat nie sommer
ienage mamparra oor my 'n sê sê nie. Daai dag as dji gatroud is, is djou innepennence in sy
maai.'

34

- 73: Louise sê altyd 'n mens moet nooit vir 'n kêrel laat agterkom jy is bly om hom te sien nie
jy moet hom laat wag en sukkel om met jou te praat
... ek behoort te maak asof ek g'n erg het daaraan om hom te sien nie maar ek sal dit nooit
regkry nie ek is dan so bly
- 84: wie sê dit gaan 'n klonkie wees dit lyk my almai wil 'n seunskind hê
- 88: 'Dis 'n dogtertjie. Doodnormaal.'
... 'Never mind,' sê die suster se effens skerp stem. 'Better luck next time.'
Maria maak haar oë oop en gluur haar aan ...
'I am quite satisfied with my daughter, Sister, thank you.'

35

- 104: sy is natuurlik 'n baie mooi vrou
... dit help nou maar nie
mooier as ek
baie mooier as wat ek nóú is met hierdie bulsak van 'n lyf
ek wonder waarom hulle alles gesels ek wonder of Senator Douglas altyd by is
... sy het hom seker vir sy geld gevat en nou soek sy 'n ander man
om by te lê
o Willem
nee
sal jy sal jy by haar lê

- 108: 'Ek het nie geweet nie,' sê sy, 'dat jy so voel nie. Ek dog jy is ... verveeld by die huis. En ek is so lelik, nou ...'

36

- 133: ... maar toe ons mekaar in die oë kyk besef ek dis 'n vrou met 'n mansbroek aan so 'n vaal ferweelbroek en 'n gestreepte manshemp ... vandag dra die jong mense heeldag mansbroeke maar daardie dae was dit 'n vreemde verskynsel ...
- 134: 'My vader het gehoor hulle soek iemand, toe appliseer ek vir die werk. Hulle wou eers nie, toe hulle besef dis 'n vrou, maar wie anders kon hulle kry? Nou doen ek dit.'
- 136: hoe lekker eenvoudig tog g'n lollyery met gestyfde skinkbordlappies nie kyk die stapels boeke sy kan seker lees net wanneer sy wil en slaap net wanneer sy wil

37

- 134: *ek het nie daardie dag gedink ek het 'n vriendin gevind nie en tog was dit so*
- 140: ek wonder wat sal die vrouens van haar dink ek gee tog nie om hoe sy lyk nie sy is 'n besondere mens
- 141: *Mrs. Langley het vir iemand gesê sy kom nie weer by my kuier nie because she knows some disgustingly common people my dear maar gelukkig het Inge haar aan die hele teeparty glad nie gesteur nie twee dae later was sy weer daar*

38

- 137: 'Ek is besig om jou te beny,' sê sy. 'Jou lewe lyk my so ... ongebonde ... langs myne.' 'Die kuns lê 'n mens sy eie dissipline op,' sê Inge. 'Maar ek is vryer as jy, dis waar ... Meer eensaam ook. Hoe meer vryheid, hoe meer eensaamheid.'
- 161: sy is ... te slim ook lyk my min mans sien kans vir 'n meisie met 'n meestersgraad ...

39

- 137: sê nou ek loop sommer weg ... hoe sou dit voel om alleen te woon en te maak net soos ek lekkerkry ...
Sy draai haar rug na die stad en stryk vinnig aan na haar huis se kant toe waar die ligte teen hierdie tyd al deur die vensters skyn en waar Willem en die kinders en Trui wag dat sy moet kom.
- 161: want ek het van my twyfel ontslae geraak
soms het ek gewonder of ek nie dalk iets heel anders in die lewe wou gedoen het nie maar dan onthou ek hoe Inge gevra het wil jy ruil
nee Inge ek wil nie ruil nie
as ek nou weer moes kies sal ek dieselfde paadjie loop

40

- 103: perambulering bolster inderdaad daar sit sy met haar perdebylyfie in rooi fluweel en haar rooigeverfde mond ek wens sy kry 'n drieling sommer gou
'Oh, but I am not,' sê mevrou Douglas, 'very interested in children ... art is so much more stimulating, don't you think? And architecture. You know, your husband is an artist, my dear.' Sy kyk Willem bewonderend aan.
... dit het my nie lank geneem om agter te kom dat sy hom nie soseer wou hê om 'n huis te bou nie maar vir haar beautiful beautiful self
- 104: *sy het hom seker vir sy geld gevat en nou soek sy 'n ander man*

41

- 84: 'Dis 'n genade dat Susanna Cronjé nooit getrou het nie — sy kan nou agter jou pa en Miss Charlotte kom kyk. Herman se vrou kan mos die ou mense oppas.'
- 205: 'My kind, Ma is nou daar by jou,' sê Maria. 'As hy moet hospitaal toe, gaan jy saam. Ek sal vir die ander outjies sorg.'

42

- 8: 'Maar haar hande het vir niks verkeerd gestaan nie. Alles wat ek van huishou weet, het sy vir my geleer. Koekbak ook.'
- 20: 'Het jy dalk ertjiesop, Gertruida?' vra hy ... 'Ek het gedroom van jou ertjiesop.'
- 32: Eers vir tante Charlotte in haar kamer gaan groet en belowe om die boek met hekelpatrone te leen en saam te bring.
- 94: 'Ek sê vir jou dis 'n agtermekaar vroumens daardie, al is sy vandag 'n Ingelsman. Kook!'
- 124: Maria sit in die leunstoel se maat besig om ... sokkies te stop.
- 140: Dan draai sy na die koekbelaaide tafel ...
'Maria, my dear, your tarts are a work of art!'
- 140: 'Dames, ons almal is Maria BAIE dankbaar dat sy so gewillig was om ons vanmiddag hier te ontvang ... ons weet almal daar wag vir ons van Gertruida se HEERLIKE koek, maar eers moet ons darem na die handwerkies kyk. Wel, ek het hier 'n tjalieltjie met 'n alte fraaie patroontjie ...'

43

- 156: *dit is 'n vrou se liggaam waaruit 'n kinderfiguur wegbreek jy sien net die ronding van haar bors en dan die babakoppie maar die twee is nie van mekaar te skei nie die klip loop nog aanéén*
... vreemd dat sy dit kon maak dié vrou wat nooit kinders had nie
- 221: en ek dra die letsels
van al my winters aan my bas
maar toe dit oestyd was
toe kon ek vrugte gee

44

- 96: 'Kyk, ek gaan die tou vooraan vasmaak en trek, dan stuur jy ... Verstaan jy?'
'Ek ... ek dink so.'
'Nie hierdie een nie, dis die rem. Hierdie een. Sien jy?'
- 123: Jeanette luister na die gesprek met haar netjiese donker kop effens skuins gehou. 'My man sê,' vertel sy, 'dat Smuts in die volgende verkiesing opdraand gaan kry.'
- 132: Maria staan met 'n armvol pakkies en wag dat Willem haar met die Ford kom haal.
- 173: 'Ossewabrandwag-vergadering, hoe dan anders?'
... sal maar saamgaan ... die mans gaan weer verskriklik opgewonde raak
- 175: ek kon my nooit so inleef in die politiek nie
vir my lyk dit die belangrikste om sommer net met mense goed saam te leef
- 189: *maar Willem het geweier hy het gesê ek kan maar gaan as Koos en Susan my sal kom haal*
- 203: Susan is soos ek ook maar nie vreeslik opgewonde oor die verkiesing nie
- 204: *al word ek ook hóé oud is daar dinge wat ek nooit sal verstaan nie en een daarvan is die politiek*
- 207: 'Ek sal hulle neem, Ma,' sê Koos, 'dan bring ek vir Susan terug ...'

45

- 68: ek hou van 'n man wat regvat as hy werk
- 76: 'Ek sal vir jou die mooiste huis in Kaapstad daarop bou,' sê Willem ...
- 83: Elke meubelstuk het Willem self gemaak ...

46

- 164: ek het gewag
o Willem sy is ons kind om haar onthalwe móét ons hom aanvaar
'Maria,' sê Willem, 'gaan trek jou ordentlik aan, ons gaan vanmiddag bruilof hou.'
- 172: 'Ek stel dit eenvoudig aan jou dat dit my en jou ma se goedkeuring nie wegdra nie. Ek vra jou nou mooi om dit een jaar lank uit te stel.'
... 'Dan maak ons maar so, Pa.'

47

- 160: *dis swaar om tussen pa en kind te staan*
'Willem, ons sal hom in ons huis móet ontvang. Ons sal hom móet aanvaar, anders sal ons net ons kind verloor.'
- 170: Willem skink ook altyd vir Johan 'n bier sonder om eers te vra wat hy wil hê ... miskien wil hy sjerrie hê of dalk brandewyn 'n mens moet onthou hy is nie meer 'n kind nie
ek het gehoop om die aand vrede te bewaar tussen Johan en sy pa maar tevergeefs
- 179: *Willem het net een kyk gegee toe loop hy weg na die venster toe*
maar ek het gekyk
hierdie afskeid is tussen my en jou Johan soos die eerste bekendmaking ook was

48

- 18: 'Maar dis nie hoe ons praat nie, Trui,' sê Maria.
'Dis kerktal daardie,' sê Trui. 'Kerktal en Bybeltal. Dit moet mos anders wees.'
... 'Ek wens Dominees wil preek soos ons praat,' sê Maria. 'Sodat 'n mens kan verstaan wat hy sê.'
- 29: ek weet ek moet bid maar ek weet nie hoe om met die Here te praat nie
vanmiddag in die katkisasieklas as dominees Van Heerden praat oor die les van die dag sal ek tóg voel asof ek iets van Hom verstaan
... maar hierdie kerktal hierdie vreemde Hooghollands wat ek nog altyd moet leer maar wat darem so anderste in die mond lê dit sê vir my niks van die Here nie hoe kan ek met die Here praat as ek nie Sy taal ken nie hoe kan Hy met my praat as ek nie verstaan nie hier in Sy huis is ek bang vir Hom hier is Hy verskriklik hier kyk Hy tot in my siel en Hy is een ijverig God ...
- 30: *maar ek het U nooit gehaat nie net maar gesoek gesoek en nie gevind nie toe ek in die grootste nood verkeer het kon ek maar net die rituele woorde uitspreek Onze Vader ...*
- 116: as ek nou die woorde gehad het sou ek bid Onze Vader ...
- 156: miskien as ek weer probeer sal ek nou kan bid ...
Onze Vader die in de hemelen zijt ... vergeef ons ...

49

- 30: *en die sondes van die moeders Here tot in watter geslag volg u dit na*
- 79: 'Welgeluksalig is een iegelijk, die den Heer vreest ... Uwe huisvrouw sal wezen als een vruchtbare wijnstok aan de zijde van uw huis ...Ziet, alzo zal zekerlijk die man gezegend worden, die den Heer vreest.'
- 136: 'Miskien só, die Christusfiguur word deur iemand anders ondersteun, die moeder buk van die kant af oor ... raak moontlik aan sy gesig ... sý moet die sentrale figuur wees.'
'Hoekom?'
'Ek weet nie ... ek voel dit so ... dit is die moeder se lyding waarom die Piëta gaan ...'
- 177: U weet Here
'n ma Here
'n ma kan meer as een keer gekruisig word
of weet U dit
ek wonder
ek dink so baie aan die moeder van Christus
en aan die moeder van Judas Iskariot ook
die Bybel vertel niks van haar nie
maar ek dink sy het ook gely
... partykeer wil ek soos die Roomse
tot die moeder van Christus bid
- 182: Maria die weë van die Here is duister maar ons moet glo
waaraan moet ons glo oom Giepie

50

- 24: maar as dit brand as dit alles afbrand waar gaan ons heen wat sal van ons word
'Trui, ons moet bid!'

- 115: 'En ek sê vir julle, julle moet bid — al wat regtig vir hierdie siekte help, is genade.'
- 116: I pray God that you may all be saved, my dear Grandchildren above all.
... Onze Vader ... Uw Wil geschied nee dit kan ek nie sê nie sê nou dis die Here se wil om Willem te vat nee nee ag Here help
- 117: Heer waar dan heen daar is tog die kinders en Willem ...
- 177: Here nee
Here vannag
vannag bid ek om genade
- 208: ag Here kyk hoe lyk hy dan so klein en so bleek en sy ogies is nog geswel
- 209: 'Mens kan nie met die Here onderhandel nie, Kobus,' sê Willem. 'Maar 'n mens kan bid.'
- 215: ag ek wou hulle so graag almal bewaar daagliks het ek gebid die Here moet ons hou in die holte van Zijn hand
as jy kinders het leer jy bid

51

- 185: 'Ek het vi' hom gasê, dji kan Moor wil wies, ma' as djulle trou, trou djulle inne behoortlike kêk, dji kom neuk nie met djou ou galoefie nie.'
'Hulle trou innie N.G. kerk in Aspelingsstraat ...'

3.9 Die jaar toe my ma begin sing het

1

- 8: Wat ons plaaslike en o, so landelike Breughel-reënbidag betref ...
- 9: Eers Roald en dan Hermioné, hand aan hand aan't Hansie-en-Grietjie speel ...
- 9: Roald was die enigste een van ons wat na iemand vernoem was; Roald Dahl, nogal ...
So ook Hermioné; sy sal dan die boodskapper wees van die muse, het Ma vertel ...
- 10: ... Hjalmar. Dié was 'n ewe blonde, maar blou-oog Wiking.
- 25: Dit was 'n lied uit *Orpheus* van Gluck waarna Ma vroeër dikwels geluister het ...
"Ach, ich habe Sie verloren ..."
- 26: Miskien is dit juis die gees van koning Oedipus wat ons weer op al die ou paadjies teruglei. Kitto sê juis: "Oedipus' destiny was his character."
Ons het my suster geleen van die Kaap om lokosta te kom speel ...
- 27: Hy was om ons gestruktureer soos 'n Griekse tragedie. Die onontkombare noodlot. Die patos. Die katarsis.
- 28: Met ons as raamwerk, soos 'n ongelyke Griekse koor ...
- 28: En deur elke gordynlose venster na buite was die Corots en Manets en Pissarro's geraam in wisselende pertimento's.
- 30: Buite op die weiveld het die res van die dorp en omgewing, saam met perde en beeste en ganse, gestaan asof in 'n Hieronymus Bosch-skildery.
- 31: Of soos Anna Karenina wat aan Vronsky vertel dat haar man bewus is van hulle twee se verhouding.
- 32: Ek lag, en staan op om 'n boek van die rak af te haal en maak dit oop by die gedig *Silentium* van Tiutchev.
- 33: Ek het ondertoe geloop ... en toe vir myself Fragmente van die Tweede Lewe begin voordra teen die donder en bliksem in.
- 35: Boodskapper van die muse? Se voet! Miskien boodskapper van Pluto. En onwillekeurig trek ek *Orpheus* van Gluck tussen die ander plate uit.
- 40: En die rol van lokosta wat ek moet vertolk, vestig net die aandag soveel skerper daarop ... Nie net in die Oedipus-tragedie nie, ook in ons eie lewens. Roald het ons vanoggend 'n lesing gegee oor die Tebes-trilogie, waarvan dié drama seker die grootste is.
- 41: Al speel ons nêr die Oedipus, het hy gesê, moet ons onthou om dié gedeelte nie los te maak van die res nie.
- 45: 'En voor altijd is dit mij bijgebleven: Hoe zeer stiller dood dan slapen is,' het ek twee langvergete reëls uit 'n gedig onthou.

- 46: Sy het vir ons die storie vertel van *Die gans wat die goue eiers lê* en toe moes ons die storie speel.
- 56: My ma, hier in jou kamer ... lees ek vir jou Steiner se dodebegeleidingis ... *Ich schaue auf Dich in der geistigen Welt ...*
- 59: Konstans — wat *volharding* beteken en Alexander *beskermer*. ... Trien? Katharina van die Grieks 'katharos' wat *suiwer* beteken.
- 60: Vertel hoe Willemien inderdaad die *rykdom* — waarvoor haar tweede naam, Odelia, staan — bekom het ...
- 62: Nadia kom van die Russiese woord wat "*hoop*" beteken, en Marghite is die Persies vir "*kind van die lig*".
- 67: Ons het die essay oor Sokrates bespreek. Die grafskrif waarmee jy gelukkig sou voel, het jy geskryf, is daarin opgesluit.

2

- 8: Op sy ronding het Alfeus 'n gat gesny waardeur mens groot stompe hout kon druk ...
- 14: 'Boer, kom kyk bietjie hoe staan die spul werkers van Frans en neute steel daar onder by die rivier, pleks van vuur slaan aan hulle kant.' ... Toe hardloop hy met geweer en al by die deur uit terwyl hy skree: 'Alfeus! Kom! Die veld brand!'
- 15: Die werkers se kleingoed ... het met emmertjies en bekertjies gehardloop terwyl hulle gil en gooi ... Maar dit was eintlik net 'n speletjie ... Ma het teruggesit en haar verkneukel aan Daaina — Alfeus se vrou en ma van 'n stewige deel van die gillende vuurblussertjies — wat kort-kort by die kamer ingestorm het, boude buitend soos boerbeskuite onder die blou sisrok. Ma het altyd gesê: Daaina is haar linkerhand, want geen regterhand sal dit regkry om soveel borde en koppies te breek in een leeftyd nie.
- 46: Verby die arbeiders, verby die skooltjie waar die werkers se kinders besig was om blomme te plant in hulle tuin.

3

- 7: Ma het al die werkers versamel onder die groot ou waterbessie voor die huis ... Toe het sy Alfeus — ons voorman en selfaangestelde mfundizi — die twaalfde vers in Swazi laat herhaal.
- 34: Ek het hom nog by Pa gesteel, saam met so 'n gele wat ek vir Alfeus gegee het in ruil vir tabak wat hy self geplant, geoes en gedroog het. Wanneer die pyp dan brand en ek en Alfeus teen sy huisie aanhurk terwyl hy van sy voorvadere vertel, het ek so ... wel. So volwasse gevoel.
- 57: Af en toe het ek selfs die Swazi's van die omgewing daar binne aangetref, maar nooit was iets beskuldig nie.

4

- 54: 'Vir my was dit goed om in eensaamheid hier opgesluit te wees, want ek is van nature 'n mens wat na buite gerig was, en hier kon ek leer krag vind in die stilte en die inkeer na binne.'
- 64: Dit was jý wat Pa aangesê het om jou nie te besoek nie ... Kon jy nie maar verduidelik het hoekóm jy hom wou bevry nie? Selfs die sielkundige het dit nie verstaan nie. Hy kon jou onafhanklikheid nooit verwerk nie. ... Op die ou end het hy jou aan jouself oorgelaat nadat jy hom gevra het om jou tog toe te laat om jou karma in vrede te voltooi.

5

- 53: 'Dis sý wat julle met sulke uitheemse idees grootgemaak het. Dis háár skuld dat nie een van julle gewone, normale mense kan wees nie. Elkeen van julle het 'n klap weg. Liewe Vader, waar kom julle vandaan?'
- 65: Maar jy was nóóit mal nie ... Mense verstaan nie andersheid nie. Hulle wil omring wees deur en gekonfronteer word met die gewone, met spieëlbeelde. Dit weerhou hulle van die

dieper delf, van konfrontasie met die self.

... 'Hulle moet jou ten volle aanvaar en self liever só probeer leef dat daar ruimte is vir almal se andersheid.'

'Soos jy ons grootgemaak het?'

6

- 9: Uit elke uithoek van die hemel, het Ma gesê, het ons onssêlf versamel, sodat sy soos 'n wafferse poppemeester moes rondspring om almal se toutjies uitmekaar te hou.
- 27: Ons kinders, glo ek, was ook nie beplan nie. Definitief nie deur Ma nie. Miskien deur ons self, soos sy dikwels gesê het, maar ék weet nie.
- 51: 'Ek het nie krag vir julle kinders nie,' het sy dikwels gesê. 'Julle kruisig my. Ek moes nooit getrou het nie, nooit kinders gehad het nie.' En dan het sy gelag en die naaste kind teen haar vasgedruk ... 'Maar nou dat ek julle het, lastige goed, sal ek darem nie rêrig sonder julle sondes wil wees nie.'

7

- 13: Mens sou dit nie sê as jy so na Ma gekyk het nie, maar haar senuwees was aan flarde. Net soms kon 'n mens die opstand in haar stem hoor — al het sy hóé hard probeer om dit weg te steek.
- 16: Ma het — soos Polyanna wat in alles die beste raaksien — 'n slenter gehad om 'n ding mee op te los, maar die raaksien het opgeraak. Dit was of iets in Ma begrafnis gehou het ...
- 22: Deur die droogte en oorstroming kon sy nog planne maak; met die uitbreek van die brand kon sy selfs nog lag, maar toe die wind die dak afwaai en sy hom nie self kon terugsit nie, het sy na binne begin keer ... Maar die laaste strooihelm — waaronder selfs haar liggaam begin protesteer het — was haar ongelyke stryd teen die stelsel ...
Pa het tevergeefs probeer walgooi, maar Ma het haar aan niks meer gesteur nie. Ma het nie eens meer gelees nie ...
- 24: Ma het die kind gevoed wanneer iemand hom vir haar gebring het en hom dan op haar skoot laat lê ... Dit was vir haar om't ewe of hy huil, of hy skoon of nat is. Sy het net so bly sit in die rolstoel en die lewe het uit haar oë verdwyn.
- 66: Jou lewe het in duie gestort in ontbering en die afwesigheid van sinvolheid ...

8

- 44: Ma het begin skilder aan die einde van die eerste jaar wat sy in die inrigting was ... Eers het Ma weggekram, want sy het mos nooit geskilder nie. Altyd gesê eendag — eendag as sy tyd het, sal sy weer begin. En toe op 'n dag ... kon sy haarself nie meer keer nie. Sy het gesê dit was soos 'n storm wat binne haar gewoed het.
- 51: Die dood het haar kom verlos van alles — ook van die sonde. Net soos die inrigting vir haar 'n ontvlugting was: weg van die plaas, van Pa, van ons kinders.
- 65: 'Pa was tog lief vir jou, Ma,' het ek een keer vir hom probeer voorspraak maak ...
'Die mense wat jou liefhet, moet jou nie probeer verander nie, Konstans,' het Ma my bordjie verhang ... 'Hulle moet jou ten volle aanvaar en self liever só probeer leef dat daar ruimte is vir almal se andersheid.'

9

- 43: 'Daar het sy vir elkeen van ons 'n skildery gemaak. Elkeen na sy behoefte.
'Ek moes dit geweet het,' sê Willemien. 'Net sy was bewus van my hunkering; die onvervulde ideale ...'
- 44: 'Selfs die deposito vir die stuk grond wat ek jou gegee het, Roald, het uit die skilderye se opbrengs gekom. En jou eerste stoetram se geld ook, Willemien. En Hjalmar se laaste bootgeld, sodat hy hom betyds kon gaan haal. Julle sien — Konstans het nie verniet so kontak gehou met almal nie. As een iets nodig gehad het, het hy dit aan Ma oorgedra. Dan moes ek die saak verder voer as sy dit so wou hê.

10

- 13: Pa het met die bankbestuurder gaan praat; vir hom gesê dat ons hom nou al soveel geld skuld dat hy maar vir Pa sal móét geld leen om die bank se plaas te help red. Pa kon maar moeilik agtertoe dink. Al wat elke keer vir hom saak gemaak het, was die nuwe stuk werk wat hy vorentoe met groot ywer sou aanpak, totdat dit ook ou nuus geword het. Op dié manier het die bank se geldjie nie vreeslik ver bygekom nie.

11

- 8: Dan het Ma sommer daar die dag se vuil wasgoed sit en uitspoel terwyl ons kinders swem en baljaar. Ma het gesê sy was nou nie juis een van die 'kaalvoet-oor-die-Drakensberge'-soort nie, maar 'n bietjie sukkel het nog niemand doodgemaak nie.
- 8: Ons moes maar uit die veld leef: alles, behalwe die pietersielie, het gevrek ... want in ons huis was dit 'n belangrike bestanddeel om die steeds dalende kosvoorraad in geurige disse om te tower: omelet met pietersielie; tarentaal met pietersielie; pap met pietersielie.
- 12: Ma, daarenteen, het ons op allerhande maniere probeer verras. Uit haar ou rokke het sy vir ons nuwes gemaak, en selfs die seuns kon spog met byderwetse kniebroeke en baadjies onder die ou Singer se slinger uit.
... Daarby het sy dan vir ons roompoffertjies bedien van Bontrok se oorfloed — saam met tee, gemaak van 'n bossie wat op die plaas groei.
- 13: Dan het hy dorp toe gery om die matte of lappe wat Ma geweef het te gaan verkwansel vir 'n appel en 'n ei, ten einde kos of brandstof te bekom.
- 73: Ma kon g'n geld vir 'n lap uit Pa kry nie. Toe maak sy eenkeer vir haar 'n rok van meelsakke. Die SASCO so mooi rooi op die bors .. En in die bakkie het ek en Ma bly giggel, maar Pa se mond was dik. Sy gaan vir ons almal sulke hemde maak, het Ma gesê. Vir Pa 'n broek met KOEKMEEL oor die boude geskryf. Toe lag Pa ook maar.

12

- 19: Maar Pa was nie eens lus om te luister nie ... Al sy aggressie het hy op Trien uitgehaal ...
- 29: Miskien, as Ma ook só kon wegbreek, sou dinge anders verloop het daardie jaar. Maar hoe sou sy kon? ... En sou Pa haar ooit laat gaan het, soos Phillip?
- 37: 'Dit sou help as hy ook probeer pa wees, sodat hulle die ouerskap kon deel.'
- 49: Pa wou hê dat ek moes wees soos hy my gesien het. Ek moes voldoen aan sy vereistes en ek het nie besef dat dit onvermoë in homself was wat hom bly dryf het nie. Dan het Ma ons teen sy eise probeer beskerm ...
- 65: Miskien het Pa ook 'n klein bietjie só gevoel. Ek glo nie hy kon tred hou met al jou 'soeke na waarheid' nie, die onverbiddelikheid waarmee jy kon streef na eerbaarheid — nie eens met jou verbeeldingsvlugte nie.
- 75: 'Miskien sou ek en jou ma nie so uitmekaar gedryf het as ek meer bereid was om van myself te gee nie. Soos sy. Miskien sou dit gehelp het as ek kon gee nog voor sy gevra het.'

13

- 16: Toe loop Pa na Ma toe en vra haar wat sy dink, maar Ma het net stil gesit en hom aangekyk.
- 19: Maar sonder Ma kon Pa die ding nie verwerk nie.
- 75: Ma se oë was blink en sy het gelag. Soos vroeër. Nie Pa nie. Sonder Ma het hy verleer om te lag.

14

- 66: So het Pa se lewe ook maar in 'n mate in duie gestort. Maar hy het sy beeld van jou vervang met 'n ander mens. 'n Vrou wat sou pas in sy prentjie. Sag en inskiklik, keurig opgemaak op hoëhakskoentjies, wat na hóm opsien vir leiding — soos hy wou hê dat jy moes doen ... Maar hy kon nie daarin slaag om sy rol as ghoeroe te vervul nie. Hy het willoos aan die kant van die lewe bly staan — 'n toeskouer.
- 74: Ek het selfs ophou wonder oor die ou vroujie met wie Pa getrou het. Sy was so besig om Pa se vrou te wees; sy kon nooit regkry om vir ons 'n ma te wees nie. Hy het al hoe meer begin vertel oor hoe dit vroeër was.

- 75: Dan sit hy die voëls op die klip neer soos 'n offerande en hy haal een van Ma se boeke uit en hy lees vir my ... Maar ek het geweet dis Pa se soenoffer.
Hy het nooit meer so kwaad geword soos voorheen nie, maar was maar nog steeds sonder vrede. Die fut was uit hom uit.

15

- 11: By die huis het die stoweveis se geur al so 'n ent weg oor die werf gehang, waarby Ma dan die 'morogo' sny ...
- 12: Uit haar ou rokke het sy vir ons nuwes gemaak ...
- 13: Dan het hy dorp toe gery om die matte of lappe wat Ma geweef het te gaan verkwansel ... Sy het net sit en hekel en soms haar kop gelig ...
- 26: Ma weef of spin dan en Pa lees oor die Groot Trek ...
- 31: Hermioné kom ingestap met twee borde ... 'Wil jy nie maar hier by my kom woon en vir my kos kook nie?' wil ek weet, opeens ongewoon knus in die skielike huislikheid rondom my.
- 73: Na Ma weg is, het Willemien my ma geword ... Klokkies vir ete, en gestyfde lappe oor die tafel ... En skoene aantrek en 'n skoon hemp voor ek kon eet.
- 76: En in die somer pluk ons aarbeie en bessies vir Kerstin om te bottel. Nes Ma.

16

- 47: Meestal is ek die een wat doen. En Org beaam. Maar wat as dit nie so bly nie? In elke verhouding kom daar noodwendig 'n tyd waarin elkeen se rol 'n uitwerking het op die ander een. *Wanneer jy iemand liefkry, raak jy eintlik op jouself verlief déúr daardie persoon*, het Ma nie lank gelede nie nog geskryf.

17

- 61: Jy wat al hierdie dinge oor Ouma gebring het en nie aan háár smart gedink het ... nie. Sy het gewéét so iets sou nog gebeur: Mens kan nie in sonde leef — só kerkloos en in opstand teen jou ouers se lering — sonder dat daar met jou iets vreesliks gebeur nie. Die Bybel sê mens moet jou ouers eer en as jy nie wil nie, nou ja, die loon van die sonde ... Maar sy sal vir ons bid.
- 66: 'Kyk maar na tant Fay met haar fanatieke godsdiensoortuigings. Hoe seker was sy nie altyd dat net háár kerk reg is nie! En dan het sy die reg so dweepsiek toegepas dat dit op die ou end meer skade aan haar eie siel gedoen het as goed aan ons s'n.'

18

- 50: Selfs hier, in die klooster waar ek kom wegkruip het, myself versteek het binne die anonimiteit van die enerse nonnekleed wat ons almal moes dra ...
Gedink ek sou myself só kon vrykoop.
- 51: Maar Ma het ook dié mure om my laat tuimel toe sy my laat roep het. 'Net jy sal weet of jy werklik besig is om jou lewenstaak te vervul agter daardie kloostermure, Trien, en of jy maar net besig is om weg te hardloop.'

19

- 58: Volgens ander mense se standarde was jy seker nie godsdienstig nie, want jy het jou voete maar bitter selde in 'n gewone kerk gesit, maar in jǒú kerkie het jy elke Sondag vir ons Sondagskool gehou, somer kaalvoet.
... 'Mens kan nie aan 'n kerk behoort nie, Konstans, net aan God. Geen geloof kan ál die antwoorde hê nie en uiteindelik kom die antwoorde maar uit glo!'
- 70: Ek sal nooit vergeet nie hoe Ma eenkeer vir ou tant Fay ore aangesit het toe sy weer so rittelits gekry het oor my gevloek. 'Kyk, Fay, daar is net twee vloekwoorde in Afrikaans: die een is skuld en die ander een is lieg.'
- 70: Mens moet jou kerk met jou saamdra, het sy gesê, anders praat jy een ding binne hom en 'n ander ding buite hom.

- 54: 'Ons kom juis aarde toe omdat ons moet groei tot 'n hoër bewussyn ... En al die behoeftes waaraan 'n mens onnodiglik toegee — net soos al die drifte — ketting jou gees aan die aarde vas en dan kan jy nooit by jou wesentlike doel as mens uitkom nie.'

3.10 By fakkellig

1

- 55: 'Iere!' Die linte aan haar hoed tril van verontwaardiging. 'Foei, meneer Hardinge, jy laat my kinders klink asof hulle kaalvoet in die moerasse rondsluip!' 'Iérs, eerder as lére,' merk Maria presies op ...
- 56: 'Iérs, Mammie, nie lére nie,' sê Maria weer ...

2

- 7: 'n Engelse dame, 'n Engelse erfdogter' — die blote gedagte nog genoeg om hom te vergoed vir sy jarelange ballingskap in Ierland.
- 20: Lady Elizabeth is lid van 'n vooraanstaande Engelse gesin, en nooit vergeet sy die glorie van haar huis of laat sy toe dat iemand anders dit doen nie ...
- 37: Hulle is 'n bejaarde egpaar wat albei in Ierland gebore is, maar hul hele lewe lank het hulle daarin geslaag om alle aanraking met die land te vermy en hier te leef soos plante in 'n broeikas, versigtig omring deur 'n atmosfeer wat suiwer Engels is.
- 43: 'n luitenant in diens van die Koning, sy soldate net agter hom met bajonette wat glim in die lig, klein buiteweg in 'n vreemde kolonie.
- 49: Toby verag die Iere en kan ná vyftig jaar nog geen woord van hul taal praat nie ...
- 52: 'Ja,' sug sy ... 'dit is nie Engeland nie ... Die Iewe is so anders, so ru en onbeskaaf nog in baie opsigte. Ek was gewoon aan Londen, Bath, my vader se landgoed — die Engelse boere is tog so 'n heel ander tipe as hierdie mense.'
- 54: 'Volgende somer gaan ons na Engeland ... Wat kan Ierland bied om daarmee te vergelyk, meneer Hardinge?'
- 56: 'Ons is 'n ander ras, Angel-Saksies hoofsaaklik in leefwyse en lewenshouding, al het vele van ons miskien heelwat Keltiese bloed.' 'Nie die Cunninghams nie, meneer Hardinge,' verklaar lady Elizabeth. 'Of sir Arthur se mense, lady Alice.'

3

- 52: 'n Mens waardeer jou bure hier op die platteland waar jy afgesonder sit tussen boere en pagters — dit beteken soveel om vriende te hê wat jy kan besoek, jou eie mense ...
- 121: 'Ons het verpligtings teenoor mekaar, ons wat bly in hierdie woesteny te midde van die barbare.
- 139: '... maar jy het darem ook verpligtinge teenoor jou stand, jou mense ...'
- 180: 'Ons het die plig om ons beskawing te verdedig — ons kan nie dat alles wat ons en ons voorvaders hier tot stand gebring het, vernietig word deur die ongeletterde horde nie.'
- 181: 'Jy moet onthou dat jy 'n verpligting het ... teenoor jou stand ... Ons moet saamstaan in ons eie kring ...'

4

- 18: 'n Mens kry jou land lief,' sê hy verontskuldigend, 'al besef jy dit skaars. Dis hiér waar ons hoort.'
- 56: '... maar ons is hier gebore soos hulle, die meeste van ons reeds geslagte lank hier gevestig ... U kan altyd terugkeer na Engeland, lady Elizabeth ... maar óns ken geen ander land as hierdie nie.'

5

- 27: 'Ek het dit oor die onrus onder die boerevolk,' gaan hy voort terwyl hy vir homself wyn skink ... 'Dit is duidelik dat die Rewolusie in Frankryk hulle net aangemoedig het. Ek glo dat dit nodig is om drastiese stappe te doen voordat dit te laat is en die hele saak hand-uit ruk.'
- 28: 'Hang hulle!' werp Greenwood tussenbei. 'Dis my oplossing vir die hele vraagstuk ... Ek gee nie om wáárvoor hulle voor my verskyn nie ... ek het lankal uitgevind dat die galgtou die beste en die vinnigste oplossing is. Niks minder as dit sal op hierdie mense 'n indruk maak nie.'
- 49: 'Ja werklik, sir Arthur, die boerevolk is 'n bron van gevaar vir ons almal. Maar ons het hulle hiér tot dusver in toom gehou ...'
- 50: 'Hulle rug moet gebreek word,' beklemtoon lady Harriet. 'Die hemel weet, daar sal niks van ons oorbly as hierdie mense die oorhand moes kry nie.'
- 53: 'Gaan span al die mans in wat langs die paaie loop en niksdoen, Maria,' sê Kitty. 'Dis mos wat regter Greenwood sê wat hy wil doen.'
- 69: 'Klomp moordenaars!' roep Cunningham verward. 'Ek sê, skiet hulle almal, die laaste een; skiet hulle voor die voet, roei hulle uit!' 'Ek sekondeer!' sê Halliday ... 'Hulle wil óns uitmoor — laat ons hulle van die gras af maak ...'
- 'Skiet hulle!' hou Cunningham vol ... 'Wat sê jy, gaan ons boere jag, Tom?'
- 70: 'Ons moet hulle kortvat,' sê hy. 'Streng wette wat behoorlik uitgevoer word, en 'n goeie leër en magistrade om om te sien dat dit gedoen word.'
- 180: 'Dis óns of hulle,' stem Halliday saam.
- 183: Die garnisoen op Droim Cille is versterk, en daagliks daardie lente is daar soldate op die paaie te sien wat besig is om huise te visenteer en beslag te lê op wapens.
- 184: 'Ja, meneer David, dis nie meer speletjies nie, die regering tree nou ernstig op. Die volk kan sien dat hulle vasgevat word. Die soldate ondersoek elke huis, en hulle laat nie met hulle speel nie. Daar is 'n hele paar mense hier wat moes deurloop onder hul bajonette, of wat selfs 'n goeie loesing gekry het ...'
- 185: 'As jy 'n grondeienaar is, gáán jy, en as jy 'n pagter is, háng jy. Dit help om die wanverhouding tussen die getalle te herstel.'
- 201: 'Hulle moet geskiet word, die laaste een!' verklaar die predikant, 'uitgeroei soos ongedierte.'

6

- 14: ... en Arthur het Engeland toe gegaan om 'n ryk vrou te soek met wie se geld hulle die landgoed aan die gang sou kon hou.
- 15: 'Ag Ouma, hoe kan ek dan nou 'n bal gee? Dit kos musikante, en 'n kok uit Dublin ...'
- 19: 'Stadig met al die geld,' sê Arthur. 'Ek wil nog 'n paar perde koop.'
- 20: Die geld wat haar man nie aan perde en kaartspeel spandeer nie, word dan ook op rojale wyse bestee aan bals, dinees en reise na Dublin vir die Seisoen.
- 24: 'Ek weet nie hoe hulle sulke dinge kan bekostig nie ... 'O, koop nou, betaal later. Alles kom van Dublin, waar die winkeliers haar nog nie so goed ken nie.'
- 67: Self het hulle min genoeg oorgehou — hulle groot huise verval almal, met soveel trots gebou in die gloriejare ná die Vrede van Luimneach en die triomf van die Engelse in Ierland. Daar is skuld, verbande, familiejuwele en -silwer verpand, maar nóg bly die skyn, en word hulle trots helder ten toon gestel onder die kerse van Donore, lord Somerville se ridderorde, die ametiste en diamante van mevrou Townsend ...

7

- 33: Dit is 'n gewone wit boerehutjie ... een van die ontelbare huisies wat hy sy hele lewe lank reeds ken, maar dit is die eerste keer dat hy een betree ...
- 35: Die gesigte wat hulle aanstaar is dié van vreemdelinge: die donker oë en hoë jukbeendere ...
- 36: '... die boerevolk is 'n ander nasie as ons, ons hou ons nie met hulle op nie.'

- 55: 'Almal, Mammie!' roep Kitty. 'Ons is álmal lere: sodra dit volmaan is, gaan ons ons blou verf en offers bring onder die akkerbome, nè meneer Hardinge?'
'Nie heeltemal nie, juffrou Cunningham,' verduidelik hy. 'Die Kelte het nooit ...'
- 59: 'En hulle lewe hier met hulle eie taal, godsdien, gewoontes ... Dit laat 'n mens byna voel asof jy 'n vreemdeling is in jou eie land, vind jy nie, te midde van hierdie mense.'
- 112: 'Ek het nooit veel met die volk te doen gekry nie,' sê David, 'met die lere — net die bediendes by die huis. Ek het hulle nooit leer ken nie.'
- 122: Hulle praat met Séamas en met Liam in hul eie taal, en David vind niks oor hulle uit nie;
- 150: 'Ek weet — vir julle is ons nie mense nie, net outomate aan die buitewyke van julle lewens. Dit het nog nooit by julle opgekom dat ons dink of hoop of droom nie, dat ons gevoelens het nie, en so kan julle baie gerus lewe en ons verontagsaam, want ons tel nie, of ons kos of klere het, maak nie saak nie ... ons besit geen egtheid nie.'

8

- 39: Hulle is soos wilde diere, iets ongetems in hulle oë en gebare: soos jong herte kom hulle om aan 'n mens se vingers te lek, maar altyd waaksaam, altyd skrikkerig ...
- 40: Wat is hulle ook meer as diere, hierdie kaalvoetboere wat op die vloer slaap in vensterlose hutte?
- 42: Hy kyk neer op die maer gesigte, die brutale oë ... en daar kom walging in hom op, walging en vrees tesame. Soos diere, dink hy, en hy lig die sweep op om hulle los te slaan, op die hande, die arms, die skouers ...
- 180: 'Ons kan gerus boerejagte instel — hulle is meer volop as hase, en hulle teel vinniger aan.'

9

- 17: 'As jy die gras wil sny, sal hulle jou vertel dat die sens gebreek is, en daar is niemand om dit reg te maak nie, want die smid is weg na Cillin vir sy skoonma se begrafnis.'
- 36: 'Diewe- en moordenaarsbendes wat kom en gaan soos hulle wil, en geen mens hou 'n oog op hulle nie.'
- 37: 'Die lere,' sê lady Harriet, 'en die lere kan jy vir geen oomblik vertrou nie.'
- 38: 'Hulle is net nie dankbaar nie, en wat jy vir hulle gee, word binne 'n uur of wat omgesit in drank.'
... 'En as jy geen oog op hulle hou nie, steel hulle jou wasgoed op die koop toe ...'
- 181: '... en mens kan lekker lag vir hul koddigheid en hul leuens en so meer. Maar hulle is nie óns nie, nie óns mense nie.'

10

- 34: Ongemaklik kyk David rond in die hutjie, bewus van die ongewaste liggame en die geur van ontelbare maaltye hier in die benoudheid.
- 41: 'Dis tog gewoonlik so donker daarbinne, en so vuil, dit het geen nut nie.'

11

- 56: 'Kultuur! Meneer Hardinge, asseblief: hulle weet nie eers wat dit beteken nie. Barbare!'
- 121: 'Ons het verpligings teenoor mekaar, ons wat bly in hierdie woesteny te midde van die barbare.'

12

- 38: Hulle is net nie dankbaar nie, en wat jy vir hulle gee, word binne 'n uur of wat omgesit in drank.'
- 94: 'Maar dis natuurlik die bloed wat uitkom, die bloed van sy voorvaders, dat hy nou sit en whiskey drink met die volk terwyl die boerdery tot niet gaan.'
- 165: 'Dit is geen kwessie van logies dink of redeneer nie — gee hulle net 'n bottel sterk drank of 'n opruierende toespraak, en hulle is gereed om los te bars en aan al hul dierlike instinkte vrye teuels te gee ...'

13

- 9: 'Hulle is so arm!' roep Alice uit ... 'Maar doen niemand dan iets vir hulle nie?'
- 11: 'Ek was nooit weg gewees uit Ierland nie. As jy jou hele lewe lank hier bly, aanvaar jy alles maar soos dit is, en jy dink nooit daaraan om vrae te stel nie.'
- 32: ... die armoedige hutjies van die boerevolk met hul verweerde strooidakke ... noudat hy Alice al hierdie dinge wys, is dit asof hy hulle self vir die eerste keer sien.
- 35: So gewoon is hy aan die onderdanigheid, selfs kruiperigheid van hierdie mense, dat hulle skielike afgetrokkenheid hom byna bang maak ...
Hy word kwaad, en wanneer hy Alice aan die arm neem, sleep hy haar byna uit na die rytuig.

14

- 154: 'Sy het dit seker goed bedoel, maar mens kan geen wonde genees met 'n paar afgedankte hemde of 'n flessie whiskey nie. Veral nie wanneer 'n mens gekrenk is in sy waardigheid as mens nie. Dit is die ergste wond.'

15

- 41: 'Ek sien jy gaan nie meer hul hutte binne nie,' merk hy byna venynig op. Sy maak 'n verontskuldigende gebaar. 'Dis tog gewoonlik so donker daarbinne, en so vuil, dit het geen nut nie.'
- 50: 'Dit is waar, weet jy, David, wat julle almal sê — hulle is nie óns mense nie. Jy dink jy ken hulle, en dan skielik gebeur daar so iets, en jy besef dat hulle 'n vreemde volk is.'

16

- 28: 'Die Ierse volk is gebreek deur Willem III, en ons het gesorg dat hulle sedertdien op die grond bly, met ons voet stewig op hul nek. Wat het ons hulle gegun — laat staan maar die politiek — selfs op die gebied van godsdiens of opvoeding?'
- 29: 'Strawwe — die galg of wat ook al — word toegepas wanneer 'n misdaad gepleeg is. As 'n mens probeer om sy eie regte te verdedig, sy eie waardigheid te handhaaf, kan sy optrede tog nie as 'n misdaad gestraf word nie.'

17

- 51: Is dit net hý, David, wat geen rus ken nie, wat nie kan wegsak in die koesterende vertrouwdheid van hierdie lewe nie?
Onrustig bly hy aan die grense van die geselskap, asof hy soek na iets in die aanwesigheid van andere.
- 120: Waarom is hy nie gelukkig by hulle nie? wonder hy; waarom verlang hy na die oomblik wanneer hy van hulle kan afskeid neem?
... Hy is 'n vreemdeling in hul midde, besef hy skielik, met sulke geweldige klaarheid dat hy vir 'n oomblik roerloos bly sit terwyl hy probeer om hierdie wete te verwerk. Hy is 'n vreemdeling, die taal wat hulle praat, sal hy nooit verstaan nie; hul lewe is soos 'n dans waarvan hy die passies nooit sal ken nie of die maat.

18

- 20: Hy wil tog nie in 'n hoek sit en luister terwyl hulle tee drink, met al hulle skinderpraatjies en maneuvres om hulle dogters getroud te kry, nóg kan hy met hulle mans en seuns gesels ... oor die enigste onderwerpe waaroor hulle 'n gesprek kan voer ... Hy verdwyn altyd wanneer daar besoek kom.
- 126: David, egter, bly staan op die rand, onwillig om hom tussen hulle te begewe en deel te word van hul groep. Wat moet hy by hulle soek? Hy kyk na juffrou Hardinge ... na Hardinge se lugtige galanterie; luister na hul helder stemme en gelag in die koue lug, neem hul gebare waar asof hy daar geen deel in het of kan hê nie.

19

- 75: '... en dit is waarom ek weggebly het van die mense hier met hul bals en dinees en jagpartye. Ek wil dit alles nie hê nie, en ek wil ook nie die lewe in Dublin hê nie, met al sy kliekerigheid en spioenasie en skinderpraatjies. Ek wil doen wat ek wil, niks anders nie.'

- 121: Hy staan op, hy moet gaan ... Hy ontsnap, hy breek weg in die ysige, sterlose nag, maar hy is vry. Die wind sny in sy gesig en sy hande kan die teuels nie eers voel nie, maar hy het losgekom.
- 129: David slaan egter geen ag op wat sy sê nie, self effens verbaas oor wat hy gedoen het, maar tegelyk ook bewus van 'n nuwe gevoel van vryheid.
- 182: 'Ek moet huis toe gaan —' Sy hoed is in sy hand ... Hy sien mevrou Burnwood nie, en spring vinnig op sy perd voordat sy kan kom om hom terug te hou in gesprek: in wilde vaart jaag hy die pad af, terug na Donore en die stilte van die huis tussen die bome.

20

- 81: 'Dis nie reg nie, nie reg om so anders te wees as ander mense nie — jy moet jou aanpas.'
- 82: 'Ek sê vir jou jy kan nie so aangaan en maar net dwing om anders te wees as ander mense nie — dis verkeerd, dis sleg. Jy moet leer om in te pas en aan te pas.'

21

- 98: David skud sy kop. 'Nee, ek wil nie gaan nie. Ek voel my tog nie tuis by hulle nie.' 'Meer tuis hier?' vra O Néill met 'n glimlag.
- 106: Nadat die eerste vreemdheid aan sy kant weggeslyt het, het David tuis gevoel in die togtige huis met sy leë, eggo'ende vertrekke; en met Séamas Bán self ...
- 110: Sy vriendskap met Séamas en met Liam ... het gou iets hegs geword, en met hulle het hy tuis gevoel.

22

- 113: '... feit bly dat ons ook mense is' — hy praat weer met David —, 'dat ons tóg mense is, hoe moeilik jy dit ook mag vind om dit te besef. Ons kry lief en haat en hoop en vrees nes julle; ons kan ook verneder word ... 'n Sweep maak ons skouers net so seer soos wat dit julle s'n sou maak.'
David onthou die markdag in Droim Cille. 'Ja,' sê hy.
- 128: 'Omdat ons nie mense is nie — dit weet jy tog self, jy voel dieselfde oor ons. Maar nou leer jy uit praktiese ondervinding wat dit beteken om nie 'n mens te wees nie.'
- 150: 'Nee, want jy het nooit besef dat ons mense is nie, nie waar nie?'
David dink na. 'Nee,' sê hy uiteindelik; 'nie totdat ek julle leer ken het nie, jou en Séamas.'

23

- 122: Dit is of hierdie mense die reinheid van die dae aangeraak het, en die herinnering aan hulle gesigte vertroebel vir hom die blankheid van die landskap ... mense met gebarste hande en kaal voete, skouerblaaië wat uitsteek deur 'n geskeurde hemp, kinders wat hom aanstaar op 'n ry voor die vuur terwyl Séamas se huishoudster morrend vir hulle brood sny.
- 124: 'Sy is Ierland,' sê Liam saggies; 'kyk na haar, David. Hier sien jy ons volk, ons land, nou voor jou oë, 'n enkele vrou sonder besittings, sonder grond, sonder naam selfs, wat ronddool langs die paaie.'

24

- 150: 'Hierdie mense is Ierland, David. En weet jy hoe hulle lewe, die vier miljoen? Pagters en bedelaars in hulle eie land ... hul taal verag, hul godsdiens amptelik verbode. Weet jy van die beperkings waaronder ons leef? Dat ons bloot geduld word, soos wilde diere in 'n kamp ... elke stap wat ons mag doen versigtig bepaal ...'
- 151: '... ons praat oor stemreg en grondbesit en wat dies meer sy, maar ek wonder of dit die belangrikste is; of dit nie 'n groter ding is om as méns behandel te word nie, as denkende, voelende wese, as iemand met 'n siel, met verstand, met waardigheid.'

25

- 144: 'Ek is bevrees dat ons as volk maar geneig is om 'n geslote kring te vorm en onself nooit te verrai nie.'
- 146: 'Ons is te lief vir woorde, vir argumente en teorieë en verbeeldingsvlugte ...'

- 148: 'n lerse gawe — of swakheid. Behepthheid met woorde, met patrone van klanke, sinspelings, verwysings ...'

26

- 115: In die vlamlig het die donker, knielende menigte 'n waardigheid gekry wat hulle omskep, en die klank van al hulle stemme besit 'n onpersoonlike skoonheid.
- 124: Hy kyk na die ou hande waar die blou are uitstaan, en onthou haar hare teen sy lippe toe hy in haar oor gepraat het. Met effense verbasing ontdek hy in homself 'n gevoel van teerheid byna teenoor haar ...
- 168: ... laat dit nooit eindig nie maar só bly, die verkleuring van die hemel, die water wat nog silwer die lig vang in die groeiende donker, en die lied wat Eilis begin sing het, saggies by haarself asof sy van hom vergeet het.
'Waarvan sing jy?' vra hy.
'Van 'n wilgerboom,' sê sy, en die eenvoud van haar antwoord gryp hom beet.

27

- 88: 'Praat Engels!' roep hy ongeduldig ... en ná 'n ruk gaan hulle in Engels voort.
- 89: Onseker oor wat sy optrede behoort te wees — in hierdie plek, in hierdie omstandighede — swyg hy ...
- 91: Vir 'n oomblik aarsel David terwyl hy dink aan die vuur, die geselskap, maar dan draai hy weg. Hulle is tog nie sy mense, hy is nie een van hulle nie; hy behoort nie hier nie, en sal net 'n vreemdeling bly en 'n indringer. Hy draai om.
- 132: ... almal praat saam in lers, en David staan verlore en onbegrypend in hul midde, ongelukkig in die besef dat hy nie hier hoort nie en dat hy hulle geselligheid met sy koms verstoort het.
- 141: Hy is toegelaat in die kring, maar opnuut sien hy dat hy nie ten volle deel daarvan is nie, dat daar woorde is wat hom vreemd bly, verwysings en sinspelings wat hy nie verstaan nie, gebeure waarvan hy nie weet nie.

28

- 134: '*Bórd,*' herhaal hy, '*cathair ...*
Cathaoir,' korrigeer sy glimlaggend.
'Leer jy lers?' vra Liam. 'Lers en volksdanse op één aand ...'
- 137: Hulle leer hom lers en hy leer dit gou aan, vinnig genoeg om hul gesprekke te kan volg ...

29

- 115: By fakkellig is alle dinge vir hom verander, en die wêreld van die daglig kan hy hier nie meer terugvind nie.
- 135: Hulle lag, hulle roep uit, hulle klap hande op maat van die musiek, en alle vreemdheid verdwyn vir David. Wat hulle sê, kan hy nie verstaan nie, maar die klank van hul woorde is vriendelik en vertrouwd om hom, nie meer iets om hom uit te sluit nie van hul kring.
- 138: Geleidelik in dié winterdae ... verlaat hy die wêreld wat hy altyd geken het, en beweeg byna onmerkbaar oor die grense van 'n nuwe wêreld.
... Hy is afgesluit in sy nuwe wêreld, in sy eie kring, en daar is niks wat deur die grense kan dring nie ... Die kombuis van Ard na Croise, die weduwee se huis, Liam en Séamas, die weduwee en haar dogters, met Bridín en die kinders aan die buitewyke van die groep — hy is deesdae maar selde op Donore ...
- 139: Hulle kring word hierdie winter steeds hegte, asof hulle ten volle afgesny was van alle andere, en slegs bestaan om hul vriendskap met mekaar te deel.

30

- 155: Waar is daardie dae heen, hopeloos en onherroeplik verlore; en nog verder terug die jare daarvoor toe hy alleen was op Donore, en dag na dag gestap het deur die park en deur die huis sonder om met enigeen te praat.

- 159: Geleidelik begin hy die wêreld om hom anders sien, die mense en dinge waaruit dit bestaan meer as slegs dele van 'n patroon ... Voor sy oë verander die wêreld wat hom sy hele lewe lank omring het, en nie sonder verdriet nie sien hy hoe dit 'n ander voorkoms begin aanneem ...
- 201: Vir hierdie mense, besef hy, gaan die lewe nagenoeg onveranderd voort, en die steurnis wat gekom het, is nóg eg nóg blywend, Liam op die baar en Colm met die bloed wat langs sy gesig af loop.

31

- 198: En dit is hý wat die vyand is, hý wat vannag hier onder dieselfde dak sal slaap as hulle. Hulle weet dit egter nie, en selfs hy kan dit nog nie besef nie ... Sal dit nie alles verbygaan met die nag, sodat die oggend weer die bekende lewe aan hom sal herstel nie? ... maar die wete bly, alhoewel hy nie meer kan onthou hoe hy sy besluit bereik het nie.
- 194: 'Die gesin, die groep, ja, selfs die land waarin jy gebore is, is in 'n groot mate maar iets toevalligs. Jy is hulle trou verskuldig en liefde, maar êrens moet jy 'n streep trek en 'n perk erken.'
... 'Téén hierdie dinge,' sê hy saggies. 'Dit is verkeerd, ek weet dit ...'
'Handel dan volgens jou besef.'
'Ek moes eerder, al lankal.'
- 210: 'Ek het gedink dat jy miskien sal verstaan, maar ek verstaan self nie goed nie, net dat ek dit moes doen en nie anders kon nie.'
... 'Jy moet seker doen wat jy glo reg is, David; jy sou jou seker nie teen jou eie mense gekant het as jy nie oortuig was van jou saak nie ...'
- 214: Hý bly nog, hy wat sy keuse gedoen en dit uitgevoer het ... en geen verwyf of miskenning of mislukking kan sy poging aanraak nie ... Dit is die steun, die troos, dat hy gedoen het wat hy moes doen ...

32

- 159: Die veigheid wat nog altyd sy erfdeel was, kraak en breek soos ys onder sy voete ...
- 194: 'Hoe kan ek dan die fondament van my hele lewe onder my uitslaan? Maar dit is onreg, dit het ek geleer gedurende die afgelope maande.'
- 209: 'Maar hoe wil jy dan dat alles moet verander behalwe jy self, dat net jou eie kring onaangeraak bly om jou heen? Ons moet ook verander, Alice, saam met alle ander dinge, hoe moeilik dit ook mag wees.'

33

- 139: 'My mense is die mensdom,' haal hy ingedagte aan ...

34

- 209: 'Jy het geen reg om dit te doen nie — jou eie mense aan te val, jou eie stand te verraai, om skande oor ons almal te bring, jou lewe aan die galg te eindig.'
- 211: Hulle het geglo dat hy belangrik is, die middelpunt van alles wat daar gebeur het in die omgewing van Droim Cille ... Die doodvonnis is oor hom uitgespreek ...

35

- 10: 'Die mense hier rond jag baie.'
'Arthur ook — ek weet hoe lief is hy vir jag.'
- 11: ... Arthur se ou jag- en drinkmakers.
- 13: 'Wat dink jy dan, kêrel? Ek het darem nie die hele tyd by bals en dobbelsale deurgebring nie. Ek het 'n paar deksels goeie jagte meegemaak.'
- 72: 'Ag Arthur, jy kan vir naweke Donore toe kom, jy kan al jou vriende uitnooi ... om saam met jou te kom jag'; en die vooruitsig laat hom minder terneergedruk lyk.

36

- 11: Hul stemme en gelag het die huis gevul, met geskreeu om nóg whiskey en nóg turf vir die vuur.

- 12: Arthur se vriende het vir aandete gebly, en die kraffies het óm en óm gegaan in die kring rondom die tafel.
- 68: 'Wyn, sê ek!' skreeu Arthur. 'Die laaste fles van grootvader se wyn, here — laat ons dit uitdrink!'
- 77: Toby het verruk die skade nagegaan toe die wanordelike eetkamer uiteindelik weer oopgesluit is. Soos die ou dae, soos die dae toe sir Frederick gelewe het, met 'n huis vol jong here wat nog weet hoe om te drink ...
- 82: 'Jy moet onder die mense kom en 'n paar flesse goeie wyn inkry — dít sal jou lus gee vir die lewe!'

37

- 15: Alice het 'n stel kamers ... oorgeneem, en dae lank is die huis nou vol werksmense wat die stoele en rusbanke moet oortrek en die Sjinese muurpapier plak ...
'Dit is baie mooi, ja. Al die vroue in die omtrek gaan jaloers wees op jou.'
- 18: 'O, wonderlik! En dan kan ons hiér 'n bal gee, nè Arthur, wanneer my kamers klaar is. Jy moet kom kyk, hulle het die spieëls al opgehang ...'
- 22: Al om die vertrek volg die oë van die getroude vroue voldaan die gang van hul kinders op die dansvloer ...
- 38: Die gesprek neem sy gewone wending: mevrou Burnwood vertel Alice hoe sy die rose moet laat snoei ...
- 52: ... en lady Elizabeth begroet hom met blydskap: jare lank reeds hoop sy dat hy Maria sal trou, en nóg het sy nie alle verwagtinge verloor nie ...
- 59: 'Kom tog eers 'n oomblik na binne,' sê Alice vir juffrou Hardinge, 'dan kan ek u my borduurwerk wys.'
- 65: Arthur woon die veiling by en kom terug met twee perde ... vir Alice het hy 'n paar Sjinese skerms gekoop, 'n vergulde spieël, en 'n speeldoos.
- 116: ... en die oë van die vroue sien geen detail oor nie: mejuffrou Hardinge in vertroude blou pellerien met bont garneer en lady Elizabeth in onmodieuse dog indrukwekkende galakleed. Toe stap mevrou Frobisher egter uit die koets ... in haar oordrewe modieusheid wat soos 'n belediging is vir elke ander vrou ...

38

- 12: ... en meneer Cunningham self gedwee agterna te perd, oorstem soos altyd deur die vroumense.
- 13: Cunningham begroet David se koms met verligting waar hy voor die venster staan, ongemaklik by al die vroue ... Toe hulle buite kom, is dit asof Cunningham weer asemhaal ... Hy gesels voort, vry om weer oor mannesake te kan praat ...
- 21: ... die meisies wat opgewonde hul waaiers laat fladder en met mekaar giggel, die mans ongemaklik saamgebondel op 'n afstand ...
- 24: Die kaartspelers en jagters het hulle afgesonder van die bal.
- 68: ... totdat Alice lady Charlotte se aandag trek en die dames opstaan om hulle na die sitkamer te begewe ... dan kan die here ontspan rondom die tafel ...
'Kom, laat ons gemaklik wees!' roep Halliday ... 'Dís wat die hele uitganery die moeite werd maak — aangename geselskap en goeie wyn.'

39

- 16: 'Ja, Arthur het soveel om hom besig te hou ...' Vir 'n oomblik kyk sy weg.
- 72: 'Om in Dublin vasgekluiser te sit en al hierdie lawwe bals en onthale by te woon ...'
'Alice sien daarna uit,' merk David op.
'O, Alice ...' Hy haal sy skouers op.
- 208: 'O, Arthur het gaan jag by vriende in Cill Dara nog voor al die moeilikheid begin het ... en ek bly alleen in Dublin, die hele tyd met al die onluste.'

40

- 20: Hy wil tog nie in 'n hoek sit en luister terwyl hulle tee drink, met al hulle skinderpraatjies en maneuwere om hulle dogters getroud te kry ...

- 76: '... en dan sal julle nuwe huis jou aandag heeltemal in beslag neem, en jy sal snags nie kan slaap nie terwyl jy jou lê en bekommer oor watter kleur gordyne jy vir die eetkamer moet kies.'
- 120: Die meisies omring hom en dring daarop aan dat hulle speletjies moet speel: raaispeletjies, pandspeletjies, hulle gee nie om hoe laf nie ... Waarom is hy nie gelukkig by hulle nie? wonder hy ...

41

- 47: 'Die kinders is Katolieke, milady,' antwoord hy saggies. 'Daar is geen skool of universiteit in Ierland wat vir hulle oop staan nie.'
- 130: 'Menéer O Floinn,' korrigeer die priester bedoord. 'Onthou, die Roomse geloof bestaan nie amptelik in Ierland nie ...'
- 131: 'Is jy dan Rooms?'
'Nie eintlik nie — my voorvaders was natuurlik ... maar my grootvader het amptelik oorgegaan om sy grond te kan behou — Katolieke mog immers nie erf nie, hulle het geen regte gehad nie. My vader is nog heimlik as Katoliek grootgemaak, maar ék het 'n soort simboliese Protestantse opvoeding ontvang ...'

42

- 118: 'Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang.'
- 180: 'Dis die orde wat deur God ingestel is, en mens durf dit nie omverwerp nie —'

43

- 116: Met Kersfees het al die Protestante van die omgewing altyd kerk toe gekom, al was die gewone Sondagse bywoning slegs wisselvallig ... Met bedeesde hofflikheid knik en groet hulle, en die oë van die vroue sien geen detail oor nie ...
- 118: Die diens gaan voort: streng volgens stand kom die gemeente die liggaam en bloed van die Here ontvang, mevrou Frobisher met die kantsluier wat liggies agter haar aan stroom ...

44

- 116: 'Glo jy?' vra David meteens.
'Waarin? Die mis vanaand? Die sakrament, God in die strooi van 'n stal?' Hy is 'n oomblik stil. 'Ja, ek glo.'
- 196: 'Want God bestaan, of jy dit glo of nie, of Hy iets in jou lewe beteken of nie ...'

45

- 117: ... en wat die gemeente doen in hul afsondering kan hom nie skeel nie.

46

- 39: 'Ou Burnwood is nie 'n slegte kêrel nie,' merk Arthur op ... 'Hy bemoei hom nie met ander mense se sake nie, en hy is 'n goeie kenner van perde. As ons maar net geld gehad het die tyd toe hy sy jagperde verkoop het!'
- 81: Dog sy gemeente is klein ... en die werk het hy tot dusver self behartig, die Sondagse preek en die seldsame huisbesoek tussen geselliger dinees en jagbyeenkomste in.
- 117: 'Die orde wat vasgestel is, wil hulle omverwerp, en die ganse aarde in chaos dompel. Die ou, vertroude weë wat ons bewandel, wil hulle nie meer volg nie, maar wegbreek in hul woede. Geen gesag word meer eerbiedig nie, geen posisie kan meer gesag inboesem nie; wet nóg voorskrif word in hierdie dae verdra.'
- 119: 'Ek moet u bedank vir die wyn,' sê dominee Burnwood ... 'Waarlik 'n goeie en 'n welkom geskenk ...'
- 131: 'O nee, hy's eintlik maar 'n brood-en-water-en-selfkastydingsman, geen port of jagperde soos oubaas Burnwood nie.'

- 177: Tussen hul lewendige geswets sit dominee Burnwood effens belemmerd met sy voet op 'n bankie, maar met 'n gesig rooi van die wyn en die vrolikheid probeer hy ywerig sy gebrek te bowe kom.
- 181: 'Om te gaan jag met vriende, om 'n paar glasies te drink — dit is tog goeie, heilsame dinge.'
... 'Ons moet saamstaan in ons eie kring en nie indring in plekke waar ons nie behoort nie — soos ek so pas gesê het, ons het elkeen ons plek in die lewe, en ons hoort ons daarby te hou en tevrede te wees met wat ons ontvang het.'

47

- 131: Die priester lag. 'Jy met jou Franse filosowe — dis geen barrikade om my uit te hou nie. Daar is vir hulle ook plek in die kraal.'
- 142: 'O, die bewyse bly dieselfde — die waarheid is die waarheid, of jy in die Oorsprong daarvan glo of nie.'
- 171: 'Dit is my taak om Hom aan die mense te bring op die manier waarop hulle Hom kan begryp — 'n Onse Vader met 'n ou vrou, 'n politieke gesprekkie met jou —' Hy kyk David aan. 'Vir jǒu ook, êrens. Hy neem baie gedaantes aan.'
- 193: 'Wat moet ek doen?' vra hy.
Die priester antwoord nie dadelik nie. 'God ken, dien en liefhê op aarde,' haal hy uiteindelik aan, 'en ewig gelukkig wees met Hom in die hemel.'
- 194: 'By die punt waar hulle eise bots met die eise van God, sou ek kan sê, maar as jy nie in God glo nie ... Met die eise van die mensdom, van jou eie mensheid ...'
- 196: 'Maar dit help nie om in terme van God te praat met iemand vir wie God niks beteken nie. Jy moet op 'n ander manier na Hom kom ...'
- 197: 'En miskien is dit uiteindelik die enigste troos, wanneer jy alle dinge verloor het, wanneer alles om jou misluk het ... die feit dat hy daar is, vlak by jou, en dat die oneindige lig uitstraal net anderkant die klein kring van die duister om jou heen.'

48

- 112: 'Nee, geen godsdiens nie: rasonele argumente vir rasonele wesens, vriend Liam.'
- 113: 'Katoliek nǒg Protestant, 'n wilde ongelowige wat nie die kerk van binne gesien het sedert die dag dat jy gedoop is nie, ás jy ooit gedoop is. Ongeloof is die vrug van al jou Franse geskrifte.'
... 'Dis beter om voor die kaggel te sit en te glo in Rousseau of Machiavelli as om elke Sondag na die kerk te trek en in niks te glo nie.'
- 130: 'Hy sal dit in elk geval moeilik vind om te glo dat daar 'n priester by my aan huis is,' sê Séamas, 'afvallige en afstammeling van afvalliges.'
- 131: 'My vader is nog heimlik as Katoliek grootgemaak, maar ék het 'n soort simboliese Protestantse opvoeding ontvang, en vandag is ek niks nie — 'n renegaat, 'n afvallige.'

49

- 111: 'Jy weet tog waarin jy glo, nie waar nie; wát jy glo?'
'Ja,' sê David.
'Byvoorbeeld?' vra Liam uit sy hoek, en David aarsel. 'God?'
'Ja,' antwoord David verontwaardig.
- 118: Liam gló, maar hy self weet nie waaraan hy kan glo nie. Is daar niks om hierdie eensameheid mee te vul nie; geen woord of gebaar; geen kelk met wyn, geen geheiligde brood waarin hy méér kan sien as blote formaliteit nie?
- 171: 'Ek glo nie aan God nie,' sê David bars.
- 210: 'Die predikant is hier, milord,' sê die sipier.
'Ek wil hom nie sien nie ... Ek wil hom nie vandag by my hê nie, of môre.'
- 214: En daar anderkant? Van ver en lank gelede onthou hy die priester se woorde. Wag daar nog iets?
Hoe kan hy weet? Hy het gedoen wat vir hom reg was, met geen mens om hom te help nie, en terwyl hy lewe, kan hy maar net hier sit, alleen in die donker, met die vrees ...

3.11 Toorberg

1

- 3: Op die derde dag het hy skote op 'n troppie Boesmans wat hy in 'n holkrans teëgekomp het waar hulle heuning aan die uithaal was, gelos. Die klompie het laat spaander ... Daar het hy staning gemaak en besluit dat dit die aarde is waarin hy en sy nageslagte wou heengaan.
- 50: Dit was in die tyd toe die boere skoongemaak het onder die Boesmans ...
- 130: 'Hulle twee het vir StamAbel tot hier gebring ... Maar toe StamAbel na die goewerneur toe gaan, toe kry hy die grondbrief. Omdat hy wit was, Meisie ... En hulle was van hierdie aarde: HansBoesman se mense het dié Oog geken toe StamAbel se oupa nog in Holland ... gebly het ... Maar wie sit nou met die kaart en transport?'
- 146: Hulle's uitgerook, vertel HansBoesman; die meeste vrouens en kinders het in die rook versmoor en dié wat nog gelewe het, is deur die boere net so half onder die grond doodgeskiet ... Die manne het in die bek van die grot geval ...

2

- 3: Die Oog ... is deur StamAbel ontdek toe hy hier deurgetrek het met ... sy spoorsnyer, HansBoesman, vas aan sy stiebeuel met 'n leiriem.
- 18: ... en hy't uitgegaan na waar die pandoer kaalgat onder sy skerm gelê het en hom 'n loesing met sy seekoeisambok gegee.
'So ja,' het StamAbel gesê toe hy terugkom. 'Die droster is op sy plek gefoeter.'
- 50: Die oumense het vertel dat Jan Swaat eenkeer die binneland in verdwyn het. Hy't 'n halwe jaar weggebly ... StamAbel het hom 'n week lank in ysters geslaan en hom elke dag met die sweep bygekom. Toe hy weer mak was, het Jan Swaat sy vryheid teruggekry by StamAbel ...
- 50: '... op StamAbel se werf moes hy altyd water uitruik onder die grond en as sy neus die dag lieg, is hy gelooi.'
- 77: Buite onder sy slaapkamervenster het sy agterryer-pandoer, Jan Swaat ... soos 'n hond gesit en tjank terwyl hy sy seun en vrou groet.
- 146: Met StamAbel Moolman het hy die hele wêreld volgetrek, vasgemaak aan die stiebeuel.

3

- 66: Daarna het Toorberg vir Andreas Moolman die rug toegekeer. StamAbel het 'n enkele telegram gestuur: 'Sit jou Hanskakievoet nooit weer op die erwe van jou vadere nie.'
- 127: 'Ken jy jou soort, Floors Moolman?' StamAbel se hand het oor die sweep gespeel. Vir 'n man wat op pad was om een van sy seuns van sy werf te jaag, was hy verbasend kalm ...

4

- 101: Hy en StamAbel sou op die riempiesbank op die voorstoep sit en ná hul tweede glas brandewyn sou StamAbel versigtig, maar met kwalik onderdrukte aggressie, sy vraery begin ... 'Ja, sonder die Wet sou ons ook beter kon lewe,' sou hy dan sê, en daarmee die gesprek beëindig.
- 125: Toe was Regter Lucius as advokaat in die grootstad en vakansies het hy op die voorstoep met Vader StamAbel kom sit en stry oor die weë van die Reg en die Onreg ... Ná Lucius se betoog het StamAbel met 'n snork opgestaan ...

5

- 14: ... 'n stil, senuweeagtige seun wat sy pa teleurgestel en voëls deur 'n verkyker dopgehou het. Ná skool is hy universiteit toe en hy't nooit weer teruggekeer nie —
... en volgens die grondbriewe in die akteskantoor het OuAbel, die dag toe De la Rey universiteit toe is, in die geheim volle titel en alleeneienaarskap van Toorberg aan Abel oorgedra.
- 151: Die Katolieke is onsuiver en seuns wat uit daardie stam kom, kon nie Moolmans wees nie.
Maar Posmeester het sy voet neergesit. Één keer het hy hom nie gebuig voor die wil van sy

vaders nie. En dit was die laaste keer ...

Vir OuAbel was dit moeilike jare, veral toe hy De la Rey uit sy testament moes sny.

6

- 38: 'Hy't die kind nie aangekyk nie, Edelagbare ... Nee, want hy was mos nie 'n Moolman nie. Buitendien was Druppeltjie ook 'n dwaler, en oom Abel het nie veel aan dwalers nie. Hy sê ook, Edelagbare, u kan hom maar vra, hy sê ook die Du Pisani's is dwalers. ... Toorberg het hom nodig gehad, Edelagbare; net die Moolmans, hulle't hom nie aangesien nie. Hulle ken net hul eie soort talente, nie ander talente nie.'

7

- 2: Maar sy bloed is goed; dis die bloed van sy pa, Andries, en sy ouma, Kitty Riet, en Kitty se sterk voorgeslagte wat terugloop tot by die sendeling James Read, by wie hulle hul van gekry het, en verder terug, deur dié heilige man se are tot in die mistige wêreld oorkant die see.
- 72: 'Sy is nog van die ou generasie. Sy is nog trots op die Moolmanbloed.'
- 112: 'Tant Kaatjie wil vir jou sê jy's witfamilie, Kitty.'
... Sy sit orent. 'Jy meen sy wil my nie laat voel soos enige ander mens nie? Sy wil vir my sê ek is 'n Moolman?'
'Ja, jy weet mos hoe trots is sy oor die verbintenies.'

8

- 48: 'Riet sal ek en my kinders sterwe,' het hy gesê, 'en nie ek of my kinders sal weer onder 'n vensterbank sit en huil soos 'n hond as een van die Abels sterwe nie. Jan Swaat was die laaste Hotnot. Ons is vrygeborenes, my kinders sal geleerdheid vat ...'
- 51: 'My geslag is eintlik die Riete, het ek hulle vertel. Dis die stam waar my geneentheid lê.'
- 170: 'Want my pa, Andries Riet van die Stiefveld, het met my geboorte gesê: eendag is eendag.'

9

- 2: En Kaatjie Daanster weet Shala Riet is haar mooiste seun, met sy trotse woede teen die Moolmans ...
- 41: Hier, bokant geluid en stand, koh hulle ... plat lê tussen die tekeninge en hul lyf Boesman hou, asof die aarde hulle s'n is, die jag weer oop ...
- 72: 'U weet, Jan Swaat, my oupagrootjie, het soos 'n hond onder StamAbel gelewe, én soos een gevrek toe StamAbel sterwe ... My pa was 'n hotnot, in die volle betekenis van die woord. Ek is die eerste wat kon gaan leer.'
- 112: 'Maar kan sy nie sien dat nie ek óf Shala óf Oneday 'n Moolman wil wees nie? Ons pa het dan juis 'n ander van loop koop?'
- 130: 'Hier,' het Oneday aan haar gesê, 'het Oupa Jan Swaat en HansBoesman gelê en rus. Hulle twee het vir StamAbel tot hier gebring.'

10

- 43: Dit was hy, Shala, wat gekom het. Nie hoed in die hand soos sy ooms en tantes ... nie. Nee, hy was 'n Riet, direk uit die bloed van die Engelsman James Read, die man wat die heilige boodskap kom verkondig het in dié woeste wêreld.

11

- 19: Dit is Ella wat nou agter die bediendes loop wat op hul knieë die vloere blink vryf ...
- 98: Vier graafwerkers staan eenkant en wag vir twee pikslaners om die kors te breek ... die grawers gaan deurnag werk; hulle het versterking nodig.
- 108: Dit is 'n pragtige maanlignag. Die pikslaners het al aan 'n tweede span oorgegee ... Dan kom Ella haastig by die agterdeur uit, gevolg deur twee bediendes met groot potte sop in die hand.
- 119: 'Nee, hulle is nog van die ou soort. U het mos gehoor, hulle soek al dag en nag vir hoe lank na Abel. Hulle ken hul plek.'
- 122: 'Die bediendes is tot elfuur vanaand in die kombuis.'

— 156: ... smôrens douvoordag het hy die werfklok gelui en die werkers ... wakker gevloek.

12

- 119: 'Tot Oneday en 'n paar ander aangekeer is. Hulle leer mos nie vir predikant nie, nee, daardie menere se boordjies is politieke boordjies ... Nee, ek is bly hy is vasgevat.'
- 120: 'Ja, hulle hoor ook mos maar oor die radio wat in die groot stede gebeur en dan doen hulle dit na ... En daarvoor moet my seun aan die grens en in die lokasie gaan veg ...'

13

- 15: Hy't nie eens die nonne toegelaat om na die Skaamfamilie in die Stiefveld te ry ... nie. 'Heidense pikkewyne,' het OuAbel altyd gesê, 'wat nie onder die hand van 'n man wil lewe nie.'
- 151: '... en buitendien aanbid hulle nog 'n vrou ook — die moeder van Jesus Christus.'
- 161: Kon Ella maar soveel rus vir hom skep in sy eie huis! Kon sy hom eer soos die weduwee hom geëer het, sonder eise en sonder vrae ...

14

- 18: Later jare sou sy ook so vanuit die stil hoeke van die groothuis vir Ella Moolman dophou — dié vrou wat so getrou die buie en versugtinge van Abel Moolman verduur.
- 19: Só ... het sy Abel keer op keer weer dapper ontvang totdat sy weer boep gestaan en geboorte gegee het ...
- 21: Al jou nagte alleen in die bed terwyl Abel se Land Rover voor die weduwee se huis staan vir die hele distrik om te sien ...
- 34: ... en later toe sy deur die huis beweeg om seker te maak dat alles netjies is voor Posmeester en Koevert vir middagete oorstap, het Amy onrustig gevoel: bekommerd oor Posmeester se bloeddruk en sy floutes, bekommerd oor wat van Koevert sal word ...
- 75: Sy't hom laat begaan as hy teen die grensdrade op en af jaag; sy't begryp as hy snags met 'n skoot in die lug die hele omtrek laat weet het dat hy wakker is en dat die werf aan hom behoort. Sy't stilweg na hom verlang as hy op ekspedisies die wildernis in is agter die swartes aan.
... Sy was vir hom 'n vrou, vir sy seuns 'n moeder en vir Toorberg 'n stammoeder.
- 93: 'U het 'n baie rustige huis.'
'O?' sê sy verras. 'Baie dankie. Soms bekommer dit my. U weet, 'n vrou skep mos maar 'n huis.'
- 127: Floors was toe al vort, sy hele lyf met beesvet ingesmeer deur die huilende Ouma Magtilt. In sy hand was 'n leersakkie met honderd pond wat Ouma Magtilt deur die jare onder haar fyn klere weggesteek het vir 'n dag van nood soos dié.
- 129: Maar sy wat Meisie is, kon Oneday se grille nie altyd verduur nie.
- 131: Maar hoe moes sy weet hy sou 'n man wees wat kinders los in sy vrou se maag en dan weer padgee na die armes in die lokasie? Agterná kon sy nie — nie met Paul of John op die heup nie.
- 148: By Abel het sy slegs vrees en vertwyfeling geken; hy was 'n man wie se pligte geen ruimte gelaat het vir die liefde van sy vrou nie.

15

- 129: 'Al was daar nie meer spyse nie,' het sy altyd gesê, 'het ek met my honger maag, op my honger voete, vir Andries Riet gevolg ... Al agter die slegvel Andries aan ...'
- 131: 'Jy moet in die sweet van jou aanskyn jou man volg,' het Ma Kaatjie pal geantwoord.

16

- 104: 'Dis nie die eerste keer dat 'n Moolman-mansmens sonder taal of tyding verdwyn nie. Die Moolmans is so. As hulle onrustig raak, gee hulle pad. Hulle skuld die wêreld mos niks nie.'
... 'Selfs nie hul vroue nie?' vra hy.
'... Ouma Olivier moes maar wag, dis al. Ouma Magtilt ook. Waarom sal ek nou op groter bedagsaamheid aanspraak maak?'

— 148: Droewig is die Moolmanvroue se bestaan, dink Ouma Olivier ...

17

— 75: En langs hom ... was Magtilt. Vir haar, het StamAbel geweet, het hy dié wêreld mak gemaak.

— 51: Andries gaan tot by Kaatjie. Hy kan sien sy's ontsteld ... Hy kyk na die ou rimpels in haar nek en wil sy hand uitsteek na haar rug.

18

— 75: Vir haar, het StamAbel geweet, het hy dié wêreld mak gemaak, sodat sy ordentlik in 'n katel kon lê as die barensnood kom ...

Vir haar het hy die nag beskerm toe die geel mensies gekom en hul eerste opstal aan die brand gestee het. Vir haar het hy kant bestel by die smouse, en goeie Engelse bakpoeier, die beste kaneel en peper ... en suiwer soda as sy seep wou kook.

19

— 19: Wat almal wel geweet het, is dat elke Moolmanman ná die forse StamAbel swaar sou dra aan sy naam. Want in manlikheid sou geen man ooit die wilde StamAbel kon nadoen nie.

— 154: Dit was die dra aan dié swaar roeping wat hom, OuAbel Moolman, van vroeg af so moeg gehad het. Van jongs af moes hý die steeks grond mak kry, moes hý bid vir reën ... Net hý moes StamAbel se woorde gehoorsaam: gedenk die lewe.

20

— 185: ... want hy was die baas van die plaas en die smarte van Toorberg was syne — méér so as van enige ander man of vrou wat om die gat was daardie klompie dae.

... daarin kon sy sien dat baie Abels hard geboer het om Toorberg mak te maak en dat Abel die swaar van sy hele familie op hom geneem het daardie skemer oggend by die boorgat.

— 186: Abel het wydsbeen oor die gat gaan staan ... Die bos het gebreek soos lywe deur die takke bars en voete het oor voetspore getrap en verdwyn ...

21

— 59: Daar is net een gevoel wat dié jaery klop, en dis wanneer hy regop op 'n Casspir deur die lokasie jaag ...

— 60: Hier sou hy kon boer ... as dit nie vir sy windballas was nie. Dikwels het hy, wanneer hy so jaag, aan dié dinge gedink en dan het hy saggies begin vloek en later al harder, 'n streep woorde wat laster en skree teen Abel en Ella, teen OuAbel en Ouma Olivier, teen StamAbel en Ouma Magtilt ...

— 176: Hy haal die helm af en kyk haar woedend in die oë.
'Abel,' sê hy. 'Noem my Abel.'

22

— 64: 'Om kerk toe te gaan,' het hy aspris hard gesê, 'is om God te onderskat.' Dit was die begin van die einde.

23

— 90: 'Hier was 'n wit predikant, my kind.'

'Waar's hy nou?'

'Hy's weer weg. Hy het 'n gebed by die boorgat gedoen.'

— 161: Sels die dominee ... het hom nie vermaan oor die weduwee nie.

24

— 165: Oneday was weke lank weg op reis om te preek oor die bevryding wat Jesus Christus bring. 'Almal moet weet!' het Oneday geroep. 'Veral in dié tye dat mense op hul drumpels doodgeskiet word!'

— 170: 'Jesus Christus kom nie meer ééndag om ons vry te maak nie. Hy kom nou. Eendag is hiér ... Jesus Christus is vandag by ons om ons vry te maak.'

... 'En wee die een wat vir die Here sê: nie vandag nie, Here, maar môre. Nie eendag nie, maar anderdag. Eendag is nou!' Die mense was op hulle voete, hul vuiste in die lug.

25

- 124: Wat die dooies in hul grafte laat wakker skrik en die voorgeslagte laat dwaal asof hulle nie geseënde Christendooies is nie, maar heidene wat deur 'n Slams begrawe is.
- 131: 'Was hy 'n heiden?' het sy aan Oneday gevra, maar hy het nie geantwoord nie, net met sy vingertoppe oor die rotswand gestreel asof hy die prentjies met sy hande wou wakker maak.

26

- 48: Toe Ouma Riet begrawe is naby die murasies van StamAbel se eerste huis, het die nonne skelm die plaas ingekom en heilige water orals by OuMurasie gesprinkel — ook oor die pandoer Jan Swaat se graf.
- 30: 'Posmeester, doen jy dan nou dieselfde as wat jou pa met ons gedoen het? Oor ek Katoliek was, moet ons nou hier in die onderveld sit en leef uit OuAbel se testament uit.'
... 'En jy weet so goed soos ek dis nie jou redes nie. Of jou eie lewe nie vir jou 'n les is nie.'
... 'Mense is mense.'

3.12 Vatmaar

1

- 91: Die bloed van onse voormense kan vandag in baie mense in die land gesien word. Die witmense het nie met reguit skrefies-oë van hulle se huise oorkant die see gekom nie. En dié met die vleis-arms en vleisdye behoort aan die Griekwa-nasie.
- 162: Hy was 'n regte Suid-Afrikaner, 'n egte halfbloed wie se voorkoms, soos so baie ander s'n, vandag in hulle nageslagte gesien kan word, kyk maar na die vlesige dye en vlesige bo-arms op ons rugbyvelde.

2

- 3: Gladde hare, blou oë en 'n ligte vel het ook jaloesie veroorsaak.
- 107: Hulle was Duitse Basters en mooigeit is toe, soos nou, aan Europese gelaatstrekke gemeet.
- 115: Hierdie Nellie is nie lelik soos wat mense altyd van swartmense sê nie. Ek het na haar plat neus met die groot neusgate gekyk. Haar lippe was albei vol en haar ore baie klein ...
- 149: Sy ma was ten gunste van 'n meisie met Europese gelaatstrekke en sy het al dikwels vir hom so 'n vrou probeer aandra. Dit was vir hom moeilik om haar elke keer teleur te stel.

3

- 3: Die mense het verskillende woorde gehad om hulle landgenote te beskryf. Hierdie name was destyds heeltemal befaamlik en aanvaarbaar, selfs dié woorde wat vandag aanstootlik klink en nie meer gebruik word nie.
- 4: Dit was die gewoonte om 'n Engelsman Mister en sy vrou Madam te noem en 'n Boer Baas en sy vrou Miesies ...
As ek Vatmaar se storie vertel, gebruik ek al hierdie woorde soos hulle destyds gebruik is — in alle liefde en met respek, sonder om iemand te wil seermaak.
- 23: Ons het haar vol deernis Ma Koelie genoem.

4

- 78: Hy's bruin, ek wonder, het hy dalk sy haastige humeur van 'n wit ouer geërf?
- 230: Sy het nog gelag en gesê: As die Griekwa goed kos kry, sit hulle gewig agter in die agterstewe aan, 'n swartman sit weer agter in die nek aan.
- 235: Hulle boude was rond en groot en as hulle kaal tussen hulle voorgeslagte in die Kalahari neergesit sou word, sou hulle mooi ingepas het.

- 237: Die bietjie Windhoek-Duitse bloed in haar wat dit vir haar moontlik gemaak het om baie te vat van dit wat seermaak, het haar nou ook vir haarself laat sê: Genoeg, niks meer nie, dit is ver genoeg.

5

- 288: Alle gesigte het gewoonlik twee kante, het hy gedink. 'n Goeie kant en een wat nie so goed is nie, 'n slegte kant.

6

- 37: You know as well as I do that I cannot get on with a Dutchman. They have no flag, and now they rally behind their taal.
- 134: Die Engelse wou hê die hele land en sy mense moet onder hulle se Queen staan en Engels moet die enigste taal wees wat gepraat word.
... maar nou dink hy is beter as ons net omdat hy 'n Engelse vrou gevat het wat meen 'n Boerevrou is nie haar gelyke nie. En nou gaan hy Engelse kerk toe.
- 196: Mommy, het hy gesê, who is this dirty Boer? Toe hy by my verbyloop, trap hy op my kaal voet met sy skoene. You are now under the Queen, sê hy.
... Missus Lorna White het weer uitgekóm, baie kwaad. What happened? het sy gevra. I told you before not to scold our son in front of his inferiors.

7

- 7: Die meeste van hulle het nikswerd kwitansie-papiere gehad vir beeste of skape wat in die naam van die Queen van hulle gesteel is.
- 58: Omdat hulle Engels was, het die Goodalls haar in hulle pandok se kombuis laat eet. Tot haar klere het sy by hulle gekry, met 'n kopdoek by om te wys sy's 'n binnemeid.

8

- 129: Die officers het gesê ons is onbeskaaf, maar hulle het alles waaraan hulle kon dink geprobeer om ons te verneder en te knak, nogal in die naam van hulle Queen.
- 192: So die Engelse het die Boere se plase afgebrand en hulle vrouens en kinders in 'n tronk van doringdraad gestop wat hulle 'n konsentrasiekamp genoem het. Hierdie arme mense het daar soos vlieë gesterf.
- 200: Ek het die King die ergste woorde genoem wat ek geken het. Om te dink hy het die mag gehad om ons, wat hy sy "subjects" genoem het, te laat doodmaak en om onse mans te leer om mense dood te maak wat hulle nie eers geken of al ooit gesien het nie. Alles in sy naam!

9

- 15: Hy was nou die director van 'n diamond-company en hy wou graag hê mense soos George moet vir hom werk. Mense van "home" af, soos hulle Engeland genoem het.
- 33: Die domanie kyk daarna en vra: Weet jy hoekom wil hulle nie grond uitmeet vir die kerksaal nie?
... Dit is omdat dit 'n Afrikaanse kerk is.
- 90: Maar die Engelsmanne was weer baie uitgeslape, my kinders. Hulle het gestuur wat hulle genoem het manne van God — hulle se missionaries. Sendelinge. Om ons onse God te laat los.
- 95: Medium of teaching: English only.
... Laat ons maar tevrede wees, het Vatmaar gesê, Engels is beter as niks.
- 154: Want dit was destyds net witmense wat 'n lisensie kon kry om drank uit 'n drankwinkel of kroeg aan "Non-Europeans" te verkoop.
- 168: I.D.B (Illegal Diamond Buying) soos dit genoem word, is 'n wet teen die natuur wat kom uit die tyd van Cecil John Rhodes, toe dit gemaak is om die diamantmonopolie in die hande van 'n klein klompie witmense te hou.

10

- 96: Dad, het sy gesê, I prefer a white man to a coloured man. I want somebody like you, Dad. My child, het die oupa gesê, my child, a decent coloured man who you can call your husband

and who can call me Dad, is all I want. This whatever you call him — Irishman, has not the guts to come and meet me.

11

- 26: Hy was blas, soos die mees toegewyde Afrikaners, mense wat trots daarop is om Afrika as hulle tuiste te hê.
Al teleurstelling is dat hulle ons vaderland net vir hulleself wil hê, het Oom Chai gesê.

12

- 38: Daar begin dit al weer, het Oom Chai gedink. Dis onse huistaal, maar hulle moedertaal!
- 97: Ons het Saterdag net skool toe gegaan om die Onse Vader op te sê, want, het Oom Chai gesê, dis in onse moedertaal: Afrikaans, onse huistaal, die taal van my ma en pa, geskep deur die slawe en arme Vlaamse soldate.
- 98: Ons het die Engelse taal geleer met wat hulle 'n Coloured-mind genoem het en aan Afrikaans gedink as ons eie taal. Afrikaans hoef hulle ons nie te geleer het nie.

13

- 104: Hy was nie my vriend nie want hy was 'n Engelsman. Maar 'n witman, het ons dominee gesê, moet sorg vir 'n ander witman, selfs al moes ons Afrikaners so duur betaal vir ons vaderland.
... 'n Witman sal altyd sy wit vyand liefhê maar sy swart vriend haat.
- 127: Een witman help altyd 'n ander witman, sê die poeliesman ...
- 181: Die Pan se parlamentslid het vir ons ouderlinge gesê daar word gewerk aan 'n nuwe plan om die armblanke Afrikaner op te hef ... Die L.P. het gesê dis 'n seker manier om die Afrikaner bo die kaffir en die hotnot te kry ...

14

- 47: Ta, hierdie mense gee my nie water om myself te was nie ... Hulle sê ek moet wag tot dit reën en dan kan ek my vuilgat was.
- 49: Hierdie Oom Flip ... was meer soos 'n geleerde perd as 'n man.
- 50: My Filemon sê die sambok het goed gewerk
... en dan het sy dit nog gesê asof Bet 'n perd is wat ingebreek moet word.
- 52: Hulle het my ma tien sjelings gegee — die enigste geld wat hulle ooit vir my werk gebetaal het. Dit was drie jaar terug, Flippus.
- 55: Hierdie witmense dink meer van hulle se honde as van ons.
- 58: Vir 'n vrye mens om soos 'n slaaf te moet lewe is erger as om 'n slaaf te wees wat gekoop is. Die boeie is net dieselfde.
- 62: Dê, maar moet my nie nog iets vra nie want julle mense is nooit tevrede nie.
- 68: Net gister nog wou Mies Mollie weet hoekom hy vir daai meid twee canfruit-blikke vol water gee — een is mos genoeg om haar gevreet in te was, het sy gesê.
- 69: Ek wil nie nog 'n kaffir en 'n meid op die kleim hê nie. Een kaffir en meid is oorgenoeg ... Hy raak te groot vir sy skoene, en die sambok het lanklaas werk gehad. Meide is volop.
- 69: Wat het jy daar, Kaffir?
My vrou se brood.
Jy het vergeet om Baas te sê, my Kaffir, sê Filemon.
- 69: Bok, sê Flippus, die Ounooi het toe gesê: Hy's nie meer onse kaffir nie, hy's 'n vreemde kaffir, hou hom op sy plek.
- 70: Ons het klaar jou ma gebetaal, en jy is gelukkig om 'n dom kaffir vir 'n man te kry. Vat jou goed en loop na hom toe!
... Hy het gesê: Loop, jou sleg kaffir! En hy het my weggejaag asof ek die buurman se hond is.
- 89: Hulle het hulle se honde liever gehad as ons ...
- 118: Witmense weet nie ons het ook gevoelens nie. Hulle maak ons seer en ons moet maar net sê: Ja, Baas. Tot hulle se kinders sê al: Kaffirs is nie mense nie.

- 132: Julie Boere dink mos as 'n mens vir julle werk, behoort jy en alles wat jy het aan julle ... Julie het nog altyd die slawe in julle se koppe, en solank julle julle se werksmense só behandel, is 'n dooie man beter af as julle werksvolk.
- 133: Mineer de Bruin is met die sambok agter hom aan. Ons kon die houe hoor val en vir Piet de Bruin hoor skree: Staan stil, moenie weghardloop nie!
Want die baas het van hom verwag om soos 'n dier stil te staan en die woede uit sy hart op te vang.
... En toe sien ons hom weer, want die baas het hom gaan haal, want hy het gesê: Hy is my kaffir.
- 137: Thataro was baie gedienstig en het gekom net wanneer sy geroep is, tot in die middel van die nag. Hulle het nie meer haar tet met 'n klam lap afgevee nie ...
- 142: Ek het klaar my beker en bord kombuis toe gevat. Ek mag dit nie daar laat staan nie en ek moet dit by die buitekraan was. Ek het die miesies gevra of my suster vannag by my mag slaap ...
Ek het jou klaar toestemming gegee om daai jong Hotnot te sien. Ek hou nie van hom nie want hy noem my Mevrou. Nou hoop ek net dis die enigste suster wat jy het ...
- 180: Is jou miesies hier? Vra sy.
Nee, Miesies.
Werk hier 'n hotnotsmeid?
Ja, Miesies, sy is agter, Miesies, met die kinders. Die miesies wil nie hê sy moet in die huis kom nie.
Dit is reg, het Mevrou Pienaar gedink ... 'n Opregte Afrikaner hou hulle op hulle plek.
- 253: Sy rasse-klassifikasie was Naturel. Hy is so genoem omdat die eerste twee glo van God af kom, maar die arme ou Masibi uit die natuur. Eintlik uit Afrika, maar omdat die Engelse woord African en Afrikaner so eenders klink, wou hulle hom nie so noem nie.
- 298: Jy weet, my Hotnot ...
Ja, my Baas.
Die Here het die hotnot gemaak om soos die Engelsman sê, my boy te wees. Ek het nie eintlik tyd vir 'n hotnot nie.

15

- 62: Baie dankie, het Bet gesê en haar hande saamgeslaan. En nie vergeet om "my Miesies" by te sê nie.
- 151: Sy wou nie Baas sê voor haar nuutgevonde Ouboet nie, al het sy geweet 'n witman is meer geneë as jy vir hom Baas sê.
- 167: Ja, my Baas, het hy geantwoord, want daar was tye dat 'n gekleurde gedink het hy sal simpatie of jammerhartigheid kry as hy onderdanig is.
- 197: Noem 'n Engelsman Master en 'n Boerman Baas, dan kan jy hulle om jou pinkie draai.

16

- 128: Die ouma het haar Wonnie genoem en sy vir haar Sannah, want sy het haar gevra om haar op haar naam te noem. Dan voel jy soos my maat, het sy gesê.
Haar soort is nou almal dood. Netjiesgeit was vir haar die vernaamste, nie soos die ander Boerevrouens wat altyd dink die Bybel maak alles reg en hulle moet 'n bediende vir alles hê nie ...
- 262: Die jong Boereseuns het geen militêre opleiding gehad nie. Maar hulle het goeie maniere en groot respek vir ouer mense en hulle meerderes gehad ...

17

- 14: En die Boere het gevat net wat hulle wou en gesê: Julle kaffirs kan bly wees dat ons julle nie eers geskiet het nie!
- 134: Jy weet, Wonnie, ons Boere het goed op die plase met die swartmense reggekrom. Ons het hulle geleer werk en hulle laat verstaan dat hulle laer as die witmense is. En hulle was mooi onderdanig tot die Engelse gekom het.

18

- 154: Want swartmense is destyds nie toegelaat om wyn of "spirits" ... te koop nie. ... Neels Vool is op dié manier gevang. Hy was 'n Griekwa en trots daarop, want die wet het gesê sy ras mag witmensdrank koop en sonder 'n pas rondloop, later 'n dompas genoem. Want sy mense was as Coloured-geklassifiseer, 'n gemengde ras.
- 155: Daar was drie spyskaarte: swart, Coloured en wit. Indiërs en Chinese het onder die Coloureds geval. Die swart bandiet moes kaalvoet loop, die Coloured het skoene gekry en die wit bandiet kouse en 'n langbroek in die winter. ... 'n Swart poeliesman is nie toegelaat om vuurwapens te dra of 'n witman te arresteer nie.
- 200: Altwee veg en sterf vir King en Country, maar die Cape Corps kry minder vir dieselfde eerbare werk.
- 256: Ek, 'n swart konstabel, word laer geag as 'n wit bandiet.

19

- 109: Tant Wonnie was die wasvrou en veral mense met 'n donker velkleur het daarvan gehou dat sy vir hulle werk.
- 121: Een koue winteroggend het Tant Wonnie wasgoed vir 'n swart bruinvrou gewas — dié soort wat wit bruinmense haat.
- 185: Want sy het geweet hierdie welaf bruinmense was ook klasbewus en hulle oordeel ander aan hulle se baadjies.
- 222: Sy het hulle gesoebat om niks met jou te doen te hê nie, Wonnie, en jou op jou plek te hou. Want sy is tog ons meid, soos ghelle almal wiet, het sy gesê.
- 292: Hy was wat die Boere 'n Keipie genoem het, en hy was trots daarop om van die Boeland te wees, soos hy sy plek van afkoms genoem het. Hy het gedink die mense van Vatmaar is toe-kop ...

20

- 54: Siesie Lena het my alles van kruiebossies vertel, hoe hulle lyk en waarvoor 'n mens hulle kan gebruik. Sy het gesê ek sal weet as ek hulle sien omdat alle Griekwa-vrouens daai gawe het.
- 81: Ta Vuurmaak was 'n baie ou man ... Hy was 'n opregte Griekwa, het hy met trots vertel ... Daar was Griekwa-kindere wat Sus Bet wou hê die stories van hulle se afkoms moes hoor en onthou.
- 85: Almal met Boesman- en Griekwa-bloed in sy lyf moet dit doen, ook al is sy bloed met ander bloed gemeng. Want wie op hierdie aarde kan sy bloed kies? Daai stukkie Griekwa in jou sal voel hier is deel van my onder daai klippe.
- 87: Sus Bet wou die lyk laat begrawe voordat dit styf word sodat Ta Vuurmaak die laaste kon wees om 'n Griekwa-begrafnis te kry.
- 9: Mense, het Sus Bet gesê, onse Ta het my, toe hy nog sterk was, gevra om hom soos 'n Griekwa te laat begrawe. Ek het nie geweet hoe nie tot onse Ta my vertel het wat om te doen.

21

- 53: My hele familie het net daar gestaan en die witmense gegroet asof hulle hulle ken. Na my het hulle gekyk asof ek een van 'n werpsel klein hondjies was wat vir 'n nuwe baas gegee word. Ek het nie eens my eie bondeltjie gehad nie, Flippus, net die rok met die haat van my mense daarop.
- 90: Na baie droogtes het onse Groot Broer, wat die nuwe naam Kaptein gekry het, 'n Christen geword en al sy mense ook. Toe het hy 'n liefhebber van brandewyn geword en dit wat sy eie mense aan hom opgedra het om vir hulle op te pas, vir 'n appel en 'n ui verkoop.
- 91: ... onse voorouers se Groot Broers se regte name is deur die tyd weggespoel. Maar die nuwe name van die kapteins, die onderdrukkers en die verkopers, is Andries le Fleur, Andries Waterboer, Adam Kok, Pieter Davids, en daar is nog ander ook.

22

- 88: Onse voormense het nooit 'n woord vir steel gehad voor die witman gekom het nie. ... Dis hulle wat ons van steel geleer het, het die oupas snags vir Ta Vuurmaak vertel toe hy 'n kind was. Die witmense het gesê ons is wild, maar in onse wildgeit was ons bereid om te deel wat ons het. Ons het nooit gedink die wêreld is net ons s'n nie. Maar hierdie nuwe soort mense het dit nie geweet nie.
- 89: Ons het nooit die vrugte van 'n vrou gesteel nie ... Hierdie mense het gekom en ons nog 'n ander woord ook geleer: verkrag, en siektes van die geslag saamgebring wat onse kruie nie gesond kon maak nie.
- 90: Hulle het gestuur wat hulle genoem het manne van God ... Om ons onse God te laat los ... Hierdie Engelsmanne het ons geleer om ons toe te maak en nie soos Adam en Eva, wat hulle sê die eerste mense was, te loop nie. Toe het hulle ons geleer ons mag nie steel nie — na hulle ons eers van steel geleer het ... Toe het hulle gebou wat hulle tronke roep ... Om toegesluit te word is die ergste straf wat jy 'n vrye Griekwa kan gee want ons is die groot ooptes gewoont.

23

- Sien 18.

24

- 14: Ek het ... gesien hoe dra hy hierdie Ruth van hom na waar 'n klomp mense staan en hande klap en oeloeloe sing. En ek het 'n ou man hoor sê: Hy is een van ons.
- 194: En ek het soveel slegte dinge oor swartmense gehoor ... My eie mense het vir my gesê: Voetsek, gaan weg. Of ek 'n hond is. Maar hierdie swart aija is 'n moeder ... Sy het net vir my gesê: Moenie steel nie, vra, moenie lieg nie.
- 215: En nou het hierdie ou vrou my "my kind" genoem en my aan die hand opgetrek ... en na 'n rukkie het ek haar vertel wat gebeur het en dat my naam Mariam is en my mense Slamse. 'n Goeie man kruip nie agter sy godsdienst weg nie, het sy gesê. Ons Tswanas was nooit sonder 'n God nie.

25

- 31: Wonnie, sê Oom Chai, nou het jy gepraat. En aan die ander: Laat ons luister na hierdie moeder van Vatmaar. Kom staan hier by ons. ... Toe sê sy met 'n glimlag vir die mense: Ons gaan ons eie kerkerf koop.

26

- 203: Ek wonder hoe die lewe haar behandel want om swart te wees en dan ook nog 'n vrou, is die laagste wat 'n mens gebore kan word, baie na aan 'n slaaf, partymaal erger.

27

- 148: ... sy het die miesies eenkeer hoor sê: Ek hoop sy kry gou 'n vryer sodat hy (sy het haar man bedoel) sy oë van haar kan afhou.
- 180: Dit is reg, het Mevrouw Pienaar gedink, 'n mens kan nooit hierdie bastermeidjies met ons mans vertrou nie. 'n Opregte Afrikaner hou hulle op hulle plek.
- 242: Hierdie Mineer Willem Bosman was 'n saggeaarde mens en sy vrou net die omgekeerde — baie grof en sonder gevoel vir enigiemand wat nie "een van ons" was nie. Sy het uiteindelik so ver gegaan om vir hom te sê: Daai pens van die kindermeid het iets met jou te make.

28

- 246, 247: Maar die man word nooit geblameer nie, dis altyd die arme vrou wat die skuld moet dra.
- 247: Ek sal doen wat jy dink die beste is om hierdie kind van Satan aan sy vurk te kry om in die vuur te gooi wat hy spesiaal aanhou vir mense soos hierdie kindermeid.

29

- Onder hulle tel Bet se Oom Baaitjie en haar werkgewer, Oubaas Steenkamp; Flip se 'oubaas', Mister Swartz; die Venters se seuns; Konstabel Prins; Tommy Lewis (wat Nellie swanger maak en dan los); Johnny September; die Afrikanerboer Piet de Bruin; Mary se pa, en haar kind se vader, Taliep.

30

- Bv. Ta Vuurmaak, Oom Chai, James Lewis (oupa Lewies), Flip, Norman van der Westhuizen, Onie-as (wat vir Piet de Bruin werk), Kenneth Kleinhans, Konstabel Masibi, Frans Kiewiet en Boitjie Afrika

31

- 86: [Ta Vuurmaak] Dis die deel van ons wat die liggaam verlaat as ons doodgaan. Dit kan nie sterf nie want dit behoort aan Tsui-Goab. Hy is die Skepper van alles ... En my kinders, het Ta Vuurmaak sag gesê, ons is bang én lief vir Hom.
... Die goeie geeste behoort aan onse Groot God Tsui-Goab, en die bose geeste aan Guanab.
- 89: Toe het die seun met die naam Roman gesê: Ta Vuurmaak, ons leer in die kerk God is liefde.
Net so, my kind. Die Groot God Tsui-Goab is Liefde, maar nie die liefde van die mense op hierdie aarde nie.

32

- 215: Ons Tswanas was nooit sonder 'n God nie. Dit was die witman wat gesê het ons is heidene, kaffirs.

33

- 24: Dit is van 1857 af dat ons Nederduits Gereformeerde Kerk met aparte dienste vir swartes en bruines begin het, sê die domanie.
- 33: [Oom Chai oor die dominee] Hy het Mineer gesê omdat hy van Vatmaar se mense verwag het om óf Mineer óf Baas te sê.
- 38: Na die preek, waarin hy gesê het die kneg is nie groter as die meester nie ...
- 105: Die Vader en sy twee nonne wat met die kerk getroud was, was eerste om hulle vleis te eet ... Die Vader het toe na sy sakhorlosie gekyk en vir Mister Tommy Lewis gesê: It's getting late, Tom, we have to go ... You know, Tom, we must take something with us for the church.
— en na 'n skaapboud gewys.
- 169: Baas, my Reverend het gesê ons moet vir God vra waar om die klip te verkoop. Dan kan ons 'n nuwe pastorie bou ...
... Baas, Reverend Cobb het 'n halfkroon uit sy beursie gehaal en gesê dis die vinnigste antwoord wat mens van God kan kry.
... Voor ek by die pastorie weg is, het die Reverend gesê ons moet die halfkroon weer opgooi.
- 172: Na 'n rukkie het Reverend Cobb Oom Hendruk se Sondagpak gedra, wat hy eers by die kleremaker laat verstel het.
- 173: Eerwaarde Elias Cobb het nou 'n bicycle gehad om huisbesoek te doen en Oom Hendruk se Zobo-sakhorlosie om hom die tyd te wys sodat hy kon vertrek voor die vrouens se mans van die werk af kom.
- 239: Die Katolieke Vader is genooi om 'n gebed te kom doen en 'n paar woorde te sê. Maar hy het laat weet hy kan nie kom nie want Oom Chai is nie Katoliek nie.
- 268: Percy en Frieda het aan die Apostolic Faith Mission behoort en hulle het gesê Boitjie het die duiwel in sy hart. En hulle het gebed, partykeer hard sodat Boitjie moes hoor, en God gevra om hom die huis te laat verlaat want hulle het geweet Hy hoor hulle gebede.
- 275: Dan het die Apostoliese pastoor ... ook gereeld kom bid dat Kenny genees moet word. Noudat Kenny weer by sy volle positiewe was, het die pastoor by Kenny gespog dat dit hy was wat die Here gevra het om hom te spaar en dat dit sy gebede was wat verhoor is.

34

- 65: Nie een van die twee was geleerd in godsdienstige sake nie en hulle God was nie dieselfde in hulle gedagtes nie. Elkeen het sy eie prentjie gehad van 'n Groot Gewer van dit wat goed was, maar hulle gebede was dieselfde: Help my, Vader. En die meeste van die tyd het hulle Vader hulle gehelp.
- 126: Ek wil nie deel wees van hulle se God nie. Hulle sê almal: Onse Vader, Onse Vader, terwyl elkeen van hulle sy eie gedagtes het en die meeste van die tyd iets vir niks wil hê. Toe kom dit by haar op, asof daar 'n stem binne-in haar praat: Soek eers die Koninkryk van God binne-in jou want Ek woon in jou.
- 127: My Meester wat in my binneste woon, ek het U gevind ... Tot dié God wat binne-in ons woon, tot Hom bid ons. En ek voel die las wat ek gedra het, het verdwyn. Ek voel lig en bokant hierdie aardse dinge.
- 289: Kenny, ek kan altyd voel wanneer mense 'n eie God het. Hulle kom so anders voor as dies wat in 'n gedeelde God glo.

35

- 214: Hierdie Mariam Mohamed se pa het haar uit haar ma se huis uit weggejaag toe hy sien sy gaan 'n kleintjie kry.
... Hy het rasend van woede geraak, haar 'n drag slae met die sambok gegee en haar soos 'n hond weggejaag en Voetsek! Voetsek! geskree. Haar ma se gesoebat het niks gehelp nie. In sy woede het hy gesê hy het sy maskawie, sy lobola verloor.
- 216: Maar Antie het nie met my gepraat nie. My pa het my met die sambok geslaan, my rok was van bo tot onder geskeur. Ek het daardie donker nag in kringe geloop na ek soos 'n hond van my ma se huis weggejaag is.
... le blies! Satan! het al twee gesê en uitgestap sonder om te groet. Hulle het met die wegstap gespoeg en hulle oë op die grond gehou.
- 246: As hulle jong meisies word, word hulle aan die eerste man uitgetrou wat hulle prys kan betaal en met wie hulle tevrede is ... En vir hierdie twee onskuldige meisies kan Motta en haar man Dulla 'n hoë masgawie vra
... Hulle het geen keuse nie, selfs al is dit 'n ou man.
- 250: Vra ha', Fatima, ou girl. Miskie wil sy 'ie bybie ve'koop ... As 'it 'n meisie is, gie dji ha' twie kier soeviel.

36

- 215: Allah, het ek gesê, U is genadig, wees tog ook hierdie gevalle meisie genadig.
- 216: Allah het my na hierdie ou swartvrou gestuur wat hier buite op die bankie sit ...

3.13 Luc en Libertine

1

- 22: Sy bly die hond se hare kam, maar ek kan sien hoe gespanne haar vingers is. 'Jy verstaan nie die opset waar ek bly nie.'
Ek raak bietjie geïrriteerd met haar ontwyking. 'Watse opset is dit dan?'
Sy kyk my meteens reguit aan. 'My ma is 'n huisbediende.'
... 'Hoekom sou dit hulle pla as ek kom om saam met jou skoolwerk te doen?' Ek probeer dit sag vra ... maar ek sukkel om die ongeduld uit my stem te hou.
- 102: 'Maar ek sien nou nog meer as in Barbara se huis hoe groot die verskil tussen ons is. Het jy jou ouma vertel dat my ma 'n domestic is?'
... 'Ek pas nie in jou opset nie.'
- 103: 'Lyk ek vir jou soos iemand wat in dié opset inpas?'
'Of jy so lyk of nie, jy het hier grootgeword, dit is jou opset.'
'Nee, jy's verkeerd. Ek pas nie regtig hier in nie. Al het ek hulle ook hóé lief.'
- 121: In haar netjiese handskrif het sy geskrywe:
Sometimes I want to let my hair down and shout to the heavens: ek kom uit die townships, uit

die squatter camps, uit 'n motorkar sonder wiele, my ma is 'n domestic, my pa was 'n garden boy en 'n terroris. Julle met julle pastels en julle langhaarmatte en julle cream upholstery en julle cordless telephones, wat is ek vir julle?

2

- 13: 'Hoeveel van ons dink jy gaan 'n job kry as ons hier uitstap met daai stukkie papier waarvoor ons ons so vrek werk?'
- 14: 'Ons weet, wat ons ook al doen, ons velle bly wit en affirmative action sal die joppies een vir een voor ons wegvat.'
- 15: 'Jy het nogtans 'n beter kans met affirmative action as jy swart is', sê Ruth beslis.

3

- 14: 'Lê die res van jou dae op jou pa se nek, hy betaal in elk geval net 45% van sy inkomste aan belasting. Hy kan vir sy seun ook nog uithaal.'
- 16: 'Wat praat jy nou, Luc, jou pa het 'n plaas.'
Ek kyk kwaad na Ruth ... 'Wat het dit met jou te doen? Lyk ek vir jou soos 'n boer?'

4

- 15: 'Dis julle wat so baie kinders maak.'

5

- 14: 'Nee, sorry, Bongani. Daar is mense hier wat geprotesteer het en wat sieg daarvan afgekom het.'
'Met birdshot in onse boude in.' Bongani plooi sy mond komieklik.

6

- 15: 'Ruthie, shade is nie meer 'n guarantee vir 'n job soos dit in julle pa's se tyd was nie.'
Nkuleleko skud sy kop. 'Aikona, nou maak dit nie uit wat jou shade is nie, daar's nie 'n job vir jou nie.'
... 'Affirmative action maak nie die soort verskil wat julle whiteys dink nie. Daar is baie meer mense as wat daar werk is in hierdie land. Báie meer.'

7

- 15: 'Onse kinders was altyd onse insurance, bhuti, daar's niks anders as jy oud raak nie. Julle whiteys het daarvoor gesôre. Nou moet die mense nog agterkom lat jy ook op 'n ander manier vir jou oudag kan regmaak.'

8

- 14: '... ons is after all Khayelitsha specials wat hier op die Duitsers se genade tussen die vet katte kom culture vreet. Nogal Western Culture ook.'

9

- 107: 'Jy moet ook onthou dat baie, baie van hulle nog steeds 'n prys daarvoor betaal. Baie is sielkundig so opgemors dat hulle nooit weer normaal kan lewe nie, sit in die een of ander inrigting. Hope is aan drank of dwelms verslaaf. Party slaan hulle vroue, skiet hulle kinders dood. Hulle is nooit gehelp om die verskriklike aggressie wat hulle aangeleer is, te verwerk nie.'

10

- 106: 'Jy kan redeneer soos jy wil oor wie die skuldigste is, dié wat dit gedoen het of dié wat dit beveel het.'
- 107: 'Aan die einde van die dag is dit seker moeilik om aan jousef te moet probeer regverdig waarom jy sekere dinge gedoen het ... Maar kan óns nou eintlik besluit wie skuldig is?'
... 'Miskien is die beste maar dat mens probeer dink wat jy self in so 'n situasie sou doen.'

- 131: 'Dat my pa so doodgemaak is en dat ons, jy, julle almal, so swaar gekry het, ek sal lieg as ek sê dat ek dit kan vergewe.'
'Dit neem tyd, Libertine, alle wonde neem tyd om gesond te word.'

11

- 17: Dis duidelik dat haar gedagtes ver van die klas af was. Dit maak my jaloers.
- 59: 'Ek het haar 'n tyd gelede al sien weggaan,' sê sy (mevrouw Goldberg) kortaf toe ek na Libertine vra.
Dus het sy wel tyd, maar nie vir my nie.
- 140: Ek sit my beker neer en soen haar. 'Hoe was dit toe?'
'Goed!'
'Vertel my,' sê ek, en verbaas my steeds oor my jaloesie.

12

- 101: 'Ek was onder die indruk dat ons saam met vakansie hier is en jy verdwyn net eenvoudig asof ek nie bestaan nie.'
Dis vir my moeilik om aan haar te verduidelik waarom dit vir my nodig was om net 'n tyd lank alleen te wees. Ook voel ek half bedreig deur haar totale aanspraak op my.

13

- 42: 'Ek dag dan jy sê jy's lief vir my.'
'Ek het ook gedink jy't my lief, hoekom moet jy meteens seks hê?'

14

- 76: 'As hulle skape slag of siek beeste skiet of slagysters vir luiperds stel, wil ek doodgaan ...'
'Ek verstaan dit,' sê Leo. 'Dis vir my ook baie moeilik.'
'My pa kon dit nooit verstaan nie.'
'Hy's 'n boer.'
'Ek weet. Maar dit het my nie 'n boer gemaak nie ... Hy wou my forseer om dinge te doen wat ek nie kón doen nie.'

15

- 78: 'Dit was of hy my verdra het oor sy daar was. Net daaroor.'
Leo stop sy pyp tydsam.
'Was julle jaloers oor haar aandag?'
- 138: 'Dit spyt my dat ek die dag van die ongeluk my selfbeheersing verloor het, Jean-Luc.'
Ek voel my vingerpunte prik. 'Ek kan dit verstaan. Nou.'
... 'Ek was altyd net hâar kind. Dit moes jou seergemaak het.'
Hy knik effens ...
... 'Miskien het ons gewedywer vir haar liefde.'
... 'Jy is reg.' Hy fluister dit skaars hoorbaar ...

16

- 69: Ek het na God geskreeu, gebulk soos 'n dier. Al antwoord was my eie stem in die leë woestyn.
- 80: 'Toe ek daar met haar gesit het in die woestyn het ek na God geroep en Hy't my nie gehoor nie.'

17

- 47: 'Hoor maar as ek sê dat daar in God se genade ook plek was vir my.'
- 48: Die Here God kan die jare wat die sprinkane opgevreet het, teruggee, Jean-Luc.'
- 80: 'Hoe weet jy hy't jou nie gehoor nie?'
Ek lag vererg. 'Dan het ek dit nie agtergekom nie, want sy het doodgegaan sonder dat iemand ons kom help het.'

'Sien jy dit so dat God ons net kan hoor as Hy doen wat ons vra?'
... 'God het die reg om nee te sê.'

18

- 43: 'Ek kan onthou dat daar baie kerk toe gegaan is, en gesing en gebed is. Ek het nog 'n Bybel wat hy vir my gegee het met die stempel van die Morning Star Pentecostal Church voorin.'
- 68: Op die plat marmerblad, sien ek nou, staan geskrywe: *Hy lewe en sy sal lewe*
- 108: 'Jy weet nie dalk wat jou pa se broer se naam was nie?'
'Ja, ek weet dit. Emmanuel.' Sy grinnik. 'Ek het nog altyd gedink hoe kan iemand met só 'n naam sy broer aan die vyand uitlewer.'
- 142: 'Dink jy God sal ook eendag na my toe kom soos met jou?'
'Hy is al by jou, jy moet net met hom praat.'

19

- 43: '... die eerste wat ek kan onthou was dat ons by Xhosa-mense in Guguletu gebly het ... Hy was 'n pastoor. Ek dink toe ons uit Namibië teruggekóm het, het die kerk ons maar iewers opgetel, want my ma het nêrens gehad om heen te gaan nie. Uncle David-hulle het self ses kinders gehad, maar dit was 'n goeie huis en ons het altyd genoeg gehad om te eet. Hulle was goed vir ons.'

3.14 In die oog van die web

1

- 10: Dalk het sy uitgevind dat dit hy is, en nie Katrina nie, wat die broodlap gevat het.
- 14: 'Die ou nasie,' sê die Ou altyd, en voeg dan by dat die Bybel sê hulle is ongekroonde diere.
- 19: Steef sê 'n jongbulletjie laat sak sy horings as hy jou storm. Toe hy sê Hendrik sê issie, toe sê Steef wat weet die onnosel Boesman.
- 29: Kombuis altyd deurmekaar, geen bediende meer nie. Kan hulle nie vertrou nie.
- 38: De Wet het seker die Boesman laat laai, en wat weet 'n streepkop van laai af?
- 43: Gewoonlik mag hy [Hendrik] nie aan hierdie kant van die huis wees nie. Dis lastig, want alles gaan hier voor aan.
- 43: Hendrik het gehol, Ounou by hulle oorgevat en tot hier geabba, al wou die Ou nooit gehad het dat hy Ounou moet optel voor hy sy hele lyf met boerseep gewas het nie.
- 57: Die ou nasie val mos maar altyd vir 'n groter loon, al beteken dit dat hulle daarna sonder werk sit.
- 179: Die Ou: 'Jy kan die ou nasie nooit vertrou nie, hulle bly maar wild.'

2

- 13: Sy vergeet om Hendrik te vermaan dat hy nie moet stort nie toe hy, steierend onder die gewig van die draagstok, twee emmers water in die balie op die stoep kom omkeer.
- 43: Katrina vryf op haar knieë die stoep blink ...
- 62: Hoor net hoe Katrina hier agter die voorwal sy klere sit en was.
- 62: Die riet is al yl, Hendrik kla hy kry nie tyd vir huismaak nie.
- 63: Katrina vee 'n paar keer per dag hier, maar die sand lê altyd en wag om terug te kruip.

3

- 5: En Hendrik sou 'n gesiggie aan hom gekry het, want alles van sy geliefde Ounou is mos heilig. Sy Boesmantong sukkel met die I, en so het "ou Lou" sommer Ounou geword.
- 14: Maar Hendrik is lief vir Ounou. Ounou is sy kind.
- 18: Hy is bekommerd oor die dag wat Ounou nie meer gedra sal word nie ...
- 162: Sê nou Hendrik verdwyn? ... Maar Hendrik kom, soos hy altyd gekom het as die werfdubbeltjies jou steek. Bring houtjies saam, grawe 'n holte in die sand waar hy kan rus solank Hendrik vuur maak ...

- 164: Sonder Ounou met sy dors Kiep sal dit vinniger gaan, maar hoe kan hy vir Ounou agterlos?
- 218: 'Ek en jy moet maar terug Jussie toe, Ounou. Mens kan ook nie sonder Jussie as jy hom gewoon is nie. Die glasvrou ook.'

4

- 14: 'Jy moet vir Katrina vra hoe vies is ek vanmôre.' Die beste manier om Hendrik by te kom, is deur Katrina. Hy dood mos oor haar.
- 18: Lank staan Hendrik so en tuur ... Maar Ounou kyk nie een keer na hom toe om nie.
- 86: Dis Hendrik wat hier naby sy elmboog staan ...
Heel eerste 'n bly gevoeletjie, daarna die verleentheid om die gemeensaamheid te moet kan hanteer tussen almal wat sien en hoor. Romella is gelukkig nie hier nie ...
- 86: 'Jy't seker weer vir Jussie vertel dis dood of begrafnis.'

5

- 33: 'Ja, jy is mos so ingekruip by daai sleg dat jou voete nie eers uitsteek nie.'
'Aag, is nie. Ek wéét hy is net 'n onnosel Boesman.' Spoeg wat taai word van die verraad. Hendrik is hoeka die een wat sal kom soek as hy nie op die gewone tyd tuiskom nie.
- 87: Hy't altyd in sy lewe nog uitgesluit gevoel. Maar nou is daar dié warm, ondraaglike leed, wat hom na Hendrik laat verlang.

6

- 103: 'Hamba lapa ka lo shop,' beveel sy in onbeholpe Fanakolô ...
Hy verdra die donna wat gedurig klippe in 'n miershoop staan en gooi ... Maar baie keer smag hy na sy mense diep in die bos, hoor hy nog die geblaas van die rietbokhoring ...
- 104: Sekerlik het hy weer halfpad gestaan en gesels, raas Anna as hy terugkom.
- 107: 'Betroubaar,' snuif Anna. 'Gesels langs die pad, ys kan maar drup. En steel die piesangs groen-groen.'
'Mamparras,' spring Steef haar voor.
- 108: 'Hulle vrek oor die mark ... Gesels en kwansel en niksdoen.'
- 117: Ook maar versigtig, mind you! Daar is nog mensvreterers in die Kongo.
- 125: 'Jy kan hulle maar net nie vertrou nie.'

7

- 127: ... en huiswerk is volop, aangesien die wit vrouens te lui is om hulle eie werk te doen.
- 230: 'Jasper het vir Steef verneuk met 'n lorrie, of so iets.'
'Dit was nie Mango se lewe werd nie.'

8

- 173: Die een keer wat hy naby gekom het, het hy op die vrouens se plek gesit ... So iets maak 'n man vir altyd onbekwaam om te jag of kinders te hê, en daarom sal Ounou ook nooit kan trou nie.
- 185: Hulle reken hom seker as 'n kind, vandaar die geduld.
- 190: Hendrik het gesê sy mense laat nie 'n witman of swartman alleen saam met hulle vrouens loop nie ... Dan is hy seker toegelaat omdat hy kind is in hulle oë.
- 198: Dis oor kinders soos hy wat die pyle hoog in die bome opgehang word ...
- 199: Op dié manier hou hulle Ounou veilig en tevrede ...
Gee 'n kind sy sin, dan kerm hy nie.

9

- 171: Maar Kushe het ... kom vertel van trekdierse en van tsammas wat soet en rooi is en wat nie vanself groei nie, maar geplant word langs 'n groot waterstroom. Dause glo dit nie alles nie ...
- 173: Ounou wat vir hom alleen twee komberse het ... 'n Mens gaar mos nie op nie, neem Dause oor.

- 174: Maar wat Ounou veral nie verstaan nie, is om presente te gee. Vat nou daardie harde dophoed wat hy vir homself hou. Kushe het sy hoed dadelik aan Dause gegee, wat dit aan Tanate gegee het, wat dit aan Musomo gegee het, wat dit vandag aan Gocholu sal gee.
- 175: Soos Kushe verder vertel, word Dause se ore so dof soos sy oë, want hy luister nie graag na dinge wat hy nie verstaan nie. Soos van diere wat elke dag kos en water moet kry en opgepas word. En soos van mensgate wat dieper as jakkals- en erdvarkgate onder die grond tunnel.
- 217: En weet Dause dan nie van die wet van die wittes en die swartes, wat jou belet om hulle vee te vat nie?

10

- 172: Want geliefde geselskap, net soos vleis, is lewe.
- 175: 'Jy het teruggekom,' sê Dause vir Kushe. Die herhaling maak nie die wonder kragteloos nie. En dit maak die dag toe, soos 'n kring.
- 185: 'Jakkals is sterker as leeu, Ounou. Ons bang bakei. Dis gifpyl se ding daai.'
- 186: Verskille oor kos sluit nie die genot van geselskap uit nie, en kuier is altyd beter as slegte woorde.
- 197: Maar nog nooit het hy gesien dat 'n mens alleen kan bly nie. Om weg te gaan van jou mense af, is om dood te gaan.

11

- 176: Dis die enigste skeiding tussen hom en die blakerende son en die skrams blikke.
- 177: Om die skinderige klick-klak wat op hom gemik is, te besweer, word dit 'n saak van koppige eer om sy vuur self aan die gang te hou as Hendrik op jag is ... Geselsvure waar daar aand na aand gelag, beduie en vertel word (hoeveel oor hóm?).
- 185: 'n Baling in sy skerm daardie aand, het hy sy lewe opgesom ... Niemand steur hulle aan sy teenwoordigheid by die vuur ... nie.

12

- 180: Hy probeer nie eens uitvind hoe die stelsel hier werk nie, want dit lyk vir hom daar is nie een nie. Tussen die groepie familieledes is daar niemand wat leiding neem nie. Dause se woord geld kastig, maar Gocholu is eerder die leier. Daar is net die wet van deel en die wet van gesels ...
- 184: Hy is teë daarvan om gesteurde blikke te ontvang as hy hulle sinnelose taboes oortree.

13

- 176: Om aan te hou lewe, moet jy gewoon raak.
- 190: Hy het nooit gedink die snode werf sal 'n hawe word nie ... Die woestyn 'n aardoond waardeur hy vandag saam met die vroue en kinders moes ploeg.
- 191: Vandag het hy 'n paar woorde leer praat by die giggelende kinders.
- 192: Maar voor dit, eers 'n ander taak: die uitgespaarde blikkies, die hol goed, die stewels, 'n kombes, die leë blikkies, bondel maak en aangee. Ook die hemp en broek aan jou lyf, gaar gebrand en vuil.
- 213: Maar nou is die hele lyf ook al bruin en taai, want Ounou het opgehou wegkruip in sy skerm, en son en vuur toe gekom.

14

- 173: 'n Mens gaar mos nie op nie, neem Dause oor. 'n Mens moet net genoeg hê om te dra as jy moet trek.
- 174: 'Ehe,' sê Dause, al weet hy 'n jagter is vinniger en sterker, en kan beter sonder water klaarkom as die Kiep [jeep]. As hulle moet trek agter die uitgespaarde veldkos aan, sal Dause liewers te voet gaan.
- 211: Dause besing die lof van besittings soos stokke, bene, krale en stukkies leer, teenoor die onheil van bees en skaap, medisyne uit bottels, gewere, skoene, rytuie en landerye vol kos, al die dinge wat harde werk en baklei bring.

- 217: En weet Dause dan nie van die wet van die wittes en die swartes, wat jou belet om hulle vee te vat nie?

15

- 227: Hy wag instinkatief vir leeu en hiëna, onthou dan hier is kampe ... Vir dansratels en klap en oeloeloe, onthou dan sy mense is ver anderkant die omaramba van die Okwa:

16

- 229: 'Dè, hier's jou krale. Jy't hulle op die tafel vergeet.'
'Ek het hulle nie vergeet nie. Dis om dankie te sê vir die kos.'
- 231: Met die baard, ek ken hom en ek ken hom ook nie. Hy's nie die ou Loutjie nie, altyd nors by 'n halfgeëte bord kos of 'n halfklaar werkie.
- 232: Hy weet goed ek maak altyd sy brouwerk reg. Maar aan die ander kant, hy's nie meer so nie. Hy't loop water skep, die bok loop melk, sy eie kooi buite gemaak.
- 234: 'Pa, ek sal vir Pa die erwe help regmaak. Ek is jammer ek het Hendrik sommer net weggevat, met die hoogwater en alles. Maar nou is ons hier.'

17

- 2: 'Hoe sal hy nou alleen in die wye wêreld loop rondswerwe, hy wat nooit eers sy voete op die erf gesit het nie? Wou ook nooit saam met my buiteveld toe ry nie.'
- 3: '... hy was nooit een vir doodmaak nie. Hom op slagdag altyd skaars gehou, souerig vir die pensruik.'
- 5: Die kere wat hy nie by Alice in die kamer was nie, was hy 'n postuurtjie wat in die skemer dwaal, versigtig om nie die huis uit die oog te verloor nie ... Sku soos hy was, het hy tog partykeer sy kop teen jou heup kom druk. Maar jy het nooit 'n hand laat sak om hom aan te haal nie.
- 6: Ná Pietie se dood het Lou gekom, en Lou was méér Hendrik en Katrina s'n as wat Pietie was. Pietie was 'n De Wet, altyd op die erf, die hoedbolletjie dobberend tussen die lusern of wingerd.
- 16: 'Portrette skilder,' sê Lou ongeërg ...
'Jy moet net nie dat Jussie hoor jy wil 'n trêwweler word nie,' maan Hendrik besorg.
- 21: As 'n mens dink aan die ander seuns hier rond — gehard, swetend waar hul met hoedjie en skeefgetrapte skoene lusernmied pak — wonder jy of die kind nie vir sy pa 'n teleurstelling is nie.
- 45: Heeldag onder die bloedige son om die trekker hier te kry, die trekker waarmee hy die onwillige kind geïnteresseerd wou kry in erfwerk.
- 49:] Moet hy bokke oppas, laat hy hulle in die leivore voeter. Probeer jy hom katoen laat pluk, wat tog 'n safte werk is, los hy pluisies agter ... Hy het eenkeer wragtig die uierkoei probeer melk, 'n ander een laat opblaas in die groen lusern. Daardie keer het jou gal en pensmis deurmekaar geloop. As Alice nie soos alewig toe op die stoep kom staan het nie.
- 66: Daardie keer toe hy ook vergeet, en die koei opgeblaas het ... Hy't gedink Justus gaan hom ook met die oop knipmes steek, maar toe het Alice op die stoep uitgekome.
- 84: Natuurlik was die opdrag net 'n toets, wat na verwagting gedruip is. Natuurlik het Justus self loop kyk, betyds. Of Hendrik gestuur. Hy moes tog geweet het dat Justus niks van hom verwag nie.

18

- 231: Ag, magtag, wat sou dit tog saak gemaak het as hy die kind maar party van sy wense gegee het? Sou dit 'n slegter mens van hom gemaak het? Dan het hy hom dalk nog gehad, en vir Alice ook.
- 234: 'Ek wil myself met verf leer werk, Pa. Dan wil ek elke jaar 'n tyd teruggaan Kalahari toe om te skilder ...'
'Dit sal seker nie te onmoontlik wees nie.'

19

- 3: 'Sy het doerie tyd glo saam met die mansmense skotskar getrek as daar nie trekgoed was nie.'
- 13: In hierdie huis hou sy mos die godsdien, soos 'n oom. Hy skaam hom daarvoor en hoop nie die skoolkinders ... vind dit ooit uit nie.

20

- 13: 'Wiid.' Die Ou se kykers word spits. 'Daar is glo dodder in sy lusern. Lek dit uit, kry hy nie 'n strooi verkoop nie.'
Sy klink nie jammer daarvoor nie ...
'Gaan jy weer vir Paulsen oor die eiland sien? Die Raad het glo laas week gesit, die menere uit die Kaap was ook hier. En jy't niks gehoor van jou aansoek nie.'
Sy staan met haar vuiste in die sye ...
'Ja, Ma, ek sal tog.'
... 'Wil jy dan nou maar wag tot die rivier leeg is en die maan vol is?' vra die Ou.
- 48: 'Ek kon darem vir hulle 'n stuk vleis saamgee het,' sê Justus half hard. Die verligting is tog groot.
'En hulle nog langer aan die gang hou?' hyg die Ou agter hom. 'Wat sê Paulsen toe van die eiland?'

21

- 28: Hy vrek liewers voor hy Steef laat agterkom hy sak uit.
- 33: Hy hoop Steef skik. As Fran moet kyk, en sien hoe hy teen Steef verloor! Hy skaam hom dood.
- 33: Aan die een kant het hy meegedoen sodat Steef hóm nie dalk met 'n krap moet jaag nie. Hy gril vir krappe ...
- 33: 'Ja, jy is mos so ingekruip by daai sleg ...'
'Aag, is nie. Ek wéét hy is net 'n onnosel Boesman.'
- 40: Van bo steek die son soos 'n els op sy nekbeentjie. As Steef tog net nie agterkom hoe verskriklik erg alles vir hom is nie.
- 41: Hy probeer net so onverskillig soos Steef lyk toe hy buk om met seer hande die eerste klip uit die koeksel van sand en spinnerak los te wikkel.

22

- 230: 'Ek is jammer oor alles wat ek jou al uit die sand uit laat optel het. Die brood daardie dag, en die krale vanaand.'
- 234: 'En ek het baie drooggemaak wat ek moet regmaak. Ek wil vir Steef ook kuier.'
... 'Vir Hendrik en Tkose ook saamvat om hulle mense te sien.'

23

- 84: Hy is verbaas omdat sy [Alice] nie oor hom en Romella praat nie. Onthou dan ... dat sy nie omgee nie. Hy was altyd bang dat sy sy gedagtes kon lees, tot hy begin vermoed het dat net haar eie gedagtes vir haar saak maak.
- 100: Haar skrik is meer eg as netnou, die skrik van eiebelang.
- 139: 'Wat moet ek maak as hý sieker word?' Geen spoor van die verstoorte hartstog in Romella se stem nie, net nood.
- 147: 'Dis nie net my skuld nie, Lou. Jy word siek, jy los my net so hier, ek is vreemd. Ek ken net vir Steef. Hy't my rondgevat.'

24

- 48: Sy glimp na Alice, die enigste vrou hier rond wat nie met 'n gaffel op die lande staan as die nood druk nie. Haar wit vel weerspieël dit.
- 54: Rooi blomrok, hy ruik die laventelsakdoekie wat sy in haar hand frommel. Hy is bly dat sy nie buitewerk doen, soos die ander vroue nie.

25

- 49: Met dié kind het hy vir haar mooitjies 'n wapen in die hand gegee. Sy maak hom groot na háár wil, en hy is magteloos.

26

- 126: 'Dit sal maar reg wees. En as sy blyplek soek ... sy moet maar net eet wat ons eet.' Anna gebruik die klein stem van die goeie vrou wat haar willens en wetens laat misbruik.

27

- 103: 'Mêngo?' roep sy hoog, spreek sy naam altyd uit of hy 'n veselperske is.
- 105: 'Mêngo,' roep Anna skerp agtertoe, 'fisika lo plate ka lo bones. Baleka! Baleka!'
- 125: 'Whisky,' roep Anna nou bedees, 'fisika lo plate ka lo bones.' Sy weier absoluút om Engels met hom te praat.

28

- 115: 'Haar briewe. Anna, haar briéwe! Jy't hulle gevat.'
... Nie gevat nie, net ... gehou, 'n rukkíe, tot jy tuis voel hier, anders praat sy jou net om om terug te gaan. En jy verdien nou so goed. Ek voel ek is verantwoordelik vir jou.'
- 145: 'Ek sou my skaam as ek julle is. Maar dit lyk vir my julle jongmense het deesdae geen skaamte meer vir julle liggame nie.'
... 'Ek het self twee kinders gehad, ek is nie onnosel nie ... En sy het nog niks gebruik van wat 'n ordentlike meisie elke maand behoort te gebruik nie.'
'Jy het in haar goed gekrap.'
... 'Haar ma is ver. Ek het gevoel ek moet omsien.'

29

- 220: Dis beslis nie sy [tant Dina] wat daar tussen die grypende Ovambo's en malende bees met afgehapte bevelde die spuitnaald werp nie.
- 221: Uiteindelik verwerdig sy haar om met haar skouer teen die dwarspaal te kom druk, spuit omhoog asof hy die volgende slagoffer is. 'Ja?'
- 222: 'Nie nou nie, later. Die serum kan nie oorsaak nie. Kom help jy liewers spuite aangee.'
- 222: 'Oppas, netnou is jou vingers in die fan.'
Sy het die voortou geneem om die jeep met die trekker tot hier op die werf te sleep. Om die battery te laai, die waaierband na te gaan, waterpomp, verkoeler. Sy het 'n vonkprop uitgehaal en 'n pyp in die gat gedruk, blaas nou die gaatjies van die agterkant af skoon. 'Minder moeite as om die hele dêm verkoeler af te haal.'

30

- 190: Hendrik het gesê sy mense laat nie 'n witman of swartman alleen saam met hulle vrouens loop nie. Dis te maklik vir Toa om 'n vroumens by te kom.
- 211: Daar is net drie foute wat 'n man kan maak, sing Dause: om nie kos te deel nie, om 'n krom py te maak, en om 'n rusie in baklei te laat eindig. Verder is mans bekwaam as vroue, want hulle kan jag en vuurmaak, en die bouse geeste het nie soveel vattigheid op hulle soos op vroue nie.

31

- 172: Gakoma sit manierlik aan haar man se regterkant ...
- 173: Die een keer wat hy naby gekom het, het hy op die vrouens se plek gesit, in die tweede sirkel van die vuur af ...
- 185: Gakoma is die enigste vrou wat haar 'n vrye sê toe-eien omdat sy so oud is.
- 187: Die vroue wat nie ná donker hulle eie vure mag verlaat om te kuier nie, roep oor en weer na mekaar.

32

- 193: As tye swaar is en een kind drink nog ... word 'n nuwe baba nie toegelaat om te leef nie. Hy word neergegooi, behalwe as die pa anders besluit.

- 204: Rats spring hy die ou, hol uitgetrapte danssirkel binne ...Hy wink die vroue byeen. 'Ntchail' beveel hy vorstelik. Die bevel trek soos wind deur droë blare.
- 210: Dause besluit dat hulle hierdie eerste nag vlak duskant Likkewaanpan moet slaap ...

33

- 13: Gisteraand met boekevat het sy [die Ou] die stukkie gelees wat sê aan dié wat het, sal nog meer gegee word.
- 57: 'En hoe moet ek daar kom, dink jy altemit? Sonder 'n krummel kos op my wa? Maar onthou net, Miga 2 vers 2, Justus de Wet!'
- 63: Hy slaan Miga 2 vers 2 na in die Bybel ... Dit gaan oor mense wat rampe teen ander beplan en wat snags op die bed lê en dink hoe om 'n ander uit sy grond uit te kul.
- 64: Hy wens sommer hy kan weet waar dié stukkie staan wat die Ou een aand gelees het, oor die seder wat in 'n godetuin geplant is, maar wat uitgeroei is omdat hy hom te hoog geag het ... Seker omdat hy nie wou erfwerk doen nie.

34

- 21: Sondae in die kerk sit Paulsen skrams die eienaardige gesinnetjie en bekyk.
- 70: Hy is nie juis 'n man vir godsdienste nie ... Hy het soms saam met die Wiids kerk toe gegaan, eerstens omdat die Kolonieraad dit van sy onderwysers verwag, ook om Alice de Wet onder haar hoedrand te kon sien sit.

35

- 15: Hendrik het die stok gevat ... en die hoedjie stroomaf gehelp. Toe was Gute en die geeste van die dooies tevrede.
- 74: Hendrik vra nie vrae vir Gute nie. Omdat Gute nie graag iets doodmaak wat hy self gemaak het nie, maak Gute nie maklik dood nie.
- 181: Saans, katoog in die lig van die kole, mompel Hendrik oor Gute en oor Toa, die bouse.
- 183: Die jagters kom ... Met 'n kosbare vraag, 'n gemsbok, deur Gute gestuur.
- 206: Hy probeer in die son kyk, maar kan nie. Dis net die duine, duine, geriffel met Gute se duimdruk.
- 207: Maar ná die volstruis het Gute vir hulle gesorg.

Erkenning

Ek is dank verskuldig aan:

My studieleier, Prof. Chris van der Merwe, wat sy breë kennis, wyse insigte en inspirerende leiding tot my beskikking gestel het.

Die volgende CALSSA-personeel: Jan Esterhuyse, vir waardevolle idees; Prof. Douglas Young, vir die geleentheid wat hy vir CALSSA-studente geskep het; Di Armstrong, wat gehelp het met die navigasie van UK; en Melissa Steyn, wie se klasse in Interkulturele Kommunikasie my wêreld verander het.

Die *Vlaamse Vereniging Voor Ontwikkelingsamenwerking en Techniese Bijstand* (VVOB) in België, wie se ruim befondsing hierdie studie moontlik gemaak het.

Die Onderwysdepartemente van die nege provinsies, wat baie moeite gedoen het om die voorgeskrewe lysie aan my te verskaf.

My ouers, wat hulself dikwels tekort gedoen het om my te laat leer, en wat altyd vir my 'n bron van motivering is omdat ek hulle trots wil maak.

Reinout, wat my gemotiveer het om verby Hoofstuk 1 te kom en wie se ondersteuning, koffie en geduld onontbeerlik was.

God, vir Haar geloof, hoop en liefde.

University of Cape Town